# MANLIKE IDENTITEIT: ‘N BEGELEIDINGSRAAMWERK VIR VADERS EN HUL SEUNS

deur

HERMANUS BOSMAN GROBLER

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

DOCTOR DIACONIOLOGIAE

in die vak

SPELTERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: DR C.H.M. BLOEM

NOVEMBER 2006

**Verklaring**

“Ek verklaar hiermee dat:

**MANLIKE IDENTITEIT: ‘N BEGELEIDINGSRAAMWERK VIR VADERS EN HUL SEUNS**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het”.

_______________________________ _______________________________

Handtekening Datum

Donderdag 3 Augustus 2006

Sit en werk aan my D.  Wens die tyd kan op ‘n manier uitrek sonder dat Desember verder aanskuif.  My mikpunt is steeds 14 November om klaar te wees – Arian se eerste verjaarsdag.

Ek lees vanoggend 1 Petrus 2.  Bo-aan het ek geskryf: “ 20/06/04 – Diens: wie is ek?”  Dit pas so goed by manlike identiteit.  aan die einde van die dag is dit tog die belangrikste waarin my identiteit gesetel is – God.  Hy het my gekies en aan my my naam gegee.  Hy het ingegryp in my lewe en my asem teruggegee.  Na 37 jaar kan ek die pad stap om werklik te wees wie ek in Hom is – Herman Grobler, seun van God, erfgenaam en prins.  Man van Mari, die wonderlikste vrou wat God kon kies.  Pa van Arian, my blou-oog/groen-oog seun in wie my gees en vlees eindelik rus kan vind en ek kan sê ek is genees.  God se hand was sterker as donker, as pyn, as verwarring van weet nie wie ek is nie.  In Hom weet ek wie ek is: Herman, soldaat, krygsman, man van God.

Vir Mari en Arian – sonder wie my identiteit as man altyd hunkerend sou bly. Dankie.

*"Donderdag 3 Augustus 2006*

*Sit en werk aan my D. Wens die tyd kan op 'n manier uitrek sonder dat Desember verder aanskuif. My mikpunt is steeds 14 November om klaar te wees – Arian se eerste verjaarsdag.*

*Ek lees vanoggend 1 Petrus 2. Bo-aan het ek geskryf: " 20/06/04 – Diens: wie is ek?" Dit pas so goed by manlike identiteit. aan die einde van die dag is dit tog die belangrikste waarin my identiteit gesetel is – God. Hy het my gekies en aan my my naam gegee. Hy het ingegryp in my lewe en my asem teruggegee. Na 37 jaar kan ek die pad stap om werklik te wees wie ek in Hom is – Herman Grobler, seun van God, erfgenaam en prins. Man van Mari, die wonderlikste vrou wat God kon kies. Pa van Arian, my blou-oog/groen-oog seun in wie my gees en vlees eindelik rus kan vind en ek kan sê ek is genees. God se hand was sterker as donker, as pyn, as verwarring van weet nie wie ek is nie. In Hom weet ek wie ek is: Herman, soldaat, krygsman, man van God".*

**Aan God al die eer!**

# BEDANKINGS

My innige dank en waardering gaan aan die volgende persone:

- My promotor, Dr. Retha Bloem ─ hoe sou ek ooit hierdie monster sonder jou kon aanpak? Dankie vir jou tyd, ongelooglike waardevolle insette en die voortdurende ondersteuning en aanmoediging;
- Mari, vir die taalversorging. Dankie dat jy bereid was om die taalversorging te doen al was jy oorlaai met ander werk;
- Die respondente ─ ek waardeer julle tyd en deelname;
- Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en Skoolhoofde vir toestemming verleen om die navorsing uit te voer;
- My vrou, Mari ─ dankie dat jy bereid was dat ons saamweestyd kon opoffer sodat ek hierdie studie kon voltooi. Ek weet jy moes met tye alleen aangaan en ek waardeer dit baie;
- My kollegas by die werk ─ dankie vir die aanmoediging en oop deure as ek nodig gehad het om te klankbord.
- My familie en vriende by wie ek kon kla en met wie ek my vordering kon deel. Dankie dat daar altyd 'n oor was.

***"Maar ek vertrou op U, o Here! Ek sê: U is my God."***

**Psalm 31:15**

## OPSOMMING

**MANLIKE IDENTITEIT: 'N BEGELEIDINGSRAAMWERK VIR VADERS EN HUL SEUNS**

**Deur**

**H.B GROBLER**

**PROMOTOR:** DR C.H.M BLOEM
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

**GRAAD**: DOCTOR DIACONIOLOGIAE

Hierdie studie is gerig op die ontwikkeling van 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns deur te fokus op manlike identiteit as die samebindende faktor in die verhouding tussen vader en seun. Die vestiging, asook die verwarring ten opsigte van manlike identiteit, is as vertrekpunt en probleemstelling vir die studie gestel. Die behoefte ten opsigte van die manier waarop vader en seun binne hierdie dinamiese verhouding begelei kan word ten einde manlike identiteit te vestig, is as motivering vir die studie gestel. Die behoefte aan begeleiding vir vaders en hulle seuns was dus die primêre doel met 'n navorsingsvraag, naamlik wat die mees toepaslike faktore sal wees wat in 'n begeleidingsraamwerk aan vaders en hulle seuns leiding sal bied ten einde die vorming van manlike identiteit by die seuns te ondersteun.

Die navorsingsmetodologie wat gevolg is, was vanuit die Gestaltperspekief as metateoretiese aanname waaruit kwalitatiewe, verkennende en beskrywende strategieë gevolg is. Die kwalitatiewe strategie het bestaan uit 'n outo-etnografie en semi-gestruktureerde onderhoude. Die vertrouenswaardigheid van die navorsing is deur 'n kwantitatiewe komponent van die navorsing versterk deur vraelyste te benut waarna data ingesamel en geanaliseer is.

'n Doelgerigte steekproef is getrek, wat respondente ingesluit het uit die Drakenstein munisipale gebied in die Boland distrik.

Kategorieë wat vanuit die data van die semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer is, asook indikatore vanuit die vraelyste, is geïntegreer waaruit proposisies saamgestel is. Ses temas en voortspruitende begeleidingstrategieë is aangebied in die vorm van 'n begeleidingsraamwerk.

**SLEUTELTERME**:

- Outo-etnografie
- Semi-gestruktureerde onderhoude
- Kwalitatiewe benadering
- Manlike identiteit
- Begeleidingsraamwerk
- Vaders
- Adolessente seuns
- Identiteitsvorming
- Vraelyste
- Gestaltperspektief

## SUMMARY


**MALE IDENTITY: A GUIDING FRAMEWORK FOR FATHERS AND THEIR SONS**

**By**

**H.B GROBLER**

| | |
|---|---|
| PROMOTOR: | DR C.H.M BLOEM |
| | UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA |
| DEGREE : | DOCTOR DIACONIOLOGIAE |

This study is aimed at the development of a guiding framework for fathers and their adolescent sons by focusing on male identity as the main binding factor in the relationship between father a and son. The establishment, as well as the confusion regarding male identity, have been stated as starting point and problem statement of the study. The need regarding the way in which the father and son can be guided within this dynamic relationship in order to establish male identity, has been stated as motivation for the study. The need regarding the guidance of fathers and their sons was thus the primary aim with the research question, namely what the most applicable factors in a guiding framework should be that would guide fathers and their sons in order to support the formation of male identity within the sons.

The research methodology that has been followed, was from a Gestalt perspective as meta theoretical assumption from which qualitative, explorative and descriptive strategies were followed. The qualitative strategy consisted of an auto-ethnography and semi-structured interviews. The trustworthiness of the research has been strengthened by a quantitative component of the research by utilizing questionnaires, after which data was collected and

analysed. A purposive sample was drawn that included respondents from the Drakenstein municipal area in the Boland district.

Categories that were identified from data from the semi-structured interviews, as well as indicators from the questionnaires, have been integrated, from which propositions were constructed. Six themes and resulting guiding strategies were presented in the form of a guiding framework.

**KEY TERMS**:

- Auto-ethnography
- Semi-structured interviews
- Qualitative approach
- Male identity
- Guiding framework
- Fathers
- Adolescent boys
- Identity formation
- Questionnaires
- Gestalt perspective

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK EEN: INLEIDENDE ORIëNTERING
EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 AGTERGROND EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE 5

1.3 PROBLEEMSTELLING 8

1.4 DOEL EN DOELWITTE VIR DIE NAVORSING 13

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN –METODE 16

1.6 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE 23
1.6.1 Geloofwaardigheid 23
1.6.2 Oordraagbaarheid 24
1.6.3 Vertroue in die proses 24
1.6.4 Bevestigbaarheid 24

1.7 ETIESE ASPEKTE 24
1.7.1 Vermyding van skade 25
1.7.2 Ingeligte toestemming 25
1.7.3 Misleiding van respondente 26
1.7.4 Skending van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid 26
1.7.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser 27

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| **1.7.6** | **Samewerking met bydraers** | **27** |
| **1.7.7** | **Ondersteuning van respondente** | **27** |
| **1.8** | **DEFINISIES EN HOOFKONSEPTE** | **28** |
| **1.8.1** | **Manlike identiteit** | **28** |
| **1.8.2** | **Adolessent** | **29** |
| **1.8.3** | **Begeleidingsraamwerk** | **29** |
| **1.9** | **UITLEG VAN NAVORSINGSVERSLAG EN HOOFSTUKINDELING** | **30** |
| **1.10** | **SAMEVATTING** | **30** |

**HOOFSTUK TWEE: PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE** **31**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | **31** |
| **2.1.1** | **Metateoretiese aannames** | **32** |
| *2.1.1.1* | *Die organisme of gestalt* | 32 |
| *2.1.1.2* | *Bewustheid en bewustheidskontinuum* | 32 |
| *2.1.1.3* | *Die fenomenologiese veld waarbinne bewustheid en dialoog geskied* | 36 |
| 2.1.1.3.1 | Die portuurgroep as deel van die veld | 36 |
| 2.1.1.3.2 | Die gesin as deel van die veld | 37 |
| 2.1.1.3.3 | Ander eksterne omgewingsinvloede as deel van die veld | 37 |
| *2.1.1.4* | *Proses* | 38 |
| 2.1.1.4.1 | Komponente van identiteit as deel van die proses | 38 |
| 2.1.1.4.2 | Identiteitsverwarring as deel van die proses | 39 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| **2.1.2** | **Teoretiese aanames vir die studie** | **43** |
| *2.1.2.1* | *Psigoanalitiese benadering* | 44 |
| *2.1.2.2* | *Die Rolteorie* | 45 |
| *2.1.2.3* | *Sosiale verhoudingsperspektief* | 46 |
| *2.1.2.4* | *Identiteitsteorie* | 47 |
| *2.1.2.5* | *Ontwikkelingsperspektief* | 48 |
| *2.1.2.6* | *Die dinamika van identiteitsvorming* | 48 |
| **2.1.3** | **'n Strukturele raamwerk vir die begronding van manlike identiteit as metodologiese proses** | **52** |
| **2.2** | **SAMEVATTING** | **53** |

**HOOFSTUK DRIE: KWALITATIEWE DATA INSAMELING EN ONTLEDING:** SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN 'N OUTO-ETNOGRAFIE **54**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **INLEIDING** | **54** |
| **3.2** | **DIE PLEK VAN EMPIRIESE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE** | **55** |
| **3.2.1** | **Die benutting van verkennende en beskrywende ontwerp** | **56** |
| **3.2.2** | **Vertrouenswaardigheid van die studie** | **57** |
| 3.2.2.1 | *Geloofwaardigheid* | 58 |
| *3.2.2.2* | *Oordraagbaarheid* | 59 |
| *3.2.2.3* | *Vertroue in die navorsingsproses* | 59 |
| *3.2.2.4* | *Bevestigbaarheid van navorsing* | 60 |

**BLADSY**

| | | |
|---|---|---|
| **3.3** | **INSAMELING, ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN KWALITATIEWE DATA VIR DIE STUDIE** | **61** |
| **3.3.1** | **Strategie vir veldwerk en data-insameling benut vir die studie** | **61** |
| *3.3.1.1* | *Agtergrondkennis* | 62 |
| *3.3.1.2* | *Omgewingsfaktore* | 63 |
| *3.3.1.3* | *Empiriese proses* | 63 |
| *3.3.1.4* | *Teks as verteenwoordiging van die ervaring van respondente* | 64 |
| *3.3.1.5* | *Teks as verteenwoordiging van die navorser (outo-etnografie)* | 64 |
| **3.4** | **DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE, ASOOK ´N OUTO-ETNOGRAFIE** | **65** |
| **3.4.1** | **Die insluiting van relevante konsepte** | **66** |
| *3.4.1.1* | *Konsep een: die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is* | 69 |
| *3.4.1.2* | *Konsep twee: die begrip wat bestaan by respondente oor wat manlike identiteit per definisie behels, dui op die (on)begrip en verstaan van geslags-en roldifferensiasie* | 77 |
| *3.4.1.3* | *Konsep drie: die verband wat bestaan tussen eie belewenis van identiteit en verhoudings met vaders/seuns* | 80 |
| *3.4.1.4* | *Konsep vier: onvervulde behoeftes in die vader/seun verhouding en die invloed op identiteit* | 87 |
| *3.4.1.5* | *Konsep vyf: die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns* | 89 |
| *3.4.1.6* | *Konsep ses: die invloed wat vaderskap op die identiteit van vaders gehad het en die belewenis van eie kindwees deur vaders* | 92 |

BLADSY


**3.5 ANALISERING VAN DIE HOOFTEMA VAN DIE NAVORSING 95**

**3.6 SAMEVATTING 96**

**HOOFSTUK VIER: TRIANGULERING DEUR MIDDEL VAN KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING EN ANALISE:** VRAELYSTE **97**

**4.1 INLEIDING 97**

**4.2 DIE PLEK VAN KWANTITATIEWE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE 97**

**4.3 INSAMELING, ONTLEDING EN INTERPRETERING VAN KWANTITATIEWE DATA VIR DIE STUDIE 98**

**4.3.1 Prosedure vir veldwerk en data-insameling benut vir die studie 98**

*4.3.1.1 Agtergrondkennis oor die respondente* 100

*4.3.1.2 Omgewingsfaktore* 100

*4.3.1.3 Resultate verkry vanuit die empiriese proses* 101

**4.4 DATA-ONTLEDING VAN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR DIE RESPONDENTE 103**

**4.4.1 Konsep een: die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is 103**

*4.4.1.1 Karaktereienskappe as rolspeler in manlike identiteitsbelewenis* 103

*4.4.1.2 Identifisering van karaktereienskappe* 106

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| *4.4.1.3* | *Ander bepalende faktore vir respondente tot hulle manlike identiteit* | *108* |
| *4.4.1.4* | *Betrokkenheid in fisieke aktiwiteite in bepaling van identiteit* | *110* |
| *4.4.1.5* | *Verhoudings en bepaling van identiteit* | *111* |
| *4.4.1.6* | *Algemene gevolgtrekking* | *114* |
| **4.4.2** | **Konsep twee: die begrip wat bestaan by respondente oor wat manlike identiteit per definisie behels, dui op die (on)begrip en verstaan van geslags- en roldifferensiasie** | **115** |
| *4.4.2.1* | *Eerste gedagtes rakende manlike identiteit* | *116* |
| *4.4.2.2* | *Algemene gevolgtrekking* | *118* |
| **4.4.3** | **Konsep drie: die verband wat bestaan tussen eie belewenis van manlike identiteit en verhouding met vaders/seuns** | **118** |
| *4.4.3.1* | *Gevestigheid van manlike identiteit* | *119* |
| *4.4.3.2* | *Redes vir gevestigde manlike identiteit* | *120* |
| *4.4.3.3* | *Onsekerheid rakende manlike identiteit* | *122* |
| *4.4.3.4* | *Beïnvloeding van vaders op adolessente seuns se manlike identiteit* | *124* |
| *4.4.3.5* | *Aspekte van vaders wat adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed* | *126* |
| *4.4.3.6* | *Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie* | *129* |
| *4.4.3.7* | *Beïnvloeding van eie vaders ten opsigte van manlike identiteit* | *130* |
| *4.4.3.8* | *Oordra van manlike identiteit* | *133* |
| *4.4.3.9* | *Beskrywing van verhoudings* | *138* |
| *4.4.3.10* | *Positiewe aspekte van verhoudings* | *139* |
| *4.4.3.11* | *Negatiewe aspekte van verhoudings* | *141* |
| *4.4.3.12* | *Met wie het adolessente seuns die beste verhoudings* | *142* |

**BLADSY**


*4.4.3.13 Aspekte wat manlike identiteit reflekteer* *143*

*4.4.3.14 Algemene gevolgtrekking* *145*

**4.4.4 Konsep vier: Onvervulde behoeftes in die vader/seun verhoudings en die invloed op manlike identiteit** **146**

*4.4.4.1 Negatiewe aspekte van verhoudings tussen vaders van adolessente seuns en hulle eie vaders, asook met hulle seuns* *147*

*4.4.4.2 Negatiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en hulle vaders* *151*

*4.4.4.3 Verandering van verhoudings (adolessente seuns en vaders)* *154*

*4.4.4.4 Gewensde verhoudings (adolessente seuns)* *155*

*4.4.4.5 Gewensde verhoudings (vaders)* *157*

*4.4.4.6 Algemene gevolgtrekking* *158*

**4.4.5 Konsep vyf: die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns** **158**

*4.4.5.1 Uitlewing van Christenskap en God* *159*

*4.4.5.2 Waardes en norme* *160*

*4.4.5.3 Algemene gevolgtrekking* *162*

**4.4.6 Konsep ses: die invloed wat vaderskap op die manlike identiteit van vaders het en die belewenis van eie kindwees deur vaders** **162**

*4.4.6.1 Beskrywing van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns* *163*

*4.4.6.2 Positiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns* *164*

*4.4.6.3 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns* *168*

*4.4.6.4 Beste verhoudings* *171*

*4.4.6.5 Invloed op manlike identiteit* *173*

*4.4.6.6 Eerste gedagtes aan vaders* *174*

BLADSY

*4.4.6.7 Eerste gedagtes aan adolessente seuns* *176*
*4.4.6.8 Algemene gevolgtrekking* *178*

**4.5 SAMEVATTING** **178**

**HOOFSTUK VYF: DIE FORMULERING VAN PROPOSISIES VIR DIE BENUTTING IN 'N BEGELEIDINGSRAAMWERK** **180**

**5.1 INLEIDING** **180**

**5.2 DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR ADOLESSENTE SEUNS** **182**
**5.2.1 Hoofkategorie een: manlike identiteit** **182**
*5.2.1.1 Kategorieë wat manlike identiteit bevestig* *182*
*5.2.1.2 Kategorieë wat manlike identiteit omskryf* *184*
*5.2.1.3 Kategorieë rondom Christenskap* *185*
**5.2.2 Hoofkategorie twee: koppeling van manlike identiteit met die rol van die vaders** **186**
*5.2.2.1 Kategorieë rondom die oordrag van identiteit* *186*
**5.2.3 Hoofkategorie drie: die adolessente seuns se verhoudings met hulle vaders** **188**
*5.2.3.1 Kategorieë rakende die algemene aard van verhoudings met vaders* *188*
*5.2.3.2 Kategorieë rakende positiewe eienskappe van verhoudings met vaders* *189*
*5.2.3.3 Kategorieë rakende negatiewe eienskappe van verhoudings*

**BLADSY**


*met vaders* *190*

*5.2.3.4 Kategorieë rakende onvervulde behoeftes* *191*

*5.2.3.5 Kategorieë rakende gedeelde belangstellings met vaders* *191*

*5.2.3.6 Kategorieë rakende begeleidingsraamwerk* *192*

**5.3 DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS** **193**

**5.3.1 Hoofkategorie een: manlike identiteit** **194**

*5.3.1.1 Kategorieë wat manlike identiteit bevestig* *194*

*5.3.1.2 Kategorieë wat manlike identiteit omskryf* *196*

**5.3.2 Hoofkategorie twee: koppeling van vaders se identiteit met hulle seuns** **197**

*5.3.2.1 Kategorieë rondom die oordrag van identiteit* *197*

*5.3.2.2 Kategorieë rakende verhoudings met eie vaders* *198*

*5.3.2.3 Kategorieë rakende verhoudings met ander* *199*

**5.3.3 Hoofkategorie drie: die vaders van die adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders** **200**

*5.3.3.1 Kategorieë rakende die algemene aard van verhoudings met eie vaders* *200*

**5.3.4 Hoofkategorie vier: die vaders van die adolessente seuns se verhoudings met hulle seuns** **201**

*5.3.4.1 Kategorieë rakende die ervaring van vaderskap* *201*

*5.3.4.2 Kategorieë rakende die positiewe eienskappe van verhoudings met seuns* *203*

*5.3.4.3 Kategorieë rakende die negatiewe eienskappe van verhoudings met seuns* *204*

*5.3.4.4 Kategorieë rakende onbevredigde behoeftes* *205*

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | GEÏNTEGREERDE PROPOSISIES | 206 |
| 5.4.1 | Proposisie een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense | 206 |
| 5.4.2 | Proposisie twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering | 207 |
| 5.4.3 | Proposisie drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat dieselfde is | 208 |
| 5.4.4 | Proposisie vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag van hierdie karaktereienskappe | 208 |
| 5.4.5 | Proposisie vyf: geloof word gekoppel aan manlke identiteit en die oordrag daarvan | 208 |
| 5.4.6 | Proposisie ses: manlike identiteit en die oordrag daarvan word aan genetika gekoppel | 209 |
| 5.5 | SAMEVATTING | 209 |

***HOOFSTUK SES: LITERATUURKONTROLE AAN DIE HAND VAN KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE DATA*** **210**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | INLEIDING | 210 |
| 6.2 | OMSKRYWING VAN PROPOSISIES AAN DIE HAND VAN LITERATUUR | 211 |
| 6.2.1 | Proposisie een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense | 211 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| *6.2.1.1* | *Samevatting* | *220* |
| **6.2.2** | **Proposisie twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering** | **221** |
| *6.2.2.1* | *Samevatting* | *226* |
| **6.2.3** | **Proposisie drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat ooreenstem** | **227** |
| *6.2.3.1* | *Samevatting* | *228* |
| **6.2.4** | **Proposisie vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag daarvan** | **229** |
| *6.2.4.1* | *Samevatting* | *231* |
| **6.2.5** | **Proposisie vyf: geloof word gekoppel aan manlke identiteit en die oordrag daarvan** | **232** |
| *6.2.5.1* | *Samevatting* | *233* |
| **6.2.6** | **Proposisie ses: manlike identiteit en die oordrag daarvan word aan genetika gekoppel** | **234** |
| *6.2.6.1* | *Samevatting* | *234* |
| **6.3** | **SAMEVATTING** | **235** |

**HOOFSTUK SEWE: MANLIKE IDENTITEIT: ´N BEGELEIDINGSRAAMWERK VIR VADERS EN ADOLESSENTE SEUNS** **236**

| | | |
|---|---|---|
| **7.1** | **INLEIDING** | **236** |

BLADSY


**7.2 DOEL VAN 'N BEGELEIDINGSRAAMWERK 237**

**7.3 TEMAS VIR BEGELEIDINGSRAAMWERK 237**
**7.3.1 Tema een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense 237**
*7.3.1.1 Kontak 238*
*7.3.1.2 Kommunikasie 238*
*7.3.1.3 Spesiale tyd saam 239*
*7.3.1.4 Respek vir grense 240*
*7.3.1.5 Herformuleer konflik 240*
*7.3.1.6 Vaders se aktiewe deelname 241*
*7.3.1.7 Projekteer positiewe verhoudings 242*
*7.3.1.8 Taakgerigte rolle van vaders 242*
**7.3.2 Tema twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering 243**
*7.3.2.1 Die rol van introjekte 243*
*7.3.2.2 Vaders se bewuswording van hulle eie manlike identiteit 244*
*7.3.2.3 Vaders se bewuswording van gemodelleerde gedrag 245*
*7.3.2.4 Assimilasie van gemodelleerde gedrag deur adolessente seuns 246*
*7.3.2.5 Vaders se positiewe belewenisse van hulle eie vaders 247*
*7.3.2.6 Vaders se positiewe belewenis van oordrag van identiteit 247*
*7.3.2.7 Vaders as leiers en rolmodelle 248*
*7.3.2.8 Bemagtiging om introjekte te verwerp 249*
**7.3.3 Tema drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat ooreenstem 250**
*7.3.3.1 Belangstellings in fisieke aktiwiteite 250*
*7.3.3.2 Sport as gesamentlike belangstelling is 'n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns 251*

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| *7.3.3.3* | *Behoefte om belangstellings met vaders te deel* | *252* |
| **7.3.4** | **Tema vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag daarvan** | **253** |
| *7.3.4.1* | *Ooreenstemming van karaktereienskappe en oordrag daarvan* | *253* |
| *7.3.4.2* | *Karakterverskille tussen mans en vroue* | *254* |
| **7.3.5** | **Tema vyf: geloof word gekoppel aan manlke identiteit en die oordrag daarvan** | **255** |
| *7.3.5.1* | *God en manlike identiteit* | *255* |
| *7.3.5.2* | *Fisiese uitlewing van Christenskap en identiteitsvorming* | *256* |
| **7.3.6** | **Tema ses: manlike identiteit en die oordrag daarvan word aan genetika gekoppel** | **256** |
| *7.3.6.1* | *Genetika en manlike identiteit* | *257* |
| **7.4** | **SAMEVATTING** | **258** |

**HOOFSTUK AGT: EVALUERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** **259**

| | | |
|---|---|---|
| **8.1** | **INLEIDING** | **259** |
| **8.2** | **UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE** | **259** |
| **8.2.1** | **Hoofstuk een: inleidende oriëntering en rasionaal vir die studie** | **259** |
| **8.2.2** | **Hoofstuk twee: paradigmatiese perspektief vir die studie** | **261** |
| **8.2.3** | **Hoofstuk drie: kwalitatiewe data-insameling en ontleding: semi-gestruktureerde onderhoude en 'n outo-etnografie** | **262** |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 8.2.4 | Hoofstuk vier: triangulering deur middel van kwantitatiewe data insameling en analise: vraelyste | 262 |
| 8.2.5 | Hoofstuk vyf: die formulering van proposisies vir die benutting in 'n begeleidingsraamwerk | 263 |
| 8.2.6 | Hoofstuk ses: literatuurkontrole aan die hand van kwalitatiewe en kwantitatiewe data | 264 |
| 8.2.7 | Hoofstuk sewe: manlike identiteit: 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns | 264 |
| 8.2.8 | Hoofstuk agt: evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings | 264 |
| 8.3 | EVALUERING VAN HOOFSTUKKE | 265 |
| 8.3.1 | Probleemstelling, navorsingsvrae en doel van die studie | 266 |
| 8.4 | GEVOLGTREKKINGS | 267 |
| 8.5 | AANBEVELINGS | 268 |
| 8.6 | TEKORTKOMINGE EN LEEMTES VAN DIE STUDIE | 268 |
| 8.7 | BESONDERE BYDRAE IN DIE VAKGEBIED | 268 |
| 8.8 | SAMEVATTING | 269 |
| | BIBLIOGRAFIE | 270 |

# LYS VAN FIGURE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| Figuur 3.1 | Skematiese uiteensetting van navorsingsproses vanaf identifisering en analisering van konsepte tot begeleidingsraamwerk | 68 |
| Figuur 4.1 | Menings van adolessente seuns en vaders van adolessente seuns of karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal. | 105 |
| Figuur 4.2 | Herkenning van karaktereienskappe deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns | 107 |
| Figuur 4.3 | Addisionele eienskappe wat bydrae tot manlike identiteit van adolessente seuns en vaders van die adolessente seuns | 109 |
| Figuur 4.4 | Persone wat grootste invloed het op adolessente seuns se identiteit | 112 |
| Figuur 4.5 | Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se identiteit | 114 |
| Figuur 4.6 | Die eerste gedagte wat opkom ten opsigte van manlike identiteit (adolessente seuns en vaders) | 117 |
| Figuur 4.7 | Aanduiding van gevestigheid van manlike identiteit | 120 |
| Figuur 4.8 | Redes wat gegee word waarom manlike identiteit gevestig is | 122 |
| Figuur 4.9 | Aspekte wat onsekerheid by die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns veroorsaak rakende hulle manlike identiteit | 124 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 4.10 | Die vaders se invloed op die adolessente seuns se manlike identiteit | 125 |
| Figuur 4.11 | Aspekte van die vaders van die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed | 128 |
| Figuur 4.12 | Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie | 130 |
| Figuur 4.13 | Beïnvloeding van eie vaders op die manlike identiteit van die vaders van adolessente seuns | 132 |
| Figuur 4.14 | Aspekte wat die adolessente seuns van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra of nie | 135 |
| Figuur 4.15 | Aspekte wat die adolessente seuns nie van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra nie | 136 |
| Figuur 4.16 | Aspekte wat die vaders van die adolessente seuns van hulle eie vaders aan hulle seuns sal wil oordra | 138 |
| Figuur 4.17 | Die adolessente seuns se beskrywing van hulle verhoudings met hulle vaders | 139 |
| Figuur 4.18 | Positiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en vaders | 140 |
| Figuur 4.19 | Adolessente seuns se belewenis van negatiewe aspekte in die verhoudings tussen vaders en seuns | 142 |
| Figuur 4.20 | Met wie het die adolessente seuns die beste verhoudings | 143 |
| Figuur 4.21 | Aspekte wat manlike identiteit by vaders van adolessente seuns reflekteer | 145 |
| Figuur 4.22 | Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns | 150 |
| Figuur 4.23 | Negatiewe aspekte van verhouding tussen adolessente seuns en hulle vaders | 153 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 4.24 | Verandering van verhoudings | 155 |
| Figuur 4.25 | Adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees | 156 |
| Figuur 4.26 | Vaders van adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees | 158 |
| Figuur 4.27 | Verhoudings met vaders en seuns word as positief, negatief of onseker beskryf | 164 |
| Figuur 4.28 | Positiewe aspekte van die vaders van adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders en adolessente seuns | 167 |
| Figuur 4.29 | Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns | 171 |
| Figuur 4.30 | Die persone met wie die vaders die beste verhoudings het | 172 |
| Figuur 4.31 | Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se manlike identiteit | 174 |
| Figuur 4.32 | Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle eie vaders dink | 176 |
| Figuur 4.33 | Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle seuns dink | 177 |
| Figuur 5.1 | Skematiese voorstelling van die verloop van die Studie | 181 |
| Figuur 7.1 | Kontak | 238 |
| Figuur 7.2 | Kommunikasie | 239 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 7.3 | Spesiale tyd saam | 239 |
| Figuur 7.4 | Respek vir grense | 240 |
| Figuur 7.5 | Herformuleer konflik | 241 |
| Figuur 7.6 | Vaders se aktiewe deelname | 241 |
| Figuur 7.7 | Projekteer positiewe verhoudings | 242 |
| Figuur 7.8 | Taakgerigte rolle van vaders | 243 |
| Figuur 7.9 | Die rol van introjekte | 244 |
| Figuur 7.10 | Vaders se bewuswording van hulle eie manlike identiteit | 245 |
| Figuur 7.11 | Vaders se bewuswording van gemodelleerde gedrag | 245 |
| Figuur 7.12 | Assimilasie van gemodelleerde gedrag deur die adolessente seuns | 246 |
| Figuur 7.13 | Vaders se positiewe belewenisse van hulle eie vaders | 247 |
| Figuur 7.14 | Vaders se positiewe belewenisse van oordrag van identiteit | 248 |
| Figuur 7.15 | Vaders as leiers en rolmodelle | 249 |
| Figuur 7.16 | Bemagtiging om introjekte te verwerp | 250 |
| Figuur 7.17 | Belangstelling in fisieke aktiwiteite | 251 |
| Figuur 7.18 | Sport as gesamentlike belangstelling is ‘n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns | 252 |
| Figuur 7.19 | Behoefte om belangstellings met vaders te deel | 253 |
| Figuur 7.20 | Ooreenstemming van karaktereienskappe en die oordrag daarvan | 254 |
| Figuur 7.21 | Karakterverskille tussen mans en vroue | 254 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Figuur 7.22 | God en manlike identiteit | 255 |
| Figuur 7.23 | Fisiese uitlewing van Christenskap en identiteitsvorming | 256 |
| Figuur 7.24 | Genetika en manlike identiteit | 257 |

# LYS VAN TABELLE

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 4.1 | Indikatore vanuit semi-gestruktureerde onderhoudskedules met die adolessente seuns | 101 |
| Tabel 4.2 | Indikatore vanuit semi-gestruktureerde onderhoudskedules met die vaders van adolessente seuns | 102 |
| Tabel 4.3 | Menings van adolessente seuns en vaders van adolessente seuns of karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal | 105 |
| Tabel 4.4 | Herkenning van karaktereienskappe deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns | 106 |
| Tabel 4.5 | Addisionele eienskappe wat bydrae tot manlike identiteit van adolessente seuns en vaders van die adolessente seuns | 108 |
| Tabel 4.6 | Vaders: fisieke aktiwiteite en identiteit | 111 |
| Tabel 4.7 | Adolessente seuns: fisieke aktiwiteite en identiteit | 111 |
| Tabel 4.8 | Persone wat grootste invloed het op adolessente seuns se identiteit | 112 |
| Tabel 4.9 | Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se identiteit | 113 |
| Tabel 4.10 | Die eerste gedagte wat opkom ten opsigte van manlike identiteit (adolessente seuns en vaders) | 116 |
| Tabel 4.11 | Aanduiding van gevestigheid van manlike identiteit | 119 |
| Tabel 4.12 | Redes wat gegee word waarom manlike identiteit gevestig is | 121 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 4.13 | Aspekte wat onsekerheid by die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns veroorsaak rakende hulle manlike identiteit | 123 |
| Tabel 4.14 | Die vaders se invloed op die adolessente seuns se manlike identiteit | 125 |
| Tabel 4.15 | Aspekte van die vaders wat die adolessent seuns se manlike identiteit beïnvloed | 126 |
| Tabel 4.16 | Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie | 129 |
| Tabel 4.17 | Beïnvloeding van eie vaders op die manlike identiteit van die vaders van adolessente seuns | 131 |
| Tabel 4.18 | Aspekte wat die adolessente seuns van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra of nie | 133 |
| Tabel 4.19 | Aspekte wat die vaders van die adolessente seuns van hulle eie vaders aan hulle seuns sal wil oordra | 137 |
| Tabel 4.20 | Die adolessente seuns se beskrywing van hulle verhoudings met hulle vaders | 138 |
| Tabel 4.21 | Positiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en vaders | 139 |
| Tabel 4.22 | Adolessente seuns se belewenis van negatiewe aspekte in die verhoudings tussen vaders en seuns | 141 |
| Tabel 4.23 | Met wie het die adolessente seuns die beste verhouding | 142 |
| Tabel 4.24: | Aspekte wat manlike identiteit by vaders van adolessente seuns reflekteer | 144 |
| Tabel 4.25 | Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns | 148 |

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 4.26 | Negatiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en hulle vaders | 152 |
| Tabel 4.27 | Veranderings van verhoudings | 154 |
| Tabel 4.28 | Adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees | 156 |
| Tabel 4.29 | Vaders van adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees | 157 |
| Tabel 4 .30 | Vaders: Uitlewing van Christenskap en God | 159 |
| Tabel 4.31 | Adolessente seuns: Uitlewing van Chistenskap en God | 160 |
| Tabel 4.32 | Vaders: Waardes en norme | 161 |
| Tabel 4.33 | Adolessente seuns: Waardes en norme | 161 |
| Tabel 4.34 | Verhoudings met vaders en seuns word as positief, negatief of onseker beskryf | 163 |
| Tabel 4.35 | Positiewe aspekte van die vaders van adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders en adolessente seuns | 165 |
| Tabel 4.36 | Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns | 169 |
| Tabel 4.37 | Die persone met wie die vaders die beste verhoudings het | 172 |
| Tabel 4.38 | Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se manlike identiteit | 173 |
| Tabel 4.39 | Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle eie vaders dink | 175 |
| Tabel 4.40 | Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle seuns dink | 177 |

# LYS VAN BYLAE

**BLADSY**


| | | |
|---|---|---|
| BYLAAG A: | VOORBEELD VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD MET ADOLESSENTE SEUNS | 284 |
| BYLAAG B: | VOORBEELD VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD MET VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS | 288 |
| BYLAAG C: | VOORBEELD VAN VRAELYS AAN ADOLESSENTE SEUNS | 294 |
| BYLAAG D: | VOORBEELD VAN VRAELYS AAN VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS | 299 |
| BYLAAG E: | VOORBEELD VAN BRIEF AAN SKOOLHOOFDE | 305 |
| BYLAAG F: | VOORBEELD VAN TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSBRIEF (VADER, VIR ADOLESSENTE SEUN) | 307 |
| BYLAAG G: | VOORBEELD VAN TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSBRIEF (VADERS EN ADOLESSENTE SEUNS) | 309 |
| BYLAAG H: | TOESTEMMINGSBRIEF VAN WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT | 311 |
| BYLAAG I: | BYLAAG I: OUTO-ETNOGRAFIESE ONDERHOUDE | 312 |
| BYLAAG J: | BYLAAG J: OUTO-ETNOGRAFIE | 317 |

# HOOFSTUK EEN

## INLEIDENDE ORIëNTERING EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Die stereotipering van vaders as broodwinners, sterk leiersfigure, soms afwesig by die grootmaak van kinders en as die hoof van die huis het die afgelope eeu verander, wat beteken dat sy rol, ten spyte van ekonomiese voorsiener, ook groter teenwoordigheid en emosionele betrokkenheid by die opvoeding van sy kinders verg. Die teenwoordigheid en betrokkenheid van die vader by sy seun is veral vir hierdie studie van belang, aangesien die invloed van sy teenwoordigheid en betrokkenheid by manlike identiteitsvorming van sy seun die fokus van hierdie navorsing is.

Studies wat Kenny en Peters (in Richter, 2006: 53) onderneem het, merk op dat die afwesigheid van ‘n vader in ‘n gesin ten opsigte van finansiële sekuriteit en materiële versorging nie noodwendig negatiewe gevolge vir die gesin inhou nie, maar dat die gebrek aan simboliese aspekte soos gesag, status, werksetiek en emosionele betrokkenheid, wat noodsaaklik is vir die vorming van ‘n positiewe selfkonsep, eerder problematies mag wees. Die verandering in tradisionele rolle by die man word deur Lupton en Barclay (in Richter, 2006: 53) toegeskryf aan prosesse van vroulike emansipasie, industrialisasie, werkplekverandering en sosio-ekonomiese gebeure die laaste eeu. In die Suid-Afrikaanse konteks voer Richter en Morrell (2006) aan dat werkloosheid, geslagsgelykheid in die werkplek en MIV/Vigs die rol van die vader in die primêre gesin verander.

Vanuit bogenoemde literatuur is dit verder duidelik wat in praktyk gebeur indien die vader nie toegerus is om ook hierdie emosionele voorsiening aan sy seun te verskaf nie, waaronder swak vader/seun verhoudings as die grootste enkele faktor uitgewys word. Volgens die navorser het hierdie swak verhoudings ‘n direkte invloed op manlike identiteit wat in hierdie studie verken en beskryf word.

Manlike identiteit verwys in breë na die eenheid en voortbestaan van persoonlikheid vir ‘n man. In wese, sy individualiteit wat hom die kenmerke gee om as manlike geslag uitgeken te word. Hierdie manlike identiteit vorm die basis waarop ‘n man homself binne die konteks van sy leefwêreld laat geld. Verder verskaf hierdie identiteit aan hom ‘n verskeidenheid van rolle wat hy vertolk, waaronder sy rol as vader teenoor sy seun een van die belangrikstes is. Dit is juis hierdie vaderskapsrol wat belangrik blyk te wees in die identiteitsvorming van ‘n seun, aldus Gorski (1998). Dit is dus belangrik om die verwagtings van sy vaderskapsrol uit te spel. Day (in Richter, 2006: 53) vra tereg of daar ‘n prototipe bestaan van hoe die ideale manlike rolmodel vir ‘n seun moet lyk en tot watter mate ‘n vader kan intree as ideale rolmodel vir sy seun.

Die rol as vader vir ‘n seun begin reeds met ‘n vader se eie belewenis van grootword as seun. Verder word hierdie rol gedefinieer na aanleiding van die belangrikheid vir die vader om ‘n eie seun te hê of selfs die perspepsie oor hoe hy moet optree teenoor hierdie seun wat hy so graag wou hê**.** So word die geboorte van ‘n seun in die konteks van verskeie kulture as ‘n groot gebeurtenis beskou. ‘n Seun se geboorte in sommige kulture beteken dat daar nasate sal wees om ‘n familienaam oor te dra na ‘n volgende geslag, of selfs die versterking van ‘n familie-erfenis na ‘n volgende generasie. In verskeie navorsingstudies (vergelyk, Morrell & Richter, 2006) word verwys na die belangrikheid wat die geboorte van ‘n seun as waardetoevoeging tot ‘n familie, mag inhou.

Verdere navorsing deur Secunda (1992) bevestig hierdie stelling as sy oor die ouer-kind verhouding sê: *"Having a child ends forever a man's boyhood, if not his boyishness. Having a child means that the son has, in a real sense, become his father. Sons are for fathers the twice-told tale".*

Die versugting na 'n seun in verskillende kulture strek egter selfs verder. In Asië en Suid-Oos Asië, onder meer in Sri Lanka, China en Thailand is "geslag-selektiewe aborsies" in gebruik ten einde seker te maak dat egpare eerder 'n seun in die wêreld bring as 'n dogter, aangesien belastingvoordele op een-kind gesinne verkry word en 'n seun vanuit kulturele oortuiging meer welvaart en 'n familie-erfenis vir 'n gesin kan verseker. (Vergelyk Abeykoon, 1995; Gu & Roy, 1995; Wongboosin & Ruffolo, 1995.)

So is daar ook menings dat die vader 'n seun verlang ten einde sy eie onvoltooidhede in sy lewe te voltooi, of om die seun as verlengstuk van sy eie manlikheid te sien. Hieroor sê Rowland (1909) reeds in die vorige eeu: *"A man's desire for a son is usually nothing but the wish to duplicate himself in order that such a remarkable pattern may not be lost to the world".* Hierdie persepsie geld egter vandag steeds en is in navorsing deur Lindegger (2006) bevestig.

Die persepsie wat ontstaan na aanleiding hiervan is dat indien 'n vader sy seun as waardetoevoeging tot sy lewe, en ook sy gesin beskou, hy ook sal belê in die verhoudingstrukture waarbinne hierdie seun moet grootword – verhoudingstrukture wat ook bepalend vir sy seun se identiteitsvorming sal wees.

Dit sou dus nie vergesog wees om te argumenteer dat hierdie seun se verhoudingslewe met sy vader bepalend sal wees tot hierdie waardetoevoeging wat van hom verwag word en wat hy nie net in sy gesin lewer nie, maar ook later binne die konteks van die gemeenskap waarbinne hy funksioneer.

Die fokus op vader / seun verhoudings word uit verskeie bronne as ‘n sentrale aspek in die latere identiteitsvorming van die seun beskou. Hieroor noem Nerburn (1994):

> *Until you have a son of your own . . . you will never know the joy, the love beyond feeling that resonates in the heart of a father as he looks upon his son. You will never know the sense of honor that makes a man want to be more than he is and to pass something good and hopeful into the hands of his son. And you will never know the heartbreak of the fathers who are haunted by the personal demons that keep them from being the men they want their sons to be.*

Hierdie studie geskied binne die konteks van die huidige Suid-Arikaanse samelewing wat gekenmerk word deur verhoudingsdiversiteit soos onder meer gereelde debatte oor manlike identiteit en homoseksualisme, (vergelyk Nicolosi, 2004), gesinsgeweld waar vaders dikwels aan die hoof staan van gesinsmoorde (vergelyk SAPD Misdaadstatistiek Jaarverslag: 2005) en ‘n eiesoortige patriargale samestelling. Hierdie samestelling word dikwels aan Calvinisme en die Afrikanerman gekoppel, asook aan die uniekheid ten opsigte van die rol wat hierdie vader in sy gesin vertolk (vergelyk studies van Stevens in Lindegger, 2006:129), en debatte oor die toenemende bewustheid rondom die rol van die vader in die identiteitsvorming van sy seun. (Vergelyk Prinsloo, 2006.)

Vanuit hierdie konteks is dit duidelik dat die beskrywing van manlike identiteit die afgelope dekade heelwat aandag geniet het, soos dit blyk uit studies deur die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing rondom armoede, die invloed van armoede op manlike identiteit (vergelyk Wilson, 2006: 26), demografiese tendense in terme van geslagsverdeling (vergelyk Posel & Devey, 2006) en post-apartheidsproblematiek ten opsigte van manlike identiteit. (Vergelyk Ramphele & Richter, 2006.) Ten spyte van hierdie navorsing blyk dit steeds dat die mees wesenlike verhouding tussen vader en seun, naamlik die essensie van hoe ‘n seun sy verhouding met sy vader ervaar, sy konsep oor

homself, sy seksualiteit en sy manlikheid, onbekend aan hom is en onbeantwoord bly en dat daar steeds ‘n behoefte by vaders en hulle seuns bestaan om die antwoorde op vrae oor hulself en hulle manlike identiteit te verkry. Hieroor sê Pittman (1993):

> *Every boy was supposed to come into the world equipped with a father whose prime function was to be our father and show us how to be men. He can escape us, but we can never escape him. Present or absent, dead or alive, real or imagined, our father is the main man in our masculinity.*

Hierdie behoefte wat by vaders en seun bestaan, word deur navorsing deur die RGN uitgewys as Beardshaw (2006) opmerk dat ten spyte van uitgebreide navorsing wêreldwyd, vaders steeds nie toegerus is om manlike identiteit en alle noodsaaklike rolle wat daarmee gepaard gaan met sukses te kan oordra na ‘n nageslag van seuns nie. Hierdie kwelpunte het aanleiding gegee tot hierdie navorsingsvraagstuk en word in die agtergrond en rasionaal vir die studie verder uiteengesit.

## 1.2 AGTERGROND EN RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Vanuit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat die vraagstuk en uitdaging vir hierdie studie daarin gesetel is om deur middel van wetenskaplike navorsing indikatore te isoleer en as kategorieë voor te hou, wat as raamwerk aan vaders voorgehou kan word ten einde met groter sukses hulle seuns te begelei om noodsaaklike identiteitsvraagstukke en rolverwagtinge te kan hanteer. Dit word veral gesien in die lig van faktore wat ‘n goeie verhouding tussen ‘n vader en sy seun mag teëwerk. Die debat rondom modellering kom dus hier ter sprake.

Internasionale navorsing, waaronder die bekende werk van Wade (1998), bekend as die *“Male Reference Group Identity Dependence Theory”,* spreek

die belangrikheid van rolmodelle as verwysingsraamwerk vir ‘n seun aan. Werk van Gorski (1998), waar die geslagsidentiteit van die man binne die konteks van kultuur en kulturele rolidentifikasie beskryf word, sluit hierby aan.

Soos wat daar bepaalde behoeftes rondom ‘n verhoudingslewe tussen vader en seun by die vader bestaan, word daar vanuit die literatuur feitlik ‘n groter versugting by seuns om ‘n sinvolle verhouding met hul vader te kan hê, bespeur. Hierdie seuns sluit dikwels volwasse mans in wat steeds seuns van ouer vaders is - en wat met refleksie terugkyk na hulle eie verhouding met hulle vaders. Die bekende aanhaling van *Friedrich Nietzsche* (1980) is ‘n spreekwoordelike voorbeeld hiervan. *“When a man reaches his maturity in understanding and in years, the feeling comes over him that his father was wrong to beget him*”, so ook die verwysing van Alexander Pope (1744) *“We think our fathers fools, so wise we grow; Our wiser sons, no doubt will think us so”*, en die bekende aanhaling uit Henry IV van Shakespeare (1616): “*What thing, in honor, had my father lost, That need to be revived and breathed in me?”* Alhoewel hierdie aanhalings nie wetenskaplik gefundeerd is nie en slegs letterkundige verwysings is, spreek dit van ‘n versugting by hierdie mans na die verhouding tussen hom en sy eie vader en die dinamika wat daaruit voortspruit.

Richter en Smith (2006) het navorsing gedoen oor die persepsies wat jong kinders – veral dan ook seuns – oor hulle vaders het en die rol wat hulle vaders in hulle lewens speel, met die resultaat dat kinders, hetsy seun of dogter, ‘n primêre versugting na ‘n stabiele, kalm en vertroostende verhouding met ‘n teenwoordige vader het. Om antwoorde aan ‘n vader te voorsien oor hoe hy hierdie verhouding tot voordeel van beide kan rig word egter nie met navorsing ondersteun nie. Veral ook nie binne die Suid-Afrikaanse konteks reeds vroeër genoem nie. Die behoefte bestaan steeds na ‘n raamwerk waarbinne die vader en sy seun begelei kan word na ‘n stabiele verhouding waarbinne beide hulle identiteit as mans kan uitleef of selfs vind. Hierdie studie stel dus ondersoek in na die verhouding tussen ‘n vader en sy seun en

die belangrikheid van die seun se identiteitsvorming na aanleiding van hoe sy vader hierdie verhouding bestuur en wat die vader kan doen om die seun te begelei tot ‘n manlike identeit wat vir die seun struktuur vir latere volwassewording kan bied.

Manlike identiteit en die belangrikheid van ‘n teoretiese begronding hiervoor word deur verskillende benaderings op verskillende wyses beklemtoon waarvan die Psigo-analise van Sigmund Freud, met verwysing na die Oedipus kompleks, een van die meer bekende teorieë is. Volgens Freud aanvaar die seun na ‘n periode van wedywering met sy vader dat sy vader die “oorwinnaar” is in die kompetisie vir sy moeder se seksuele aandag. Die seun wil die eienskappe van die oorwinnaar hê, identifiseer met sy vader en neem so die eienskap van manlikheid oor (Thomas, 2005: 6). Hierdie manlikheid verwys ook na identiteit en hoe die seun homself as man sien – dus volgens Freud gemodelleer volgens sy vader.

Die verhouding geskoei op die vorming van manlike identiteit is ook deur Turgener in 1865 in een van die mees klassieke verhale beskryf, naamlik *“Fathers and Sons”*, waarin die storielyn beweer dat vaderskap die lewe se grootste tasbare bewys van manlikheid is, soveel te meer met die geboorte van ‘n seun wat hierdie manlikheid kan oordra aan ‘n volgende geslag. Die konsep van vaderskap met die klem op die vader-seun verhouding is nie net ‘n tasbare bewys van manlikheid nie, maar lê veel dieper binne ‘n dinamika van rolverdeling, onderrig, kompetisie en identiteitsvorming. Hieruit kan afgelei word dat die komplekse verhouding tot spanning, frustrasie en uiteindelik ‘n swak verhouding tussen ‘n vader en sy seun kan lei.

‘n Klassieke voorbeeld van ‘n vader/seun verhouding en die kompleksiteit daarvan is te vind in die Griekse mitologie waar Oedipus sy eie vader vermoor het. Dikwels word verhale van die verhouding tussen vader en seun gebaseer op die gevolge van wrywing tussen vader en seun, of anders gestel – die

ongehoorsame seun wat nie die gesag van die vader wil aanvaar nie. So is die gelykenis van die verlore seun in die Bybel ook ‘n sprekende voorbeeld (Lukas 15: 11-31).

In feëverhale is die manlike ekwivalent van die nare stiefma, die reus. Hierdie reus is dikwels vir die seun ‘n simbool van sy eie vader wat met outoriteit en mag kolosaal oor hom heers. Die klassieke Bybelverhaal van Abraham en sy seun Isak is ‘n verdere voorbeeld van die dinamiese en komplekse verhoudings tussen vaders en seuns wat deur die vader as gedeelde lojaliteit tussen liefde vir God en liefde vir sy seun beskou kan word.

Die navorser se eie ervaring van ‘n oneffektiewe vader/seun verhouding het ‘n verdere betekenisvolle bydrae as agtergrond tot die studie gelewer en word in die studie geïnkorporeer in die vorm van ‘n outo-etnografie ten einde ‘n wetenskapsbydrae tot die vraagstukke van die studie te vorm.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Volgens Mark (in Fouché, 2005a: 116) moet die probleem verfyn word sodat die leser spesifiek kan weet wat in die studie ingesluit word en wat nie. Die probleem word so geformuleer dat daar nie onduidelikheid bestaan rakende dit wat in hierdie studie ingesluit is nie.

Die navorsbaarheid van ‘n onderwerp kan volgens die navorser grootliks bepaal word deur te verwys na die probleemformulering. Indien die probleem nie duidelik geformuleer kan word nie, kan dit dui op die onuitvoerbaarheid van die navorsing. ‘n Goed geformuleerde probleem blyk ondersteunend te wees vir goeie navorsing. Hierdie siening word deur Fouché en De Vos (2005a: 100) gesteun deurdat hulle daarop wys dat die belangrikheid van die

uitwysing van ‘n probleem, maar ook van die vraag of hipotese, deur die meeste outeurs van navorsingsmetodologie beklemtoon word.

Volgens Erikson (in Berk, 2003: 18) word identiteit tydens adolessensie gevorm wanneer die adolessent die vraag, *“Wie is ek en wat is my plek in die samelewing?”*, probeer beantwoord. Hierdie fase word gesien as die vorming van identiteit teenoor identiteitsverwarring en toon ooreenkomste met die genitale fase van Sigmund Freud. Erikson (in Berk, 2003: 18) is van mening dat selfgekose waardes en beroepskeuses tot blywende persoonlike identiteit lei. Berk (2003:456) beklemtoon verder Erikson se siening dat suksesvolle psigososiale uitkomste tydens kleuter- en kinderjare nodig is vir ‘n koherente, positiewe identiteit. Die navorser steun hierdie siening en is van mening dat identiteit reeds vorming aanneem tydens die eerste maande van kontak tussen volwassene en baba. Hierdie vroeë kontak is belangrik vir identiteitvorming en latere gebalanseerde verhoudings tussen vader en seun.

Sommige adolessente ontwikkel vinnig ‘n eie identiteit, terwyl ander hierdie identiteitvormingsproses as ‘n krisis beleef. Waardes wat adolessente tot op hierdie tydstip nie bevraagteken het nie, word nou bevraagteken en hulle eksperimenteer met nuwes, aldus Erikson (in Louw & Edwards, 2003: 487.) Vanuit praktyk het dit onder die navorser se aandag gekom dat vaders dikwels onkundig is en nie weet hoe om hierdie vraagstuk te hanteer nie.

Louw en Edwards (2003:488) noem dat daar tydens die vroeë adolessente fase deur adolessente gefokus word op selfgeldendheid en onafhanklikheid en wil hulle dikwels hulle onafhanklikheid laat geld wat kan lei tot konflik met hulle ouers. Volgens die navorser kan hierdie konflik lei tot ‘n permanente afstand tussen die adolessent en sy ouer/s. Vanuit sy persoonlike belewenis met sy vader het die navorser gevind dat hierdie afstand vererger is deurdat die aanvanklike verhouding tussen vader en seun nie gevestig was nie.

Montmeyor (in Louw & Edwards, 2003: 488) verwys na aanleiding van die afstand tussen ouer en adolessent na die distansiëringseffek wat dui op die *"emosionele afstand wat dikwels tussen ouer en adolessent onstaan"*. Die hantering van verwydering en afstand tussen vader en seun is ook dikwels vir vaders 'n knelpunt wat aangespreek moet word.

Die behoefte aan manlike identiteit wat adolessente seuns blyk te hê mag ook verwys na die behoefte om uiteindelik as man deur die samelewing erken te word. Hiervan is die inisiëringseremonies van verskeie kulture 'n goeie voorbeeld. Volgens Molitor (2004: 101) is dit tydens hierdie seremonies wanneer 'n jong man formeel deur die omgewing as volwassene met al die regte en voorregte van "manwees" erken word. Nadat hy as man ingelyf is, begin sy reis na 'n duideliker identiteit en volwassenheid.

Die oordrag van identiteit oor geslagte heen word geïllustreer deur die inisiëringsproses van 'n jong seun van die Lakota stam in Suid Dakota waar hy die *"night of his vision quest"* beskryf. Hierdie *"vision quests"* maak volgens die navorser deel uit van die seuns se identiteitsvorming waartydens jong mans oor geslagte heen na 'n spesifieke plek gaan om die *"will of the Great Spirit . . . "* vir hulle lewens te soek. Die navorser is van mening dat net soos 'n vader identiteitsoordrag na sy seun kan bewerkstellig deur kommunikasie en voorbeeld, kan sy eie identiteitsverwarring ook oorgedra word, aangesien ander rolmodelle in die seun se lewe kan ontbreek, of hy nie oor die nodige vaardighede beskik om ander rolmodelle se positiewe identiteitsvorming te assimileer nie. Dit is in hierdie geval waar introjekte tot negatiewe identiteitsvorming lei deurdat opinie, houding of instruksie van die vader met identiteitsverwarring deur die seun ingeneem word sonder om vrae te vra. (Vergelyk Joyce & Sills, 2001: 125.)

Louw en Edwards (2003: 489) beklemtoon die behoefte wat die adolessent het om te konformeer tot sy portuurgroep en kan hierdie konformering volgens die

skrywers ‘n belangrike rol speel in die proses van identiteitsvorming. Hierdie behoefte is ook deur die navorser as kind en adolessent ervaar. Silverman (2001: 6) ondersteun die navorser in terme van ‘n behoefte wat aanleiding gee tot, en die dryfkrag agter ‘n navorsingstudie is, deurdat hy daarop wys dat die dryfkrag kan ontstaan as gevolg van die behoeftes van beide die vader en sy seun om hierdie probleem die hoof te bied. Hoe die begeleiding van seuns in hierdie konformeringsproses moet verloop, is dus dikwels aan vaders onduidelik en moet aangespreek word ten einde die verhouding tussen vader en seun te versterk en die seun die nodige groeigeleentheid tot identiteitsvorming te bied.

Na aanleiding van gesprekke met volwasse mans rakende seksualiteit en identiteit het dit geblyk dat die omvang van seksualiteit dikwels vir die man gesetel is binne sy eie identiteit – hoe hy homself sien, asook sy behoefte van hoe ander hom behoort te sien as man. Die feit dat daar vanuit hierdie gesprekke die afleiding gemaak is, naamlik dat sommige mans hulle seksualiteit direk verbind met identiteit, het die vraag laat ontstaan oor hoe hierdie aspek binne die verhouding tussen vader en seun aangespreek behoort te word en of dit slegs deel vorm van identiteitsvorming indien alle ander komponente tussen vader en seun aangespreek is.

Die navorser word as spelterapeut daagliks gekonfronteer met emosionele probleme van adolessente seuns wat direk verbind kan word met die afwesigheid of verlies aan eie identiteit. Die voorkoms van swak vader/seun verhoudings is duidelik in hierdie gesprekke, wat die vraag laat onstaan oor hoe en deur middel van watter raamwerk die navorser die problematiek kan aanspreek.

Die toenemende kwessie van tyd waar gesinne al hoe minder tyd met mekaar spandeer dra ook volgens die navorser by tot die minimale tyd wat vaders met hulle seuns spandeer om sodoende identiteit- en karaktervestiging te

bevorder. Selfs al het sommige vaders tyd, besit hulle nie die vermoë om tyd saam met hulle seuns te spandeer nie as gevolg van die afwesigheid in rolmodelle van hulle eie vaders. Volgens Bogenschneider, Wu, Raffaelli & Tsay (1998) en Stephenson *et al.* (1996) (in Kaplan 2000, 547) voorsien warm gesinsverhoudinge die nodige buffer teen emosionele aanslae vanuit die omgewing.

Soos reeds genoem is die navorser van opinie dat identiteitsvorming nie net 'n ontwikkelingsaspek van adolessensie is nie, maar ook van voorafgaande- en daaropvolgende fases. Die navorser is egter oortuig dat identiteitsvorming 'n prominente aspek van die adolessente fase is en dat die gebrek daaraan in hierdie fase kan lei tot 'n identiteitswanbalans. Hierdie siening word deur Marcia (in Valsiner & Connolly, 2003: 471) ondersteun deurdat die skrywer verwys na adolessente wat teen die einde van adolessensie óf aktief identiteitskeuses gemaak het en hulle aan hierdie keuses verbind het, óf dat hulle dit nie gedoen het nie en hulself in 'n staat van identiteitsdiffusie (verwarring) bevind. Twee addisionele fases waarna hy verwys is dat adolessente steeds besig kan wees om hierdie keuses te ondersoek, of dat hulle gevestigde verbintenisse het sonder dat hulle dit ooit ondersoek het.

Vanuit bogenoemde probleemstellings is die een sentrale vraag wat geformuleer kan word vir die navorsing:

***Wat sal die mees toepaslike faktore wees wat in 'n begeleidingsraamwerk aan vaders en hulle seuns leiding sal bied ten einde die vorming van manlike identiteit by seuns te ondersteun?***

Verdere vrae wat vanuit hierdie sentrale vraag geformuleer kan word sluit onder meer in:

- ***Wat is die mening van vaders en seuns betrokke in vader/seun verhoudings ten opsigte van hierdie belangrike verhouding en watter aspekte beskou hulle as ‘n integrale deel van ‘n (on)gesonde verhouding?***

- ***Hoe kan ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns gegenereer word ten einde as instrument te dien vir die ondersteuning van vaders en seuns wat hierdie verhouding as belangrik in die vorming van manlike identiteit ag?***

## 1.4 DOEL EN DOELWITTE VIR DIE NAVORSING

Nadat die eenheid van ontleding geïdentifiseer is, moet die navorser besluit wat die navorsingsdoel en –doelwitte sal wees. Soos reeds genoem, bepaal hierdie doel en doelwitte, tesame met die eenheid van ontleding en die navorsingsbenadering, die probleemformulering. (Vergelyk Fouché & de Vos, 2005a: 104.)

Daar bestaan teenstrydigheid tussen navorsers wat die definisie van die doel van navorsing betref. Die doel van ‘n studie kan volgens Neuman (2003: 29) in drie groepe verdeel word, naamlik die verkenning van ‘n onderwerp, die beskrywing van ‘n sosiale fenomeen of die verklaring van waarom iets gebeur. Volgens hom kan ‘n studie meer as een doel hê, maar een doel is gewoonlik dominant. Hierteenoor verdeel Fouché en de Vos (2005a: 104) “doel” in twee dele, naamlik ‘n oorhoofse doel wat verwys na die eindpunt waarheen ambisie gerig is, en doelwitte wat meer gerig is op die konkrete en meetbare stappe om die doel te bereik. Volgens laasgenoemde twee navorsers kan die doel van die studie of basies, of toegepas wees.

Wanneer die navorsingsdoel basies van aard is, word daar gesoek na empiriese waarnemings wat gebruik kan word om teorie te formuleer of te verfyn en sodoende die kennisbasis van ‘n dissipline uit te brei. ‘n Toegepaste navorsingsdoel daarenteen is meestal gefokus om die onmiddellike probleme in ‘n dissipline op te los. (Fouché & de Vos, 2005a: 105.) Alhoewel hulle saamstem dat die doelwitte verdeel kan word in verkennende-, beskrywende- en verklarende navorsingsdoelwitte, brei hulle hierdie siening uit deur korrelasie-, evaluerende-, intervensie- en deelnemende aksie navorsingsdoelwitte by te voeg (Fouché & de Vos, 2005a: 105-106).

Vir die doel van hierdie studie word Fouché en de Vos se definisies gebruik en word “doel” opgedeel in ‘n oorhoofse doel en doelwitte wat die stappe vorm om hierdie doel te bereik. Die doel van die studie was om ‘n begeleidingsraamwerk daar te stel vir vaders en hulle seuns in terme van identiteitsvorming.

Die doelwitte om bogenoemde doel te bereik is verkennend en beskrywend van aard. Volgens Babbie en Mouton (2001: 79-80) word verkennende navorsing normaalweg gedoen om ‘n onderwerp te eksploreer of om die navorser met die onderwerp bekend te maak. Neuman (2003: 29) ondersteun die siening van hierdie navorsers deur verder te noem dat verkennende navorsing gebruik word om bekend te raak met die basiese feite, opset en besorgdhede. Neuman gaan verder deur te noem dat nuwe vrae deur verkennende navorsing geformuleer kan word vir toekomstige navorsing. Die onderwerp van identiteit en verhoudings tussen seuns en hulle vaders is reeds nagevors (vergelyk Morgan, 2003; Balswick Judy, Balswick Jack, Piper, Boni & Piper, Don, 2003; Allender, 2003, Louw & Edwards, 1998; Valsiner & Connolly, 2003; Kaplan, 2000), maar die navorser wou bekend raak met hierdie onderwerp, aangesien daar steeds leemtes bestaan in die verhoudings tussen vaders en seuns en die vorming van manlike identiteit.

Deur middel van verkennende navorsing kon vrae rakende hierdie leemtes beantwoord word en nuwe vrae gestel word vir toekomstige navorsing. Vanuit die empiriese data kon die navorser interessante patrone identifiseer en nadat empiriese data met bestaande literatuur gekontroleer is, kon die navorser feite daarstel. (Vergelyk Mouton, 1996: 103.)

Marshall en Rossman (1999: 33) bevestig die siening van bogenoemde navorsers dat verkennende navorsing nuwe hipoteses vir toekomstige navorsing kan genereer en noem ook dat deur verkennende navorsing te doen, belangrike en betekenisvolle kategorieë geïdentifiseer kan word. Vanuit die navorser se studie het daar wel betekenisvolle kategorieë na vore gekom wat as deel van 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns aangebied kon word. Volgens hulle kan die volgende navorsingsvrae, wat met verkennende navorsing verband hou, onder andere gevra word:

- Wat is die uitstaande temas, patrone of kategorieë wat van betekenis is vir die respondente?;
- Hoe kan hierdie patrone met mekaar verbind word?

Hierdie vrae bevestig die relevantheid van die navorser se eie navorsingsvrae, soos bespreek onder die probleemstelling vroeër in die hoofstuk.

'n Beskrywende navorsingsdoelwit word deur Fouché en de Vos (2005a, 106) beskryf as navorsing wat 'n beeld skep van spesifieke besonderhede van 'n situasie, sosiale opset of verhouding, en wat fokus op "hoe" en "hoekom" vrae. Die navorser het vir die doel van hierdie studie, naamlik om 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns daar te stel, gefokus op hoe vaders en seuns se identiteitsvorming 'n rol speel in 'n gesonde verhouding tussen hulle en hoekom identiteitsverwarring ontstaan. Neuman (2003: 29) ondersteun die siening van hierdie navorsers, maar voeg addisioneel by dat beskrywende navorsing fokus op die volgende:

- om nuwe data op te spoor wat vorige data weerspreek;
- om ‘n stel kategorieë of geklassifiseerde tipes te skep;
- om opeenvolging van stappe of fases te verduidelik;
- om ‘n oorsaaklike proses of meganisme te dokumenteer;
- om oor die agtergrond van ‘n situasie verslag te doen.

Marshall en Rossman (1999: 33) stem saam met Neuman dat die fenomeen gedokumenteer en beskryf moet word en vra wat die ooglopende aksies, gebeure, gelowe, houdinge en sosiale prosesse en strukture is wat by hierdie fenomeen voorkom.

Die verbandhoudende literatuur wat doelwitte beskryf en hierbo uiteengesit is, is uitgevoer deur middel van die volgende doelwitte toepaslik vir die studie:

- gekombineerde dominant-minder dominante navorsing waartydens semi-gestruktureerde onderhoude (kwalitatief) met vaders en hulle adolessente seuns gevoer is en vraelyste (kwantitatief) deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns voltooi is;
- ‘n ondersteunende outo-etnografie van die navorser wat deurlopend terugverwys na sy ervaring van identiteitsvorming en ondersteun is deur die beskrywing van proposisies betreffende manlike identiteitsvorming;
- ‘n omvattende literatuurkontrole waartydens die empiriese data met bestaande literatuur geverifieer en beskryf is;
- ‘n beskrywing van ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns betreffende manlike identiteitsvorming.

## 1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

‘n Kort samevattende uiteensetting van die navorsingsontwerp en –metode wat in hierdie studie gevolg is, sal vervolgens gegee word.

‘n Meer omvattende beskrywing van hierdie uiteensetting word onderskeidelik in hoofstuk drie en vier bespreek.

In hierdie hoofstuk word daar verder gefokus op ‘n gekombineerde dominant-minder dominante navorsingsbenadering met kwalitatiewe navorsing as die dominante navorsingsbeen. Die kwalitatiewe strategie word in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude met vaders en hulle adolessente seuns, asook ‘n outo-etnografie van die navorser, weergegee. Die kwantitatiewe been bestaan uit ‘n *“multi group posttest-only”* ontwerp (Fouché & de Vos, 2005b: 136), ondersteun deur vraelyste wat deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns voltooi is, ten einde as vertrouenswaardigheidstrategie vir die kwalitatiewe komponent van die navorsing te dien. Vanuit die kwalitatiewe komponent is kategorieë geïdentifiseer wat as indikatore in ‘n vraelys opgeneem is. Nadat die data vanuit die vraelys ontleed is, is die inhoud daarvan, sowel as die inhoud van die kwalitatiewe data, geïntegreer en as proposisies met literatuur gekontroleer waarna dit as temas en bewustheidstrategieë in ‘n begeleidingsraamwerk opgeneem is. Hierdie proses word vervolgens meer duidelik uiteengesit en verklaar.

Vir die doel van hierdie studie was dit belangrik vir die navorser om genoegsame detail rondom die tema van die studie te verkry. Die navorser het gevind dat die gekombineerde dominant-minder dominante model waarna Creswell (in de Vos, 2002b: 366) verwys hierdie tipe navorsing ondersteun. Volgens de Vos (2002b: 366) is die voordeel van gekombineerde navorsing dat ‘n konstante paradigmatiese beeld van die studie deur die kwantitatiewe navorsing verkry word en tegelykertyd beperkte inligting deur die kwalitatiewe navorsing verkry word om ‘n sekere aspek van die navorsing in detail te ondersoek. Binne die kombinasie van die twee modelle kan meervoudige metodes van data insameling geskied. (de Vos, 2005: 357.) Hierdie eienskap maak dit ideaal vir die navorser om te gebruik, aangesien die insameling van

inligting deur die kwalitatiewe navorsing, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie deur die inligting van die kwantitatiewe navorsing, naamlik vraelyste, aangevul en ondersteun word. Die doel van die kwantitatiewe navorsing was nie om veralgemening na die breër populasie moontlik te maak nie, maar het as ondersteunende bron gedien waarme kwalitatiewe inligting getrianguleer is om sodoende die vertrouenswaardigheidstrategie van die studie te versterk.

Volgens Neuman (2003: 139) verskil kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing op ‘n betekenisvolle wyse, maar komplimenteer mekaar tog en vestig hy aandag op King, Keohane en Verba se siening dat goeie navorsing dikwels gekombineerde eienskappe van beide kan bevat. (Neuman, 2003: 16.)

Soos reeds genoem, is die tipe navorsing wat gevolg is, toegepaste navorsing met ‘n verkennende en beskrywende aard, soos kortliks gemotiveer onder die doelwitte van die studie vroeër in die hoofstuk. Soos reeds genoem beklemtoon die verkennende aard van die studie die uitstaande temas, patrone of kategorieë wat van betekenis is vir die respondente en hoe hierdie patrone met mekaar verbind word. Hierdie faktore is in die vorm van beskrywende navorsing weergegee. Data vanuit semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste, asook outo-etnografie, is gekonseptualiseer en gekategoriseer.

Volgens Neuman (2003: 22) fokus toegepaste navorsing op ‘n spesifieke saak of verskaf dit oplossings vir ‘n probleem. Dit dui gewoonlik op ‘n vinnige, klein-skaalse studie wat praktiese resultate voorsien en oor die korttermyn gebruik kan word. Hierdie aspek van toegepaste navorsing het dit ideaal gemaak vir die doel van hierdie studie waar die fokus geval het op die identiteit van adolessente en hulle vaders en ‘n begeleidingsraamwerk vir hierdie populasie opgestel is. Die studie is in die Wes-Kaap provinsie uitgevoer oor ‘n kort periode en praktiese resultate is voorsien.

Wat die navorsingsontwerp betref, is Fouché (2005c: 269) van mening dat die kwalitatiewe navorsingsontwerp (strategie) inherent van die kwantitatiewe ontwerp verskil deurdat dit nie vir die navorser 'n stap-vir-stap resep of plan voorsien wat gevolg word nie. In kwantitatiewe navorsing bepaal die ontwerp die navorser se keuses en aksies, en in kwalitatiewe navorsing bepaal die navorser se keuses en aksies die ontwerp of strategie.

Die navorsingstrategie in hierdie studie het 'n kollektiewe gevallestudie ingesluit in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie, wat die kwalitatiewe navorsingsdeel uitgemaak het. Volgens Mark (in Fouché, 2005c: 272) verbreed hierdie tipe gevallestudie die navorser se begrip van 'n sosiale kwessie of populasie wat bestudeer word, in hierdie geval die identiteit van adolessente seuns en hulle vaders. Mark brei verder uit deur te sê dat die belangstelling in die individuele geval sekondêr is tot die navorser se belangstelling in die groep gevalle. In hierdie navorsing was die belangstelling nie soseer in die spesifieke individue nie, maar op die afsonderlike groepe, naamlik adolessente seuns en hulle vaders. Die kwantitatiewe deel van die studie het bestaan uit die *"multigroup posttest-only"* ontwerp. Volgens Fouché en de Vos (2005b: 136) moet die doel van die studie duidelik wees met die gebruik van hierdie ontwerp, aangesien daar ook na veranderlikes gekyk word. Hierdie veranderlikes moet in die vraelys aangespreek word.

Die volgende stappe is gevolg binne 'n gekombineerde dominant-minder dominante navorsingsproses:

- 'n **Oorsig en motivering** wat onder andere die volgende ingesluit het: agtergrond en rasionaal vir die studie, navorsingsbenadering en –metodologie, etiese aspekte en definisies relevant tot die studie. Hierdie aspekte is binne hoofstuk een bespreek om aan die leser 'n algemene

oorsig te gee van hoe die navorser die navorsingsprobleem benader het en om motivering te gee van sy besluite tot die benadering en metodologie.

- ‘n **Fenomenologiese voorondersoek** in die vorm van paradigmatiese begronding vir agtergrondinligting, insluitend die ervaring van die navorser wat in die vorm van ‘n outo-etnografie in hoofstuk twee bespreek is. Creswell (in Delport & Fouché, 2005: 264) ondersteun so ‘n fenomenologiese studie deurdat hy staaf dat die navorser die veld ingaan met ‘n sterk oriënteringsraamwerk van wat bestudeer gaan word en hoe dit bestudeer is. Die navorser spesifiseer volgens Creswell die filosofiese agtergrond of fenomenologie wat die navorsing gerig het. In hierdie hoofstuk is die navorsingstudie fenomenologies beskryf. Identiteit as definisie is bespreek. Die navorser het dit nodig geag om hieroor te lees, aangesien hy ‘n idee moes hê van wat identiteit volgens die literatuur is. Hierna kon hy verduidelik wat hy as identiteit sien en hoe dit vir die doel van die studie gebruik sou word. Die outo-etnografie kon aan die leser helderheid verskaf rakende die paradigma waaruit die navorser te werk gegaan het. Die waarde daarvan vir die empiriese navorsing het ook duidelik na vore gekom deurdat dit ondersteunend tot die konseptualisering en kategorisering gebruik kon word.

- **Gekombineerde dominant-minder dominante navorsing** waarvan die **kwalitatiewe** empiriese navorsing in die vorm van semi-gestruktureerde onderhoude met vier adolessente seuns en hulle vaders (sien bylaag A en B), asook inligting vanuit die outo-etnografiese onderhoud in hoofstuk drie bespreek is. Agt semi-gestruktureerde onderhoude (vaders en seuns) is gevoer waarna versadiging van inligting bereik is. Die **kwantitatiewe** navorsing het ‘n *“multigroup post-test only”* ontwerp ingesluit en is in die vorm van vraelyste uitgevoer ter ondersteuning van die kwalitatiewe komponent.

Twee aparte groepe vraelyste is aan adolessente seuns en vaders van adolessente seuns (sien bylaag C en D) uitgedeel vir voltooiing.

Beide groepe vraelyste het gefokus op identiteit en verhoudings wat Identiteit moontlik kan beïnvloed. 19 vrae is aan adolessente seuns gestel en 23 vrae aan vaders van adolessente seuns. Die doel van die vraelyste was nie om antwoorde van spesifieke vaders met die antwoorde van hulle seuns te vergelyk nie, maar om ‘n algemene beeld te vorm van die sieninge van adolessente seuns en vaders van adolessente seuns in die algemeen ten opsigte van manlike identiteit. Die universum was alle adolessente seuns en vaders van adolessente seuns in Suid-Afrika. Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005a: 193) verwys die universum na alle potensiële respondente wat die kenmerke besit waarin die navorser belangstel. Volgens hulle is die populasie ‘n term wat grense stel ten opsigte van die eenhede wat ontleed word en verwys na die individue in die universum wat oor spesifieke karaktereienskappe beskik. Die populasie, vir hierdie studie, het ingesluit alle Afrikaanssprekende adolessente seuns en vaders van adolessente seuns in die Wes-Kaap provinsie van Suid-Afrika.

Verdere afbakening het plaasgevind in die vorm van ‘n steekproef. Volgens Arkava en Lane (in Strydom, 2005a: 194) bevat die steekproef elemente van die populasie wat oorweeg word vir insluiting in die studie. Die steekproef het bogenoemde respondente ingesluit, maar is verder afgebaken tot die Drakenstein munisipale gebied.

Vir die doel van hierdie studie is ‘n nie-waarskynlikheidsteekproef getrek, aangesien die dominante deel van die studie kwalitatiewe navorsing behels. ‘n Doelbewuste steekproef is getrek, aangesien die groepe respondente gekies is wat aan spesifieke kriteria voldoen het. (Vergelyk Neuman, 2003: 213.)

Neuman (2003: 211) is van mening dat kwalitatiewe navorsers meestal nie-waarskynlikheidsteekproewe gebruik, aangesien hulle selde ‘n verteenwoordigende steekproef trek vanuit ‘n groot aantal gevalle om hierdie gevalle intensief te bestudeer. Die steekproefgrootte word selde vooraf bepaal en die navorser het beperkte kennis oor die groter populasie waaruit die steekproef geneem word. Volgens Flick (in Neuman, 2003: 211) gaan dit in kwalitatiewe navorsing oor die relevansie van die navorsingsonderwerp, eerder as die verteenwoordiging ten opsigte van die wyse waarop respondente gekies word. Die spesifieke grootte van die steekproef ten opsigte van die kwalitatiewe deel vir hierdie studie is nie vooraf bepaal nie, aangesien die respondente bloot aan die steekproefkriteria moes voldoen, soos hierbo uiteengesit. Onderhoude is gevoer totdat inligting herhaal het en versadiging bereik is. Versadiging is na agt onderhoude bereik.

Die doel van die kwantitatiewe navorsing was, soos reeds genoem, nie om ‘n verteenwoordigende beeld te weerspieël nie, maar om as ondersteuning tot die kwalitatiewe navorsing, naamlik die semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie, te dien. 42 vraelyste is deur vaders van adolessente voltooi en 180 vraelyste deur adolessente seuns tussen die ouderdom van 15 en 18 jaar.

- Data **insameling en analise** waartydens die resultate van die triangulering verwerk word. Semi-gestruktureerde onderhoude is getranskribeer/genoteer en data is geanaliseer. Die vrae is as kategorieë aangebied, waaronder een sub-kategorie uitgelig is. Onderhoude is gevoer tot versadiging ten opsigte van kategorieë bereik is (sien hoofstuk drie). Vraelyste aan adolessente seuns en vaders van adolessente seuns is gekonseptualiseer (sien hoofstuk vier) waarna dit met kategorieë van semi-gestruktureerde onderhoude, asook met inligting vanuit die outo-etnografie, in die vorm van proposisies geïntegreer is. Hierdie proposisies is met bestaande literatuur geverifieer in hoofstuk vyf en óf aanvaar óf

verwerp in hoofstuk ses. Aanvaarde proposisies word as feite in hoofstuk sewe in die vorm van temas en bewusmakingstrategieë in 'n begeleidingsraamwerk verwoord.

In hoofstuk agt word die navorsingstudie saamgevat deur gevolgtrekkings en aanbevelings te maak en te fokus op die bereiking van doelwitte wat in hoofstuk een gestel is.

## 1.6 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

Die grootste bydrae tot vertrouenswaardigheid van die studie is deur middel van geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertrouenswaardigheid en bevestigbaarheid verkry. Hierdie aspekte word breedvoerig in hoofstuk drie bespreek

### 1.6.1 Geloofwaardigheid

Triangulering het bygedra tot die **geloofwaardigheid** van die studie. Triangulering word deur Silverman (2001: 233) beskryf as die vergelyking van verskillende soorte data, kwalitatief en kwantitatief, asook verskillende metodes, soos byvoorbeeld onderhoude en observasie, om te sien hoe hulle mekaar bekragtig. Die navorser het van verskillende data, sowel as verskillende metodes gebruik gemaak. Kwantitatiewe data het vraelyste ingesluit, terwyl kwalitatiewe data semi-gestruktureerde onderhoude, en 'n outo-etnografie ingesluit het. Na afloop van die empiriese navorsing word 'n literatuurkontrole (sien hoofstuk ses) gedoen waar bestaande literatuur met die empiriese resultate in verhouding gestel word. (Vergelyk Leedy in Delport & Fouché, 2005: 264.)

### 1.6.2 Oordraagbaarheid

‘n In-diepte beskrywing van die navorsing met ‘n fokus op die wyse van steekproefneming het die oordraagbaarheidstrategie verseker.

### 1.6.3 Vertroue in die proses

Die koderingsproses wat gevolg is in die studie met ‘n fokus op die triangulering van konsepte, kategorieë en proposisies het die vertrouenswaardigheidstrategie vir die studie ondersteun.

### 1.6.4 Bevestigbaarheid

Die refleksie van die outo-etnografie het hier bygedra tot die vertrouenswaardigheid in die sin dat dit die objektiwiteit van die navorser ten opsigte van ander komponente soos onder meer die semi-gestruktureerde onderhoude versterk het. Aangesien die navorser dus reeds ‘n klankbord vir sy eie belewenis deur middel van die outo-etnografie gehad het, kon refleksie tydens die navorsingsproses dus meer objektief geskied.

## 1.7 ETIESE ASPEKTE

Volgens Strydom (2005b: 57) is etiek *“a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students”*.

Die volgende etiese aspekte word deur Strydom (2005b: 58-66) as belangrik beskou.

Die navorser ondersteun die belangrikheid hiervan en bevestig dat hierdie aspekte ook tydens hierdie navorsingstudie toegepas en gehandhaaf is:

### 1.7.1 Vermyding van skade

Respondente kan fisies en/of emosioneel skade lei, alhoewel daar in die sosiale wetenskappe ‘n groter kans van emosionele skade is. Die navorser het voorkom dat respondente emosionele skade aangedoen word deur hulle in te lig van wat die studie sou behels en wat hulle betrokkenheid sou wees. Respondente wat deelgeneem het aan die semi-gestruktureerde onderhoude is ook ingelig dat hulle enige tyd aan die studie kon onttrek indien hulle ongemaklik met die navorsing sou voel. Hulle is verder meegedeel dat daar na afloop van die onderhoude geleentheid sou wees om te reflekteer en, indien nodig, hulle vir terapeutiese ondersteuning verwys sou kon word sou enige onvoltooidhede op die voorgrond tree. Anonimiteit is gewaarborg deurdat fiktiewe name gebruik is en geen identiteit in die verslag bekend gemaak is wat blootstellend kon wees nie. Anonimiteit het ook gegeld vir die respondente wat vraelyste ingevul is. Geen name van skole waar vraelyste uitgedeel is, of name van respondente, word in die navorsingsverslag gemeld nie. Respondente is meegedeel dat deelname vrywillig was.

### 1.7.2 Ingeligte toestemming

Hiervolgens moet alle moontlike inligting rakende die doel van die studie, werksprosedures, voordele, nadele en gevare vir die respondente, sowel as die kredietwaardigheid van die navorser aan die respondente of hulle regtelike verteenwoordigers bekendgemaak word.

Die doel van die studie, sowel as die werkprosedures en die verwagtinge van die respondente, is verbaal aan die respondente oorgedra voor elke onderhoud. Verwagtinge van respondente wat vraelyste beantwoord het, is

skriftelik op die vraelyste aangebring. Tydens die onderhoude het respondente ook skriftelike inligting ontvang waarvoor hulle ontvangs geteken het. Volgens die navorser het die studie geen nadele vir die respondente ingehou nie.

### 1.7.3 Misleiding van respondente

Opsetlike misleiding moenie met misleiding wat onbewustelik gebeur, verwar word nie. Wanneer laasgenoemde gebeur, moet dit so gou moontlik na afhandeling van die navorsing aan die respondente bekend gemaak word.

Geen misleiding het tydens die studie plaasgevind nie. Doelwitte is duidelik aan die respondente deurgegee en vrae wat gevra is tydens die onderhoude was deursigtig. Onderhoude is op band opgeneem en slegs daardie inligting, sowel as nie-verbale gedrag wat tydens observasie gemaak is, is getranskribeer en weergegee. Geen addisionele inligting is deur die navorser tot vraelyste bygevoeg nadat respondente dit voltooi het nie.

### 1.7.4 Skending van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Inligting wat anoniem weergegee word verseker die privaatheid van respondente. Die hantering van hierdie inligting verwys na die vertroulikheid daarvan.

Inligting wat tydens die onderhoude en vanuit die vraelyste verkry is, is anoniem hanteer en geen name is op vraelyste of onderhoudskedules aangebring nie. Inligting is slegs deur die navorser hanteer en verwerk. Alhoewel die navorser onder leiding van sy promotor gewerk het, het laasgenoemde geen biografiese inligting van respondente gehad nie.

Vraelyste is in grootmaat uitgedeel en weer so opgeneem. Individue se vraelyste kon nie geïdentifiseer word nie.

### 1.7.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser

Navorsers is eties verplig om seker te maak dat hulle bevoeg en genoegsaam opgelei is om die navorsing aan te pak.

Die navorser het op honneurs-, sowel as meestersvlak navorsing gedoen. Vir laasgenoemde is 'n verhandeling van beperkte omvang voltooi en ingedien. Die suksesvolle voltooiing van hierdie verhandeling was voorwaarde van die meestersgraad en die navorser het hieraan voldoen. Die navorser is huidiglik deel van die akademie en begelei meestersgraadstudente met hulle verhandelinge.

### 1.7.6 Samewerking met bydraers

Die navorser het in samewerking met sy promotor gewerk om die studie suksesvol af te handel. Aangesien die navorser self verbonde is aan die Hugenote Kollege, is die kollege op hoogte gehou deurdat 'n voorlegging aan die navorsingskomitee as personeellid en navorsings- en etiese komitee as student voorgelê en goedgekeur is.

### 1.7.7 Ondersteuning van respondente

Respondente is geleentheid gegee om na elke onderhoud vrae te vra aan die navorser en te reflekteer oor hoe hulle die onderhoude ervaar het. Die kontakbesonderhede van die navorser is aan skoolhoofde/skoolsielkundiges gegee waartoe respondente wat vraelyste voltooi het, toegang het om

sodoende die navorser te kontak indien hulle nodig het om op die navorsing te reflekteer.

## 1.8 DEFINISIES EN HOOFKONSEPTE

Hoofkonsepte word kortliks hieronder bespreek. ‘n Breedvoerige omskrywing word in die toepaslike hoofstukke weergegee.

### 1.8.1 Manlike identiteit

Volgens Erikson (1965) en Schiedel & Marcia (in Kaplan, 2000: 517) benader mans en vroue identiteit verskillend. Vrouens is geneig om hulle identiteit aan interpersoonlike verhoudings te koppel, terwyl mans meer fokus op intrapersoonlike faktore soos byvoorbeeld persoonlike identiteit en beroepsidentiteit.

Berk (2003: 537) tref ook onderskeid tussen manlike en vroulike identiteit en is van mening dat, alhoewel die meeste mense na hulself kyk in terme van geslagtelike terme, daar tog mense is wat ‘n tipe geslagsidentiteit het wat *“androgyny”* genoem word. Manlike kinders en kinders met *“androgyny”* identiteit blyk ‘n hoër self-esteem te hê as vroulike individue wat min van hulself dink.

Vir die doel van hierdie studie is daar nie een universele beskrywing van manlike identiteit gegee nie, maar verwys manlike identiteit na hoe die adolessente seuns en vaders van adolessente seuns hulle eie identiteit ervaar en beskryf.

### 1.8.2 Adolessent

Beide Freud en Erikson (in Berk, 2003: 17-18), sowel as Piaget (in Berk 2003: 21) identifiseer die aanvang van adolessensie na 11-jarige ouderdom.

Louw en Edwards (1998: 476) verwys onder andere ook na bogenoemde teoretici, maar defineer adolessensie nie noodwendig slegs in ouderdomskategorieë nie, maar verwys na adolessensie as die periode waar die persoon nie meer 'n kind is nie, maar ook nog nie 'n volwassene is nie. Hulle wys uit dat in baie gemeenskappe *". . . adolessensie dus strek van 11-jarige ouderdom tot die vroeë twintigerjare"*.

Die navorser stem saam met Louw en Edwards, maar fokus, vir die doel van die studie, op adolessente seuns tussen die ouderdomme van 15 en 18 jaar.

### 1.8.3 Begeleidingsraamwerk

'n Begeleidingsraamwerk is as doel van die studie saamgestel wat as raamwerk vir vaders en hulle seuns kan dien in terme van identiteitsvorming. Die doel van die raamwerk is nie om as riglyn of model geïnterpreteer te word nie, maar bloot as wye raamwerk waarvolgens toekomstige navorsing kan voortbou om 'n meer gedetaileerde model of riglyn daar te stel. Hierdie raamwerk word uiteengesit in die vorm van ses temas en daarondervolgende bewustheidsstrategieë. Praktiese aanbevelings word gegee wat vaders en hulle adolessente seuns kan lei tot bewuste, gebalanseerde verhoudings.

## 1.9 UITLEG VAN NAVORSINGSVERSLAG EN HOOFSTUKINDELING

Die verloop van die studie word soos volg uiteengesit:

| | | |
|---|---|---|
| **Hoofstuk een** | **:** | Inleidende Oriëntering en Rasionaal vir die Studie |
| **Hoofstuk twee** | **:** | Paradigmatiese Perspektief vir die Studie |
| **Hoofstuk drie** | **:** | Kwalitatiewe Data Insameling en Ontleding: semi-gestruktureerde onderhoude en 'n outo-etnografie |
| **Hoofstuk vier** | **:** | Triangulering deur middel van Kwantitatiewe Data Insameling en Analise: vraelyste |
| **Hoofstuk vyf** | **:** | Die Formulering van Proposisies vir die Benutting in 'n Begeleidingsraamwerk |
| **Hoofstuk ses** | **:** | Literatuurkontrole aan die Hand van Kwalitatiewe en Kwantitatiewe Data |
| **Hoofstuk sewe** | **:** | Manlike Identiteit: 'n Begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns |
| **Hoofstuk agt** | **:** | Evaluering, Gevolgtrekkings en Aanbevelings |

## 1.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting en struktuur vir die navorsing gebied. Die doel van die navorsing is om 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns daar te stel in terme van identiteitsvorming. Daar is verder in hierdie hoofstuk verwys na hoe die navorsingsmetodologie vir die bereiking van hierdie doel benut sal word. Daar is kortliks 'n uiteensetting gegee van watter definisies gebruik sal word om die probleem ten beste te omskryf.

In hoofstuk twee word aandag geskenk aan die paradigmatiese perspektief waaruit die navorser te werk sal gaan ten einde aan te sluit by die doel van die studie.

# HOOFSTUK TWEE

## PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VIR DIE STUDIE

### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk een is ‘n uiteensetting en rasionaal van die studie gegee. In hierdie hoofstuk volg die paradigmatiese perspektief waaruit hierdie studie vloei. Die paradigmatiese perspektief vir hierdie studie word gekenmerk deur drie komponente, naamlik die metateoretiese aannames van die studie, die teoretiese aannames en die metodologie wat spruit uit die aannames en ook gebaseer is op ‘n bepaalde paradigma.

Die navorser kyk na die wêreld as ‘n man met ‘n persepsie dat manlike identiteit nie gebalanseerd gevorm kan word nie, tensy identiteitsontwikkeling op al drie vlakke van liggaam, siel en gees geskied. Hierdie persepsie is gegrond op ‘n Christelike perspektief, wat nie toetsbaar is nie en handel oor die navorser se eie belewenis van die wêreld waarbinne hy hom bevind. Hierdie Christelike perspektief word verder gekleur deur ‘n Gestalt fenomonologiese wêreldbeskouiing, waar klem gelê word op die holistiese belewenis van bewustheid, dialoog en proses.

### 2.1.1 Metateoretiese aannames

#### *2.1.1.1 Die organisme of gestalt*

As vader tree die man in 'n verhouding met die wêreld rondom hom waarbinne hy komponente van bewustheid, dialoog en proses benodig ten einde sy balans of ekwilibrium ten opsigte van sy eie identiteit te handhaaf. Deel van sy wêreld is sy seun waarmee hy in samevloeiing tree ten einde hierdie komponente wat ook aan hom balans bied, suksesvol oor te dra, sodat sy seun dit weer as deel van sy proses kan integreer.

#### *2.1.1.2 Bewustheid en bewustheidskontinuum*

Die bewustheidskontinuum waarbinne die man – in hierdie geval die vader of seun – beweeg, geskied in die hier-en-nou en word as 'n eksperiment ervaar wat die man deurlopend bewus maak van homself en sy verhouding met God en die skepping. Deel van die belewenis van die hier-en-nou is die konsep dat die kind binne die volwassene met laasgenoemde in dialoog gaan. Die volwassene word bewus van sy onvoltooidhede en dit is hierdie bewuswording wat die eerste stap is na heelwording – in hierdie geval bewuste identiteitsvorming. Hierdie uitgangspunt word deur Joyce en Sills (2001:28) ondersteun wanneer hulle sê dat *"it is this ongoing experience of awareness that can be enormously healing in counselling".*

Die benadering van Kurt Goldstein ten opsigte van identiteit word uitgelig deur Votsmeier (1996). Goldstein verwys na bewuswording van die self wat dui op die optimale bewuswording van 'n persoon se spesifieke natuur, dit wil sê dit waartoe hy/sy in staat is en kan bereik, om daardeur die wêreld te kan hanteer. Dit dui op 'n motivering wat anders is as die motivering om die organisme (die man) se begeertes, behoeftes en belangstellings te bevredig na die beste van sy vermoë.

Dit is ‘n motivering om erkenning te gee aan eie identiteit en individualiteit, sogenaamde *“sense of self”*. Hierdeur word die persoon se oorweldigende behoefte beklemtoon om dit waartoe hy/sy in staat is, te besef.

Hierdie bewustheid van wie ‘n man is en hoe hy homself van ander onderskei is opsigself nie simplisties nie. Die kompleksiteit daarvan word deur Joyce en Sills (2001: 30-32) beskryf wanneer hulle bewustheid onderverdeel in drie sones, naamlik die binneste sone, middelste sone en buitenste sone. Die binneste sone verwys na die wêreld van die man waarvan ander nie bewus is nie. Dit sluit beweging soos spiersametrekking en ontspanning, hartklop en asemhaling in. Die binneste sone sluit ook die belewenis van emosie in. Die buitenste sone is die bewustheid van kontak met die wêreld om die man en sluit sy gedrag, spraak en aksie, asook hoe hy sy kontakfunksies (sintuie) gebruik in. Die derde sone of middelsone, bestaan uit denke, herinneringe, fantasieë en verwagtinge. Dit tree op as bemiddelaar tussen die binneste en buitenste sones en sluit alle maniere in hoe die persoon sin maak van beide sy interne en eksterne stimuli.

Die belangrikheid van hierdie bewustheid van die self word deur die Gestaltperspektief beklemtoon deurdat bewustheid gesien word as die nie-verbale vermoë om te weet wat gebeur in die hier-en-nou. Bewustheid word ervaar as positef en essensieel vir ‘n gesonde lewenstyl. ‘n Gevoel van lewenslus word ervaar, asook ‘n oorweldigende bewustheid om in die huidige moment te wees. Hierdie bewustheid lei tot ‘n sin vir konneksie, spontaniteit en vryheid. (Joyce & Sills, 2001: 27.) Yontef (1993: 51) ondersteun bogenoemde en brei uit deur te noem dat bewustheid ‘n gestalteienskap is en dat slegs ‘n bewuste gestalt tot verandering kan lei. Volgens die navorser is vryheid gesetel in hierdie verandering, in die uiteindelike bewustheid van eie identiteit, die besef dat “dit is wie ek is en dit is goed”. Wanneer hierdie bewustheid nie teenwoordig is nie, skep dit identiteitsverwarring.

In 1951 het Perls en ander skrywers, soos aangehaal deur Yontef (1993: 52), reeds verwys na die neurotiese persoon wat nie in staat is om bewus te wees van *"it is I who am thinking, feeling, doing this"* nie. Volgens die navorser is dit ook op die adolessent van toepassing dat die bewustheid van self tot vryheid lei waarin die adolessent eie identiteit kan ontwikkel. Hierdie siening word ondersteun deur Joyce en Sills (2001: 37) wanneer hulle verwys na die Paradoksale Teorie van Verandering. Volgens hierdie teorie (of prinsiep) is verandering moontlik wanneer die persoon word wie hy is en nie wanneer hy probeer wees wie hy nie is nie. Die navorser is van mening dat hierdie mylpaal, naamlik om te word wie jy is, van kardinale belang is in die vorming van identiteit. Dit is verder die navorser se mening dat die Paradoksale Teorie van Verandering nie gekoppel kan word aan 'n spesifieke ontwikkelingsfase nie, maar dat dit universeel toegepas kan word. Dit is van toepassing op beide die adolessente seun en sy vader (alhoewel die Paradoksale Teorie van Verandering van toepassing gemaak kan word op ontwikkelingsfases wat adolessensie voorafgaan, is die navorser van mening dat die dinamika van hierdie fases nie die jonger kind bemagtig om nou reeds identiteitsvorming te bereik nie).

Dit is eers wanneer die vader regtig kan wees wie hy is dat identiteitsvorming gevestig word. Hierdie identiteitsvorming is belangrik in die verhoudingsproses met sy adolessente seun sodat vryheid aan die seun gegee kan word om te word wie hy is en identiteitsvorming kan plaasvind. Wanneer die persoon homself kan wees en sy organismiese selfregulering kan vertrou, word identiteit gevorm. Hierdie siening word ondersteun deur Joyce en Sills (2001: 37) wat van mening is dat verandering natuurlik sal volg sodra die persoon sy organismiese selfregulering vertrou. Hierdie verandering is 'n natuurlike proses van groei deur voortgaande bewustheid, kontak en assimilasie. Yontef (1993: 26) is van mening dat hierdie groei, wat assimilasie van liefde en hulp van ander insluit, selfondersteuning benodig, en om te probeer wees wie jy nie is nie, nie selfondersteunend is nie.

Ten opsigte van selfondersteuning is Yontef (1993: 26) verder van opinie dat selfondersteuning beide selfkennis en selfaanvaarding moet insluit. Volgens hom kan ‘n persoon homself nie genoegsaam ondersteun sonder om homself te ken nie. Met “selfkennis” word verwys na eie behoeftes, dit waartoe jy in staat is, omgewing, pligte, ensovoorts. Om bloot van jouself te weet en hierdie kennis nie te eien nie, is ‘n vorm van selfmisleiding. Volgens die navorser lei hierdie selfmisleiding tot identiteitsverwarring, aangesien die persoon nie in staat is om erkenning te gee aan wie hy is nie. Die fokus is meer op wat hy dink ander wil hê hy moet wees dat hy nie dit wie hy regtig is, kan eien nie. Yontef (1993: 157) sluit hierby aan deur te noem dat pasiënte in terapie fokus op wat hulle behoort te wees en terselftertyd bied hulle weerstand daarteen.

Volgens die navorser maak hier eiening/ontkenning van die self deel uit van die onderskeie lewensfases waarin spesifieke lewenstake (soos deur Erikson uiteengesit in Louw en Edwards, 2003: 487) afgehandel moet word. Tydens adolessensie word identiteitsvorming as taak voorgelê. Soos reeds in hoofstuk een genoem, is die navorser van mening dat identiteit nie slegs tydens adolessensie gevorm word nie, maar dat die proses van identiteitsvorming reeds vanaf babajare geskied en dat dit voortduur tot in die volwasse stadium. Hierdie siening word ondersteun deur Louw en Edwards (2003: 487) wanneer hulle noem dat identiteitsvorming ‘n prominente kenmerk is van adolessensie alhoewel *“. . . identiteitsvorming nie gedurende hierdie fase begin, en ook nie hier eindig nie”*. Hulle noem verder dat die ontwikkeling van identiteit aspekte insluit soos byvoorbeeld liggaamlike rypwording, veranderende kognitiewe prosesse, asook veranderende sosiale eise en rolle. Volgens hulle sentreer identiteitsvorming hoofsaaklik rondom geslagsrolvestiging, verhoudings, die huwelik, godsdiens, politiek, ‘n eie waardesisteem, onafhanklikheid van ouers, sosiale verantwoordelikheid en werkrolle. In haar verwysing na identiteit bevestig Berk (2003: 456) ook hierdie eienskappe en voeg interpersoonlike verhoudings, gemeenskapsbetrokkenheid, etniese groeplidmaatskap, asook morele-,

politiese-, religieuse- en geslagsrol ideale by. Die navorser ondersteun bogenoemde sienings in die sin dat identiteit nie as een-dimensioneel gesien kan word nie.

### *2.1.1.3 Die fenomenologiese veld waarbinne bewustheid en dialoog geskied*

Identiteit word gesien aan die hand van die omgewing wat vanuit hierdie benadering bekend staan as die sogenaamde veld. Weerstand, wat byvoorbeeld opgebou word teen die veld (iets of iemand), word gesien as 'n meganisme om die self te beskerm teen angs en seerkry en daardeur teen die verlies van identiteit of integriteit. Hierdie veld maak deel uit van die organisme (persoon) wat binne die gestaltperspektief as 'n geheel gesien word.

#### 2.1.1.3.1 <u>Die portuurgroep as deel van die veld</u>

Vir die adolessent is die vereenselwiging met sy eksterne omgewing of "veld", spesifiek die portuurgroep, van uiterste belang. Die belangrikheid van identifisering met die portuurgroep word deur verskeie skrywers en dissiplines beklemtoon. Berk (2003: 601) verwys na die belangrikheid van die portuurgroep tydens adolessensie deur te noem dat na middelkinderjare word interaksie met die portuurgroep al hoe meer totdat teen middel adolessensie meer tyd met die portuurgroep spandeer word as in enige ander sosiale vennootskap. Die genoegsaamheid van hierdie verhoudings lê in die gemeenskaplike belangstellings, aktiwiteite wat romantiese eienskap verkry en geleenthede van interaksie op gelyke voet.

Louw en Edwards (2003: 489) sluit hierby aan en noem dat 'n kenmerk van adolessensie se sosiale ontwikkeling die toenemende belangstelling en betrokkenheid by die portuurgroep is.

Hulle beklemtoon die feit dat konformering met die portuurgroep 'n belangrike rol speel in identiteitsvorming deurdat die adolessent 'n identiteit ontwikkel wat verskil van die identiteit wat hy in die gesin gevorm het.

2.1.1.3.2 Die gesin as deel van die veld

Alhoewel die portuurgroep 'n prominente rol speel in terme van identiteitsvorming, word die belangrikheid van identiteitsvorming by die huis deur Berk (2003: 602) beklemtoon, deurdat ouers die kinders se sosiale verhoudings kan beïnvloed deur leiding te bied ten opsigte van optrede teenoor ander. Hierteenoor is Kindermann (2003: 415) van mening dat die ouer sterk verwagtinge ten opsigte van die kind se ontwikkeling mag hê en dit as 'n ouerskapsrol gesien word om toe te sien dat die kind dienooreenkomstig ontwikkel.

Volgens die navorser is dit juis hierdie vooropgestelde verwagtinge (of introjekte) wat konflik tussen die adolessente seun en sy vader kan veroorsaak. Dit kan lei tot die sogenaamde distansiëringseffek waarna Louw en Edwards (2003: 488) verwys wat dui op die emosionele afstand wat dikwels tussen ouer en adolessent ontstaan. Kaplan (2000: 514) verwys na bogenoemde verwagtinge van die adolessent en noem dat dit vandag waarskynlik moeiliker is vir 'n adolessent om 'n identiteit te vorm as in die verlede. Die hedendaagse adolessent het meer roetes om te ondersoek en meer vryheid om keuses te maak. Hy sê verder dat, indien adolessente soos volwassenes wil optree, hulle hulle eie besluite moet neem. Hulle kan nie eenvoudig 'n bloudruk van die ouers wees nie.

2.1.1.3.3 Ander eksterne omgewingsinvloede as deel van die veld

Berk (2003: 460) identifiseer 'n verskeidenheid van faktore wat die ontwikkeling van identiteit beïnvloed. Ander faktore wat Berk beklemtoon, sluit

in persoonlikheid, skool en gemeenskap, en die breër gemeenskap. Onder laasgenoemde verwys Berk na die breër kulturele konteks en historiese tydsperiode wat identiteitsontwikkeling affekteer. So byvoorbeeld noem Archer (in Berk 2003: 460) dat by hedendaagse adolessente die ondersoek na en verbintenis tot geslagsrolvoorkeur en beroepskeuse vroeër plaasvind as religieuse en politieke waardes, maar 'n generasie terug is die politieke gelowe van die Amerikaanse jeug vroeër gevorm as gevolg van die oorlog met Viëtnam.

#### *2.1.1.4 Proses*

Die organisme probeer homself reguleer om sodoende 'n dinamiese ekwilibrium te behou. Die regulering van die *"I-boundary"* deur middel van kontakregulering (onder meer deur selfdefiniëring ten einde voldoende op te tree), en deur middel van die sogenaamde kontakgrensversteurings waaronder introjeksie, projeksie en samevloeiing, sal neig tot die handhawing van bogenoemde dinamiese ekwilibrium deur eie identiteit en individualiteit te handhaaf.

##### 2.1.1.4.1 <u>Komponente van identiteit as deel van die proses</u>

Alhoewel Kaplan (2000: 514) van mening is dat daar van 'n globale identiteit gepraat kan word, verwys hy ook, soos Berk (2003); Louw en Edwards (2003); en Thomas (2005) na 'n aantal aspekte of komponente waaruit identiteit bestaan. Hierdie komponente, naamlik: persoonlike, religieuse, beroeps, interpersoonlike, morele, geslags en rasse/etniese identiteit is dinamies van aard en interafhanklik van mekaar. Een persoon word gekarakteriseer en van 'n ander persoon onderskei deur verskeie kenmerke soos, fisiese karaktereienskappe, geboortedatum, naam, intelligensie, houdings, behoeftes, belangstellings en persoonlike kenmerke. Die samevoeging van hierdie eienskappe kan na verwys word as "objektiewe" identiteit (hoe ander die

persoon sien) waar "subjektiewe" identiteit (hoe persoon homself sien) verwys na die bewustheid van die self met hierdie spesifieke kenmerke.

Die konsep van identiteit verwys verder na 'n dinamiese verhouding tussen "onveranderlik" en "verandering". Sekere karaktereienskappe van identiteit verander oor tyd, soos byvoorbeeld voorkoms, terwyl ander dieselfde bly, soos byvoorbeeld geslag. (Bosma & Gerlsma, 2003: 451.)

Vanuit 'n Gestaltperspektief verwys Joyce en Sills (2001: 86) na die identifisering met jou eie ervaring en omskryf dit as die aanvaarding van wie jy is met jou belewenis in daardie spesifieke moment. Die sogenaamde *"sense of self"* is hier ter sprake. Die bewustheid rondom die self en die aspekte van die self word hierby ingesluit. Identiteit word dus beskou as die bewustheid van wie jy is op 'n spesifieke moment in tyd. Soos tyd verander, verander die self ook weens blootstelling aan die veld (omgewing), byvoorbeeld ervarings, vriende, familie of emosie. Dit is egter belangrik om bewus te bly van hierdie veranderings en invloede, ook binne die self en om so identiteit te behou.

2.1.1.4.2 Identiteitsverwarring as deel van die proses

Die vraag kan afgevra word wat gebeur wanneer bewustheid, soos hierbo bespreek, versteur word en identiteitsverwarring plaasvind. Hierdie identiteitsverwarring kan tydens enige fase van volwassewording plaasvind, maar beleef veral kritieke periodes vanaf adolessensie. Die navorser is van mening dat hierdie identiteitsverwarring deur aspekte veroorsaak kan word wat met die man se persoonlike grense of kontakmakingsfunksies, dit wil sê hoe hy met sy omgewing omgaan, te make het. Indien die kontakmakingsfunksies die man se funksionering nadelig beïnvloed, verwys Gestaltteorie hierna as kontakgrensversteurings.

Die man raak weens verskeie onderbreke in die kontakgrense afgestomp van homself en/of ander. Yontef (1993: 137) ondersteun hierdie siening deur te noem dat *“When the boundary between self and others becomes unclear, lost or impermeable, this results in a disturbance of the distinction between self and other, a disturbance of both contact and awareness”*.

Met goeie grensfunksionering word daar voortdurend beweeg tussen kontak met die huidige omgewing en onttrekking van aandag van die omgewing. Indien daar egter kontakgrensversteurings plaasvind, raak die grense tussen waar die man is en waar sy omgewing is vaag. Hierdie proses kan in verskillende kontakgrensversteurings omskryf word. Yontef (1993: 142) verwys na die volgende kontakgrensversteurings:

- In **samevloeiing** word die verwydering en onderskeiding tussen self en ander so onduidelik dat die grens verdwyn. Volgens Joyce en Sills (2001: 120) kan die gesonde persoon gemaklik beweeg tussen die polariteit van nabyheid en afstand, terwyl ‘n gestagneerde posisie kan dui op probleme met binding of om afstand te handhaaf van ander.

  ‘n Voorbeeld van samevloeiing by adolessente word uitgelig deur Jessor (in Bee & Boyd, 2007: 119) waar hulle verwys na die adolessent vir wie dit sò belangrik is om binne die portuurgroep aanvaar te word dat hulle deelneem aan riskante gedrag.

- **Isolasie** dui op die ondeurdringbaarheid van die grens sodat kontak met ander nie moontlik is nie en die belangrikheid van ander vir die self verlore raak vir bewustheid. Louw en Edwards (2003: 532) verduidelik isolasie verder as die gebruik van neutrale en afsydige taal om emosioneel-ontstellende situasies te beskryf. So verwys hulle na ‘n man wie deur sy pa beledig en geslaan is, maar wanneer hy oor sy pa praat, noem hy dat sy pa ‘n “**redelike** streng” persoon was.

Isolasie word hier gebruik as verdedigingsmeganisme. Volgens die navorser is hierdie persoon nie in staat om kontak te maak met sy gevoelens rakende sy pa nie en raak die belangrikheid daarvan verlore vir sy bewustheid. (Vergelyk Yontef, 1993: 137.)

- Met **retrofleksie** vind skeiding binne die self plaas en ontstaan weerstand van aspekte van die self deur die self. Perls (1992: 139) sluit hierby aan deur te sê dat 'n sekere funksie wat oorspronklik teen die wêreld gerig is, van rigting verander en teruggedraai word na die skepper daarvan.

- Deur **introjeksie** word vreemde materiaal (inlingting) geabsorbeer sonder diskriminasie of assimilasie. Geïntrojekteerde waardes en gedrag word op die self geneem. Perls (1992: 152-155) onderskei tussen drie tipes introjeksies, naamlik totale introjeksie waar die geïntrojekteerde persoon of materiaal intakt bly, geïsoleerd asof dit 'n vreemde deel binne die liggaam is. In gedeeltelike introjeksie word slegs deel van die persoonlikheid van ander geïntrojekteer en bly dit ongeassimileerd in die persoon wat introjekteer se liggaam. Laastens verwys Perls na assimilasie waar die geïntrojekteerde materiaal opgedeel en gedifferensieer word tot materiaal wat geassimileer kan word en kan bydrae tot die ontwikkeling van die persoonlikheid. Introjeksie is veral interessant vir die navorser in terme van ouer/kind verhoudings en vir die doel van hierdie studie spesifiek ten opsigte van pa/seun verhoudings. So byvoorbeeld kan identiteit van pa na seun oorgedra word deurdat die seun introjekte van die pa sy eie maak. Dit kan gebeur deur totale introjeksie waar die seun bloot identifikasie oorneem wat die pa aan hom gee sonder om dit sy eie te maak. Hy kan gedeeltelik assimileer en slegs sekere dele van sy pa se persoonlikheid introjekteer sonder om dit te assimileer of hy kan introjekte vanaf sy pa assimileer in so 'n mate dat hy sy eie persoonlikheid daarvolgens kan ontwikkel en 'n eie identiteit vorm. Volgens die navorser is laasgenoemde wenslik.

- **Projeksie** dui op die verwarring van die self en ander deur aan ander oor te dra wat eintlik van die self is. Perls (1992: 185) is van mening dat projeksie essensieel 'n onbewustelike fenomeen is en dat die persoon wat projekteer nie genoegsaam kan onderskei tussen die binneste en buitenste wêreld nie. Hy gebruik 'n voorbeeld (1992: 187) om projeksie te demonstreer en verwys na 'n persoon wat in 'n huis sit wat uitgevoer is met spieëls. Oral waar hy kyk is hy van mening dat hy die wêreld sien, maar eintlik sien hy slegs sy refleksie van die onaanvaarbare dele van sy persoonlikheid. Louw en Edwards (2003: 532) verwys ook na projeksie as 'n onbewustelike proses deurdat mense onbewustelik hulle eie onaanvaarbare gevoelens onderdruk en dit aan ander mense toeskryf.

- Met **defleksie** word kontak of bewustheid vermy deur weg te draai en sal die man wat deflekteer byvoorbeeld eerder ordentlik wees as direk. Joyce en Sills (2001: 116) is van mening dat defleksie 'n aktiewe proses is van vermyding van bewustheid en kan kliënte in terapie byvoorbeeld die onderwerp aanhoudend verander, lag in plaas van om hulself ernstig op te neem of om deurlopend op behoeftes van ander te fokus.

'n Aanhaling deur Montemayor en Eisen (in Bee & Boyd, 2007:281) som identiteitsverwarring, wat deur kontakgrensversteurings aangemoedig word, goed op deur te verwys na 'n 17-jarige meisie wat as volg op die vraag *"Who am I?"* geantwoord het:

> *I am a human being. I am a girl, I am an individual. I don't know who I am. I am a Pisces. I am a moody person. I am an indecisive person. I am an ambitious person. I am a very curious person. I am not an individual. I am a loner. I am an American (God help me). I am a Democrat. I am a liberal person. I am a radical. I am a conservative. I am a pseudo-liberal. I am an atheist. I am not a classifiable person (i.e. I don't want to be).*

Bogenoemde aanhaling is ‘n duidelike voorbeeld van die verwarring wat adolessente kan ondervind tydens die oorgang van middelkinderjare tot adolessensie. In hierdie aanhaling is daar ‘n verskuiwing van konkrete na abstrakte denke in haar verwysing na abstrakte kenmerke of ideologieë. (Vergelyk Bee & Boyd, 2007: 281.) Volgens hierdie outeurs differensieer die adolessent se selfkonsep soos hy homself handhaaf in verskillende rolle van student, saam met vriende, saam met sy ouers en in ‘n romantiese verhouding. Die navorser is van mening dat sodra hierdie idees gevorm het, dit die adolessent se gedrag beïnvloed en word daar nader beweeg aan identiteitsvorming.

### 2.1.2 Teoretiese aannames vir die studie

Verskeie teoretiese modelle vorm deel van die teoretiese aannames wat in hierdie studie oor manlike identiteit gevorm word. Alhoewel die navorser reeds genoem het dat identiteit ‘n dinamiese proses is en dat verskeie faktore ‘n rol speel in identiteitsvorming, is die fokus van die studie op die verhouding tussen vader en adolessente seun en die spesifieke gevolge wat hierdie verhouding vir identiteitsvorming of -verwarring het. Volgens die navorser is die verhouding tussen vader en seun sò belangrik dat dit verband hou met menige ander faktore wat bepalend tot identiteit is. Tydens ‘n mannekamp wat die navorser bygewoon het (Kleinmond, 25-27 Augustus 2006) is hierdie behoefte bevestig deur talle getuienisse van volwasse mans wat nooit ‘n verhouding met hulle vaders gehad het sodat die vader as rolmodel van manlike identiteit geïnternaliseer kon word nie.

Komponente van die volgende teoretiese modelle ten opsigte van sowel manlike identiteitsvorming as die versugting na ‘n vader/seun verhouding is benut as deel van die paradigmatiese perspektief van die navorser.

### *2.1.2.1 Psigoanalitiese benadering*

Minsky (2005) beskou manlike identiteit vanuit die oogpunt van psigoanalitiese benaderings en kom tot die slotsom dat aspekte soos werk, vaardigheid en werksekuriteit, veral vir jong mans, die simboliese vader verteenwoordig met wie die seun moet identifiseer om sodoende sy volle menslikheid en potensiaal as man te bereik. Hierdie simboliese betekenis van vaderskap moet gevestig wees as middelpunt van die betekenis van manlike identiteit, asook die vermoë om te versorg. As dit nie gebeur nie kan mans, *"in undervalue this part of their identity in favour of other idealised and commodified media images of men, succumb to overwhelming feelings of loss and annihilation and destructive defences against them".* Verlies aan werksgeleenthede (simboliese vader), kan lei tot die erosie van manlike identiteit. Volgens Minsky dui 'n eklektiese bestudering van psigoanalitiese benaderings dat, as gevolg van die veranderde rol van die vrou, soos toetrede tot die werksmag, die vrou se manlike dimensie van haar identiteit na vore kom. Die man word genoodsaak om ook die vroulike deel van sy identiteit, wat tradisioneel binne kulture taboe is, te eien. Dit word egter beklemtoon dat hierdie "omarming" van die vroulike deel van sy identiteit binne konteks moet geskied, naamlik om steeds 'n potensiële vader te wees as 'n alternatiewe moeder in 'n man se liggaam. As ideaal staan die rol van die vader, langs dié van die moeder, sentraal tot ontwikkeling van identiteit.

Psigoanalitiese perspektiewe suggereer verder dat gewone vaders wat nie geweldadig is of nie tot seksuele, emosionele of fisiese mishandeling geneig is nie, sentraal tot die onbewustelike emosionele ontwikkeling van identiteit staan. Vaders se rolle verskil van dié van moeders en word as onontbeerlik beskou vir die kind. Die emosionele en fisiese afwesigheid van vaders is dikwels die oorsaak dat volwassenes 'n behoefte aan psigoterapie het. Vir Freud vestig die vroeë identifikasie van die kind met die vader 'n sekere kultuur wat sentraal tot sy wese staan.

Wright (in Minsky, 2005) ondersteun hierdie siening deur te sê dat die vader sentraal staan tot beide die strukturering van identiteit of die self, asook die ontwikkeling van simboolvorming. Volgens Gorski (1998) dra Harry Stack Sullivan by tot Freud se siening van manlike identiteit deur die belangrikheid van interpersoonlike verhoudings vir identiteit te beklemtoon. Sullivan is van mening dat dit die vader is wat seuns leer rakende die moeilike aspekte van die lewe en so word 'n nouer band gevorm tussen pa en seun as tussen ma en seun. Psigoanaliste van die 1960s en 1970s was van mening dat indien seuns hoofsaaklik deur moeders grootgemaak word, hulle gedwing word om later van hulle te disassosieer, wat lei tot onsekerheid van die self. Ander psigoanaliste was selfs van mening dat mans konstant onseker is oor hulle manlike identiteit aangesien mans die heeltyd hulself probeer bewys.

### *2.1.2.2 Die Rolteorie*

Hierdie teorie (Gorski, 1998) gaan van die uitgangspunt uit dat alle gedrag bepaal word deur sosiale voorskriftelike rolle. Mans neem byvoorbeeld manlike rolle op wat deur die sameleweing voorgeskryf word. Soos hulle leer om hierdie rolle uit te voer, word hulle manlike identiteit gevorm.

David en Brannon (in Gorski, 1998) verwys na vier temas wat die rol van die man uitlig, naamlik (a) *"No Sissy Stuff"*, wat die stereotipering is van alle vroulike eienskappe en kwaliteite, insluitend *" . . . openness and vulnerability"*; (b) *"The Big Wheel"*, wat dui op sukses, status en die behoefte dat ander opsien na die man; (c) *"The Sturdy Oak"*, wat *"a manly air of toughness, confidence and self-reliance"* verteenwoordig; en (d) *"Give'Em Hell!"*, wat dui op 'n *"aura of aggression, violence and daring"*.

Volgens David en Brannon is bogenoemde model verteenwoordigend van die hipotetiese man wat die manlike rol tot die ekstreem uitleef.

#### *2.1.2.3 Sosiale verhoudingsperspektief*

Hierdie perspektief gaan volgens Edley en Wetherell (in Gorski, 1998) van die veronderstelling uit dat identiteit na vore kom vanuit mans se posisionering binne ‘n verskeidenheid van sosiale strukture. Hierdie perspektief word deur feminisme beïnvloed en fokus op hoe kulturele instellings soos familie, skool, werk en portuurgroepe, asook kulturele identifiseerders soos ras, klas, geslag en seksuele oriëntasie die ontwikkeling van individuele identiteite affekteer. Tolson (in Gorski, 1998) is van mening dat die fondasie van die ontwikkeling van manlike identiteit tydens die kinderjare gelê word. Die familie is volgens hom die eerste kulturele en emosionele invloed op seuns. Hy beskryf die ontwikkeling van vroeë manlike identiteit as volg:

> *Boyhood experiences are romanticized – as daring exploits, and dramatic confrontations. But right at the heart of these experiences, as the thread of memory and imagination which binds them together, is a growing sense of what it means to be a man. Boyhood is also enveloped by a masculine sensibility – an awareness of the power conferred upon men by the world of work and money. And because of the form in which masculinity appears, because of the specific ways in which masculine feelings are structured, a boy needs to feel ambivalent about his masculinity, and begins to feel the need to ‘prove himself’.*

Hierdie behoefte van mans om hulself te bewys word verder deur instellings, soos die familie, skool en portuurgroep, aangemoedig. Dit is hier waar identiteitsboodskappe soos “seuns huil nie” en “seuns sal altyd seuns wees” ingeprent word. Hiermee saam word daar druk op seuns geplaas om dieselfde te bereik as hulle vaders. Dit veroorsaak verwarring by die seun wat hegter emosionele bande met die moeder behou wat hom versorg het en meer aandag gegee het vanaf geboorte.

Skole stel hierargieë aan seuns bekend en moedig seuns aan om akademies en atleties te kompeteer. Seuns werk deur hierdie hierargieë en kompetisie en neem daardeur manlike waardes van kompetisie, persoonlike ambisie, sosiale verantwoordelikheid en emosionele terughouding aan. Die portuurgroep word die seun se uitlaatklep om innerlike struweling te laat manifesteer en manlike identiteit te ontwikkel. Die portuurgroep word die gehoor wat die seun toelaat om met hulle te identifiseer. Tolson (in Gorski, 1998) gaan verder deur te sê dat wanneer die man uiteindelik die kapitalistiese werksmark betree, sy identiteit ook daardeur gevorm word. Die man leer dat hy deur 'n sekere struktuur moet werk om te oorleef en die gedrag wat hy moet aanleer om te oorleef word gedefinieër as sogenaamde manlike gedrag. Werkersklas mans is byvoorbeeld meer geneig om by die huis te domineer en aggressief op te tree as mans van die middelklas omdat hulle die behoefte het om te kompenseer vir die magteloosheid wat hulle by die werk ervaar.

#### *2.1.2.4 Identiteitsteorie*

Volgens Stryker en Burke (2000) het die identiteitsteorie sy oorsprong in die werke van George Herbert Mead (1934) waarvolgens *"Society shapes self shapes social behaviour"*. Hierdie teorie het egter in twee rigtings beweeg waar die een, gemotiveer deur Stryker, ondersoek instel oor hoe sosiale strukture die struktuur van die self beïnvloed en hierdie invloed op die self weer sosiale gedrag beïnvloed. Die tweede rigting, dié van Bourke, beklemtoon die interne dinamiek van die selfproses en laasgenoemde se invloed op sosiale gedrag.

Wanneer gekyk word na die oorspronklike teorie van Mead, word geïmpliseer dat die self uit menige fasette bestaan wat weer bestaan uit interafhanklike en afhanklike dele wat mekaar ook wederkerig bemagtig en weerspreek.

Hierdie teorie aanvaar die visie van James (in Stryker & Burke, 2000) dat persone soveel *"selves"* het as die groepe mense waarmee hulle in aanraking kom.

### *2.1.2.5 Ontwikkelingsperspektief*

Tydens die begronding van identiteit was dit vir die navorser duidelik dat identiteit as deel van ontwikkelingsdinamika gestalte kry. Hier word spesifiek verwys na Erik Erikson se Psigososiale Teorie van Ontwikkeling (Berk, 2003: 18). In sy teorie verwys Erikson na verskillende fases, naamlik: fase een (basiese vertroue teenoor wantroue), fase twee (outonomie teenoor skaamte en twyfel), fase drie (inisiatief teenoor skuld), fase vier (industrie teenoor ondergeskiktheid), fase vyf (identiteit teenoor identiteitsverwarring), fase ses (intimiteit teenoor isolasie), fase sewe (generering teenoor stagnering) en fase agt (integriteit teenoor wanhoop) (Berk, 2003:18). Fase vyf word uitgesonder vir die adolessent en word gesien as die fase van identiteit teenoor rolverwarring. Vir die doel van hierdie studie word slegs op fase vyf gefokus, aangesien die adolessent die fokuspopulasie van die studie behels.

Hamachek (in Kaplan, 2000: 56) verwys na Erikson se fase vyf en som identiteit op deur te noem dat dit tydens hierdie fase is waar adolessente 'n bewustheid ontwikkel van wie hulle is en waar hulle behoort. 'n Standvastige identiteit gee aanleiding tot sekuriteit. Kaplan (2000: 513) sluit hierby aan deur ook te verwys na Erikson se teorie waar hierdie *" bewustheid van weet wie jy is"* die positiewe uitkoms is van adolessensie in die Psigososiale Teorie.

### *2.1.2.6 Die dinamika van identiteitsvorming*

Hierdie identiteitsvormingsproses word deur Marcia (in Kaplan, 200: 514-516) in vier kategorieë beskryf, sogenaamde identiteitstatusse, waarvolgens adolessente beskryf word na aanleiding van hulle ondervinding met krisisse,

asook hulle vermoë om hulself te verbind. Volgens Kaplan (2000:514) en Berk (2003:457) is identiteitstatus verwant aan spesifieke houdings en gedrag. Identiteitdiffusie, wat die eerste status is, verwys na die status van ‘n adolessent wat nog nie noodwendig enige alternatiewe ondersoek het nie. Geen verbintenisse is gemaak nie en hy is ook nie in die proses om enige verbintenisse te maak nie. Veeleisende situasies mag vermy word. Vooruitbeplanning is moeilik en daar word staat gemaak op die portuurgroep, aangesien hy nie kan glo hyself is in beheer nie. Hierdie afhanklikheid van die portuurgroep kan lei tot min individuele groei.

Die tweede status, identiteit uitsluiting (*“foreclosure”*) verwys na die adolessent wat nog nie krisisse ervaar het of alternatiewe ondersoek het nie, maar wat wel verbintenisse gemaak het. Hierdie verbintenisse is prematuur en so ‘n adolessent is geneig om oor te identifiseer met sy ouer/s. Hierdie fase kan sekuriteit aan die adolessent bied en hy kan deur die portuurgroep beny word.

Identiteitsmoratorium is die derde status wat ‘n fase van uitstel aandui en waar geen definitiewe verbintenisse gemaak word nie. Moontlikhede, wat selfs radikaal mag wees, word ondersoek, maar die uiteindelike verbintenisse is meer geneig om konserwatief te wees.

Die laaste status dui op identiteitsbereiking waar alternatiewe ondersoek is en verbintenisse gemaak word. Die adolessent wat hierdie fase bereik se identiteit bevat sekere waardes en houdings van die ouers, terwyl ander uitgelaat word. Hierdie fase stem ooreen met Perls se assimilasie fase van introjeksie soos reeds bespreek. Die adolessent in hierdie fase is goed aangepas en het goeie verhoudings met die portuurgroep, sowel as outoritêre figure.

Bogenoemde teorieë bevestig die dinamika van identiteit waarna die navorser verwys en beklemtoon die verskillende sienings van wat identiteit is.

So byvoorbeeld het dit ook tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met vaders en adolessente seuns, asook vraelyste aan adolessente seuns en vaders van adolessente seuns, na vore gekom dat identiteit onder andere gekoppel word aan seksualiteit, geslag, rolle wat die persoon binne die gemeenskap vertolk, verhoudings, taal en persoonlikheid. Die navorser self het identiteit probeer definieer en dit moeilik gevind om een spesifieke definisie daaraan te koppel.  Volgens hom is identiteit nie 'n statiese begrip nie, maar dinamies van aard en speel interne faktore, sowel as faktore buite die self 'n belangrike rol in die vorming van identiteit.  Die invloed van faktore buite die self op identiteit word deur Matsumoto en Juang (2004: 305) bevestig wanneer hulle noem dat *"interdependent selves find it difficult to describe themselves in terms of abstract internal attributes; that is, they find it artificial and unnatural to make abstract statements such as 'I am sociable' without specifying a relevant context"*.

Die bepaling van identiteit het 'n toonaangewende funksie. So het die navorser as Spelterapeut in praktyk gevind dat die kliënt met tye nie weet hoe om 'n situasie op te los nie bloot omdat hy nie regtig weet wie hy is en wat hy wil hê nie (identiteit teenoor identiteitloosheid).  Vanuit sy lewenservaring is die navorser ook deeglik bewus van die verskillende stadiums van identiteit teenoor identiteitloosheid.

Die beskrywing van identiteit word volgens die siening van Perls (1992: 123-128) opgesom waar hy na die hongerinstink van 'n persoon verwys om te assimileer en egokragte te vorm.  Hieruit kan afgelei word dat die individu "honger word" vir "om te wees" en die persoon kan slegs wees indien daardie honger na identiteit versadig word.  Perls verduidelik dat die honger baba wie se impuls dit is om te byt tydens voeding die ma kan ontstel en selfs tot verbale en/of fisiese teregwysing kan lei.  Hierdie bytinstink word geïnhibeer en die kind is geneig om nie die vermoë om probleme aan te pak wanneer die situasie hom voordoen te ontwikkel nie.

Die vermoë om seer te maak word deur die kind geïnhibeer en geprojekteer en die kind ontwikkel ‘n vrees om self seergemaak te word. Dit lei tot ‘n algemene onvermoë om ‘n greep op die lewe te kry.

Dit is hierdie versadiging of onversadiging van die “honger” wat volgens die navorser tot ‘n gebalanseerde of ongebalanseerde ego lei. Dit is die ego wat die middelpunt van die weegskaal tussen id en superego is wat die bewustelike identiteit van elke persoon aanneem. Hierdie siening word deur Kaplan (2000: 50) ondersteun wanneer hy die ego beskryf as die tussenganger tussen die begeertes van die id en die verbodsbepalinge van die superego. Federn (in Perls, 1992: 168) is van mening dat die ego sy grense binne die persoon se persoonlikheid kan terugtrek of ver daarbuite kan laat strek. Hierdie grense is konstant besig om te verander en daardeur identifiseer die persoon homself/haarself met alles wat hy/sy aanvaar as bekend of wat aan hom/haar behoort. So word grense van identiteit vergroot as die persoon homself/haarself met byvoorbeeld familie, die sportspan, die skool of die land identifiseer. Die voorwerp van identifikasie bly buite die persoonlikheid. Hierdie eksternalisering van identiteit word duidelik later in die kontrollering van literatuur met praktiese voorbeelde uitgelig.

Vir die adolessent lê identiteit ook binne hierdie proses van eksternalisering. So noem Louw en Edwards (2003:487-489) dat identiteitsvorming vir die adolessent ‘n proses van bevraagtekening, ontdekking en eksperimentering is. Waardes waarmee hulle grootgeword het, word bevraagteken en daar word met nuwe waardes geëksperimenteer. ‘n Identiteit kan egter ook aanvaar word sonder bevraagtekening. So byvoorbeeld kan die adolessent identiteit eksternaliseer deur ouers se waardesisteme aan te neem sonder om hulle eie te ontwikkel of kan konformering met die portuurgroep ‘n belangrike rol in identiteitsvorming speel. Hierdie dinamiese identiteitsvormingsproses by die adolessensie word vervolgens bespreek.

### 2.1.3 ‘n Strukturele raamwerk vir die begronding van manlike identiteit as metodologiese proses

Vanuit die literatuur blyk identiteitsvorming van kardinale belang vir die adolessent te wees. Vanuit sy lewenservaring as jong volwassene en volwassene is die navorser van mening dat identiteitsvorming egter ook in latere lewensfases ‘n impak het op die lewensverwagtinge en funksionering van die persoon. Die metateoretiese vertrekpunt van die studie, soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek, ondersteun voorafgaande siening deurdat die eksperimentele en fenomenologiese aard van die Gestaltbenadering ruimte aan die volwasse man bied om in die hier-en-nou binne sy veld te eksperimenteer met die gedagte van wie hy is en wie hy wil wees. Interne en eksterne faktore, soos uiteengesit onder die verskillende teoretiese benaderings het volgens die navorser nie ‘n eenmalige invloed op die jong seun of adolessent nie. Hierdie proses van identiteitsvorming is deurlopend, waar identiteit deur sowel eksterne as interne faktore beïnvloed word, selfs in die volwasse fase van ontwikkeling.

Gedurende die onderskeie ontwikkelingstadia van die man assimileer of verwerp hy introjekte vanaf sy veld. Die navorser is van mening dat hierdie veld ten opsigte van identiteitsvorming aspekte insluit soos reeds deur bogenoemde teoretiese benaderings beklemtoon. Volgens die navorser word identiteit gevorm deur middel van eksterne faktore soos rolmodelle (hetsy binne die gesin of daarbuite), ervarings en verhoudings met ander. Die genetiese bloudruk van die man vorm die interne faktor wat deel van sy identiteit bepaal. Oorkoepelend tot hierdie interne en eksterne faktore staan die man se verhouding met God. Binne laasgenoemde verhouding lê die krag wat dit moontlik maak dat reeds gevormde verwronge identiteit nuut gemaak kan word en word die volwasse man eers volwaardig man wanneer hy kan sê: “Dit is wie ek in God is”.

Die Vader/seun (God/man) verhouding dien as volmaakte voorbeeld van ware identiteit. Dit is binne hierdie verhouding met God waar die vader van die adolessente seun as rolmodel kan optree om sy seun te begelei tot eie identiteit en manwees. ‘n Intieme verhouding tussen vader en seun is volgens die navorser die belangrikste rolspeler in die vorming van manlike identiteit by die seun. Indien die vader self nie sy vader as manlike rolmodel geassimileer het nie, is die oordrag van manlike identiteit na sy seun nie ‘n natuurlike proses nie, en het hy nodig om sy eie manlike identiteit in God te vind om sodoende in ‘n intieme verhouding met sy seun te kan staan.

## 2.2 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar verwys na die metateoretiese aannames vir die studie, sowel as die teoretiese aannames en metodologiese proses. Laasgenoemde is as strukturele raamwerk vir die begronding van manlike identiteit bespreek. Soos reeds genoem word identiteit deur verskeie faktore gevorm en blyk die rol van die ouers ‘n belangrike faktor te wees. Dit is juis hierdie verhouding tussen adolessente seun en sy vader wat die navorser empiries ondersoek in hoofstuk drie en word die volgende vrae gevra:

- Watter gebeure, gelowe, houdings of beleide vorm identiteitsverwarring by adolessente seuns en hulle vaders?
- Hoe vind daar interaksie plaas tussen adolessente seuns en hulle vaders wat identiteitsverwarring tot gevolg het?
- Hoe kan bogenoemde komponente aangespreek word om die probleem op te los?

# HOOFSTUK DRIE

## KWALITATIEWE DATA-INSAMELING EN ONTLEDING

SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN ‘N OUTO-ETNOGRAFIE

***Question: What is truer than the truth?***
***Answer: The story***
***(Ou Joodse gesegde)***

### 3.1 INLEIDING

Hoofstuk twee het ‘n uiteensetting gebied van die paradigma wat geld in hierdie studie. Hierdie paradigma bied ‘n vertrekpunt ten einde die doel van hierdie studie, naamlik om ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en hul adolessente seuns daar te stel, te verantwoord. Die navorsingsontwerp en metode wat in hierdie hoofstuk benut is, word dus teen die konteks van die paradigma geplaas.

Soos reeds in hoofstuk een uiteengesit, is die navorsingstrategie wat gevolg is die kollektiewe gevallestudiemetode waar die outo-etnografie van die navorser (in die vorm van ‘n semi-gestruktureerde onderhoud (sien bylaag I) en hierna genoem “outo-etnografiese onderhoud” en joernaalinskrywings van die navorser as deel van die outo-etnografie (sien bylaag J)), sowel as semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns en hulle vaders as kwalitatiewe data-insamelingsmetode benut word. Vanuit die inligting bekom vanaf semi-gestruktureerde onderhoude en outo-entografiese inligting is indikatore uitgewys waarvolgens vraelyste saamgestel is vir adolessente seuns en vaders van adolessente seuns, wat as deel van die

vertrouenswaardigheidstrategie (triangulering) reflekteer in hoofstuk vier. Data wat in hoofstuk vier getrianguleer is, word in hoofstuk vyf aan die hand van proposisies gestel waarna dit met bestaande literatuur in hoofstuk ses gekontroleer word ten einde dit binne wetenskaplike konteks van die studie te plaas.

## 3.2 DIE PLEK VAN EMPIRIESE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE

Soos reeds bespreek in hoofstuk een, is 'n gekombineerde navorsingsbenadering vir hierdie studie gebruik met die kwalitatiewe navorsing as dominante benadering. Die benutting van 'n kwantitatiewe metode en ontleding in 'n gekombineerde benadering het in hierdie navorsing slegs gedien as die ondersteuning van die vertrouenswaardigheid van die studie, veral ook gesien in die lig van die benutting van 'n outo-etnografie. Creswell (in de Vos, 2005: 361) bevestig dat vooroordeel, inherent aan 'n spesifieke bron van data, ondersoeker of metode, geneutraliseer kan word deur die gesamentlike benutting van ander databronne, soos onder meer in hierdie geval die benutting van 'n kwantitatiewe metode.

Kwantitatiewe navorsing, in die vorm van vraelyste, is dus uitsluitlik vir hierdie doel gebruik en nie as kwantifiseringsproses kenmerkend van kwantitatiewe data nie. Data wat ingewin is deur middel van kwantitatiewe metodes sou in hierdie geval nie veralgemeenbaar wees na die breër populasie nie.

Alhoewel beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe datainsamelingsprosesse deel uitmaak van die empiriese navorsing, word dit as twee afsonderlike hoofstukke hanteer, aangesien die kwalitatiewe en kwantitatiewe datainsamelingsprosesse twee aparte prosesse was en die kwantitatiewe vraelyste ontstaan het vanuit die kwalitatiewe data wat verkry is. Hierdie gekombineerde benadering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data insameling

vorm ook ‘n trianguleringsproses om die betroubaarheid van die studie te verhoog. Die trianguleringsprosesse wat hier tersake is, word volgens Denzin (in De Vos, 205: 361) teoretiese triangulering en metodologiese triangulering genoem. Beide trianguleringsprosesse fokus op verskeie wyses van die hantering van teorie en metode. Met die benutting van triangulering tydens hierdie navorsing is meer as een bron van data gebruik naamlik ‘n outo-etnografie, semi-gestruktureerde onderhoude, asook vraelyste.

Volgens Neuman (2003: 138) is dit beter om vanuit verskillende hoeke ‘n fenomeen te bestudeer. Selfs sou daar verskille in resultate voorkom, word laasgenoemde as interessante en inligtinggewende data gesien. Hierdie laaste aspek was belangrik vir die navorser, aangesien daar nie noodwendg ooreenstemming moes wees tussen data wat verkry is vanuit die vraelyste, semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie nie, maar dat enige data wat verkry is, bydraend was tot die generering van kennis ten einde ‘n begeleidingsraamwerk vir adolessente seuns en hulle vaders daar te stel.

### 3.2.1 Die benutting van verkennende en beskrywende ontwerp

Volgens Neuman (2003: 140) maak kwalitatiewe navorsing staat op *“informal wisdom that has developed from the experience of researchers”*. Hy noem verder (2003: 141) dat kwalitatiewe navorsers ‘n meer nie-liniêre en sikliese pad volg teenoor kwantitatiewe navorsing wat liniêr is. Hierdie sikliese metode kan effektief gebruik word om ‘n gevoel vir die geheelbeeld te skep en is gerig tot konstruktiewe betekenisvorming. Die geheelbeeld waarna Neuman verwys, word vir die doel van hierdie studie, verkry deur die benutting van die verkennende navorsingsontwerp. Die ontwerp word gebruik om insigte te verkry van die beleweniswêreld van die navorser in sy outo-etnografie en die beleweniswêreld van vaders en hul adolessente seuns.

Nadat die fenomeen verken is, is die bevindinge beskryf wat die navorsing ‘n beskrywende aard gegee het. Die beskrywende ontwerp het die doel om as raamwerk te dien vir wat later ‘n begeleidingsraamwerk vir die studie sal wees. Met die beskrywende ontwerp is data nie slegs sistematies verkry deur ‘n liniêre kwantitatiewe proses van meting en analise nie, maar deur die ryk toevoeging van die navorser se eie ervaring (outo-etnografie), asook semi-gestruktureerde onderhoude met vaders en hulle adolessente seuns. Die navorser het homself nie van die respondente gedistansieër nie, maar sy eie ervaring met die inligting verkry vanaf respondente, geverifieer. Neuman (2003: 141) ondersteun hierdie benadering deur te noem dat kwalitatiewe navorsers die menslike faktor beklemtoon, sowel as die intieme eerstehandse kennis van die navorsingsopset.

### 3.2.2 Vertrouenswaardigheid van die studie

Die betrokkenheid van die navorser deur die benutting van ‘n outo-entnografie beïnvloed nie die vertrouenswaardigheid van die navorsing nie. Dit dui eerder daarop dat die navorser voordeel trek uit persoonlike insig, gevoelens en menslike perspektiewe om die sosiale aspek van lewe meer volledig te verstaan. Sogenaamde objektiewe tegnieke word vervang met die navorser se openhartigheid oor sy persoonlike betrokkenheid. Dit is egter belangrik om te fokus op die integriteit van die navorser, wat belangrik is tydens die kwalitatiewe navorsingsproses.

Die vertrouenswaardigheidstrategie wat vir hierdie navorsing benut is, is geskoei op die model soos deur Lincoln en Guba (1985:290) voorgestel. Die strategieë wat vir hierdie komponent van die navorsing benut is, sluit geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroue in die navorsingsproses en bevestigbaarheid in.

*3.2.2.1 Geloofwaardigheid*

Geloofwaardigheid word beklemtoon as ‘n parallelle idee van die kwantitatiewe proses se objektiewe standaarde, aldus Neuman, (2003: 141). Die geloofwaardigheid van hierdie studie dui op die feit dat komponente wat na vore getree het tydens die bestudering van die tema of fenomeen herhaaldelik na vore tree. Die benutting van triangulering deur middel van indiepte semi-gestruktureerde onderhoude, die neem van veldnota’s, die benutting van ‘n outo-etnografie en kwantitatiewe vraelyste is toegepas in die navorsing. Die deurlopende betrokkenheid van die navorser by die navorsingsproses en die insameling van data oor ‘n periode van een jaar het die geloofwaardigheid van die studie verhoog. ‘n Reflektiewe proses waar die navorser met sy promotor en kollegas sy gedagtes, gevoelens en belewenis van die proses gedeel het, het die refleksiwiteit verseker en die proses van deurlopende waarneming as geloofwaardigheidstrategie versterk. Die feit dat die navorser self goed onderlê is in die navorsingsmetodologie het as geloofwaardigheidstrategie bygedra tot vertrouenswaardigheid. Die navorser begelei self nagraadse studente en bemoei hom met navorsingsmetodologie op ‘n daaglikse basis. Die navorser se status as nagraadse student en die bekendmaking hiervan tydens die navorsingsproses het die geloofwaardigheid van die navorsing veral by die hoërskole wat betrek is, versterk.

Die navorser het die geloofwaardigheid deurentyd versterk deur ook gebruik te maak van ‘n strukturele koherente storielyn waar daar gefokus is op die belewenis van manlike identiteit en wat daaruit geleer kan word ten einde vaders as hul seuns se mentors in verhoudings en identiteitsvorming by te staan.

*3.2.2.2 Oordraagbaarheid*

Volgens Fook (2001: 125) word die kwessie van oordraagbaarheid van kwalitatiewe navorsing deurlopend geopper in terme van hoe inligting vanaf 'n klein steekproef na die breër populasie veralgemeen kan word. Hy is egter van mening dat dit nie gaan oor die veralgemening van data nie, maar om eerder begrip te ontwikkel van die onderwerp wat bestudeer word om dit sodoende aan ander situasies oor te dra en betekenis in 'n ander konteks te kan gee. Dit was ook nie die doel van hierdie navorsing om die resultate na die breër populasie te veralgemeen nie, maar om begrip te ontwikkel vir vaders en adolessente seuns se siening van manlike identiteit en betekenis daaraan te gee binne die verhouding van vader en seun. Deur diep ryke betekenis aan die navorsing te gee deur middel van beskrywing en 'n stap-vir-stap uiteensetting van die navorsingsproses is die oordraagbaarheid van die studie deur middel van 'n "ketting van bewyse" aanmekaar gesit. Die een stel ontledings het logies aanleiding gegee tot die volgende. So het die transkribering van die indiepte semi-gestruktureerde onderhoude ook stap-vir-stap in 'n storie ontvou wat 'n logiese stel verantwoordbare bewyse opgelewer het.

Deur gebruik te maak van doelgerigte steekproefneming en duidelik verklaarbare steekproefkriteria, soos in hoofstuk een uiteengesit, het die steekproef en respondentkeuse die oordraagbaarheid van die studie versterk. Alhoewel kwalitatiewe navorsing nie ruimte laat vir veralgemening nie, het die mate van oordraagbaarheid ten opsigte van die konteks en dit wat nagevors is, die vertrouenswaardigheid versterk.

*3.2.2.3 Vertroue in die navorsingsproses*

Ten einde vertroue in die navorsingsproses te bewerkstellig, was dit noodsaaklik dat die navorsing 'n konsekwentheid in resultate en

gevolgtrekkings toon. Data is deurlopend gekontroleer en nagegaan ten einde te bepaal of afleidings die werklike aard van die probleem reflekteer. Deur swaar te leun op literatuurkontrole en reflektiewe gesprekke met die navorser se promotor en kundigheidspaneel het die navorser 'n ondersoekende aard in die proses ingebou. Die presiese metodes wat benut is in data insameling is ook stapsgewys uiteengesit ten einde konsekwentheid te verseker.

Die sterkste bepalende faktor met betrekking tot vertroue in die navorsingsproses kon egter gevind word in die wyse waarop die navorser triangulering in die navorsing ingebou het. Kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologiese benaderings is gekombineer en verskeie bronne van data insameling het hieruit voortgevloei.

*3.2.2.4 Bevestigbaarheid van navorsing*

Die kriteria wat benut is in die bevestiging van die navorsing as deel van die vertrouenswaardigheidstrategie was om deur middel van reflektiewe prosesse bepaalde maatreëls in plek te plaas ten einde eie persepsies uit die navorsingsproses te hou. Die benutting van 'n outo-entnografie (Ellis, 2003) was die sterkste maatreël en dus tweeledig tot die studie. Die outo-etnografie kon tot 'n mate die reflektiewe proses rig aangesien eie persepsies en verwysingsraamwerke van die navorser daarin gereflekteer kon word. Die outo-etnografie kon as uitlaatklep dien ten einde vertrouenswaardigheid te versterk. Die benutting van 'n onafhanklike mede-kodeerder is ook verder in die proses betrek ten einde die logika en keuses van konsepte, kategorieë en proposisies te bevestig. Idees, gedagtes en optrede deur die navorser is met die kodeerder gedeel waarna sy dieselfde gedoen het. Raakpunte in idees, gedagtes en optrede wat die koderingsproses kon beïnvloed, is uitgewys en ontleed voordat enige data opgeneem kon word as deel van die navorsingsresultate.

## 3.3 INSAMELING, ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN KWALITATIEWE DATA VIR DIE STUDIE

### 3.3.1 Strategie vir veldwerk en data-insameling benut vir die studie

Die studie het plaasgevind binne die munisipale grense van die Drakenstein munisipale gebied in die Boland distrik, spesifiek in die Paarl en Wellington omgewing. Hierdie geografiese grense het ook die konteks van die studie gestel. Toestemming van die Wes-Kaapse Departement van Onderwys is verkry (sien bylaag H) om navorsing in Wes-Kaapse Hoërskole te doen. Nadat die toestemming verkry is, is toestemming van respondente self ook verkry.

Doelbewuste steekproefneming (Neuman, 2003: 213) is gedoen aangesien die navorser 'n spesifieke doel voor oë gehad het, naamlik om data te verkry rondom manlike identiteit, spesifiek vanaf vaders en adolessente seuns. Die kriteria vir insluiting was soos volg:

- dat die respondente Afrikaanssprekend moes wees;
- dat die adolessente seuns tussen die ouderdom van 15 en 18 jaar moes wees;
- dat die respondente bereid moes wees om aan die navorsing deel te neem.

Vaders van adolessente seuns is genader met die oog op semi-gestruktureerde onderhoude (Robson, 2002: 278). Die doel van die studie en die omvang van die semi-gestruktureerde onderhoude is aan hulle verduidelik. Hierna is aparte afsprake met die onderskeie vaders en adolessente seuns gemaak. Tydens die onderhoude is die doel van die studie, asook die etiese kwessies met die respondente bespreek. Skriftelike toestemming tot deelname is van beide die vaders en die seuns verkry (sien bylaag F en G). Tydens die afneem van die semi-gestruktureerde onderhoude is audiobande gebruik en

veldnotas is gemaak. Hierdie opnames en veldnotas is na afloop van die onderhoude getranskribeer (Silverman, 2001: 163) en deur die navorser geanaliseer. Analises is met die navorser se promotor geverifieer as deel van die bevestigbaarheid van die navorsing. Veldnotas wat benut is, sluit onder meer observasie notas, refleksiewe notas (dit wat die navorser self beleef het) en metodologiese notas in, wat as instruksie gedien het vir latere ontledings.

Versadigingspunt (Seidman in Greeff, 2005:294) is na agt onderhoude bereik nadat inhoud deurlopend herhaal het en geen nuwe inligting bygevoeg kon word nie. Soos wat ‘n strategie vir die data insameling met semi-gestruktureerde onderhoude saamgestel is, het die navorser ook ‘n ontledingstrategie saamgestel vir die inhoud van die semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns en hulle vaders. Die strategie wat benut is, het aspekte soos agtergrondskennis van die respondente en omgewingsfaktore tydens die semi-gestruktureerde onderhoude ingesluit. Hierdie strategie word vervolgens bespreek.

*3.3.1.1 Agtergrondkennis*

Die navorser het tydens die navorsing ‘n punt daarvan gemaak om geen agtergrondkennis vooraf van die adolessente seuns en hulle vaders in te samel nie. Deur hierdie strategie te volg, kon die navorser sy eie objektiwiteit en vooroordeel beheer. Die enigste inligting waaroor die navorser beskik het voor die onderhoud afgeneem is, is dat die adolessente seuns voldoen het aan die seleksiekriteria vir insluiting tot die navorsing, naamlik dat hulle 15- tot 18-jarige Afrikaanssprekende adolessente seuns was wat in ‘n tradisionele Afrikaanse huishouding grootword.

#### *3.3.1.2 Omgewingsfaktore*

Die navorser het vooraf 'n deeglike studie van die faktore gemaak wat moontlik 'n invloed kon hê op die wyse waarop die respondente kon antwoord. So is daar byvoorbeeld seker gemaak dat geen van die respondente deur tussenkomende veranderlikes soos uitermatige angs of spanning, as reaksie op die onderhoud, negatief beïnvloed word voor of tydens die afneem van die semi-gestruktureerde onderhoud nie.

Respondente is verseker dat daar geen regte of verkeerde antwoorde was nie en dat slegs hulle eie ervaring en opinie belangrik was. Die vertroulikheid en anonimiteit van die inligting is voor die aanvang van die onderhoude met die respondente bespreek. Adolessente respondente is tydens onderhoude van nie-verbale gedrag bewus gemaak wat op spanning kon dui en weereens gerusgestel dat hierdie inligting ook nie aan hulle vaders deurgegee sou word nie.

#### *3.3.1.3 Empiriese proses*

Soos reeds genoem is semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns en hulle vaders gevoer totdat versadigingspunt bereik is. Agt onderhoude is gevoer waarna versadigingspunt bereik is (sien bylaag A en B vir voorbeelde van hierdie onderhoude). Die vrae vir die semi-gestruktureerde onderhoude is opgestel na aanleiding van die paradigmatiese perspektief wat deur die navorser gehuldig is.

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude is konsepte geïdentifiseer waarna die mees relevante data georden en in bruikbare eenhede omskryf is. Vanuit die konsepte het sekere inligting herhaal, wat as kategorieë en een subkategorie geïdentifiseer is. Hierdie kategorieë en subkategorie het weer as

indikatore in die vorm van triangulering in die vraelyste weerspieël, waarna dit as proposisies vir die doel van die begeleidingsraamwerk uiteengesit is.

*3.3.1.4 Teks as verteenwoordiging van die ervaring van respondente*

Tydens die empiriese ontleding van data later in die hoofstuk word gebruik gemaak van "tipiese opmerkings" (teks) om kategorieë en subkategorie, wat onder die bepaalde konsepte na vore kom, te bevestig. Hierdie teks verwys na die direkte antwoorde van respondente tydens die semi-gestruktureerde onderhoude en word gebruik as verteenwoordiging van die respondente se antwoorde op spesifieke vrae.

*3.3.1.5 Teks as verteenwoordiging van die navorser (outo-etnografie)*

Die insluiting van die outo-etnografiese teks het 'n tweeledige funksie. Ten eerste het dit 'n pedagogiese doel. Soos reeds hierbo genoem word "tipiese opmerkings" (teks) van die navorser, as respondent, gebruik om die outo-etnografie te verteenwoordig ten opsigte van bevestiging van empiriese data. So word direkte aanhalings vanuit die navorser se outo-etnografiese deelname gebruik om kategorieë en subkategorie, wat vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude na vore gekom het, te bevestig. Die navorser is van mening dat die leser ook vanuit die navorser se persoonlike ervaring van manlike identiteit, asook sy eie verhouding met sy vader, navorsingswaarde kan put en dat die insluiting van teks vanuit die outo-etnografiese onderhoud as waardevolle toevoeging tot die empiriese navorsing dien. Tweedens het die insluiting van die outo-etnografie terapeutiese waarde vir die navorser. Soos wat die navorser op die vrae van die semi-gestruktureerde onderhoud geantwoord het, kon hy sy eie dinamika rondom manlike identiteit en die verhouding met sy vader in oënskou neem en assimileer. Dit het hom in staat gestel om meer objektief by die empiriese navorsing betrokke te wees.

Die outo-entnografie het ook, soos reeds genoem, bygedra tot die bevestigbaarheid van die navorsing.

## 3.4 DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE, ASOOK ‘N OUTO-ETNOGRAFIE

Rou data is na afloop van die onderhoude vanuit die aantekeninge ontleed waarna dit aan die hand van kategorie-ontledingstabelle ontleed is. Die semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns, asook die outo-grafiese semi-gestruktureerde onderhoud word vervolgens in beskrywende opsommingstyl bespreek aan die hand van die onderskeie konsepte, kategorieë en subkategorie. Die insluiting van die navorser se eie “tipiese opmerkings” word gemotiveer uit die bevraagtekening van sy eie verhouding met sy pa en die koppeling van sy manlike identiteit aan hierdie verhouding. Gedurende en na afloop van onderhoude met adolessente seuns en hulle vaders het die navorser gereflekteer oor hoe hyself op hierdie vrae as adolessent sou antwoord. Alhoewel hy nie meer as 17-jarige op die vrae kon reageer nie, en sy pa reeds 14 jaar oorlede is, is die essensie van sy verhouding met sy pa steeds deel van sy voorgrondgedagtes en het hy die vrae beantwoord binne die konteks van ‘n 37-jarige seun van sy pa. Joernale is benut ten einde ‘n beskrywing van die navorser se belewenis van sy eie verhouding met sy vader te bied as deel van die outo-etnografie.

Die navorser se eie opmerkings wat deel uitmaak van die outo-etnografie is onder “tipiese opmerkings” weerspieël en addisionele subkategorieë is nie spesifiek geskep vir opmerkings deur die navorser nie. Verskille en ooreenkomste ten opsigte van opmerkings van adolessente word wel in die samevatting en sintese onder elke konsep aangedui. Hierdie metode word gemotiveer deurdat die navorser nie self deel uitmaak van die adolessente

steekproef van die studie nie, maar dat sy outo-etnografie tog wel deel vorm van die navorsing en ‘n plek in die empiriese navorsing ingeneem het.

### 3.4.1 Die insluiting van relevante konsepte

Alhoewel die oogmerk van hierdie navorsing nie is om ‘n model te ontwikkel nie, was dit noodsaaklik om die proses te rig op grond van die feit dat teorie-generering noodsaaklik sou wees vir die daarstelling van ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns. Ten einde genoegsame en wetenskaplike teorie vir ‘n begeleidingsraamwerk te ontwikkel, is gebruik gemaak van twee komponente in teorie-generering soos beskryf deur Strauss en Corbin (1998), naamlik die ontsluiting van konsepte deur middel van analise en die formulering van verhoudings of proposisies vir die operasionalisering in ‘n begeleidingsraamwerk.

Konsepte is ingesluit nadat dit geïdentifiseer, geklassifiseer en gedefinieer is. (Vergelyk Poggenpoel & Myburgh, 2004) Met die identifisering van konsepte vir hierdie navorsing is gesteun op die konteks van die studie en data wat betrekking het op die doel van die studie.

Met die definiëring van konsepte is ‘n werkwyse voorgestel deur Poggenpoel en Myburgh (2004) waar konsepte wetenskaplik gedefinieer kon word binne die konteks van die studie. Die proses is in samehang met die mede-kodeerder onderneem en met kundiges in die veld gekontroleer.

Die werkwyse wat gevolg is, was soos volg:

- Die bestudering van wetenskaplike beskrywings deur middel van woordeboekdefinisies rakende die konsep. Hier is veral staat gemaak op resente woordeboeke vanuit die Afrikaanse taal, die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, elektroniese Pharos en die Woordeboeke vir Sielkunde.

Vakliteratuurdefinisies wat oor die konsep gedefinieer is, is ook geraadpleeg. Hier is weereens gebruik gemaak van woordeboeke vanuit die onderskeie vakdissiplines en verklarende woordeboeke in beide Afrikaans en Engels.

- Verklarende beskrywings met behulp van voorbeelde vanuit praktyk is ook benut. Hier is veral literatuur rakende navorsingsmetolologie en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se interpretasie van vakliteratuur binne die konteks van hierdie studie benut.

Met die klassifikasie van konsepte is 'n proses saam met die mede-kodeerder ontwikkel ten einde seker te maak dat konsepte outonoom is en nie verwant is aan mekaar nie. Deur hierdie proses is verskeie konsepte saam gegroepeer en geprioritiseer. Die proses wat benut is, aldus Poggenpoel en Myburgh (2004), is deur middel van vrae wat beantwoord moes word, gelei. Die vrae wat die navorser en die mede-kodeerder telkens gevra het, was soos volg:


- Wat is die sentrale aktiwiteit of tema?
- Wie is betrokke?
- Wat is die dinamika of diskoers agter die aktiwiteit?
- Wat het die aktiwiteit tot gevolg?
- Staan dit in verhouding tot die konteks van die studie?

Vanuit die konsepte is kategorieë en een subkategorie ontwikkel wat die konsepte ondersteun, waarna daar in hoofstuk vyf gefokus word op die daarstelling van proposisies vanuit die geïdentifiseerde kategorieë en subkategorie. Hierdie kategorieë en subkategorie is as indikatore vir die opstel van vrae in vraelyste benut, wat die resultate van hoofstuk drie trianguleer. Proposisies is geformuleer nadat die betrokke kategorie na aanleiding van antwoorde uit vraelyste geverifieer is. Alvorens die proposisies in 'n begeleidingsraamwerk opgeneem kon word, is dit eers aan die hand van literatuur gekontroleer. Hierna is die proposisies as feit verwerp of aanvaar.

Vanuit hierdie feite is ‘n sentrale tema geïdentifiseer wat die fokus van die begeleidingsraamwerk vorm. Die feite is as temas onder hierdie sentrale tema uitgelig waaronder begeleidingskategorieë bespreek is.

Die proses kan soos volg skematies voorgestel word:

Figuur 3.1 Skematiese uiteensetting van navorsingsproses vanaf identifisering en analisering van konsepte tot begeleidingsraamwerk



Vervolgens sal die konsepte soos dit vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer is, bekend gemaak word:

### *3.4.1.1 Konsep een: die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is*

Met hierdie konsep word die bewustheid wat bestaan oor wie en wat die respondente is, uiteengesit. Bewustheid rondom wie en wat die respondente is, kan verklaar word rondom die volgende kategorieë wat na vore getree het:

(1) bewustheid oor hulle verhoudings met ander;
(2) bewustheid oor hulle betrokkenheid en deelname aan fisiese aktiwiteite;
(3) bewustheid oor morele waardes;
(4) bewustheid oor hulle karaktereienskappe.

Tipiese opmerkings in elke kategorie is soos volg vanuit die data in verhouding tot die konsep onttrek en sluit vir kategorie een: bewustheid oor hulle verhoudings met ander, die volgende in:

*" . . . tot 'n mate meer nederig as ander . . . " (a) (seun)*
*"Hou van sosiaal met vriende kuier . . . " (b) (seun)*
*"Gaan baie uit saam met vriende. Hou van tyd saam met gesin spandeer." (c) (seun)*
*"Ek 'worry' nie wat ander van my dink nie . . ." en "Was by verkeerde pêlle." (d) (seun)*

*"Ek 'like' mense, maar nie vreemde mense nie . . ." (a) (vader)*
*" . . . is goeie vriend vir vriende . . ." (a) (vader)*
*"My werk en gesin is baie belangrik vir my." (b) (vader)*
*"Ek geniet die gawe van lewe en daarmee saam die mense vir wie ek omgee." (b) (vader)*
*"(Was) ook betrokke by CSV, koor, debat en kerk in die algemeen." (c) (vader)*

*“Ek werk met mense se intieme dele van hulle lewe.” (c) (vader)*
*“Kon lankal ryk gewees het as ek nie alles uitleen en weggee nie.” (d) (vader)*
*“Net een vriend. Baie kennisse.” (d) (vader)*
*“Ek is ‘n man, eggenoot en pa . . . My vriende is vir my belangrik . . .” (n) (navorser)*

Dit is duidelik vanuit bogenoemde opmerkings dat die respondente hulself definieer aan die hand van hulle verhoudings met ander. Die omgewing waarbinne hulle hulself bevind, en die wyse waarop hulle hierdie verhoudings bestuur, is vir hulle ‘n aanduiding oor wie en wat hulle is. Na aanleiding van sy verhouding met sy vader skryf die navorser op 23 Maart 1994 dat sy vader reeds twee jaar al oorlede is. Hy gaan verder:

> *Dit voel soos gister. Emosioneel het ek hom nog nie begrawe nie, maar bly my teen mure vasloop – onvermoë om te huil, onvermoë om te treur, onvermë om ten volle te lewe, weer te glo. Ek kan eenvoudig nie groet nie. Hoe moet ek laat gaan wat ek soveel jare wou hê en toe tog moes prysgee . . . Hoe laat ek die seuntjie in my grootword en hoe sê ek finaal totsiens aan Pappa.*

Die belangrikheid van nabye verhoudings in terme van eie identiteit word ook uitgelig deur ’n inskrywing in een van die navorser se joernale op 20 Januarie 1995: *“Sal ek dan nou uiteindelik iemand gekry het wat vir my lief is en vir wie ek lief kan wees. Kan nie help om te dink wat ek gaan doen as dit nie werk nie. sal ek dan maar net weer voortploeter of . . . of wat???”*. Identiteit word ook weerspieël in die navorser se behoefte om te wees, deur in staat te kan wees om vir ander te kan gee. Hy noem dat *“ek wil iets doen met my lewe, iets beteken . . . ek wil lewe. Eerder my nek uitsteek as wat ek in die dop bly en later ’n dop word – leeg met niks om te gee nie.”* (10 Julie 1997). ’n Inskrywing op 29 Julie 2006 wat die belangrikheid van ‘n naby verhouding vir die navorser verder beklemtoon, lees as volg:

*Vroeër vanaand van Gauteng af gekom. Hoe warm was my hart nie toe ek vir Mari en Arian sien nie. Hy het soos 'n verspieder kierts regop in sy waentjie gesit en almal beloer asof hy verslag moes lewer oor elkeen se doen en late. In sy oë gekyk en skielik was dit asof my pa teruggekyk het. Vir die eerste keer het ek my pa in Arian gesien. En dit was goed. Het tog gewonder hoe hy met Arian sou wees en hoe ek en hy met mekaar sou wees noudat ek myself eindelik na soveel jaar gevind het.*

Op 12 September 2006 skryf die navorser:

*Tannie Kobie het vanoggend gebel en vir die eerste keer het ek 'n behoefte om by haar te kuier en oor my pa te praat. Vir die eerste keer wil ek meer weet oor die Grobler familie. Sy hou 'n register en ek sou dit graag wil sien en weet waar ek inpas. Dalk kan ek tog nie so losstaan van my familie as wat ek wou voorgee nie.*

Tipiese opmerkings rakende kategorie twee, bewustheid oor hulle betrokkenheid en deelname aan fisiese aktiwiteite:

*"Ek is mal daaroor." (sport) (b) (seun)*
*"Ek hou baie van sport." (c) (seun)*
*"Ek stel baie belang in karre en motorfietse." (d) (seun)*

*" . . . dat ek die lewe geniet, om elke dag voluit te lewe." (b) (vader)*
*"Ek het myself uitgeleef in sport . . ." (c) (vader)*

Binne die konteks van die studie dui die belangrikheid van deelname aan aktiwiteite en die teenwoordigheid by aktiwiteite waar sosiale interaksie teenwoordig is, op hoe die responente hulself defineër in terme van wie hulle is. Fisieke aktiwiteit is ook vir die navorser belangrik en tye wanneer hy oefen en fiks is, voel hy beter oor homself. Hierdie belangrikheid van fisieke aktiwiteit vir hom word bevestig uit die volgende inskrywings in een van sy joernale:

*"Het verlede Maandag met Taekwon-do begin en dit help baie vir die frustrasie." (27 April 1999)*

*"Het gister my Taekwon-do gradering vir geel belt gedoen. Dit was omtrent opwindend en die adrenalien het behoorlik gekook." (15 Augustus 1999)*

*"In die gym op die 'moon walker' – kry 'flashback' van wegspring, 'spikes' – toe ek atletiek gedoen het (op skool)." (21 April 2000)*

*"Rugby by Brenda en (haar) ma gaan kyk – Bokke teen Australië." (26 Julie 2001)*

*"Vanoggend gym toe." (7 Maart 2005 / 9 Maart 2005)*

*"Lekker 'gespin' vanoggend (in gym)." (15 April 2005)*

Op 'n stadium het die navorser dit selfs oorweeg om ernstig aan driekamp deel te neem omdat hy gedink het God wou hom daar gebruik en hy sy identiteit so kon uitleef. Op 18 Augustus 2002 skryf hy die volgende voor in sy Bybel na aanleiding van wat die begeerte van sy hart is: *"To be victorious in tri-athlon and honour God's name through the winnings."*

Tipiese opmerkings rakende kategorie drie, bewustheid oor morele waardes:

*" . . . ek is 'n christen, geloofvas, beginselvas . . ." (a) (seun)*

*" . . . lojaal teenoor my vriende." (c) (seun)*

*"Gaan baie kerk toe deesdae." (d) (seun)*

*"Die Bybel is 'back-up' daarvoor vir patriagale gesinne." (a) (vader)*

*"Elke oggend bid en lees ons saam as gesin." (b) (vader)*

*"My inisiatief en vertroue maak my bekwaam om Sy wil uit te voer." (c) (vader)*

*"Ek glo in God, drie-enig . . . Hy is die heel belangrikste in my lewe en dit wie ek is, het alles met Hom te make." (n)*

*"Ek is versorger van my vrou en kind, alhoewel ek eintlik glo dat God ons versorg en dat ek bloot as instrument optree." (n)*

Die geloofsaspek staan ook vir die navorser sentraal tot sy verhouding met ander en met God. Die belangrikheid van geloof in terme van identiteit vir die navorser word deur die verskeie inskrywings in sy joernale weerspieël.

In terme van verhoudings met vriende en ander mense is dit vir die navorser belangrik om sy geloof ook met hulle te deel en dat daar in die verhouding betrokkenheid by God is:

*" Die selgroep was weereens so geseënd, baie lekker. Sal een of ander tyd my getuienis met hulle deel."* (16 Augustus 2001) *"Vandag selgroep afsluiting gehad – net vier van ons. Baie rustig."* (6 Desember 2001)

*" Vandag meisie by die kerk vir my gevra of ek nie by die selgroep wil aansluit nie."* (18 Augustus 2002).

*"Eers wanneer ek God se liefde vir myself kan verstaan kan ek myself liefhê. En eers wanneer ek myself kan liefhê, kan ek ander liefhê."* (19 April 2005)

*"My gebed is dat ek met Jesus se oë, ore, neus, en instink moet leef. Ek wil nie oordeel nie, maar liefhê, nie 'doodmaak' nie, maar 'lewe gee'."* (11 Junie 2006)

Vriende en familie spreek ook in die navorser se lewe in deur hulle verhouding met God. Op 29 Januarie 2002 doen hy die volgende inskrywing na aanleiding van sy angstigheid om 'n huis te kry en dat sy diere ook geakkommodeer moet word:

*"Twee dae oor om huis te soek. Bel vir Johan en soos gewoonlik bring hy kalmte met stunning tekste. Ondermeer dat God ook vir my diere sal voorsien . . ."*

" *Ds. Hendriks was vanaand hier. Ongelooflike gesprek gehad. Wat kan ek sê, God werk op maniere wat my elke keer verstom laat staan"* (2 Junie 2002).

*" Lê die hele aand voor die kaggel met al die diere en lees 'Geheimnisse van God se wil" deur Charls Swindoll wat ma gestuur het"* (2 Augustus 2002).

Die navorser se eie identiteit en verhouding met God word deur die volgende inskrywings uitgelig:

*"Pla my dat ek van God wegdryf. Gaan deesdae min kerk toe en klein dingetjies soos gebed voor ete word erg afgeskeep. Sal ek ooit 'n gewone lewe lei of sal ek altyd soekend bly.*

*Voel of hierdie deurmekaar kop nooit koers gaan kry nie."* (19 Februarie 1994) *"Wat wil God van my hê. Ek weet dis Hy, ek kan dit voel. Ek probeer dit ignoreer, maar misluk elke keer. In watter rigting moet ek stap"* (9 November 1995).

*" Nog 'n deel van my het Christus as my saligmaker Vrydag 'ingenooi'. Dit was ongelooflik. Nog 'n deel van my lewe is aan my geopenbaar*" (5 Junie 2000).

Op 29 Julie 2001 skryf hy:

> *Vanaand saam met Zelda'hulle na Rhema toe. Voor kerk het ek gebid en gevra God moet net bevestig wat ek moet doen en daar preek die dominees van die 'pioneer spirit', dat ons moet stap 'according to the beating of a different drum'. En goed wat hy sê maak net soveel sin, want dit is soos ek nog altyd voel. Dat ek iets ongeloofliks betekenisvol moet doen. 'n Verskil gaan maak en dat God my wil gebruik.*

Op 11 September 2001, 'n dag voor sy 33ste verjaarsdag, skryf die navorser die volgende in terme van sy identiteit en haal hy Mattheus 19: 26 aan wat sê dat alles by God moontlik is: *"My laaste dag van 32 jaar, 'n verlore identiteit. Oor bietjie meer as 10 minute eis ek (simbolies) my lewe terug en begin ek nuut".*

'n Inskrywing op 17 November 2004 bevestig dat die navorser se verhouding met God en die siening dat God die kern van sy identiteit is:

> *Maar ek weet ook dat die tema van my 'D' natuurlik emosies sal 'trigger'. Dalk is dit nou 'n bewustelike pad van heelwording en gaan ek na meer as dertig jaar nou eers deur die 'slagoffer' emosies van verwyte en woede. Deur alles, selfs die woede, weet ek steeds dat God my anker is. Dis net Hy wat my lewend hier kan bring. Begin weer om Job te lees en besef net weer dat dit sò van toepassing is – my lewe word nie deur noodlot of onbuigsame planne bepaal nie, maar deur my persoonlike verhouding met God.*

Die navorser se siening van sy identiteit in sy verhouding met God word saamgevat deur ‘n inskrywing op sy 38ste verjaarsdag, 12 September 2006:

> *My verjaarsdag – laaste inskrywing in hierdie boek. Presies drie jaar terug het ek my eerste inskrywing gemaak op my verjaarsdag (waarin die navorser onder andere skryf:" My eerste verjaarsdag as getroude man. Hoe kon ek ooit droom dat God my so genadig sou wees."). En drie jaar later tel ek die seëning. My amper 10 maande oue Arian sit en ‘praat’ met my vanuit sy eetstoel met ‘n oopbekkie wat tandelag. My vrou is vandag ook by die huis en God se hand loop oor van seëning. My D is amper klaar. ‘n Nuwe seisoen wag en ek, Herman is na 38 jaar oppad om nuut te wees, een met my identiteit wat gesetel lê in myself, deurweef in my bloed en lyf; my familie, gesin, my vrou en kind, en in alles en almal wat om my skuur en skaaf. Bo alles, in God.*

Tipiese opmerkings rakende kategorie vier, bewustheid oor hulle karaktereienskappe:

*“Ek sal myself beskou as eerlik . . . nederig . . . “ (a) (seun)*
*“ . . . nie regtig hardwerkend nie . . . eintlik lui . . . “ (b) (seun)*
*“ . . . lojaal . . . eerlik . . .” (c) (seun)*
*“Nog niemand het gesê ek is lelik, arrogant of skel nie.” (d) (seun)*

*“ . . . komplekse mens.” “Sou sê ek is ‘n ekstrovert.” “Ek het ‘n goeie humorsin, is vriendelik, het goeie karaktereienskappe, is lui, ‘n sitter (voor TV en rekenaar).” (a) (vader)*

*“Ek glo ek is lojaal . . .” (b) (vader)*

*“ . . . respek vir vertroulikheid . . .” “Rustig.” “Baie impulsief partykeer as ek opgewonde raak.” “Nie humeurige persoon nie.” “Altyd dieselfde.” (c) (vader)*

*“Ek hou van mooi dinge om my, die estetiese is belangrik.” (n)*

Die keuses van die respondente in die beskrywing van karaktereienskappe binne die konteks van wie en wat hulle is, was geskoei op die persepsie dat eienskappe wat vanuit die gemeenskap se oordeel as positief en sterk is, deel uitmaak van manlike identiteit en dus ook wie hulle is. Volgens die navorser vorm karaktereienskappe 'n belangrike deel van identiteit, alhoewel dit nie vir hom sò belangrik is dat karaktereienskappe van homself deur die gemeenskap as positief en sterk gesien word nie. Hy meet sterk karaktereienskappe eerder aan riglyne wat deur God gelê word. Op 17 Junie 2001 skryf die navorser in een van sy joernale oor sekere van sy eie karaktereienskappe na aanleiding van 'n preek wat hy gehoor het. Hy verwys na homself en sy persoonlike karaktereienskappe as hy sê dat die preek gegaan het oor *"innerlike genesing. Onder andere oor kompulsiwiteit, perfeksionisme, heeltyd besig wees, om sodoende in beheer te wees."* As man het hy ook 'n spesifieke idee van die karaktereienskappe wat hy sal wil eien. Op 19 April 2005 skryf hy: *"Wat ek van God vra is Psalm 119:66 – goeie oordeel, onderskeidingsvermoë, wysheid en kennis"*.

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering**

Die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is, lê gesetel in hulle verhoudings met ander en God, en karaktereienskappe wat eie aan hulle persoonlikheid is. Dit is vir vaders en adolessente seuns die wyse waarop hulle hulself definieer. Aspekte soos morele waardes en die beoefening van gemeenskaplike fisieke aktiwiteite, wat dikwels deelname aan sport of stokperdjies insluit, word beklemtoon as komponente wat 'n kenmerkende profiel van die respondente bied.

### 3.4.1.2 *Konsep twee: die begrip wat bestaan by respondente oor wat manlike identiteit per definisie behels, dui op die (on)begrip en verstaan van geslags- en roldifferensiasie*

Hierdie konsep verwys na die algemene begrip wat bestaan oor wat manlike identiteit (manwees) vir respondente beteken. Die vraag hieroor het lang gesprekke ontlok en die volgende kategorieë het na vore gekom:

(1) Verskille tussen mans en vroue; en
(2) Manlike rolle.

Tipiese opmerkings rakende kategorie een, verskille tussen mans en vroue:

*"Jy (as man) het manlike voortplantingsorgane. Jou stem breek, nie vrouens s'n nie." (a) (seun)*
*"Mans is meer 'muscular', sterker as vrouens . . ." (a) (seun)*
*"Vrouens is meer saggeaard oor die algemeen . . . huil makliker . . ." (b) (seun)*
*"Meisies . . . werk is meer georden . . ." (b) (seun)*
*" . . . rugby is 'n man se sport." (c) (seun)*
*" . . . mans het te doen met tegniese goed en vrouens by mode goed" (c) (seun)*
*"Mans doen meganiese goed." (d) (seun)*
*" . . . mans gewoonlik harder praat. Ook geslagsorgane." (d) (seun)*
*"Manwees is om die fisiese eienskappe van 'n man te hê – baard, spiere, krag." (n) (seun)*

*"Dit is belangrik dat die man aktief moet wees." (c) (vader)*
*"Jy moet die sterk een van die twee wees" (d) (vader)*

*" . . . alhoewel mans ook sensitief kan wees, hulle oor die algemeen anders dink en optree as vrouens." (n)*

In die konteks van die studie is dit duidelik dat respondente fokus op die geslagsverskille wat bestaan tussen mans en vroue sodra verwys word na manlike identiteit.

Die persepsie bestaan dat manlike identiteit slegs binne die konteks van ‘n teenwoordige vroulike identiteit kan staan. Sonder die teenwoordigheid van ‘n vrou bestaan manlike identiteit nie. Die navorser deel hierdie persepsie met die respondente wat bevestig word deur die volgende aanhaling in een van sy joernale van 9 Maart 2006:

> *Dink ook vanoggend aan wat respondent gesê het oor wat identiteit vir hom beteken: ‘manlike geslagsdele, stem wat breek, anders as ‘n vrou.’ Ek het nog nooit so aan myself gedink nie. Myself nog net altyd as slagoffer van ‘abuse’ gesien. Maar ek is ‘n man met manlike geslagsdele, baard, spiere, stem wat gebreek het . . . En dit is wat ek wil wees. My identiteit lê nie in my pa nie, maar in God, en in my vrou en Arian. Dit wat ek vir hulle is, wat my waarde gee, betekenis.*

Op 24 Mei 2006 beredeneer die navorser manlike identiteit in een van sy joernale en vra hy die vraag of sy manlike identiteit bevestig word deurdat hy na homself kyk in terme van sy rol as eggenoot vir sy vrou.

Tipiese opmerkings rakende kategorie twee, manlike rolle:

*“Jy is ‘n ‘gentleman’ . . .” (c)*
*“Hoe verskil jy van jou pa.” (b)*
*“Man is ‘n man.” (d)*

*“Getroude man behoort kaptein van sy skip te wees. Die Bybel is ‘back-up’ . . . vir patriargale gesinne.” (a) (vader)*
*“Man is wel die leier van die gesin . . .” “Hy moet op so ‘n manier sy gesin bestuur . . .” (b) (vader)*
*“ . . . is die man ook ‘n rolmodel . . .” (c) (vader)*
*“ . . . jy moet pa staan vir die besluite in die huis.” (d) (vader)*
*“Ek is verantwoordelik vir hulle . . .” (b) (vader)*
*“ . . . sorg vir stabiliteit, versorging, omgee.”“ . . . in verhouding gekonseptueer word en komplimenterend werk tot ander deel van die verhouding . . . vroulike identiteit.” (c) (vader)*

*"Jy moet die sterk een van die twee (verwys na vrou) wees." (d) (vader)*
*" . . . gesin bestuur, werk en omgaan met gesin dat hy die beste in hulle na vore bring" (b) (vader)*
*" . . . prentjie wees van man wat aktief is." (c) (vader)*
*"As dinge skeef loop, moet jy kophou." (d) (vader)*

*" . . . daar is spesifieke rolle wat ek inneem, maar die rolle is ook baie grys en nie slegs wit of swart nie." (n)*

Dit het vanuit hierdie data duidelik geword dat die respondente baie bewus was van duidelike verskille in terme van rolverdeling. By die adolessente seuns was dit nie so sigbaar soos met die vaders nie, wat dui op die feit dat die adolessente seuns in hierdie stadium van hulle lewe nie nodig het om 'n verskeidenheid rolle te vertolk nie. Met die vaders het die belangrikheid van verantwoordelikheid telkens na vore gekom met 'n versorgingsaksie en 'n besluitnemer as hoof van die gesin baie pertinent. Vir al vier vaders was dit belangrik dat die man 'n aktiewe rol inneem binne die leiding van sy gesin. Leiding beteken egter nie noodwendig vir hulle dat die man belangriker is as die vrou nie.

Die navorser sien homself ook in 'n spesifieke rol en stel self verwagtinge aan daardie rol. Sy rol ten opsigte van sy vrou en kind word beklemtoon wanneer hy op 13 Mei 2006 skryf: *"Ek wil net 'n goeie man vir Mari en goeie pa vir Arian wees. Ek maak so gou droog. God sal my moet leiding gee."* Hierdie rol word beklemtoon deur die navorser se verdere omskrywing daarvan op 10 Junie 2005 wanneer hy skryf *"ek wil suksesvol wees in huwelik en goeie man vir Mari wees, goeie pa wees, suksesvol in my werk wees, in my roeping staan wat God vir my binne die kerk het en finansieel baie sterk wees."* Die diversiteit van sy rol word uitgelig wanneer hy op 21 Maart 2006 skryf dat *"ek deur die dag na hom (sy seun) kyk, saans my werk moet inhaal, ek maak huis skoon, ek kyk na die tuin, was karre en wat ook al."*

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering:**

Die verskille tussen mans en vroue en rolvertolking ten opsigte van hierdie verskille ontwikkel met verloop van tyd en kan deur vaders aan hul seuns oorgedra word. Indien die seun geleer word hoe om homself te definieer ten opsigte van vroulike identiteit, sal die belangrikheid van optrede teenoor vroulike identiteit deel vorm van sy manlike identiteitsvorming.

*3.4.1.3 Konsep drie: die verband wat bestaan tussen eie belewenis van identiteit en verhoudings met vaders/seuns*

Vanuit die data het die verhoudings tussen vaders en seuns deurgaans deurgeskemer. Hierdie verhoudings is uitgesonder in terme van genetika, die belangstellings wat tussen vaders en seuns bestaan en optrede van vaders teenoor seuns of seuns teenoor vaders. Kommunikasie tussen vaders en seuns is as laaste belangrike aspek ondersteunend tot die verband tussen belewenis van identiteit en die verhoudings met mekaar uitgewys. Wat ook hier belangrik was, is dat die vaders hulle eie belewenis as seuns gereflekteer het. Die vier kategorieë wat hierdie konsep gerugsteun het, is:

(1) Die belewenis van genetika (dit wat oorgeëërf is);
(2) Die belewenis van belangstellings en bewustheid oor modellering;
(3) Die belewenis van optrede teenoor mekaar;
(4) Die belewenis van kommunikasie met mekaar.

Tipiese opmerkings deur respondente rakende kategorie een, genetika (dit wat oorgeëërf is) sluit onder meer die volgende in:

> *"Baie eienskappe wat hy het wat ek gekry het deur gene." . . . my pa is baie intelligent – soos ek ." (a) (seun)*

*" . . . maak baie grappe met mense, ek hou ook daarvan.""Ek en my pa voel altyd dieselfde oor dinge." (b) (seun)*
*"Ek en my pa is baie dieselfde.""Ek spreek myself uit . . . soos my pa."*
*"ons lyk na mekaar" (d) seun*

*"alhoewel daar baie ooreenkomste by ons is wat ek al van kleintyd gesien het, is hy uniek en moet sy eie gawes uitleef." (b) (vader as vader)*
*"ons beskik oor dieselfde eienskappe, . . . ook persoonlikheid wat heelwat ooreenstem." (c) (vader as vader)*
*"ek het beslis sy humorsin oorgeërf". "Hy is meer konserwatief as wat ek is, anders is ons baie dieselfde." (a) (vader as seun)*
*"Dis dalk persoonlikheid . . . ons het dieselfde gewoontes en mannerismes . . . Umm ja ek is baie dieselfde as my pa." (d) (vader as seun)*

*"As ek daaraan dink, is daar nogal ooreenkomste. . . my pa was sagte mens aan die een kant, maar kon gou kwaad word. Ek het 'n sagte hart . . . maar ek kan ook gou kwaad raak . . ." (n) (navorser as seun)*

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die persepsie bestaan dat sekere genetiese kenmerke oorgedra word vanaf vaders na seuns. Volgens die respondente verantwoord die genetiese kenmerke wat ooreenstem tussen vaders en seuns bepaalde optrede in hulle verhouding. Na aanleiding van die navorser se negatiewe verhouding met sy vader is dit vir hom moeilik om die rol van genetika te erken. Op 13 Mei 2006 skryf hy egter in een van sy joernale die volgende, wat aandui dat die totale uitsluiting van genetiese oordrag vanaf sy vader nie moontlik is nie:

> *Ek dink aan my pa en wonder wat ek van hom gekry het. Hoe is sy gene verweef in myne. Het ek regtig so min van hom as wat ek wil glo . . . my ma het vandag iets gesê wat my laat wonder – dat as hy iets besluit het, dit so was. Ek kan ook nogal so wees as ek glo ek is reg.*

Tipiese opmerkings rakende kategorie twee, die belewenis van belangstelling en of seuns op hulle vaders modelleer, sluit onder meer die volgende in:

> *"Ons albei is nie baie sportief/atleties nie." (a) (seun)*
> *"Albei hou van rugby . . . ons stel daarin belang" (b) (seun)*
> *"Ons albei hou van sport . . . ons doen ook baie goed saam soos golf speel." (c) (seun)*
> *"Ek en my pa . . . vrek oor om met karre te werk". (d) (seun)*
> *"Ook baie keer as ons braai. Dis 'n nuwe ding . . . " (a) (seun)*
> *"Hy probeer om by my sportbyeenkomste uit te kom . . . " (a) (seun)*
> *"Hou daarvan om saam goed te doen, byvoorbeeld 'squash' te speel." (b) (seun)*
>
> *"Hy is ontsettend 'witty' (doelbewuste poging van my kant af om hom so groot te maak)." (a) (vader)*
> *"Ons het baie uitgehang . . . Ek en hy hou baie van dieselfde goed." (d)(vader)*
> *"Hy kyk altyd my sport, veral rugby . . . moes van kleins af self verantwoordelik wees . . . probeer ook om my eie kinders groot te maak dat hulle verantwoordelikheid moet neem." (b) (vader)*
> *"Uit die aard van die saak is daar ook nabootsing. Soos die manier waarop ons dinge uitredeneer . . . daar is heelwat ooreenstemming sodat mens moet glo dat modellering plaasgevind het . . . ons albei het 'n ywer daarvoor (gemeenskapsorganisasies), dis beslis oorgedra." (c) (vader)*
> *"(Albei) hou van karwerk en hy altyd krap altyd aan iets soortgelyks." (d) (vader)*
> *" . . . modellering het plaasgevind, byvoorbeeld sekere stopwoorde en as buurvrou sê sy sien my in sy optrede." (c) (vader as seun)*
> *"Ek is nooit tevrede nie. Sal altyd sê daar is plek vir verbetering. Dink dit het al op hom afgevryf, want ek hoor baie hy sê daar is plek vir verbetering." (d)* (vader)
>
> *"Dalk sy liefde vir die natuur het ek by hom geleer want ek is ook baie lief vir die natuur." (n) (navorser)*

Wat hier belangrik is, is die feit dat die seuns opgemerk het dat hulle dieselfde belangstellings met hulle vaders deel.

Die tyd wat hulle saam spandeer met hierdie gedeelde belangstellings is egter beperk en elkeen leef dikwels sy belangstelling – ten spyte van ooreenkomste – afsonderlik uit. Die navorser kan nie hierdie gedeelde belangstelling met die respondente deel in terme van sy verhouding met sy vader nie. Nêrens in een van sy joernale oor 'n tydperk van 12 jaar word daar verwys na tye wat hy en sy vader 'n belangstelling gedeel het nie.

Tipiese opmerkings rakende kategorie drie: Die belewenis van optrede teenoor mekaar:

*"Ek respekteer hom geweldig en tree met respek teenoor hom op" (a) (seun)*
*"Ek sien wat hy doen . . . hoe hy sy dag beplan en wat hy doen met finansies, sy gesin en verskillende situasies met gesin . . .dit is goed . . . uhmm ek hou daarvan " (b) (seun)*
*"Ons het goeie respek teenoor vrouens en ander mense – het gesien hoe hy optree . . . ek wil ook so wees." (c) (seun)*
*"Ek en my pa is vriendelik" . . . probeer almal se vriende wees en op 'n manier kry ons dit reg." "Ekke respekteer hom . . . " (a) (seun)*
*"Ons het baie respek vir mekaar." (c) (seun)*
*"Ek luister baie vir hom." (d) (seun)*

*"Hy is goeie geselskap. Ek is ongelooflik lief vir die kind." (a) (vader)*
*"Ek probeer betrokke wees by sy sport en goeters, probeer om sy potensiaal op sport en akademiese gebied te ondersteun . . . . . ek hoef nie groot aanpassings te maak nie. Hy het 'n aanvaarbare persoonlikheid en kommunikeer op gesonde vlak." (c) (vader)*

*" . . . dink nie ek het my pa regtig goed genoeg geken nie. . ." (n)*

Vanuit die inligting wat ingesamel is, was dit duidelik dat daar verhoudings van wedersydse deernis, betrokkenheid en liefde uit optrede spreek. Dit het ook na vore gekom dat seuns 'n fyn waarnemingsvermoë het waaruit hulle optrede teenoor ander en selfs hulle vaders modelleer. Die navorser kan homself nie met die respondente vereenselwig wat die positiewe ervaring van die

vader/seun verhouding betref nie. In terme van modellering skryf hy op 12 Junie 2005 *"dat ek niks van liefde en intimiteit by my pa geleer het nie. Ek wil dit by God self leer sodat ek 'n goeie man en pa kan wees"*. Die behoefte aan 'n vader van wie die navorser kon leer skemer egter subtiel deur in inskrywings in een van sy joernale. Op sy verjaarsdag, 12 September 2003, skryf die navorser: "*Ma het gebel en praat toe oor my geboortetyd, half agt en annemone (wat sy pa vir sy ma in die hospitaal gegee het). En ek wonder: Het my pa ooit gedink ek is die 'quitste' ding op aarde. Was hy darem vir 'n klein rukkie bly dat ek syne was?"* Op 11 April 2004 skryf die navorser: *"Dalk is dit waar my behoefte vandaan kom van groot sterk arms wat my vashou en liefhet (pa?). Waar was my pa regtig al die jare?"*. Na 'n film *"Swimming Upstream"* skryf die navorser oor gevoelens wat weer na vore kom ten opsigte van sy vader en noem hy dat hy net weereens besef dat *"ek het nooit enige iets van my pa gekry nie. Sou graag vir Mari en Arian vir hom wys. Wat voel ek vir hom: haat? woede? Kan dit wees dat ek hom tog 'n ander rol in my lewe sou wou gee?"*.

Tipiese opmerkings rakende kategorie vier, Die belewenis van kommunikasie tussen vaders en seuns:

*"Ek praat baie met hom oor feite . . . " (a) (seun)*
*"Meeste van ons gesprekke neem by die TV of rekenaar plaas." (a) (seun)*
*"Ons verskil/stry baie . . ." (b) (seun)*
*"Ek moet probeer om eers sy mening in te sien voor ek myne stel en moet probeer om nie terug te praat nie." (b) (seun)*
*"Ons praat met mekaar oor sport en die goed." (c)(seun)*
*" . . . waarin ons baie kommunikeer met mekaar." (c) (seun)*
*"Verstaan mekaar beter as ek en my ma. Hy kyk net, dan weet ek wat hy wil hê." (d) (seun)*

*"Hy is goeie geselskap." "Gemaklik met mekaar." (a) (vader)*
*"As ons baklei het, sorteer ons dit gewoonlik vinnig uit. Ons bly nie lank kwaad nie." (b) (vader)*

*“Om na die ‘game’ te praat is belangrike element van ons verhouding . . .” (b) (vader)*
*“Saamwees met mekaar is positief vir beide van ons.” (b) (vader)*
*“Ons kommunikeer baie met mekaar.” (c) (vader)*
*“Kom goed oor die weg.” (c) (vader)*
*“Kan oor ander dinge in die lewe gemaklik praat.” “Daar is ‘n toeganklikheid tussen ons.” (c) (vader)*
*“Ons kan met mekaar gesels.” (d) (vader)*

*“ . . . dat hy my net uitgelos het . . .” (n)*
*“’Non-existing’. . . nie regtig iets gehad om vir my pa te sê nie.” (n)*

Kommunikasie tussen vaders en seuns geskied oor die alledaagse. Dit wil voorkom asof vaders ‘n ander persepsie huldig oor goeie kommunikasie met seuns as wat die seuns huldig. Respondente meet ook hulle verhouding aan die hoeveelheid kommunikasie wat tussen vaders en seuns plaasvind. Kommunikasie vind plaas oor gedeelde belangstellings – sodra die belangstellings nie dieselfde is nie, is die kommunikasie minder. Die navorser en sy vader se verhouding is ‘n voorbeeld hiervan waar daar nie gemeenskaplike belangstelling was nie en die kommunikasie tussen vader en seun minimaal was. Hierdie gebrek aan kommunikasie word bevestig deur ‘n inskrywing van die navorser in een van sy joernale op 20 Januarie 1994, byna twee jaar nadat sy vader oorlede is en die navorser sy verhouding met sy vader probeer herroep. Die navorser vra die volgende vraag aangaande sy vader: *“Was hy ooit daar?”* Op 30 Maart 2002 skryf die navorser: *“Pa is vandag 10 jaar dood. Dit voel so ‘weird’, asof hy nooit daar was nie, nooit insette in my lewe gehad het nie”*.

Baklei en argumentering tydens kommunikasie word nie noodwendig as negatief vir die verhouding gesien nie.

‘n Subkategorie van kommunikasie, naamlik struweling, het ook na vore gekom en sal vervolgens uiteengesit word:

**Subkategorie vanuit kommunikasie as kategorie: Struweling in die verhouding tussen vaders en seuns en die rol van dissipline**

Hierdie subkategorie verwys na die struweling wat tussen adolessente seuns en hulle vaders voorkom en die invloed wat dit op die verhoudings tussen vaders en seuns uitoefen.

Tipiese opmerkings rakende kategorie een, struweling:

> *“Albei voel ons is reg. Stry daaroor.” (b) (seun)*
> *“Ons sit partykeer vas, maar nie so baie nie.” (c) (seun)*
>
> *“Het soms dinge waarteen hy in opstand kom . . . Hy reageer dan teenoor my en ek hou nie van sy reaksie nie.” (a) (vader)*
> *“Hy word kwaad en ons stry daaroor.” (b) (vader)*
> *“Hy stem nie altyd saam hoe ek wangedrag of ongehoorsaamheid hanteer nie.” (c) (vader)*
> *“Kan partykeer mekaar in die hare vlieg. Praat eers en maak later reg.” (d) (vader)*
> *“Ons stry baie as ek weet ek is reg.” (d) (vader)*

Vanuit die data is dit duidelik dat struweling wat tussen vaders en seuns plaasvind dikwels geskoei is op persoonlike verskille en dat die struweling ‘n komponent van repediëring inhou – deel van ‘n leerproses waar die vaders hulle seuns aanspreek oor optrede en deel uitmaak van die kommunikasieproses tussen vaders en seuns. Alhoewel die navorser nie in sy joernale na spesifieke struweling tussen hom en sy vader verwys nie, som die volgende aanhaling uit sy joernale van 11 November 2004 hulle negatiewe verhouding, wat noodwendig met struwelinge gepaard gegaan het, goed op:

*"Praat weer oor pa en hoe daar geen verhouding tussen ons was nie. Dat ek hom van geboorte af gehaat het"*.

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering:**

Die persepsie bestaan by vaders en seuns dat daar 'n verband is tussen eie belewenis van identiteit en verhoudings wat tussen die vaders en die seuns bestaan. Die verhoudings tussen vaders en seuns is dikwels geskoei op die persepsie dat identiteit en genetika onlosmakend deel van mekaar is – dit wil sê, kenmerke wat oorgeërf is, gee aan my 'n besondere identiteit. Verder bestaan die persepsie dat identiteit gevorm word na aanleiding van belangstellings wat gedeel word, na aanleiding van wedersydse respek met betrekking tot optrede teenoor mekaar, en na aanleiding van kommunikasie **–** hetsy weens konflik (struweling), belangstellings of gesinsinteraksie. 'n Verhouding waar modellering belangrik is, is 'n verdere persepsie wat veral by vaders gehuldig word.

*3.4.1.4 Konsep vier: onvervulde behoeftes in die vader/seun verhouding en die invloed op identiteit*

Hierdie konsep verwys na die respondente se onvervulde behoeftes jeens hulle verhouding met hulle vaders en seuns en wat hulle anders sou wou hê. Die volgende kategorie het na vore getree:

(1) Meer tyd saam wat kommunikasie en belangstellings insluit.

Tipiese opmerkings rakende hierdie kategorie:

> *"Sal lekkerder wees as hy meer besig is met goed waarvan ek hou . . ." (a) (seun)*
> *"Sou graag wou gesels oor goed waarvan hy hou . . ." (b) (seun)*
> *"Wil ook golf saam met hom speel, maar hy het nie tyd nie." (b) (seun)*

*“Meer moet kommunikeer en oor sport praat . . . . . Beter kommunikeer, nie kwaai praat, hard praat of skree nie.” (c) (seun)*
*“Gaan dam toe en kuier alleen saam met mekaar . . .” “Hulle moet lief wees vir mekaar . . . nie wegdryf van mekaar nie.” (d) (seun)*
*“Hy is baie weg.” (d) (seun)*

*“Dalk meer tyd saam spandeer.” (b) (vader)*
*“Dat ons bietjie meer moet kommunikeer met mekaar . . .” (c) (vader)*

*“Ek sou graag saam met hom in die tuin wou werk en die skape vashou as hulle gespuit word . . . met hom wou deel as hy by die huiskom.” (n)*

Vanuit die data is dit duidelik dat daar ‘n behoefte by beide die vaders en die seuns bestaan om meer tyd saam met mekaar te spandeer. Met meer tyd word daar na fisieke aktiwiteite verwys wat vaders en seuns saam kan doen, sowel as beter kommunikasie.

Nadat die navorser se vader reeds twee jaar lank dood is, maak die navorser die volgende inskrywing in een van sy joernale rakende verlore tyd op 1 April 1994:

*Ek het gedink ek gaan Pappa Woensdag begrawe (simbolies), maar dis moeiliker as wat ek gedink het . . . Dis sò moeilik om 25 jaar se emosies te verwerk en oop te krap, sò moeilik om dit aan jou pa bloot te lê as hy al 2 jaar lank dood is. Hoekom het alles so gou gebeur dat ek nie die tyd gehad het om vir hom te sê dat ek hom liefhet nie?*

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering:**

Die persepsie bestaan dat meer gehalte tyd saam met mekaar nodig is. Gedeelde belangstelling wat deel uitmaak van hierdie tyd saam, word as ‘n belangrike aspek beskou.

Om tyd saam te spandeer omsluit faktore wat aanleiding gee tot identiteitsvorming soos onder meer kommunikasie, modellering en optrede. Sonder tyd sal die vader/seun verhouding nie genoegsame potensiaal bied waarbinne 'n vaders hulle seuns kan begelei tot manlike identiteit nie.

### *3.4.1.5 Konsep vyf: die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns*

Hierdie konsep verwys na die respondente se mening oor wat God se rol is en waar Sy plek is in die vorming van manlike identiteit. Die volgende kategorieë het na vore gekom:

(1) Die uitlewing van Christenskap;
(2) Waardes en norme;
(3) Vernuwing.

Tipiese opmerkings rakende kategorie een, die uitlewing van Christenskap, sluit onder meer die volgende in:

> *"Ware Christene gee nie mee onder druk van die sosiale lewe nie, maar sal hou by Christelike beginsels." (a) (seun)*
> *"Omdat ek 'n Christen is doen ek elke aand my Bybelstudie en voel skuldig as ek dit nie doen nie." "Sal dink voor ek iets doen (Wat sou Jesus doen as Hy hier instap)." (b) (seun)*
> *"Ek doen soos my Bybel en goed." "Gaan elke Sondag kerk toe." "Dit help my om van God te leer hoe om eerliker te wees teenoor vriende en gesin." (c) (seun)*
> *"Vandat ek kerk toe gaan, gaan dit ook beter." "Het nou ophou rook en drink. Gebruik nie meer vuiltaal nie. Is nou skoon soos kan kom." (d) (seun)*
>
> *"Identiteit vir my is verweef in wie ek as Christen is. Die twee staan onlosmaaklik van mekaar. In Hom (God) lê my identiteit." "Christenskap is om regtig 'n pad saam met God te stap, vorentoe.*

*Dis om neer te lê wat nie van God af is nie, om regtig uit te vind wat God van my wil hê en nie bloot vas te hou aan die dogma wat ek as kind geleer is nie. Dis 'n verhouding, baie meer as wat meeste mense dink. En binne hierdie verhouding met God lê my identiteit." (n)*

Vanuit hierdie opmerkings is dit duidelik dat God en die belewing van God vir respondente as 'n anker dien in die belewenis van hulself. Deur vas te hou aan geloof anker hulle hul menswees. Die navorser ervaar ook die belewing van God as anker vir sy menswees. 'n Inskrywing in een van sy joernale op 9 September 2001 lees: *" God wat deur dit alles kan sien, wil hê ek moet my oë op Christus hou en waartoe Hy my instaat stel. WANT dan ontvang ek my krag van Hom en Hy sal dit vir my moontlik maak om te doen wat Hy van my vra"*. Op 16 Augustus 2005 skryf hy: *" Het besluit my visie moet by kerk s'n inpas. Ek sal nou wag tot God vir my sê wat om te doen. Wil net nie meer so fokus op myself nie, maar op God*". Op 12 September 2006 skryf hy dat God *"is inderdaad my Skaapwagter en ek kom niks kort nie"*.

Tipiese opmerkings deur vaders van die adolessente seuns rakende kategorie twee, waardes en norme:

*" . . . normes . . . is 'n goeie resepteboek, wat jy kognitief probeer doen . . ." (a) (vader)*

*"Fisies in die kerk Sondae oggende." Elke oggend bid en lees ons saam as gesin." (b (vader)*

*"Het in 'n godsdienstige huis grootgeword." "Katkegete was entoesiasties wat help lei het tot die vorming van my liefde vir die Here." (c) (vader)*

*"Het kinders met waardes grootgemaak en om ander te respekteer. Grootgemaak op Christelike waardes." (d) (vader)*

Die belewenis van waardes en norme vloei saam met die verantwoordelikheid wat die vaders beleef teenoor die rolvertolking as hoofde van hulle gesinne, vaders vir hulle seuns. Waardes en norme en die belewenis daarvan kan gevind word in die uitleef van die Christelike beginsels rondom waardes en

norme. Rakende waardes en norme maak die navorser ‘n aantekening in een van sy joernale op 14 April 1996 waar hy noem dat *“ek is nie bereid om hieroor te konformeer nie.”* In terme van sy geloof noem hy op 16 April 1996 dat *“op godsdienstige vlak het ek so ’n behoefte aan diepte. Aan rêrig glo. Ook in myself”*.

Tipiese opmerkings deur vaders van die adolessente seuns rakende kategorie drie, vernuwing:

> *“Die ‘ou mens’ in my is nog sterk. Soms kom dit deur en maak dit moeilik vir my as pa.” (a) (vader)*
> *“ . . . want die Heilige Gees en die Here vernuwe jou. Jy dink anders, anders oor jou seun, jul verhouding en wat jy as pa moet doen.” (b) (vader)*
> *“God herhinner my aan my verlossing en hernuwing vind plaas.” “My inisiatief en vertroue maak my bekwaam om Sy wil uit te voer” (c) (vader)*

Die persepsie bestaan dat geloof en ‘n verhouding met God aan vaders die sekuriteit vir optrede teenoor hulle seuns bied. Vernuwing en bevestiging van geloof bied sekuriteit aan vaders ten opsigte van keuses wat hulle moet uitoefen as vaderfiguur. Hierdie gevoel van hernuwing word in een van die navorser se joernale geïllustreer wanneer hy op 24 Augustus 2006 skryf:

> *Van gister af voel dit soos Lentes wat ek in Kathu beleef het. Sulke winderige bewolkte dae. Dit is asof God in die lug is en daar net soveel belofte is. Oral waar my oog in die Bybel val is ook beloftes en Werner se sms bevestig dit: ‘Until at last the Spirit is poured down upon us from heaven. Then the wilderness will become a fertile field. Justice will rule in the wilderness and righteousness will bring peace. Quietness and confidence will fill the land forever.’*

Hierdie belofte van vernuwing, ook in die verhouding tussen die navorser en sy seun word uitgelig in ‘n aanhaling uit een van sy joernale op 25 Augustus 2006:

> *Ek vergeet altyd dat Jesus as mens op aarde was en dat Hy altyd teen sondige aard moes stry en dit ‘overcome’. En in alles wou Hy Sy Vader behaag. Ek dink nie ek wou ooit my pa se guns wen nie. Ek kan net bid dat God my genadig moet wees sodat Arian my guns sal wil wen en ek hom waardig sal wees as pa wat hom grootmaak vir God.*

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering:**

Die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns word gekenmerk deur aspekte soos die wyses waarop die vader en seun die uitlewing van Christenskap beleef, die belewenis van Christelike waardes en norme en vernuwing in geloof wat as rigsnoer aan vaders wat onseker is, dien.

*3.4.1.6 Konsep ses: die invloed wat vaderskap op die identiteit van vaders gehad het en die belewenis van eie kindwees deur vaders*

Hierdie konsep verwys na die algemene ervaring van vaderskap deur vaders en hoe hulle as seuns hulle vaders beleef het. Die invloed van hierdie belewenisse op hulle manlike identiteit word ook uiteengesit deur middel van tipiese opmerkings. Die volgende kategorieë het na vore gekom:

(1) Belewenis van vaderskap en die verband tot manlike identiteit;
(2) Persoonlikhede van seuns en vaders se aandeel daarin;
(3) Belewenis van eie verhoudings met vaders.

Tipiese opmerkings deur respondente rakende kategorie een, belewenis van vaderskap en die verband tot manlike identiteit:

> *"Baie 'nice', 'n vreugde. Het net een seun en ek geniet wat ek het." (a) (vader)*
> *"Om na die 'game' te praat is belangrike element van ons verhouding – sy sport en my betrokkenheid daarin". (b) vader)*
> *"Dit is vir my lekker. Ek geniet dit" "Hy is gewild en 'n sterk leier." (b) (vader)*
> *"Lekker om met my seun te speel . . ." (c) (vader)*
> *"Ek geniet my seun baie. Ons twee het baie dieselfde geaardheid." (d) (vader)*

Hieruit is dit duidelik dat vaders die grootwordproses van hulle seuns geniet, hulself in hul seuns sien, en dit hulle identiteit as man verstewig deur tevrede te wees met die rol wat hulle as vaders vertolk. Alhoewel die navorser se seun nog nie adolessensie beleef nie en slegs 10 maande oud is, ervaar hy die menswees van sy seun as positief in sy lewe en bevestig sy seun se daarwees reeds sy identiteit. Die genot van sy seun word reeds pas na sy geboorte in een van sy joernale weergegee as hy in hoofletters skryf: *" 14 NOVEMBER 2005 Arian is vandag om 14:18 gebore. Weeg 3.4kg en is die mooiste in die hele wêreld."* Op 26 November 2005 skryf hy dat *"elke keer as ek na hom kyk, dan besef ek net weer opnuut hoe ongelooflik goed God vir my is."* Die vaslegging van vaderskap en identiteit word deur die volgende inskrywings geïllustreer wat die navorser reeds voor geboorte aan sy seun geskryf het:

> *"Kan steeds nie glo ek gaan pa word nie. kan nie wag nie"*. (5 April 2005)
> *"Wil so graag 'n goeie pa wees, betrokke wees, beskikbaar, lief vir jou wees. Is nogal benoud, want el wil nie droogmaak nie. kan nie wag om jou lyfie teen my vas te druk nie. hoop ek sal nie vir jou of God teleurstel nie"* . (17 Mei 2005)
> *"Wens ek kan ook al jou menswees fisies voel. Klein sagte hande, verrimpelde toontjies, dalk 'n kyk wat sê jy is bly jy is myne . . .".* (21 Junie 2005)
> *"My skanse word oorskry deur jou grense. Onstuitbaar dring jy my lewe binne. Ek bid en bid en bid….Laat ek asseblief net 'n goeie pa wees"*. (11 Julie 2005)

*" Ek kan net bid dat God ons verhouding sal seën en dat jy trots sal wees dat ek jou pa is".* (17 Julie 2005)

Tipiese opmerkings rakende kategorie twee: persoonlikhede van seuns en die aandeel van die vaders daarin:

*"Ek het besonderse seun gekry . . . dink nie ek kan beter doen nie." (a) (vader)*

*"Ek is gelukkig dat hy baie rustig is." (b) (vader)*

*"Het goeie maniere . . . is verantwoordelik. Ek stel vir hom hoë standaarde en verwag hy moet dit nakom." (b) (vader)*

*"Ek is bevoorreg . . . hy het aanvaarbare persoonlikheid . . . glo dat modellering plaasgevind het." (c) (vader)*

*" . . . dit waardeer ek van hulle geaardheid. Dit hou jou op jou kop . . . Ek het geleer wat ek nie kan nie en leer my seuns ook so. Daar is nie 'n woord soos ek kan nie." (d) (vader)*

Die persepsie bestaan by vaders dat persoonlikheidsvorming wat onderliggend deel is van die identiteit van die seuns, deel is van die take van vaders en dat hulle aandeel daarin hulle seuns se identiteit help vorm.

Kategorie drie reflekteer tipiese opmerkings rakende die verhoudings wat die vaders met hulle eie vaders gehad het en die ervaring daarvan:

*"Goeie verhouding. Hy is die slimste, sterkste . . . Hoe ouer ek geword het, hoe meer het ek besef hoe 'nice' hy is." " Die goeie goed kom van my pa af." (a) (vader)*

*"Het pa ervaar as meer onbetrokke, al was hy 'n goeie pa. hy het nie saak gehad met my nie." "ek moes van kleins af self verantwoordelik wees." Ek probeer ook om kinders groot te maak dat hulle verantwoordelikheid moet neem." (b) (vader)*

*"Het my pa baie ervaar as meer onbetrokke . . .ek het nogal gesoek en moes op stadiums vashou aan dinge wat ek self geskep het – my onsekerheid het my sonder selfvertroue en verantwoordelikheid gelos" (b) (vader)*

*“Pa was dinamies en entoesiasties. Hy was lief vir ons en doen alles vir ons.” “ . . . leer dit vir my eie kinders.” “Sy voorbeeld het my bemagtig om nie terug te staan vir grootte of gevaar nie.” (c) (vader)*
*“ . . . geskei . . . Was nooit as tiener by hom in die huis nie, maar nooit probleem gehad nie.” “Ek is baie dieselfde as my pa.” (d) (vader)*

Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die persepsie bestaan dat betrokke vaders positief bydra tot ‘n positiewe identiteitsvormingsproses van hulle seuns (huidige vaders).

**Samevatting en sintese vir triangulering tydens kwantifisering**

Die persepsie bestaan by vaders dat die invloed wat hulle vaderskap op die identiteitsvorming van hulself gehad het en die belewenis van hulle grootword toegeskryf kan word aan die betrokkenheid van hulle vaders in hulle lewens. Verder beleef die vaders hulle eie vaderskap as deel van die vorming van hulle eie manlike identiteit. Die persepsie bestaan verder dat hulle seuns se persoonlikheidsvorming deel uitmaak van hulle aandeel daarin en dat die belewenis van hulle eie verhouding met hulle vader, deel vorm van hulle identiteitsbegrip wat hulle oor hulself huldig.

## 3.5 ANALISERING VAN DIE HOOFTEMA VAN DIE NAVORSING

Vanuit die data-ontledings was dit duidelik dat die respondente wat betrokke was by hierdie navorsing, en wat ingesluit het adolessente seuns, hul vaders en die navorser deur middel van ‘n outo-etnografie, se wedersydse vader/seun verhouding die basis bied vir die ontwikkeling van ‘n manlike identiteit.

Vaders en seuns hanteer hulle manlike identiteit binne die konteks van kommunikasie en modellering. Hulle het ‘n duidelike behoefte aan meer tyd ten einde kommunikasie en modellering as instrumente toe te pas.

Die hooftema van hierdie data-ontledingsproses is dat die verhoudingslewe tussen vaders en hulle seuns die geleentheid bied tot die ontwikkeling van ‘n manlike identiteit wat as sentrale tema oorgedra word na die kwantifisering in hoofstuk vier.

## 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gekyk na die kwalitatiewe data-analise van die studie wat semi-gestruktureerde onderhoude met vier adolessente seuns en hulle vaders, asook ‘n semi-gestruktureerde onderhoud met die navorser self (deel van die outo-etnografie) en joernaalinskrywings van die navorser ingesluit het. Bepaalde konsepte is uitgelig wat onderverdeel is in kategorieë, en in een geval ‘n subkategorieë. Kategorieë is verantwoord deur middel van tipiese opmerkings vanuit die onderhoude. Vanuit die konsepte en kategorieë is ‘n samevatting en sintese gemaak wat deur middel van ‘n kwantitatiewe metode in hoofstuk vier getrianguleer sal word aan die hand van vraelyste, soos voltooi deur vaders van adolessente seuns en adolessente seuns.

# HOOFSTUK 4

## TRIANGULERING DEUR MIDDEL VAN KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING EN ANALISE

VRAELYSTE

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word vraelyste, soos voltooi deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns, as kwantitatiewe data-insamelingsmetode geanaliseer as trianguleringsmaatreël ten einde vertrouenswaardigheid te verstewig. Indikatore, wat na vore gekom het uit semi-gestruktureerde onderhoude in hoofstuk drie, is gebruik met die opstel van vraelyste soos later in hierdie hoofstuk bespreek. Aan die hand van kategorieë en een subkategorie vanuit semi-gestruktureerde onderhoude, asook inligting bekom vanuit vraelyste, word sekere proposisies gestel (sien hoofstuk vyf) wat in die lig van bestaande data in hoofstuk ses as literatuurkontrole bespreek word.

### 4.2 DIE PLEK VAN KWANTITATIEWE BEVINDINGE IN DIE KONTEKS VAN DIE STUDIE

In hoofstuk drie is genoem dat die benutting van ‘n kwantitatiewe navorsingsmetode in hierdie navorsing uitsluitlik van ondersteunende aard was. Data wat weergegee word in hierdie hoofstuk mag dus nie veralgemeen word nie en rugsteun kategorieë ten einde proposisies te formuleer wat as riglyn vir ‘n begeleidingsraamwerk sal dien. Alhoewel die data van kwantitatiewe vraelyste slegs vir triangulering benut is, is die metodes wat

aangewend is steeds wetenskaplik en suiwer volgens die kwantitatiewe navorsingsbenadering uitgevoer.

## 4.3 INSAMELING, ONTLEDING EN INTERPRETERING VAN KWANTITATIEWE DATA VIR DIE STUDIE

### 4.3.1 Prosedure vir veldwerk en data-insameling benut vir die studie

Indikatore vanuit semi-gestruktureerde onderhoude is geïdentifiseer waarvolgens vrae vir die vraelyste opgestel is. Vrae wat in die vraelys opgeneem is, moes egter voldoen aan inhoudsgeldigheid en kriteriageldigheid. Die volgende vrae, soos gestel deur Bostwich en Kyte (in Delport, 2005:160-162), is na aanleiding hiervan beantwoord:

- Hoe goed meet die instrument (vraelys) dit wat gemeet moet word? Hierna word verwys as die inhoudsgeldigheid. Hier moet twee vrae beantwoord kan word:
    - Meet die instrument werklik dit wat die navorser dink dit meet?
    - Voorsien die instrument genoegsame items wat die konsep verteenwoordig?

Volgens die navorser voldoen die vraelys aan hierdie twee vereistes. Die primêre konsep wat gemeet moes word, is manlike identiteit. Nadat die voltooide vraelyste geanaliseer is, is genoegsame inligting rakende manlike identiteit verkry om as triangulering vir die onderhoude te gebruik, wat bevestig het dat die konsep "manlike identiteit" wel effektief gemeet is. Verder het al die vrae óf direk óf indirek verband gehou met manlike identiteit en was daar genoegsame vrae om die konsep "manlike identiteit" te verteenwoordig. Voorbeelde van direkte vrae op vraelys aan vaders wat verband hou met manlike identiteit, is vrae een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien,

elf en 21. Op die vraelys aan adolessente seuns word manlike identiteit direk ondervang deur vrae een, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien en 18. Indirekte weerspieëling van manlike identiteit op die vraelys aan vaders word ondervang in vrae 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 22, en 23. Op die vraelys aan seuns word indirekte weerspieëling van manlike identiteit gekry by vrae twee, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, en negentien (sien bylaag C en D).

- Hoe goed is die kriteriageldigheid van die instrument? Dit wil sê die instrument beskik oor kriteria wat beteken dat dieselfde konstrukte op 'n later tydstip met dieselfde instrument gemeet kan word. Vir kriteriageldigheid moet daar een of twee onafhanklike kriteria wees waarteen die tellings van die instrument gemeet kan word. Volgens die navorser word die kriteriageldigheid van die vraelys bevestig deur die semi-gestruktureerde onderhoudskedules as onafhankilke kriteria. Daar kan met reg gevra word waarin die geldigheid van die onderhoudskedules lê sodat dit as bevestiging van kriteriageldigheid vir die vraelyste kan dien. Die navorser is van mening dat die gesigsgeldigheid (*"face validity"*) van die onderhoudskedules dit moontlik maak om laasgenoemde vir hierdie doel te gebruik. Volgens Delport (2005: 161) verwys gesigsgeldigheid na die metingstegniek en hoe dit in staat is om die veranderlike te meet wat dit veronderstel is om te meet. Die navorser was in staat om sekere indikatore vanuit die onderhoudskedules uit te lig wat aanleiding gegee het tot die konstruksie van vraelyste wat bewys is dat die skedules wel gesigsgeldigheid het.

Vier skole onder jurisdiksie van Wes-Kaapse Onderwysdepartement het deel uitgemaak van die doelgerigte steekproef. Skriftelike toestemming is vanaf die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry om vraelyste by die geïdentifiseerde skole uit te deel (sien bylaag H). Na aanleiding van 'n brief (sien bylaag E) wat die navorser aan die skoolhoofde gerig het, is

mondelingse toestemming vanaf die betrokke skoolhoofde verkry om die vraelyste by die skole te versprei. Die skoolhoofde het personeel aangewys wat die navorser gehelp het met die identifisering van adolessente seuns wat aan die seleksiekriteria voldoen het, soos hieronder bespreek. Vraelyste is aan hierdie respondente uitgedeel om self te voltooi (Neuman, 2003: 267) en vraelyste is ook aan hulle vaders gestuur om tuis te voltooi en weer terug te stuur. Die voltooide vraelyste is deur die navorser by die betrokke personeellede opgehaal. 671 vraelyste is uitgestuur waarvan 362 aan Afrikaanssprekende adolessente seuns tussen die ouderdom van 15 en 18 jaar en 309 aan vaders van adolessente seuns. 180 voltooide vraelyste is vanaf adolessente seuns terug ontvang en 42 vraelyste vanaf vaders van adolessente seuns. Die inligting vanuit hierdie vraelyste reflekteer in hierdie hoofstuk.

*4.3.1.1 Agtergrondkennis oor die respondente*

Geen agtergrondkennis was nodig nie, behalwe dat die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns Afrikaanssprekend moes wees en dat die adolessente tussen 15 en 18 jaar oud moes wees. Algemene inligting soos rangorde in gesin, hoeveelheid sibbe en of ouers biologiese ouers is of nie, is wel gevra. Hierdie inligting is ingesluit aangesien die navorser van mening was dat dit gebruik kon word in voortspruitende studies. Hierdie inligting was egter nie van belang vir hierdie studie nie, maar kon wel ingesluit word, aangesien die geldigheid en betroubaarheid van die studie nie daardeur beïnvloed is nie.

*4.3.1.2 Omgewingsfaktore*

Dit was nie moontlik om alle omgewingsfaktore uit te sluit nie, aangesien respondente vraelyste ook tuis voltooi het. Verwagtinge is so duidelik moontlik op die vraelyste uiteengestip sodat die respondente sekerheid sou hê waaroor

die studie gaan en wat van hulle verwag word. Die betrokke personeellid is ook ingelig rakende die vereiste kriteria. Vraelyste is vrywillig voltooi wat in 'n hoë mate moontlike spanning by respondente uitgesluit het.

*4.3.1.3 Resultate verkry vanuit die empiriese proses*

Drie indikatore, naamlik manlike identiteit; die rol van die vader en ander; en verhouding met die vader is vanuit die semi-gestruktureerde onderhoudskedules met adolessente seuns geïdentifiseer. Ondervangende indikatore is onder identiteit geïdentifiseer, dit wil sê indikatore wat deel uitmaak van manlike identiteit, maar nie die term "manlike identiteit" direk omskryf nie. Hierdie indikatore is: karaktereienskappe, verhoudings, belangstelling, ander eienskappe, geloof en onsekerheid. Geen ondervangende faktore is onder die rol van die vader en ander en onder verhouding met die vader geïdentifiseer nie.

Tabel 4.1 verwys na die indikatore wat verkry is uit die semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns. Hierdie indikatore is gebruik om vrae vir die vraelyste (sien bylaag C) te konstrueer.

| **Manlike identiteit** | | **Rol van die vader en ander** | | **Verhouding met vader** | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Ondervangende indikatore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** | **Ondervang-ende indikatore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** | **Ondervang-ende indika tore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** |
| Karakter-eienskappe | 1, 2 | Geen | 8, 9, 10, 11, 18 | Geen | 12, 13, 14, 19 |
| Verhoudings | 6, 12, 13, 14, 15, 16, 17 | | | | |
| Belangstelling | 13, 14 | | | | |
| Ander eienskappe | 3, 4, 6 | | | | |
| Geloof | 3, 4, 18 | | | | |
| Onsekerheid | 1, 5, 7 | | | | |

Tabel 4.1 Indikatore vanuit semi-gestruktureerde onderhoudskedules met die adolessente seuns

Vier indikatore, naamlik manlike identiteit; die rol van die vader en ander; verhouding met die vader; en verhouding met die seun is vanuit die semi-gestruktureerde onderhoudskedules met vaders van adolessente seuns geïdentifiseer. Ondervangende indikatore is onder identiteit geïdentifiseer, dit wil sê indikatore wat deel uitmaak van manlike identiteit, maar wat nie die term "manlike identiteit" direk omskryf nie. Hierdie indikatore is: karaktereienskappe, verhoudings, belangstelling, ander eienskappe, geloof en onsekerheid. Geen ondervangende indikatore is onder die rol van die vader en ander, verhouding met die vader, en verhouding met die seun geïdentifiseer nie.

Tabel 4.2 verwys na die indikatore wat verkry is uit die semi-gestruktureerde onderhoude met vaders van adolessente seuns. Hierdie indikatore is gebruik om vrae vir die vraelyste (sien bylaag D) te konstrueer.

| **Manlike identiteit** | | **Rol van die vader en ander** | | **Verhouding met vader** | | **Verhouding met seun** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ondervang-ende indika-tore** | **Vrae waarin indika-tore voorkom** | **Ondervang-ende indikatore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** | **Onder-vang-ende indi-tore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** | **Ondervang-ende indikatore** | **Vrae waarin indikatore voorkom** |
| Karaktereien-skappe | 1, 2 | Geen | 9, 10, 11, 12, 21 | Geen | 12, 13, 14, 17, 22 | Geen | 15, 16, 18, 23 |
| Verhoudings | 7, 19, 20, 21 | | | | | | |
| Belangstelling | 16, 17, 18 | | | | | | |
| Ander eienskappe | 3, 4, 5, 7 | | | | | | |
| Geloof | 3, 5, 21 | | | | | | |
| Onsekerheid | 1, 6, 8 | | | | | | |

Tabel 4.2 Indikatore vanuit semi-gestruktureerde onderhoudskedules met die vaders van adolessente seuns

## 4.4 DATA-ONTLEDING VAN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR DIE RESPONDENTE

Data word vervolgens weergegee deur te verwys na die vrae soos uiteengesit in die vraelyste aan adolessente seuns en vaders van adolessente seuns. Resultate wat verkry is deur middel van die vraelyste word uiteengesit en gevolgtrekkings word gemaak. Resultate word egter nie in hierdie hoofstuk bespreek nie, aangesien daar in hoofstuk vyf ‘n vergelyking getref sal word met resultate van die semi-gestruktureerde onderhoudskedules ten einde die triangulering te operasionaliseer. Gevolgtrekkings word wel vanuit die figure gemaak. Kategorieë, wat as indikatore in vraelyste refklekteer, word vetgedruk aangedui.

### 4.4.1 Konsep een: die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is

Die bewustheid van die respondente oor wie en wat hulle is, lê gesetel in hulle **verhoudings met ander** en **karaktereienskappe** wat eie aan hulle persoonlikhede is. Dit is vir vaders en adolessente seuns die wyse waarop hulle hulself definieer. **Ander eienskappe** soos morele waardes en die beoefening van gemeenskaplike **fisieke aktiwiteite**, wat dikwels deelname aan sport of stokperdjies insluit, word beklemtoon as komponente wat ‘n kenmerkende profiel van die respondente bied.

**Die volgende indikatore, wat as vrae in die vraelyste geformuleer is, is omskrywend van konsep een:**

#### *4.4.1.1 Karaktereienskappe as rolspeler in manlike identiteitsbelewenis*

Tabel 4.3 gee ‘n weergawe van die karaktereienskappe en identiteitsbelewenis van die adolessente seuns en die vaders van die

adolessente seuns. By hierdie vraag antwoord die respondente of sekere karaktereienskappe hulle identiteit bepaal.


| | Ja | Nee | Onseker | Onbeantwoord | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 154 | 2 | 23 | 1 | 180 |
| **%** | 85,5 | 1 | 13 | 0,5 | 100 |
| **n (vaders)** | 42 | 0 | 0 | 0 | 42 |
| **%** | 100 | 0 | 0 | 0 | 100 |

Tabel 4.3 Menings van adolessente seuns en vaders van adolessente seuns of karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal

85.5% van die adolessente seuns is van mening dat sekere karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal. Volgens 1% bepaal karaktereienskappe nie hulle manlike identiteit nie. 13% is onseker en nul komma vyf persent het nie die vraag beantwoord nie. Volgens 100% van die vaders van adolessente seuns bepaal karaktereienskappe hulle manlike identiteit of deel daarvan.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.1 Menings van adolessente seuns en vaders van adolessente seuns of karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die sekerheid rakende identiteit en die vorming daarvan deur karaktereienskappe by vaders vasgelê is. Hierdie sekerheid kan die gevolg wees van hulle volwasse ontwikkelingsfase waarin prominente identiteitsvorming reeds plaasgevind het.

Alhoewel die meerderheid van die adolessente seuns van mening is dat karaktereienskappe hulle manlike identiteit bepaal, is daar tog twyfel by van die seuns, wat aanduidend kan wees van hulle onsekerheid oor identiteitsvorming binne die adolessente ontwikkelingsfase.

*4.4.1.2 Identifisering van karaktereienskappe*

In tabel 4.4 dui die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns karaktereienskappe aan wat hulle in hulself herken. Meer as een antwoord kon gegee word en daarom word die totaal van 180 (aantal adolessente seuns wat vraelyste voltooi het) en 42 (aantal vaders van adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.

| | **Ge-duld** | **Onge-duld** | **Vrien-delik** | **Onvrien-delik** | **Hard-wer-kend** | **Lui** | **Eer-lik** | **On-eer-lik** | **Skaam** | **Ander** | **To-taal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 49 | 80 | 172 | 7 | 116 | 52 | 164 | 14 | 79 | 124 | 957 |
| **%** | 15.5 | 8.5 | 18 | 1 | 12 | 5.5 | 17 | 1.5 | 8 | 13 | 100 |
| **n (vaders)** | 22 | 18 | 37 | 1 | 42 | 0 | 39 | 0 | 8 | 10 | 177 |
| **%** | 12.4 | 10.2 | 21 | 0.6 | 23.7 | 0 | 22 | 0 | 4.5 | 5.6 | 100 |

Tabel 4.4 Herkenning van karaktereienskappe deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns


18% van die adolessente seuns is van mening dat hulle manlike identiteit gekenmerk word deur vriendelikheid en 17% noem dat eerlikheid deel vorm van hulle manlike identiteit. 15.5% sien geduld as deel van hulle manlike identiteit en 12% hardwerkendheid. 10% is van mening dat hulle nie skaam is nie en dat dit hulle manlike identiteit bepaal, terwyl 8.5% na hulle ongeduld verwys, 8% dat hulle skaam is, 5.5% na luiheid, 1.5% na oneerlikheid en 1% na onvriendelikheid.

Karaktereienskappe wat by die adolessente seuns onder “ander” aangedui word, is: nie skaam nie (75%), mededeelsaamheid (1.6%), om snaaks te wees (0.8%), vasberadenheid (0.8%), humeur (0.8%), liefdevolheid (1.6%), lojaliteit (0.8%), betroubaarheid (1.6%), uitdagendheid (0.8%), nederigheid (0.8%), behulpsaamheid (0.8%), gebruikmaking van lyftaal (0.8%) en herkoms (0.8%).

Die meeste vaders van adolessente seuns (23.7%) antwoord dat hardwerkendheid deel uitmaak van hulle manlike identiteit, 22% verwys na hulle eerlikheid en 21% na hulle vriendelikheid. 12.4% noem dat hulle geduldigheid deel is van hulle manlike identiteit, terwyl 10.2% na hulle ongeduldigheid verwys. Volgens 4.5% is hulle skaam en 0.6% is onvriendelik. 5.6% verwys na ander karaktereienskappe. Karaktereienskappe wat onder “ander” genoem word, is: humor (20%), deursettingsvermoë (10%), selfvertroue (10%), stiptelik (10%), pligsgetrou (10%), spontaan (10%), ywerig (10%), godsdienstig (10%) en sober lewe (10%).

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.2 Herkenning van karaktereienskappe deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns



Vanuit hierdie data is dit duidelik dat vriendelikheid as die mees prominente karaktereienskap deur adolessente seuns as deel van hulle manlike identiteit herken word. Die drie ander prominente karaktereienskappe wat uitgelig word, is eerlikheid, geduldigheid en hardwerkendheid. Al vier prominente karaktereienskappe wat deur die adolessente seuns geïdentifiseer word, word ook deur die vaders uitgewys as deel van hulle manlike identiteit. Dit is opvallend dat karaktereienskappe wat as positief deur die samelewing beleef word as deel van manlike identiteit beklemtoon word, terwyl negatiewe eienskappe soos luiheid, ongeduld, onvriendelikheid en oneerlikheid onderspeel word. Die belangrikheid vir die man dat die samelewing positiewe karaktereienskappe in hom as man sien, kan hierdeur afgelei word.

*4.4.1.3 Ander bepalende faktore vir respondente tot hulle manlike identiteit*

Tabel 4.5 gee 'n weergawe van addisionele eienskappe wat volgens die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns deel uitmaak van hulle manlike identiteit. Meer as een antwoord kon gegee word en daarom word die totaal van 180 (aantal adolessente seuns wat vraelyste voltooi het) en 42 (aantal vaders van adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.

| | **Vriende** | **Verhouding met God** | **Kleredrag** | **Hoeveelheid geld in sak** | **Taal** | **Velkleur** | **Geslag** | **Ander** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 158 | 160 | 49 | 15 | 8 | 86 | 65 | 7 | 548 |
| **%** | 28.9 | 29.2 | 8.8 | 2.7 | 1.5 | 15.7 | 11.9 | 1.3 | 100 |
| **n (vaders)** | 24 | 35 | 13 | 14 | 23 | 13 | 18 | 1 | 141 |
| **%** | 17 | 24.8 | 9.2 | 10 | 16.3 | 9.2 | 12.8 | 0.7 | 100 |

Tabel 4.5 Addisionele eienskappe wat bydrae tot manlike identiteit van adolessente seuns en vaders van die adolessente seuns


Ten opsigte van addisionele eienskappe noem 29.2% van die adolessente seuns dat hulle verhouding met God 'n bepalende faktor speel ten opsigte van

hulle manlike identiteit. 28.9% verwys na die rol wat hulle vriende speel ten opsigte van hulle manlike identiteit. 15.7% noem dat hulle manlike identiteit ook bepaal word deur hulle velkleur en 11.9% is van mening dat hulle geslag bepalend is ten opsigte van hulle manlike identiteit. 8.8% noem dat hulle kleredrag bepalend is tot hulle manlike identiteit en 2.7% verwys na die hoeveelheid geld in hulle sak wat 'n bydraende faktor tot hulle manlike identiteit is. Verder verwys 1.5% na die taal wat hulle praat en 1.3% na ander faktore wat bydra tot hulle manlike identiteit.

Volgens 24.8% van die vaders van adolessente seuns vorm hulle verhouding met God 'n belangrike deel van hulle manlike identiteit. 17% noem dat vriende deel vorm van hulle manlike identiteit, 16.3% verwys na die taal wat hulle praat en volgens 12.8% maak hulle geslag deel uit van hulle manlike identiteit. 10% verwys na die hoeveelheid geld in hulle sak. 9.2% noem dat hulle kleredrag en velkleur 'n rol speel ten opsigte van hulle manlike identiteit en 0.7% verwys na ander eienskappe. Selfstandigheid word as 'n "ander" eienskap genoem.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.3 Addisionele eienskappe wat bydrae tot manlike identiteit van adolessente seuns en vaders van die adolessente seuns



Vanuit hierdie data word die belangrikheid van verhoudings beklemtoon as addisionele eienskap wat manlike identiteit bepaal. Sowel die vaders van adolessente seuns as die adolessente seuns dui aan dat hulle verhouding met God die belangrikste eienskap is wat hulle manlike identiteit vorm, waarna die rol van vriende in hulle lewe geplaas word. Die behoefte aan erkenning en die verhouding tot iemand, hetsy mens of God, om manlike identiteit te bevestig, blyk belangriker te wees as ander fisiese eienskappe wat mense van mekaar onderskei, soos die tipe klere wat gedra word en die hoeveelheid geld waaroor jy beskik. ‘n Eienskap wat deur beide groepe respondente as ewe belangrik beskou word en wat as die vierde belangrikste eienskap aangedui word is verskille ten opsigte van geslag. Manlike identiteit word dus bepaal in teenstelling met vroulike identiteit.

*4.4.1.4 Betrokkenheid in fisieke aktiwiteite in bepaling van manlike identiteit*

Tabel 4.6 en tabel 4.7 gee onderskeidelik ‘n weergawe van fisieke aktiwiteite wat volgens die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns ‘n bydraende faktor is tot hulle manlike identiteit.

Die data vanuit die vraelyste is in verband gebring met konsep een waarna sekondêre data-ontleding vanuit bestaande vrae, naamlik vraag 13 by adolessente seuns en vraag 16 by vaders van adolessente seuns, soos volg saamgestel en ontleed is. Alhoewel die spesifieke vrae opgestel is na aanleiding van die verhouding tussen vader en seun, gee dit tog ook ‘n aanduiding dat fisieke aktiwiteite belangrik is vir vaders en seuns ten opsigte van hulle manlike identiteit.

| Aktiwiteit | n | % |
|---|---|---|
| Beoefen sport saam met seun | 13 | 31 |
| Doen dieselfde buitemuurse aktiwiteit as seun | 20 | 47.6 |
| Beoefen stokperdjie saam met seun | 18 | 42.9 |

Tabel 4.6 Vaders: fisieke aktiwiteite en identiteit

| Aktiwiteit | n | % |
|---|---|---|
| Beoefen sport saam met seun | 67 | 37.2 |
| Doen dieselfde buitemuurse aktiwiteit as seun | 84 | 46.7 |
| Beoefen stokperdjie saam met seun | 64 | 35.6 |

Tabel 4.7 Adolessente seuns: fisieke aktiwiteite en identiteit

Beide vaders en seuns se manlike identiteit word die sterkste verbind met buitemuurse aktiwiteite wat fisieke aktiwiteite betref. Tweedens is dit belangrik vir adolessente seuns om sport saam met hulle vaders te beoefen, wat ‘n bepalende faktor ten opsigte van hulle manlike identiteit is, terwyl vaders ‘n stokperdjie sou verkies. Naas stokperdjies is sport belangrik vir die vaders, terwyl stokperdjies vir die adolessente seuns in ‘n laer rangorde val as sport in terme van hulle manlike identiteit. Om fisiek aktief te wees blyk ‘n belangrike rol te speel in die bepaling van manlike identiteit. Vaders en adolessente seuns ervaar hulle fisieke betrokkenheid by aktiwiteite as deel van hulle manlike identiteit.

#### *4.4.1.5 Verhoudings en bepaling van identiteit*

In tabel 4.8 dui die adolessente seuns aan wie volgens hulle die grootste invloed het op hulle identiteit. Aangesien meer as een antwoord gegee kon word, word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.


| | Bio-logiese pa | Bio-logiese ma | Stiefpa | Stiefma | Albei ouers | Ander familie | Vriende | Onderwysers | God | Sportafrigter | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| n | 18 | 13 | 7 | 5 | 156 | 136 | 129 | 29 | 149 | 23 | 14 | 679 |
| % | 2.7 | 1.9 | 1 | 0.7 | 23 | 20 | 19 | 4.3 | 21.9 | 3.4 | 2.1 | 100 |

Tabel 4.8 Persone wat grootste invloed het op adolessente seuns se identiteit

Volgens 23% van die respondente het albei hulle ouers ewe veel invloed op hulle identiteit. 21.9% noem dat God die grootste invoed het op hulle identiteit, 20% verwys na ander familie en 19% na vriende. 4.3% is van mening dat onderwysers die grootste rol speel in terme van hulle identiteit, 3.4% verwys na die sportafrigter. 2.7% noem dat slegs die biologiese vader, en nie die biologiese moeder nie, die grootste invloed het op hulle identiteit, terwyl 1.9% weer slegs die moeder beklemtoon en nie die vader nie. 2.1% verwys na ander persone, terwyl 1% die stiefvader uitsonder en 0.7% die stiefmoeder.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.4 Persone wat grootste invloed het op adolessente seuns se identiteit



Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die adolessente seuns hulle ouers as die grootste invloed op hulle manlike identiteit sien. Die belangrikheid van die ouers binne die primêre gesin ten opsigte van die vestiging van manlike identiteit word hierdeur beklemtoon. Die vaders speel ook ‘n meer prominente rol as die moeders in terme van die vestiging van manlike identiteit. Naas die ouers word God gesien as die grootste invloed op hulle identiteit. Dit korreleer met figuur 4.3 waar die vaders God as die grootste invloed sien op hulle manlike identiteit. Die waardes van die vaders word dus oorgedra aan die seuns. Dit blyk dat familie ‘n belangriker rol speel ten opsigte van beïnvloeding van manlike identiteit as vriende. Alhoewel die portuurgroep tydens adolessensie ‘n belangrike rol speel in identiteitsvorming, blyk dit dat die familie van die adolessente seuns ‘n groter rol speel.

In tabel 4.9 dui die vaders van adolessente seuns aan wie volgens hulle die grootste invloed het op hulle identiteit, uitgesluit sy lewensmaat. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.

| | **Bio-logiese pa** | **Bio-logiese ma** | **Al-bei ouers** | **My kind/-ers** | **An-der fami-lie** | **Vrien-de** | **God** | **My stief-pa** | **My stief-ma** | **An-der** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 6 | 7 | 2 | 22 | 6 | 9 | 34 | 1 | 0 | 2 | 89 |
| **%** | 6.8 | 7.9 | 2.2 | 24.7 | 6.8 | 10.1 | 38.2 | 1.1 | 0 | 2.2 | 100 |


Tabel 4.9 Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se identiteit

Volgens 38.2% het God die grootste invloed op hulle identiteit, terwyl 24.7% van mening is dat hulle kinders die grootste invloed het. 10.1% dui aan dat vriende die grootste invloed op hulle identiteit het en 7.9% verwys na hulle biologiese moeders. 6.8% noem dat hulle biologiese vaders en ander familie die grootste invloed het en 2.2% verwys na albei hulle ouers en ander

persone. Een respondent verwys na sy vennoot onder “ander”. 1.1% verwys na hulle stiefvaders.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.5 Persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se identiteit




Vanuit hierdie data word die afhanklikheid van God in terme van identiteitsvestiging beklemtoon. Die vaders se interaksie verskuif vanaf sy breër familie na sy eie gesin en vriende. Kinders is naas God die grootste bevestiging van die vaders se manlike identiteit en bevestig die belangrikheid vir vaders dat identiteit oorgedra kan word oor geslagte heen. Kinders maak van die vaders manne. Vaders as gesagsfigure moet kan opkyk vir leiding, ondersteuning of sogenaamde mentorskap. Hierdie leiding word vanaf God verkry, wat die vader se identiteit as hoof van die huis ondersteun.

### *4.4.1.6 Algemene gevolgtrekking*

Vanuit bogenoemde indikatore word die algemene gevolgtrekking gemaak dat die meeste vaders seker is dat hulle manlike identiteit gevestig is en dat sekere karaktereienskappe deel daarvan vorm. Daar bestaan wel twyfel by adolessente seuns rakende die gevestigheid van hulle manlike identiteit wat

korreleer met die fase van identiteitsverwarring tydens adolessensie. Die man se manlike identiteit word deels deur die samelewing gevorm na aanleiding van sekere eienskappe wat vir die man belangrik is en wat sogenaamde “goeie” eienskappe is om te hê volgens die samelewing se waardes en norme. Verhoudings is belangrik vir manlike identiteitsvorming en daar bestaan ‘n behoefte aan erkenning binne hierdie verhoudings. Hierdie erkenning bemagtig die vorming van manlike identiteit. Die belangrikste verhouding in terme van manlike identiteitsvorming is die vader en seun se verhouding met God. Die vader se verhouding met God gee aan hom die sekerheid om leiding te neem binne sy gesin as hy onsekerheid ervaar. Hierdie verhouding met God is ook die grootste bepaler van manlike identiteit volgens die adolessente seuns. Vaders het ‘n behoefte dat hulle manlike identiteit aan hulle seuns oorgedra word en hulle seuns word verlengstukke van die vaders se manlike identiteit. Familie is belangriker in terme van die vorming van manlike identiteit vir adolessente seuns as die portuurgroep. Mans stel manlike identiteit teenoor vroulike identiteit.

### 4.4.2 Konsep twee: die begrip wat bestaan by respondente oor wat manlike identiteit per definisie behels, dui op die (on)begrip en verstaan van geslags- en roldifferensiasie

Die verskille tussen mans en vroue en rolvertolking ten opsigte van hierdie verskille ontwikkel met verloop van tyd en kan deur vaders aan hulle seuns oorgedra word. Indien seuns geleer word hoe om hulself te definieer ten opsigte van vroulike identiteit sal die belangrikheid van optrede teenoor vroulike identiteit deel vorm van hulle manlike identiteitsvorming.

**Die volgende indikatore, wat as vrae in die vraelyste geformuleer is, is omskrywend van konsep twee:**

*4.4.2.1 Eerste gedagtes rakende manlike identiteit*

In tabel 4.10 noem die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns die eerste gedagte wat by hulle opkom as hulle aan manlike identiteit dink. Sommige van die respondente het meer as een antwoord gegee wat gelei het tot die oorskryding van die totaal van 180 (aantal adolessente seuns wat die vraelyste voltooi het) en 42 (aantal vaders wat die vraelyste voltooi het).

| Weet nie | | Fisiese verskil t.o.v. vrou | | Emosio-nele verskil t.o.v. vrou | | Geestelike verskil t.o.v. vrou | | Intellektu-ele verskil t.o.v. vrou | | Belang-stelling as man | | Ander | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** | **Pa** | **Seun** |
| 0 | 21 | 32 | 25 | 21 | 60 | 12 | 16 | 10 | 27 | 20 | 110 | 1 | 13 | 96 | 272 |
| 0 % | 7.7% | 33.3% | 9.2% | 22% | 22.1% | 12.5% | 5.9% | 10.4% | 9.9% | 20.8% | 40.4% | 1% | 4.8% | 100% | 100% |

Tabel 4.10 Die eerste gedagtes wat opkom ten opsigte van manlike identiteit (adolessente seuns en vaders)


40.4 van die adolessente seuns het aangedui dat die eerste gedagte/s wat opkom as hulle aan manlike identiteit dink hulle belangstellings as mans is.

22.1% het die emosionele verskil ten opsigte van vroue aangedui, terwyl 9.9% na die intellektuele verskille ten opsigte van vroue verwys het. 9.2% het genoem dat fisiese verskille ten opsigte van vroue die eerste gedagte is wat opkom en 5.9% het na die geestelike verskille ten opsigte van vroue verwys. 7.7% het nie geweet nie en 4.8% het na ander faktore verwys.

Volgens 33.3% van die vaders van adolessente seuns kom gedagtes van fisiese eienskappe op wat hulle van vroue onderskei na vore as hulle aan manlike identiteit dink, terwyl 22% na emosionele verskille tussen mans en vroue verwys. 20.8% dink aan hulle belangstellings as mans. 12.5% noem dat gedagtes ten opsigte van geestelike verskille met vroue opkom, terwyl 10.4% na intellektuele verskille met vroue verwys. 1% het genoem dat ander faktore 'n rol speel, maar het nie spesifiek aangedui watter faktore nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.6 Die eerste gedagte wat opkom ten opsigte van manlike identiteit (adolessente seuns en vaders)



Vanuit hierdie figuur is dit duidelik dat belangstelling vir adolessente seuns die belangrikste aspek is wat hulle manlike identiteit vorm, terwyl by die vaders die belangrikste aspek hulle fisiese verskil ten opsigte van vroue is. Belangstelling by die vaders word as derde belangrikste aangedui en fisieke verskille by die adolessente seuns as vierde belangrikste. Die verskil ten opsigte van belangstelling is aanduidend van die verskillende ontwikkelingsfases waarin die twee groepe respondente verkeer. Die vaders se belangstellings is meestal reeds gevestig, terwyl die adolessente seuns se soeke na waar hulle plek binne die samelewing val, hulle laat fokus op hulle belangstellings wat hulle van ander, en veral die vroulike geslag, onderskei. Die adolessente seuns begin hulself voorberei vir 'n loopbaan en belangstellings speel ook hier 'n belangrike rol. Sosiale rolverdeling tussen mans en vroue mag moontlik veroorsaak dat vaders meer bewus van die verskille tussen mans en vroue is, terwyl die adolessente seuns nog nie langtermynblootstelling aan hierdie tipiese rolverwagtinge ervaar het nie.

#### *4.4.2.2 Algemene gevolgtrekking*

Mans sien hulle identiteit as teenoorstaande van vroulike identiteit. Die vaders ervaar hulle fisiese verskil ten opsigte van vroue as die grootste aanduider dat hulle oor manlike identiteit beskik, terwyl adolessente seuns die verskil in belangstellings met vroue uitlig.

### 4.4.3 Konsep drie: Die verband wat bestaan tussen eie belewenis van manlike identiteit en verhouding met vaders/seuns

Die persepsie bestaan dat meer gehalte tyd saam met mekaar nodig is. Gedeelde belangstelling wat deel uitmaak van hierdie tyd saam word as 'n belangrike aspek beskou. Om tyd saam te spandeer omsluit faktore wat aanleiding gee tot manlike identiteitsvorming soos onder meer kommunikasie, modellering en optrede. Sonder tyd sal die vader/seun verhouding nie

genoegsame potensiaal bied waarbinne vaders hulle seuns kan begelei tot manlike identiteit nie.

**Die volgende indikatore, wat as vrae in die vraelyste geformuleer is, is omskrywend van konsep drie:**

*4.4.3.1 Gevestigheid van manlike identiteit*

Tabel 4.11 gee 'n aanduiding van die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns se opinies of hulle manlike identiteit op hierdie stadium van hulle lewens gevestig is.

| | **Ja** | **Nee** | **Onseker** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 146 | 5 | 29 | 180 |
| **%** | 81.1 | 2.8 | 16.1 | 100 |
| **n (vaders)** | 41 | 0 | 1 | 42 |
| **%** | 98 | 0 | 2 | 100 |


Tabel 4.11 Aanduiding van gevestigheid van manlike identiteit

Uit 'n totaal van 180 adolessente seuns antwoord 81.1% dat hulle seker is dat hulle manlike identiteit gevestig is. 16.1% dui aan dat hulle onseker is en 2.8% noem dat hulle manlike identiteit nog nie op hierdie stadium van hulle lewe gevestig is nie.

Volgens 98% van die vaders van adolessente seuns het hulle sekerheid dat hulle manlike identiteit gevestig is, terwyl 2% onseker is. Nie een van die vaders het aangedui dat hulle manlike identiteit nie gevestig is nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.7 Aanduiding van gevestigheid van manlike identiteit




Vanuit hierdie data kan afgelei word dat sekerheid rakende die gevestigheid van manlike identiteit toeneem namate daar van adolessensie na volwassenheid beweeg word. Die dinamika van identiteit word egter beklemtoon in die onsekerheid van die volwasse mans wat aanduidend kan wees dat manlike identiteit by mans ‘n proses is en nooit werklik totaal gevestig word in ‘n spesifieke lewensfase nie.

*4.4.3.2 Redes vir gevestigde manlike identiteit*

In tabel 4.12 dui die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns aspekte aan wat volgens hulle veroorsaak dat hulle manlike identiteit gevestig is. Meer as een antwoord kon gegee word wat gelei het tot die oorskryding van die totaal van 180 (aantal adolessente seuns wat vraelyste voltooi het) en 42 (totale aantal vaders wat die vraelyste voltooi het).

| | Genetiese eienskappe | Gedrag uit eie wil van pa geleer | Gedrag uit eie wil van ma geleer | Gedrag wat afgedwing is | Geboorte van my kind/ers | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 92 | 120 | 36 | 19 | 0 | 20 | 287 |
| **%** | 32.1 | 41.8 | 12.5 | 6.6 | 0 | 7 | 100% |
| **n (vaders)** | 29 | 30 | 21 | 5 | 23 | 3 | 111 |
| **%** | 26.1 | 27 | 19 | 4.5 | 20.7 | 2.7 | 100 |


Tabel 4.12 Redes wat gegee word waarom manlike identiteit gevestig is

41.8% van die adolessente seuns voer aan dat die gedrag wat hulle van hulle vaders geleer het bydra tot die gevestigheid van hulle manlike identiteit en 32.1% noem dat genetiese eienskappe volgens hulle ‘n rol speel. 12.5% verwys na die rol wat hulle moeder speel en gedrag wat vanaf haar aangeleer is. 7% noem dat ander faktore ‘n rol speel en 6.6% is van mening dat hulle manlike identiteit gevestig is deur gedrag wat op hulle afgedwing is.

27% van die vaders het aangedui dat gedrag wat hulle van hulle vaders geleer het hulle manlike identiteit vestig, terwyl 26.1% na genetiese eienskappe verwys het wat hulle manlike identiteit bepaal. Volgens 20.7% het die geboorte van hulle kinders hulle manlike identiteit help vestig en 19% het gedrag wat hulle van hulle moeders geleer het voorgehou. 4.5% het aangedui dat hulle manlike identiteit onder andere gevestig is deur gedrag wat op hulle afgedwing is en 2.7% het na ander aspekte verwys. Een vader het onder “ander” geantwoord dat hy onseker is of sy manlike identiteit gevorm is en ‘n ander het geestelike ervaring bygevoeg. Alhoewel nog ‘n respondent “ander” gemerk het, is geen spesifieke aspek aangedui nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.8 Redes wat gegee word waarom manlike identiteit gevestig is




Vanuit hierdie data word die oordra van manlike identiteit van vader na seun deur modellering bevestig. Mans het nodig om by hulle vaders te leer waardeur hulle eie manlike identiteit bevestig word. Vaders sien hulle adolessente seuns ook as ‘n verlengstuk van hulle eie identiteit. Die onlosmaaklike aandeel van genetika in die vestiging van manlike identiteit word ook bevestig.

#### *4.4.3.3 Onsekerheid rakende manlike identiteit*

Die adolessente seuns en die vaders van die adolessente seuns merk aspekte waaroor hulle onseker is ten opsigte van hulle manlike identiteit. In tabel 4.13 word hierdie aspekte aangedui. Meer as een antwoord kon gegee word wat gelei het tot die oorskryding van die totaal van 180 (aantal adolessente seuns wat vraelyste voltooi het).

| | Seksuele oriëntering | Fisiese eienskappe | Emosionele eienskappe | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 12 | 60 | 59 | 64 | 195 |
| **%** | 6.2 | 30.8 | 30.3 | 32.7 | 100 |
| **n (vaders)** | 0 | 0 | 8 | 34 | 42 |
| **%** | 0 | 0 | 19 | 81 | 100 |


Tabel 4.13 Aspekte wat onsekerheid by die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns veroorsaak rakende hulle manlike identiteit

45.3% van die 32.7% van die adolessente seuns wat "ander" gemerk het, het aangedui dat hulle geensins onseker is oor enige aspek van hulle manlike identiteit nie. 30.8% van die respondente het aangedui dat hulle onsekerheid ervaar oor die fisiese eienskappe rakende hulle manlike identiteit en 30.3% het emosionele eienskappe uitgewys. 6.2% het aangedui dat hulle onsekerheid ervaar rakende hulle seksuele oriëntering.

81% van die vaders het onder "ander" aangedui dat hulle oor geen aspekte ten opsigte van hulle manlike identiteit onseker is nie. 19% het genoem dat hulle onsekerheid beleef rakende die emosionele eienskappe van hulle manlike identiteit.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.9 Aspekte wat onsekerheid by die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns veroorsaak rakende hulle manlike identiteit




Vanuit hierdie data kan die gevolgtrekking gemaak word dat die sekerheid rakende manlike identiteit toeneem met volwassewording. Al die vaders, behalwe 19%, het onder "ander" aangedui dat hulle geen onsekerheid rakende hulle manlike identiteit ervaar nie. Die adolessente seuns se fase van ontwikkeling word gekenmerk deur identiteitsvorming teenoor identiteitsverwarring en korreleer met bogenoemde data deurdat daar onsekerheid op fisiese en emosionele vlak bestaan, sowel as ten opsigte van seksuele oriëntering.

### *4.4.3.4 Beïnvloeding van vaders op adolessente seuns se manlike identiteit*

In tabel 4.14 dui die adolessente seuns aan of hulle manlike identiteit ook gevorm word deur hulle vaders.


| | Ja | Nee | Onseker | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| n | 147 | 15 | 18 | 180 |
| % | 81.7 | 8.3 | 10 | 100 |

Tabel 4.14 Die vaders se invloed op die adolessente seuns se manlike identiteit

81.7% van die adolessente seuns is van mening dat hulle manlike identiteit ook deur hulle vaders gevorm word, 10% was onseker en 8.3% het aangedui dat hulle vaders nie 'n rol speel ten opsigte van die vorming van hulle manlike identiteit nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.10 Die vaders se invloed op die adolessente seuns se manlike identiteit




Vanuit hierdie data kan afgelei word dat vaders 'n prominente rol speel in die vorming van hulle adolessente seun se manlike identiteit.

#### *4.4.3.5 Aspekte van vaders wat die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed*

In tabel 4.15 verwys die adolessente seuns na aspekte van hulle vaders wat 'n rol speel in terme van hulle (adolessente) identiteit. Aangesien meer as een antwoord gegee kon word, word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.

| **Respons** | **n** | **%** |
|---|---|---|
| Dissipline/Opvoeding | 20 | 9.4 |
| Pa as rolmodel (wat hy doen en hoe hy is) | 82 | 38.5 |
| Dieselfde belangstelling | 16 | 7.5 |
| Pa se houding | 4 | 1.9 |
| Pa se seksualiteit | 1 | 0.5 |
| Tyd saam met pa | 4 | 1.9 |
| Pa se liefde vir adolessent | 1 | 0.5 |
| Tipe verhouding | 8 | 3.8 |
| Karaktereienskappe | 32 | 15 |
| Hoe pa met adolessent kommunikeer | 2 | 0.9 |
| Fisiese eienskappe | 5 | 2.3 |
| Talente | 4 | 1.9 |
| Vaardighede | 2 | 0.9 |
| Optrede teenoor ander | 9 | 4.2 |
| Pa se christenskap | 6 | 2.8 |
| Pa se beginsels/waardes | 3 | 1.4 |
| Respek vir pa | 4 | 1.9 |
| Genetika | 2 | 0.9 |
| Onseker | 1 | 0.5 |
| Positiwiteit | 3 | 1.4 |
| Negatiwiteit | 3 | 1.4 |
| Alles | 1 | 0.5 |
| Totaal | 213 | 100 |

Tabel 4.15 Aspekte van die vaders wat die adolessent seuns se manlike identiteit beïnvloed


38.5% van die adolessente seuns is van mening dat hulle manlike identiteit beïnvloed word deur hulle vaders wat as rolmodel vir hulle optree, terwyl 15% spesifiek na hull evaders se karaktereienskappe verwys. 9.4% verwys na hulle vaders se dissipline en manier van opvoeding wat hulle manlike identiteit beïnvloed en 7.5% noem dat dit dieselfde belangstellings is wat 'n rol speel. 4.2% verwys na hulle vaders se optrede teenoor ander wat 'n invloed het op hulle manlike identiteit en 3.8% noem dat hulle tipe verhouding met hulle vaders is wat 'n rol speel.

Die feit dat hulle vaders Christene is, beïnvloed volgens 2.8% hulle manlike identiteit, terwyl 2.3% na hulle vaders se fisiese eienskappe verwys wat 'n rol speel. 1.9% dui aan dat respek vir hulle vaders, hulle vaders se talente, tyd saam met mekaar en hulle vaders se houdings 'n ewe groot invloed het op hulle manlike identiteit, terwyl 1.4% hulle vaders se beginsels en waardes, asook positiewe en negatiewe aspekte van hulle vaders uitlig as aspekte wat 'n invloed het op hulle manlike identiteit. 0.9% verwys na genetika, hulle vaders se vaardighede en hoe hulle vaders met hulle kommunikeer as invloede op hulle manlike identiteit, terwyl 0.5% noem dat hulle vaders se liefde vir hulle hulle manlike identiteit beïnvloed.

Laastens word daar genoem dat alles (0.5%) van hulle vaders 'n rol speel en 0.5% van die adolessente seuns is onseker oor die aspekte van hulle vaders wat 'n rol op hulle manlike identiteit kan speel.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.11 Aspekte van die vaders van die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed




Vanuit hierdie data word die gevolgtrekking gemaak dat die vaders as rolmodelle 'n betekenisvolle invloed op die vestiging van die adolessente seuns se manlike identiteit het. Dit wie die vaders is, hoe hulle teenoor die adolessente seuns gaan optree, hulle dissiplineer en tyd saam met hulle spandeer, gaan 'n invloed hê op die manlike identiteit van die seuns.

#### *4.4.3.6 Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie*

In tabel 4.16 gee die adolessente seuns redes waarom hulle van mening is dat hulle vaders nie 'n rol speel in terme van hulle identiteit nie.


| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Sien pa nie baie nie | 2 | 13.3 |
| Is baie anders as pa | 2 | 13.3 |
| Besluit vir myself/individualisties | 2 | 13.3 |
| Maak keuses volgens eie ervaring en perspektief | 1 | 6.7 |
| Ouers is geskei | 1 | 6.7 |
| Geen invloed of reaksie van pa | 7 | 46.7 |
| Totaal | 15 | 100 |

Tabel 4.16 Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie

Volgens 46,7 % van die respondente het hulle vaders nie 'n invloed op hulle manlike identiteit nie, aangesien hulle geen reaksie van hulle vaders ontvang nie. 13,3 % het genoem dat hulle individualisties is en nog 13.3% het genoem dat hulle nooit hulle vaders sien nie. 6.7 % het genoem dat hulle vaders geen invloed het op hulle nie, dat hulle ouers geskei is, dat hulle keuses maak volgens eie ervaring en perspektief, dat hulle vir hulself besluit en dat hulle anders is as hulle vaders.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.12 Redes waarom die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie




Vanuit die data is dit duidelik dat vaders wat nie 'n invloed op hulle adolessente seuns se identiteit het nie, nie genoeg tyd saam met die seuns spandeer nie. Die uniekheid van die adolessente seuns en verskil van die vaders dra ook by dat die vaders nie die adolessente seuns se manlike identiteit beïnvloed nie. Hierdie uniekheid kan ook gevestig word deurdat die vaders nie genoeg tyd met hulle seuns spandeer nie en dus nie as rolmodel optree waarvolgens hulle 'n invloed op hulle seuns kan hê nie.

*4.4.3.7 Beïnvloeding van eie vaders ten opsigte van manlike identiteit*

In tabel 4.17 noem die vaders van adolessente seuns of hulle eie vaders 'n rol speel in terme van hulle eie manlike identiteit. Hulle dui ook aan in watter mate en of hulle vaders nie hulle manlike identiteit beïnvloed nie.

Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.

| **Ja** | **n** | **%** | **Nee** | **n** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|
| Beroep | 1 | 1.8 | Negatief | 6 | |
| Emosionele eienskappe | 4 | 7 | | | |
| Betrokkenheid by gesin | 2 | 3.5 | | | |
| Geloof | 4 | 7 | | | |
| Waardes / norme | 3 | 5.3 | | | |
| Karaktereienskappe | 23 | 40.4 | | | |
| Lewenstyl | 7 | 12 | | | |
| Rolmodel | 5 | 8.8 | | | |
| Opvoeding | 2 | 3.5 | | | |
| Voorsien sekerheid | 1 | 1.8 | | | |
| Dissipline | 1 | 1.8 | | | |
| Gebrekkige belangstelling | 1 | 1.8 | | | |
| Sy manlikheid | 1 | 1.8 | | | |
| Optrede teenoor ander | 2 | 3.5 | | | |
| Totaal | 57 | 100 | | 6 | 100 |

Tabel 4.17 Beïnvloeding van eie vaders op die manlike identiteit van die vaders van adolessente seuns


Volgens 40.4% van die respondente wat geantwoord het dat hulle vaders hulle manlike identiteit beïnvloed, het die beïnvloeding as gevolg van hulle vaders se karaktereienskappe geskied. 12% het aangedui dat hulle vaders se lewenstyl 'n invloed op hulle manlike identiteit het en 8.8% noem die feit dat hulle vaders rolmodelle vir hulle is en so hulle manlike identiteit beïnvloed het. 7% verwys na hulle vaders se geloof en emosionele eienskappe wat hulle manlike identiteit beïnvloed en 5.3% na hulle vaders se waardes en norme. Betrokkenheid by die gesin, opvoeding en optrede teenoor ander word deur 3.5% van die respondente aangedui as rolspelers ten opsigte van die beïnvloeding van hulle vaders op hulle manlike identiteit. 1.8% van die respondente noem dat hulle vaders se beroep, die feit dat hulle sekuriteit

voorsien, hulle dissipline, asook hulle gebrek aan belangstelling hulle manlike identiteit beïnvloed.

Al die respondente (100%) wat geantwoord het dat hulle vaders nie 'n rol speel ten opsigte van hulle manlike identiteit nie, het geantwoord dat hulle verhoudings met hulle vaders negatief is.

Data wat aandui dat die vaders van die vaders van adolessente wel 'n rol speel in terme van identiteit, word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.13 Beïnvloeding van eie vaders op die manlike identiteit van die vaders van adolessente seuns




Vanuit hierdie data kan afgelei word dat dit wie die vaders is, en hoe hulle optree in hulle verhoudings met hulle adolessente seuns, 'n invloed het op die manlike identiteit van hulle seuns.  Dit is nie slegs fisiese optrede van die vaders wat hierdie manlike identiteit by hulle seuns bepaal nie, maar ook dit

wat die seuns by hulle vaders waarneem in terme van hulle gedrag teenoor hulle seuns en teenoor ander.

### *4.4.3.8 Oordra van manlike identiteit*

In tabel 4.18 noem die adolessent seuns aspekte van hulle vaders wat hulle na hulle eie kind/ers sal wil oordra of nie. Aangesien meer as een antwoord gegee kon word, word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry, en die persentasie teenoor die hoeveelheid wat voltooi is, bereken.

| **Ja** | **n** | **%** | **Nee** | **n** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|
| Vaardighed | 1 | 0.4 | Pa ly aan "enigste kind sindroom" | 1 | 8.3 |
| Respek vir ander buite gesin | 34 | 14.3 | Pa is selfsugtig | 1 | 8.3 |
| Gryp geleenthede aan | 4 | 1.7 | Pa is ongeduldig | 3 | 25.3 |
| Opvoeding | 21 | 9 | Pa is té perfek | 1 | 8.3 |
| Optrede/Gedrag | 28 | 11.8 | Pa is humeurig | 1 | 8.3 |
| Dissipline | 13 | 5.5 | Pa is onbeskof | 1 | 8.3 |
| Respek vir die lewe | 6 | 2.5 | Wil nie rassisme oordra nie | 1 | 8.3 |
| Christenskap | 12 | 5.1 | Pa is hardkoppig | 1 | 8.3 |
| Ondersteuning in sport | 2 | 0.8 | Denkwyse verskil van pa | 1 | 8.3 |
| Waardes/norme | 23 | 9.7 | Wantroue | 1 | 8.3 |
| Belangrikheid van gesin | 8 | 3.4 | | | |
| Respek vir jou vrou | 10 | 4.2 | | | |
| Belangstelling | 9 | 3.8 | | | |
| Karaktereienskappe | 50 | 21.1 | | | |
| Respek vir jouself | 2 | 0.8 | | | |
| Ondersteuning aan seun/kinders | 4 | 1.7 | | | |
| Spesiale tyd saam spandeer | 6 | 2.5 | | | |
| Baie dinge | 4 | 1.7 | | | |
| Totaal | 237 | 100 | | 12 | 100 |


Tabel 4.18 Aspekte wat die adolessente seuns van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra of nie

Van die adolessente seuns wat aangedui het dat daar wel aspekte van hulle vaders is wat hulle aan hulle eie kinders sal wil oordra, noem 21.1% dat hulle hulle vaders se karaktereienskappe sal wil oordra. 14.3% verwys na hulle vaders se respek vir ander buite die gesin, 11.8% na hulle vaders se optrede en gedrag en 9.7% na waardes en norme van hulle vaders. 9% verwys na die opvoeding wat hulle van hulle vaders ontvang en 5.5% na dissipline. 4.2% sal wil hê dat hulle eie kinders teenoor hulle vroue moet optree soos hulle vaders teenoor hulle vroue optree. 3.8% beklemtoon hulle vaders se belangstellings en 3.4% verwys na hulle vaders se agting van die belangrikheid van die gesin. 2.5% noem dat hulle vaders respek het vir die lewe en dat die spesiale tyd wat hulle saam met hulle vaders spandeer 'n aspek is wat hulle aan hulle eie kinders sal wil oordra. 1.7% noem dat hulle vaders geleenthede aangryp, hulle kinders ondersteun en dat daar baie ander dinge is wat hulle aan hulle eie kinders sal wil oordra. 0.8% noem die feit dat hulle vaders hulle in sport ondersteun en dat hulle vaders vir hulle geleer het om respek vir hulself te hê, albei aspekte wat hulle sal wil oordra aan hulle eie kinders. 0.4% noem dat hulle graag hulle vaders se vaardigheid aan hulle eie kinders sal wil oordra.


Redes wat genoem word waarom adolessente seuns nie aspekte van hulle vaders aan hulle kind/ers sal wil oordra nie, is hulle vaders se ongeduld (25.3%), die feit dat die vaders aan "enigste kind sindroom" lei (8.3%), die vaders se selfsugtigheid (8.3%), humeurigheid (8.3%), hardkoppigheid (8.3%), perfeksionisme (8.3%), die feit dat hulle onbeskof is (8.3%), dat die adolessente seuns se denkwyse van dié van hulle vaders verskil (8.3%), hulle vaders se rassistiese gedrag (8.3%) en wantroue teenoor hulle vaders (8.3%).

Bogenoemde data word onderskeidelik soos volg in figure 4.14 en 4.15 grafies voorgestel:

Figuur 4.14 Aspekte wat die adolessente seuns van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra



Figuur 4.15 Aspekte wat die adolessente seuns nie van hulle vaders aan hulle eie kind/ers sal wil oordra nie




Vanuit hierdie twee figure is dit duidelik dat die meeste adolessente seuns sekere aspekte van hulle vaders ook aan hulle eie kind/ers sal wil oordra. Soos die seuns 'n verlengstuk van hulle vaders se identiteit word, word hulle eie seuns ook 'n verlengstuk van hulel identiteit. Manlike identiteit word binne hierdie verhoudings van generasie tot generasie oorgedra van vaders na seuns. Adolessente seuns wat nie aspekte van hulle vaders aan hulle eie seuns sal wil oordra nie, staan in 'n verhoudings met hulle vaders waar die vaders hulle eienskappe op hulle seuns wil introjekteer sonder om vir die seuns 'n keuse te gee om dit te assimileer. Die seuns beleef ongemak en wil nie dieselfde introjekte aan hulle seuns oordra nie.

Die vaders van adolessente seuns noem in tabel 4.19 of daar enigiets is wat hulle van hulle vaders geleer het wat hulle na hulle eie seuns sou wou oordra. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.


| **Respons** | **n** | **%** |
|---|---|---|
| Karaktereienskappe | 26 | 49 |
| Waardes / norme | 9 | 17 |
| Verhouding met seun | 2 | 3.8 |
| Fisiese eienskappe | 1 | 1.9 |
| Lewenstyl | 4 | 7.5 |
| Geloof | 7 | 13.2 |
| Niks | 2 | 3.8 |
| Rolmodel | 1 | 1.9 |
| Beroep | 1 | 1.9 |
| Totaal | 53 | 100 |

Tabel 4.19 Aspekte wat die vaders van die adolessente seuns van hulle eie vaders aan hulle seuns sal wil oordra

49% van die vaders van adolessente seuns dui aan dat hulle hulle vaders se karaktereienskappe aan hulle seuns sal wil oordra en 9% hulle vaders se waardes en norme. 7% sal hulle vaders se geloof wil oordra, 4% hulle lewenstyl, 2% die verhoudings wat hulle met hulle vaders het en 1% hulle vaders se fisiese eienskappe, beroep, asook die tipe rolmodelle wat hulle is. Nog 2% het genoem dat hulle niks van hulle vaders aan hulle seuns sal wil oordra nie.

Bogenoemde data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.16 Aspekte wat die vaders van die adolessente seuns van hulle eie vaders aan hulle seuns sal wil oordra




Vanuit hierdie data word die gevolgtrekking gemaak dat die meeste vaders aspekte van hulle eie vaders aan hulle adolessente seuns sal wil oordra. Dit word bevestig vanuit die data van figuur 4.14 dat daar 'n behoefte is by mans om hulle manlike identiteit oor te dra en dat manlike identiteit binne generasies gevorm word.

### *4.4.3.9 Beskrywing van verhoudings*

In tabel 4.20 beskryf die adolessent seuns hulle verhoudings met hulle vaders in terme van positief, negatief of onseker.


| | **Positief** | **Negatief** | **Onseker** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **N** | 158 | 6 | 16 | 180 |
| **%** | 87.9 | 3.3 | 8.8 | 100 |

Tabel 4.20 Die adolessente seuns se beskrywing van hulle verhoudings met hulle vaders

87.9% van die respondente sien hulle verhoudings met hulle vaders as positief, 8.8% sien die verhoudings as negatief en 3.3% is onseker.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.17 Die adolessente seuns se beskrywing van hulle verhoudings met hulle vaders




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die adolessente seuns hulle verhoudings met hulle vaders oor die algemeen as positief sien.

### *4.4.3.10 Positiewe aspekte van verhoudings*

In tabel 4.21 noem die adolessente seuns eienskappe van hulle verhoudings met hulle vaders wat hulle as positief beleef. Meer as een antwoord kon gegee word wat die totaal van 180 (aantal adolessente wat die vraelys voltooi het) oorskry.


| | **Be-oefen sport saam** | **Selfde buite-muurse aktiwi-teit** | **Selfde belang-stelling** | **Selfde stok-perd-jies** | **Praat gereeld** | **Kan enigiets met hom deel** | **Fisiese kontak** | **Hy res-pek-teer my** | **Ek res-pek-teer hom** | **Ander** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 67 | 84 | 112 | 64 | 132 | 98 | 92 | 145 | 151 | 32 | 977 |
| **%** | 6.9 | 8.5 | 11.5 | 6.6 | 13.5 | 10 | 9.4 | 14.8 | 15.5 | 3.3 | 100 |

Tabel 4.21 Positiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en vaders

15.5% van die adolessente seuns noem dat ‘n positiewe aspek van hulle verhoudings met hulle vaders hulle respek vir hulle vaders is, terwyl 14.8% noem dat die hulle verhoudings positief is omdat hulle vaders hulle respekteer. 13.5% noem dat hulle verhoudings positief is omdat hulle gereeld met mekaar praat en 11.5% omdat hulle dieselfde belangstellings deel. 10% noem dat hulle enigiets met hulle vaders kan deel en dat dit die verhoudings positief maak. 9.4% is van mening dat die fisiese kontak tussen hulself en hulle vaders bydra tot die positiwiteit van hulle verhouding, terwyl 8.5% na dieselfde buitemuurse aktiwiteite verwys wat hulle met hulle vaders deel. 6.9% noem die feit dat hulle ‘n sport saam beoefen die verhoudings positief ervaar word, terwyl 6.6% die positiwiteit toeskryf aan die stokperdjies wat hulle saam met hulle vaders beoefen. 3.3% skryf die positiwiteit toe aan ander aspekte. Een respondent noem spesifiek onder “ander” dat liefde positief is van sy verhouding met sy pa.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.18 Positiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en vaders



Vanuit hierdie data word die gevolgtrekking gemaak dat die adolessente seuns waarde heg aan die tipe verhoudings wat hulle met hulle vaders het, die respek vir mekaar, hoe hulle kommunikeer, wat hulle saam doen en die tyd wat hulle oor die algemeen saam spandeer. Hierdie aspekte is belangrik vir die oordrag van identiteit om plaas te vind.

#### *4.4.3.11 Negatiewe aspekte van verhoudings*

In tabel 4.22 noem die adolessente seuns eienskappe van hulle verhoudings met hulle vaders wat volgens hulle nie op standaard is nie. Aangesien meer as een antwoord gegee kon word, word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.


| | **Spandeer min fisiese aktiwiteite saam en min tyd, gaan nooit saam weg nie** | **Deel nie belang-stellings in sport of stokperdjies nie** | **Deel nie ontspannings-aktiwiteite nie** | **Kommuni-keer swak** | **Voel dat hy nie respek het vir my nie** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 166 | 69 | 23 | 48 | 7 | 313 |
| **%** | 53 | 22.1 | 7.3 | 15.3 | 2.2 | 100 |

Tabel 4.22 Adolessente seuns se belewenis van negatiewe aspekte in die verhoudings tussen vaders en seuns

53% van die adolessente seuns noem dat hulle min fisieke aktiwiteite saam met hulle vaders doen, nooit saam weggaan nie en oor die algemeen min tyd saam spandeer. 22.1% sou stokperdjies saam met hulle vaders wou beoefen en 15.3% sou beter kommunikasie tussen hulle en hulle vaders wou hê. 7.3% sou ontspanningsaktiwiteite met hulle vaders wou doen en volgens 2.2% sal hulle meer respek vanaf hulle vaders wou hê.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.19 Adolessente seuns se belewenis van negatiewe aspekte in die verhoudings tussen vaders en seuns




Vanuit hierdie data word die gevolgtrekking gemaak dat die adolessente seuns 'n behoefte het om meer kwaliteit tyd, sowel as kwantiteit tyd saam met hulle vaders te spandeer.

### *4.4.3.12 Met wie het die adolessente seuns die beste verhoudings*

Die adolessente seuns dui in tabel 4.23 aan met wie hulle die beste verhoudings het. Meer as een antwoord is gegee en daarom word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) oorskry.


| | **Biologiese pa** | **Biologiese ma** | **Stiefpa** | **Stiefma** | **Iemand anders** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 123 | 123 | 3 | 2 | 27 | 278 |
| **%** | 44.2 | 44.2 | 1.2 | 0.7 | 9.7 | 100 |

Tabel 4.23 Met wie het die adolessente seuns die beste verhouding

Alhoewel sekere adolessente beter verhoudings met hulle vaders as moeders het, en omgekeerd, blyk die totale groep se verhoudings met hulle ouers ewe goed te wees. 44.2% dui aan dat hulle verhoudings met hulle vaders die beste is en 44.2% dui aan dat hulle verhoudings met hulle moeders die beste is. 1.2% verwys na hulle stiefvaders, 0.7% na hulle stiefmoeders en 9.7% na iemand anders.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.20 Met wie het die adolessente seuns die beste verhoudings




Data uit bogenoemde figuur dui aan dat betekenisvolle verhoudings met die vaders belangrik is vir die adolessente seuns. Hierdie verhouding kan identiteitsvorming ondersteun of belemmer.

*4.4.3.13 Aspekte wat manlike identiteit reflekteer*

In tabel 4.24 dui die vaders van adolessente seuns aspekte aan wat hulle manlike identiteit reflekteer in grade van sterkste tot swakste, met een die aspek wat hulle manlike identiteit die sterkste reflekteer en agt die aspek wat hulle manlike identiteit die swakste reflekteer.

| | Kuier met vriende | Rolmodel in gesin | Versorger van gesin | Betrokke in gemeenskap | Leierfiguur in gemeenskap | Behoefte aan erkenning in portuurgroep | Geestelike betrokkenheid | Ander |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 4 | 2 | 1 | 5 | 6 | 7 | 3 | 8 |


Tabel 4.24: Aspekte wat manlike identiteit by vaders van adolessente seuns reflekteer

Volgens tabel 4.24 voel die vaders van adolessente seuns dat die feit dat hulle die versorgers van hulle gesin is, hulle manlike identiteit die sterkste weerspieël. Die tweede sterkste refleksie van hulle manlike identiteit is hulle rol as rolmodelle binne hulle gesinne. Geestelike betrokkenheid is die derde sterkste refleksie van die respondente se manlike identiteit en kuier saam met vriende die vierde sterkste.

Betrokkenheid in die gemeenskap word as die vyfde sterkste aspek van die vaders se manlike identiteit aangedui, terwyl hulle rol as leierfiguur in die gemeenskap as sesde sterkste aspek gegee word. Die aspek wat as die tweede swakste aangedui word, is die vaders se behoefte aan erkenning in hulle portuurgroep. Die swakste aspek wat hulle manlike identiteit reflekteer, word aangedui as “ander” faktore.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.21: Aspekte wat manlike identiteit by vaders van adolessente seuns reflekteer




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat dit belangrik vir die vaders se manlike identiteit is om versorgende rolle teenoor hulle gesin in te neem. Vaders wat nie vir hulle gesinne kan sorg nie, kan hulself nie as manne beskou nie. Die vaders het nodig om erkenning te kry as rolmodelle in hulle posisies binne hulle gesinne en die samelewing.

#### *4.4.3.14 Algemene gevolgtrekking*

Vanuit die bogenoemde indikatore kan die gevolgtrekking gemaak word dat identiteit sterker gevestig raak met volwassewording, maar dat dit 'n dinamiese proses is en selfs tydens volwassenheid kan verander. Manlike identiteit word oorgedra van geslag tot geslag en hierdie oordraging is belangrik vir beide vaders en seuns aangesien hulle eie identiteit daardeur bevestig word.

Modellering speel ‘n belangrike rol in die oordrag van identiteit, nie slegs in terme van fisiese optrede nie, maar ook in terme van waarneming en nie-verbale gedrag. Vaders is prominente figure in die oordraging van manlike identiteit na hulle seuns. Die tipe verhouding wat die vaders met die seuns het, is bepalend tot die mate waarin identiteit oorgedra sal word. Adolessente seuns sien hulle verhoudings met hulle vaders oor die algemeen as positief, maar het ‘n behoefte om kwaliteit en kwantiteit tyd saam met hulle vaders te spandeer. Vaders het ook die behoefte om meer tyd met hulle seuns te spandeer. Te min tyd tussen vaders en seuns kan daartoe lei dat die vaders se verhoudings nie die tipe invloed op hulle seuns se manlike identiteit sal hê as wat hulle graag sou wou hê nie. Die vaders se manlike identiteit lê sterk gesetel in hulle rolle as versorgers.

### 4.4.4 Konsep vier: onvervulde behoeftes in die vader/seun verhoudings en die invloed op manlike identiteit

Die persepsie bestaan dat meer **gehalte tyd** saam met mekaar nodig is. Gedeelde belangstellings wat deel uitmaak van hierdie tyd saam word as ‘n belangrike aspek beskou. Om tyd saam te spandeer omsluit faktore wat aanleiding gee tot manlike identiteitsvorming soos onder meer kommunikasie, modellering en optrede. Sonder tyd sal die vader/seun verhouding nie genoegsame potensiaal bied waarbinne vaders hulle seuns kan begelei tot manlike identiteit nie.

**Die volgende indikatore, wat as vrae in die vraelyste geformuleer is, is omskrywend van konsep vier:**

*4.4.4.1 Negatiewe aspekte van verhoudings tussen vaders van adolessente seuns en hulle eie vaders, asook met hulle seuns*

In tabel 4.25 beskryf die vaders van adolessente seuns aspekte van hulle verhoudings met hulle eie vaders en hulle seuns wat volgens hulle nie op standaard is nie. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.

| | Doen fisiese akt-w-teite saam | Gaan saam weg vir dag of twee | Geïnteresseerd in die-selfde sport | Beoefen stokperdjie saam | Enige vorm van on-spanning saam | Kommunikasie | Spandeer tyd saam oor alge-meen | Respek vir my | Respek vir hom | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| n (met vader) | 16 | 10 | 1 | 9 | 4 | 7 | 10 | 2 | 4 | 11 | 74 |
| % (met vader) | 21.5 | 13.5 | 1.4 | 12.2 | 5.4 | 9.5 | 13.5 | 2.7 | 5.4 | 14.9 | 100 |
| n (met seun) | 14 | 11 | 4 | 8 | 7 | 7 | 4 | 0 | 0 | 10 | 65 |
| % (met seun) | 21.5 | 16.9 | 6.2 | 12.2 | 10.8 | 10.8 | 6.2 | 0 | 0 | 15.4 | 100 |


Tabel 4.25 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns

21.5% van die vaders noem dat hulle nie genoeg fisieke aktiwiteite saam met hulle vaders doen nie, terwyl 13.5% meer saam sou wou weggaan vir ‘n dag of twee en meer tyd oor die algemeen saam spandeer. 12.2% sou stokperdjies saam wou beoefen en 9.5% noem dat hulle kommunikasie met hulle vaders nie op standaard is nie. 5.4% noem dat hulle graag enige vorm van ontspanning saam sou wou doen en dat hulle respek vir hulle vaders nie op standaard is nie, terwyl 2.7% na die respek wat hulle vaders vir hulle het verwys en voel dat dit nie op standaard is nie. 1.4% sou meer in dieselfde sport as hulle vaders geïnteresseerd wou wees. 14.9% verwys na ander aspekte wat nie op standaard is nie.

Ten opsigte van hulle seuns noem 21.5% van die vaders dat hulle meer fisieke aktiwiteite saam met hulle seuns sou wou doen, 16.9% sou meer gereeld saam wou weggaan vir ‘n dag of twee en 12.2% sou ‘n stokperdjie saam wou beoefen. 10.8% sou enige vorm van ontspanning saam wou doen en beter wou kommunikeer. 6.2% sou meer geïnteresseerd wou wees in dieselfde sport en meer tyd oor die algemeen saam wou spandeer. 15.4% noem onder “ander” aspekte wat nie op standaard is nie, maar verwys nie spesifiek daarna nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.22 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat vaders die behoefte het om fisieke aktiwiteite saam met hulle vaders, sowel as hulle seuns te doen.

Hierdie behoefte aan fisieke aktiwiteite kan verbind word met die verband tussen manlike identiteit en om fisiek aktief te wees. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar meer onvervulde behoeftes by die vaders is as seuns omdat die vaders sterker behoeftes het om aktiwiteite, soos sport, saam met hulle vaders te beoefen en meer tyd met hulle vaders te spandeer, as met hulle seuns.

#### *4.4.4.2 Negatiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en hulle vaders*

In tabel 4.26 noem die adolessente seuns eienskappe van hulle verhoudings met hulle vaders wat volgens hulle nie "op standaard is nie". Aangesien meer as een antwoord gegee kon word, word die totaal van 180 (adolessente wat vraelyste voltooi het) en 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry. Hierdie eienskappe word in dieselfde figuur vergelyk met eienskappe wat volgens die vader nie "op standaard is nie". "Op standaard" en "nie op standaard" verwys na aanvaarbaar of nie aanvaarbaar.

| | Fisieke aktiwiteite Saam | Saam weg vir dag of twee | Geïnteres-seerd in selfde sport | Beoefen stokperdjie saam | Enige vorm van ontspanning saam | Kom-munikasie | Spandeer tyd saam oor algemeen | Hy het nie respek vir my nie | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n (seun)** | 63 | 65 | 23 | 46 | 23 | 48 | 38 | 7 | 0 | 313 |
| **% (seun)** | 20.1 | 20.9 | 7.4 | 14.7 | 7.3 | 15.3 | 12.1 | 2.2 | 0 | 100 |
| **n (vader)** | 14 | 11 | 4 | 8 | 7 | 7 | 4 | 0 | 0 | 10 |
| **% (vader)** | 21.5 | 16.9 | 6.2 | 12.2 | 10.8 | 10.8 | 6.2 | 0 | 0 | 15.4 |


Tabel 4.26 Negatiewe aspekte van verhoudings tussen adolessente seuns en hulle vaders

20.9% verwys na ‘n dag of twee saam weg, terwyl 20.1% noem dat hulle nie fisieke aktiwiteite saam doen nie of dat dit nie op standaard is nie. 15.3% sou beter wou kommunikeer met hulle vaders en 14.7% sou stokperdjies saam wou beoefen. Volgens 12.1% spandeer hulle vaders oor die algemeen te min tyd saam met hulle, 7.4% sou wou hê dat hulle vaders meer geïnteresseerd wou wees in hulle sport en 7.3% sou enige vorm van ontspanning saam met hulle vaders waardeer. 2.2% noem dat hulle vaders nie respek het vir hulle nie wat die verhouding negatief beïnvloed. Geen ander aspekte word genoem nie.

21.5% van die vaders van adolessente seuns sou meer fisieke aktiwiteite saam wou doen, 16.9% sou meer gereeld saam wou weggaan vir ‘n dag of twee en 12.2% sou ‘n stokperdjie saam wou beoefen. 10.8% sou enige vorm van ontspanning saam wou doen en beter wou kommunikeer met hulle adolessente seuns. 6.2% sou meer geïnteresseerd wou wees in dieselfde sport en meer tyd oor die algemeen saam wou spandeer. 15.4% noem “ander” aspekte wat nie op standaard is nie, maar verwys nie spesifiek daarna nie.

Hierdie data kan soos volg grafies voorgestel word:

Figuur 4.23 Negatiewe aspekte van verhouding tussen adolessente seuns en hulle vaders



Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die adolessente seuns ‘n groter behoefte het om tyd met hulle vaders te spandeer as wat die vaders het om met hulle seuns te spandeer.

#### *4.4.4.3 Verandering van verhoudings (adolessente seuns en vaders)*

Die adolessente seuns en vaders van adolessente seuns dui in tabel 4.27 aan of hulle hulle verhoudings anders sou wou hê. Hierdie verhoudings sluit ook ander in en is nie net geskoei op die vader/seun verhouding nie.

| | **Ja** | **Nee** | **Onseker** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **n (seuns)** | 27 | 125 | 28 | 180 |
| **% (vaders)** | 15 | 69 | 16 | 100 |
| **n (vaders)** | 6 | 36 | 0 | 42 |
| **% (vaders)** | 14.3 | 85.7 | 0 | 100 |


Tabel 4.27 Verandering van verhoudings

69% van die adolessente seuns dui aan dat hulle nie die verhoudings anders sou wou hê nie, terwyl 15% aandui dat hulle wel die verhoudings anders sou wou hê en 16% is onseker.

85.7% van die vaders dui aan dat hulle nie hulle verhoudings anders sou wou hê nie, terwyl 14.3% aandui dat hulle wel die verhoudings anders sou wou hê.

Hierdie data kan soos volg grafies voorgestel word:

Figuur 4.24 Verandering van verhoudings




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die vaders en adolessente seuns nie hulle verhoudings anders sou wou hê nie. Daar is egter ook vaders en seuns wat voel dat hulle wel hulle verhoudings anders sou wou hê. Hierdie behoeftes word in figuur 4.25 en figuur 4.26 aangedui. In figuur 4.23 word die negatiewe aspekte van vader/seun verhoudings ook uitgelig wat teenstrydig is met die hoë persentasies in figuur 4.24. Dit kan 'n aanduiding wees van verhoudings wat oor die algemeen nie negatief is nie, maar waarbinne daar tog 'n behoefte bestaan aan meer tyd saam.

*4.4.4.4 Gewensde verhoudings (adolessente seuns)*

In tabel 4.28 dui die adolessente seuns aan hoe hulle verhoudings anders moet wees


| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Ouers moet meer verstaanbaar wees en meer sit en gesels oor enigiets, moenie skaam wees oor gesels nie | 4 | 15.4 |
| Sal ook goeie verhouding met pa wil hê | 3 | 11.5 |
| Moet beter oor die weg kom met ma en met stiefpa | 3 | 11.5 |
| Meer tyd saam met pa | 5 | 19.3 |
| Dat familie meer bymekaarkom / goed saam doen en beter met broers en susters oor die weg kom | 3 | 11.5 |
| Moet beter oor die weg kom met albei biologiese ouers | 2 | 7.7 |
| Ouers moet adolessent meer verstaan | 2 | 7.7 |
| Geen respons | 4 | 15.4 |
| Totaal | 26 | 100 |

Tabel 4.28 Adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees

19.3% noem dat hulle meer tyd saam met hulle vaders sal wil spandeer en 11.5% noem dat hulle ook goeie verhoudings met hulle vaders wil hê, beter oor die weg wil kom met moeders en stiefvaders, terwyl 7.7 % met albei ouers beter oor die weg wil kom en het 'n versugting dat hul meer verstaan sal word. 11.5% sou ook graag beter oor die weg wil kom met broers en susters.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.25 Adolessente seuns se behoefte oor hoe verhoudings anders moet wees



Vanuit hierdie data kan die gevolgtrekking gemaak word dat die adolessente seuns behoeftes het aan meer tyd saam met hulle vaders, asook beter verhoudings met ander betekenisvolle persone in sy lewe. Die adolessente seun ervaar hierdie verhoudings huidiglik as onbevredigend.

#### *4.4.4.5 Gewensde verhoudings (vaders)*

In tabel 4.29 dui die vaders van adolessente seuns aan hoe hulle verhoudings anders moet wees.


| **Respons** | **N** | **%** |
|---|---|---|
| Meer wou deel | 1 | 16.7 |
| Sou verhouding met eie vader wou hê | 1 | 16.7 |
| Sterker band met kinders | 1 | 16.7 |
| Meer tyd saam | 3 | 49.9 |
| Totaal | 6 | 100 |

Tabel 4.29 Vaders van adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees

49.9% van die respondente sou oor die algemeen meer tyd saam wou spandeer, terwyl 16.7% meer sou wou deel, verhoudings met hulle eie vaders wou hê, asook sterker bande met hulle kinders.

Hierdie data word as volg grafies voorgestel:

Figuur 4.26 Vaders van adolessente seuns se behoeftes oor hoe verhoudings anders moet wees




Vanuit hierdie data kan afgelei word dat die meeste vaders meer tyd saam met hulle adolessente seuns en familie sou wou spandeer. Die vaders van die adolessente seuns ervaar hierdie verhoudings huidiglik as onbevredigend.

*4.4.4.6 Algemene gevolgtrekking*

Onder konsep vier is na die onvervulde behoeftes ten opsigte van die vader/seun verhouding gekyk. Alhoewel daar aanduidings is dat hierdie verhoudings tog oor die algemeen positief ervaar word deur die vaders, sowel as die seuns, is dit duidelik dat daar leemtes bestaan binne hierdie verhoudings en dat daar 'n behoefte is om meer tyd saam met mekaar te spandeer.

### 4.4.5 Konsep vyf: die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns

Hierdie konsep verwys na die respondente se mening oor wat God se rol is en waar Sy plek is in die vorming van manlike identiteit.

Die rol en plek van God in identiteitsvorming by vaders en seuns word gekenmerk deur aspekte soos die wyses waarop die vaders en seuns die uitlewing van Christenskap beleef en die belewenis van Christelike waardes en norme in geloof wat as rigsnoer vir vaders wat onseker is rakende hulle eie identiteit en leiding van hulle kinders, dien.

Die data vanuit die vraelyste is in verband gebring met konsep vyf waarna sekondêre data-ontleding vanuit bestaande vrae soos volg saamgestel en ontleed is. Vrae wat gebruik is vir tabel 4.30 is vraag 10, vraag 12 en vraag 21. Vrae wat gebruik is vir tabel 4.31 is vraag nege, vraag 11, vraag 18 en vraag 19:

#### *4.4.5.1 Uitlewing van Christenskap en God*

Tabelle 4.30 en 4.31 gee ‘n weergawe van die vaders en die adolessente seuns se uitlewing van Christenskap

| Respons | **n** | **%** |
|---|---|---|
| Eie vader se geloof se invloed op identiteit | 4 | 9.5 |
| Behoefte om geloof as komponent van manlike identiteit oor te dra aan seun | 7 | 16.6 |
| God se invloed op manlike identiteit | 34 | 80.9 |

Tabel 4 .30 Vaders: Uitlewing van Christenskap en God

80.9% van die vaders is van mening dat God ‘n invloed het op hulle manlike identiteit, terwyl 9.5% van die vaders die invloed van hulle eie vaders se geloof op hulle identiteit bevestig. 16.6% het ’n behoefte om geloof as komponent van manlike identiteit oor te dra aan hulle seuns.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat geloof in God onlosmaaklik deel is van die vaders se manlike identiteit en dat die uitlewing daarvan hulle manlike identiteit ondersteun.

Manlike identiteit is gesetel binne die man se geloof in God, wat die oordraging van hierdie geloof van generasie tot generasie 'n belangrike komponent van identiteitsvorming maak.

| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Die invloed van vader se Christenskap op die seun se manlike identiteit | 6 | 3.3 |
| Aspekte van die vader se Christenskap wat die Adolescent aan sy eie kinders wil oordra | 12 | 6.6 |
| God het grootste invloed op manlike identiteit | 149 | 82.7 |
| Gedagtes oor vaders se Christenskap | 3 | 1.7 |

Tabel 4.31 Adolessente seuns: Uitlewing van Chistenskap en God

Volgens 82.7% van die adolessente seuns is God die grootste invloed op hulle manlike identiteit, terwyl 6.6% van mening is dat daar aspekte van hulle vaders se Christenskap is wat hulle aan hulle eie kinders sal wil oordra. 3.3% noem dat hulle vaders se Christenskap 'n invloed op hulle manlike identiteit het en 1.7% se eerste gedagtes wat opkom as hulle aan hulle vaders dink, is die vaders se Christenskap en die uitlewing daarvan.

Die gevolgtrekking wat uit bogenoemde gemaak kan word is dat geloof in God 'n sentrale deel vorm van die adolessente seuns se manlike identiteit en gee aan hulle die platvorm om deur die uitlewing van hulle Christenskap hulle manlike identietit te vorm. God en die uitlewing van Christenskap is sò belangrik vir die adolessente seuns dat hulle dit wat hulle daarvan van hulle vader leer, aan hulle eie kind/ers wil oordra.

### *4.4.5.2 Waardes en norme*

Tabelle 4.32 en 4.33 gee 'n weergawe van die belangrikheid van waardes en norme vir die vaders en adolessente seuns ten opsigte van manlike identiteit. Vrae wat gebruik is vir tabel 4.32 is vraag tien, vraag 12, vraag 22 en vraag 23. Vrae wat gebruik is vir tabel 4.33 is vraag ses, vraag 12 en vraag 19.

| **Respons** | **n** | **%** |
|---|---|---|
| Eie vader se waardes en norme se invloed op identiteit | 3 | 7.1 |
| Behoefte om waardes en norme as komponent van manlike identiteit oor te dra aan seun | 9 | 21.4 |
| Gedagtes oor vaders se waardes en norme | 1 | 2.4 |
| Gedagtes oor seuns se waardes en norme | 1 | 2.4 |

Tabel 4.32 Vaders: Waardes en norme

Volgens 21.4% van die vaders van adolessente seuns het hulle die behoefte om waardes en norme as komponent van manlike identiteit oor te dra aan hulle seuns. 7.1% van die vaders is van mening dat hulle eie vaders se waardes en norme 'n invloed het op hulle identiteit, terwyl 2.4% se eerste gedagtes aan waardes en norme is wanneer hulle aan hulle eie vader en seun dink.

Vanuit bogenoemde word die gevolgtrekking gemaak dat waardes en norme vir die vaders van adolessente seuns 'n belangrike rol speel in identiteitsvorming, nie net vir hulle self nie, maar ook vir hulle seuns. Hierdie waardes en norme word ook van hulle eie vaders oorgeneem om op hulle beurt weer aan hulle seuns oor te dra.

| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Waardes en norme van vaders beïnvloed manlike identiteit | 3 | 1.7 |
| Waardes en norme van vaders wat adolessent aan eie kinders wil oordra | 23 | 12.8 |
| Gedagtes oor vaders se waardes en norme | 4 | 2.2 |

Tabel 4.33 Adolessente seuns: Waardes en norme

12.8% van die adolessente seuns sal die waardes en norme van hulle vader aan hulle eie kind/ers wil oordra. 2.2% se eerste gedagtes aan hulle vaders is die waardes en norme wat hulle vaders handhaaf en 1.7% is van mening dat hulle vaders se waardes en norme hulle manlike identiteit beïnvloed.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat die plek van waardes en norme in die oordrag van identiteit van generasie tot generasie belangrik is en dat die adolessente seuns dit wat hulle van hulle vaders leer in terme van waardes en norme, aan hulle eie kinders sal wil oordra en dat hierdie waardes en norme 'n integrale deel van die adolessente seuns se manlike identiteit vorm.

#### *4.4.5.3 Algemene gevolgtrekking*

Geloof in God en die uitleef van Christenskap word deur mans ervaar as belangrike komponent van hulle manlike identiteit. Die sekuriteit wat geloof in God bied, maak dit vir die man moontlik om terug te val daarop wanneer hy onsekerheid beleef in terme van sy opvoeding rakende sy adolessente seun. Waardes en norme word as 'n intergrale deel van wie mans is ervaar en die uitleef van hierdie waardes en norme is bepalend tot manlike identiteit. Waardes en norme, sowel as Christenskap en geloof in God word as sò belangrik geag dat dit nie net self uitgeleef word binne manlike identiteit nie, maar ook oorgedra word van geslag tot geslag. Selfs in die proses van oordraging word manlike identiteit bevestig.

### 4.4.6 Konsep ses: die invloed wat vaderskap op die manlike identiteit van vaders het en die belewenis van eie kindwees deur vaders

Die persepsie bestaan by vaders dat die invloed wat hulle vaderskap op manlike identiteitsvorming van hulself gehad het, en die belewenis van hulle grootword, toegeskryf kan word aan die betrokkenheid van hulle vaders in hulle lewens. Verder beleef hulle hulle eie vaderskap as deel van die vorming van hulle eie manlike identiteit. Die persepsie bestaan verder dat hulle seuns se persoonlikheidsvorming deel uitmaak van hulle aandeel daarin en dat die

belewenis van hulle eie verhoudings met hulle vaders, deel vorm van hulle manlike identiteitsbegrip wat hulle oor hulself huldig.

**Die volgende indikatore, wat as vrae in die vraelyste geformuleer is, is omskrywend van konsep ses:**

*4.4.6.1 Beskrywing van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns*

Die vaders van adolessente seuns beskryf in tabel 4.34 hulle verhoudings met hulle eie vaders, asook met hulle adolessente seuns as positief, negatief of onseker.

| | **Positief** | **Negatief** | **Onseker** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **n (met vader)** | 35 | 2 | 5 | 42 |
| **% (met vader)** | 83.3 | 4.8 | 11.9 | 100 |
| **n (met seun)** | 42 | 0 | 0 | 42 |
| **% (met seun)** | 100 | 0 | 0 | 100 |


Tabel 4.34 Verhoudings met vaders en seuns word as positief, negatief of onseker beskryf

83.3% van die vaders dui aan dat hulle verhoudings met hulle eie vaders positief is, terwyl 4.8% hierdie verhoudings as negatief ervaar. 11.9% is onseker rakende hulle verhoudings met hulle vaders en kan nie aandui of die verhoudings positief of negatief is nie.

Al die vaders (100%) dui aan dat hulle hulle verhoudings met hulle seuns positief ervaar.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.27 Verhoudings met vaders en seuns word as positief, negatief of onseker beskryf




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die meeste vaders van adolessente seuns hulle verhoudings met hulle eie vaders oor die algemeen meer positief as negatief ervaar. Die onsekerheid is 'n aanduiding dat daar tog 'n behoefte by die vaders bestaan rakende hulle verhoudings met hulle eie vaders. Hierdie behoefte blyk nie so te wees by hulle verhoudings met hulle adolessente seuns nie.

### *4.4.6.2 Positiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns*

Die vaders van adolessente seuns wat in tabel 4.34 hulle verhouding met hulle eie vaders as positief beskryf het, noem in tabel 4.35 wat die positiewe aspekte van hierdie verhoudings is, sowel as in hulle verhoudings met hulle adolessente seuns.

| | Beoefen sport saam | Selfde buitemuurse aktiwiteite | Selfde belangstellings | Selfde stokperdjies | Kommunikeer met mekaar | Kan oor enigiets gesels | Het fisiese kontak | Hy het respek vir my | Ek het respek vir hom | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n (met vader)** | 5 | 9 | 23 | 8 | 31 | 28 | 17 | 28 | 37 | 0 | 186 |
| **% (met vader)** | 2.7 | 4.8 | 12.4 | 4.3 | 16.7 | 15.1 | 9 | 15.1 | 19.9 | 0 | 100 |
| **n (met seun)** | 13 | 20 | 25 | 18 | 39 | 34 | 35 | 40 | 38 | 3 | 265 |
| **% (met seun)** | 4.9 | 7.5 | 9.4 | 6.8 | 14.7 | 13 | 13.2 | 15.1 | 14.3 | 1.1 | 100 |


Tabel 4.35 Positiewe aspekte van die vaders van adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders en adolessente seuns

19.9% van die vaders van adolessente seuns noem dat die respek wat hulle vir hulle vaders het, die verhoudings met hulle vaders positief maak, en 16.7 % verwys na die kommunikasie tussen hulle en hulle vaders wat positief is. 15.1% noem dat die verhouding positief is omdat hulle oor enigiets kan gesels en omdat hulle vaders respek het vir hulle. Dieselfde belangstelling word deur 12.4% voorgehou as 'n rede vir die respondente se positiewe verhouding met hulle vaders en 9% verwys na hulle fisiese kontak. 4.8% beoefen dieselfde buitemuurse aktiwiteite en 4.3% dieselfde stokperdjies, terwyl 2.7% dieselfde sport beoefen wat volgens die respondente 'n positiewe effek op hulle verhoudings het.

15.1% van die respondente noem dat 'n positiewe aspek van hulle verhoudings met hulle adolessente seuns die respek is wat hulle seuns vir hulle het, 14.7% noem dat hulle met mekaar kommunikeer en 24.3% noem dat die respek wat hulle vir hulle seuns het die verhouding positief maak. 13.2% verwys na die positiewe fisiese kontak met hulle seuns en 13% na die feit dat hulle met mekaar kan gesels. 9.4% is van mening dat hulle verhoudings met hulle seuns positief is as gevolg van dieselfde belangstellings wat hulle deel, terwyl 7.5% na dieselfde buitemuurse aktiwiteite verwys, 6.8% na die stokperdjies wat hulle saam beoefen en 4.9% na die sport wat hulle saam beoefen. 1.1% verwys na ander eienskappe. Liefde word deur een respondent genoem onder “ander” as positief van sy verhouding met sy seun.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.28 Positiewe aspekte van die vaders van adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders en adolessente seuns




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die vaders hulle kommunikasie met hulle vaders, asook die manier hoe hulle met hulle vaders omgaan, en omgekeerd, positief ervaar. Die verhoudings tussen die vaders en hulle eie vaders word nie soseer deur fisieke aktiwiteite gekenmerk nie, maar deur verbale en fisiese kontak. Die verhoudings tussen die vaders en hulle eie vaders, wat gekenmerk word deur 'n minder aktiewe aanslag, word weerspieël in die verhoudings van die vaders met hulle seuns.

### *4.4.6.3 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns*

In tabel 4.36 beskryf die vaders van die adolessente seuns aspekte van hulle verhoudings met hulle eie vaders en adolessente seuns wat volgens hulle nie op standaard is nie. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.

| | Doen fisiese aktwiteite saam | Gaan saam weg vir dag of twee | Geïnteresseerd in dieselfde sport | Beoe fen stokperdjie saam | Enige vorm van ontspan- ning saam | Kommunikasie | Spandeer tyd saam oor algemeen | Res- pek virmy | Res- pek vir hom | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| n (met vaders) | 16 | 10 | 1 | 9 | 4 | 7 | 10 | 2 | 4 | 11 | 74 |
| % (met vaders) | 21.5 | 13.5 | 1.4 | 12.2 | 4 | 9.5 | 13.5 | 2.7 | 5.4 | 14.9 | 100 |
| n (met seuns) | 14 | 11 | 4 | 8 | 7 | 7 | 4 | 0 | 0 | 10 | 65 |
| % (met seuns) | 21.5 | 16.9 | 6.2 | 12.2 | 10.8 | 10.8 | 6.2 | 0 | 0 | 5.4 | 100 |


Tabel 4.36 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns

21.5% van die vaders van adolessente seuns noem dat hulle nie genoeg fisieke aktiwiteite saam met hulle eie vaders doen nie, terwyl 13.5% meer saam sou wou weggaan vir ‘n dag of twee en meer tyd oor die algemeen saam spandeer. 12.2% sou stokperdjies saam met hulle vaders wou beoefen en 9.5% noem dat hulle kommunikasie met hulle vaders nie op standaard is nie. 5.4% noem dat hulle graag enige vorm van ontspanning saam sou wou doen en dat hulle respek vir hulle vaders nie op standaard is nie, terwyl 2.7% na die respek wat hulle vaders vir hulle het verwys en voel dat dit nie op standaard is nie. 1.4% sou meer in dieselfde sport as hulle vaders geïnteresseerd wou wees. 14.9% persent verwys na ander aspekte wat nie op standaard is nie.

21.5% van die vaders van adolessente seuns sou meer fisieke aktiwiteite saam met hulle seuns wou doen, 16.9% sou meer gereeld saam wou weggaan vir ‘n dag of twee en 12.2% sou ‘n stokperdjie saam wou beoefen. 10.8% sou enige vorm van ontspanning saam wou doen en beter wou kommunikeer. 6.2% sou meer geïnteresseerd wou wees in dieselfde sport as hulle seuns en meer tyd oor die algemeen saam wou spandeer. 15.4% noem onder “ander” aspekte wat nie op standaard is nie, maar verwys nie spesifiek daarna nie.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.29 Negatiewe aspekte van verhoudings met eie vaders en adolessente seuns




Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die vaders van adolessente seuns 'n behoefte het om meer fisieke aktiwiteite te doen met beide hulle vaders en seuns. Data uit bogenoemde figuur vul die data van figuur 4.27 aan waar die vaders aangedui het dat hulle verhoudings met hulle vaders en seuns nie noodwendig fisiek van aard is nie. Die behoefte aan meer fisieke verhoudings word in figuur 4.28 ondersteun.

### *4.4.6.4 Beste verhoudings*

In tabel 4.37 dui die vaders van adolessente seuns aan met wie hulle die beste verhoudings het, uitgesluit hulle lewensmaats, aangesien lewensmaats nie binne die konteks deel vorm van die verhoudings tussen vaders en seuns nie. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal

van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.


| Pa | | Ma | Albei ewe sterk | My kind/ers | Iemand anders buite die gesin | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| N | 6 | 8 | 5 | 36 | 3 | 58 |
| % | 10.3 | 13.8 | 8.6 | 62.1 | 5.2 | 100 |

Tabel 4.37 Die persone met wie die vaders die beste verhoudings het

62.1% van die vaders van adolessente seuns dui aan dat hulle die beste verhoudings het met hulle kinders het. 13.8% dui aan dat hulle beste verhoudings met hulle moeders is, terwyl 10,3% se beste verhoudings met hulle vaders is. 8.6% van die vaders se beste verhoudings is ewe sterk met albei ouers en 5.2% se beste verhoudings is met iemand buite die gesin.

Hierdie data word as volg grafies voorgestel:

Figuur 4.30 Die persone met wie die vaders die beste verhoudings het




Vanuit hierdie data kan afgelei word dat die vaders van adolessente seuns die beste verhoudings met hulle kinders het. Alhoewel in vorige figure aangedui is dat vaders se verhoudings met hulle eie vaders positief ervaar word, word in

figuur 4.29 aangedui dat die verhoudings met hulle moeders sterker is as met hulle vaders. Die gevolgtrekking word gemaak dat die vaders se manlike identiteit onder andere wel in ‘n mate bepaal word deur hulle vaders, maar dat hulle kinders ‘n verlengstuk word van hulle eie manlike identiteit wat natuurlik oorloop in ‘n sterker verhoudings met hulle seuns as met hulle vaders.

#### *4.4.6.5 Invloed op manlike identiteit*

In tabel 4.38 dui die vaders van adolessente seuns aan wie volgens hulle die grootste invloed het op hulle manlike identiteit, uitgesluit hulle lewensmaats. Meer as een antwoord per respondent is gegee en dus word die totaal van 42 (aantal vaders van adolessente seuns wat die vraelys voltooi het) oorskry.


| | **Bio-logiese pa** | **Bio-logiese ma** | **Al-bei ouers** | **My kind/ers** | **An-der fami-lie** | **Vrien-de** | **God** | **My stief-pa** | **My stief-ma** | **An-der** | **To-taal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **n** | 6 | 7 | 2 | 22 | 6 | 9 | 34 | 1 | 0 | 2 | 89 |
| **%** | 6.8 | 7.9 | 2.2 | 24.7 | 6.8 | 10.1 | 38.2 | 1.1 | 0 | 2.2 | 100 |

Tabel 4.38 Die persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se manlike identiteit

Volgens 38.2% het God die grootste invloed op hulle manlike identiteit, terwyl 24.7% van mening is dat hulle kinders die grootste invloed het. 10.1% dui aan dat vriende die grootste invloed op hulle manlike identiteit het en 7.9% verwys na hulle biologiese moeders. 6.8% noem dat hulle biologiese vaders en ander familie die grootste invloed het en 2.2% verwys na albei hulle ouers en ander persone. Een respondent verwys na sy vennoot onder “ander” en 1.1% verwys na hulle stiefvaders.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.31 Die persone met grootste invloed op vaders van adolessente seuns se manlike identiteit




Vanuit hierdie data kan die gevolgtrekkinge gemaak word dat die vaders se identiteit hoofsaaklik gesetel lê in hulle verhoudings met God en hulle kinders. Die afleiding word gemaak dat die vaders se manlike identiteit op hierdie stadium van hulle lewens reeds gevorm is deur hulle vaders en ander mense en dat enige onsekerhede rakende hulle manlike identiteit in hulle verhoudings met God aangespreek word sodat hulle as mans hulle adolessente seuns kan begelei om ook hulle manlike identiteit te ontwikkel en so 'n verlengstuk van die vaders te word.

*4.4.6.6 Eerste gedagtes aan vaders*

Die vaders van adolessente seuns noem in tabel 4.39 die eerste gedagtes wat opkom as hulle aan hulle vaders dink. 22 respondente het nie gedagtes neergeskryf nie:


| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Waardes en norme | 1 | 5 |
| Dissipline | 2 | 10 |
| Positiewe karaktereienskappe | 6 | 30 |
| Liefde | 4 | 20 |
| Rolmodel | 2 | 10 |
| Veiligheid | 1 | 5 |
| Trots | 1 | 5 |
| Bewondering | 1 | 5 |
| Fisiese eienskappe | 1 | 5 |
| Respek | 1 | 5 |
| Totaal | 20 | 100 |

Tabel 4.39 Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle eie vaders dink

30% van die respondente dink aan hulle vaders se karaktereienskappe, 20% aan liefde, 10% dink onderskeidelik aan hulle vaders as rolmodel en hulle dissipline, en 5% dink onderskeidelik aan die respek wat hulle vir hulle vaders het, hulle fisiese eienskappe, hulle bewondering vir hom, trots en veiligheid wat hulle ervaar, asook hulle vaders se waardes en norme.

Hierdie data word soos volg grafies voorgestel:

Figuur 4.32 Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle eie vaders dink




Vanuit hierdie data kan die afleiding gemaak word dat, ongeag die tekortkominge van hulle verhoudings met hulle vaders, ervaar die vaders van adolessente seuns steeds liefde teenoor hulle eie vaders.

*4.4.6.7 Eerste gedagtes aan adolessente seuns*

In tabel 4.40 noem die vaders van adolessente seuns die eerste gedagte wat opkom as hulle aan hulle seuns dink. Slegs 18 respondente het gedagtes aangedui:


| Respons | n | % |
|---|---|---|
| Fisiese eienskappe | 2 | 11.1 |
| Waardes en norme | 1 | 5.6 |
| Positiewe karaktereienskappe | 7 | 38.9 |
| Liefde | 5 | 27.7 |
| Sy veiligheid | 1 | 5.6 |
| Trots | 2 | 11.1 |
| Totaal | 18 | 100 |

Tabel 4.40 Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle seuns dink

38.9% van die respondente dink aan hulle seuns se positiewe karaktereienskappe en 27.7% dink aan liefde. 11.1% dink onderskeidelik aan hulle seuns se fisiese eienskappe en aan trots. 5.6% dink onderskeidelik aan hulle seuns se waardes en norme en aan hulle veiligheid.

Hierdie data word as volg grafies voorgestel:

Figuur 4.33 Eerste gedagtes wat opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle seuns dink



Vanuit hierdie data kan die afleiding gemaak word dat, ongeag die tekortkominge van hulle verhoudings met hulle adolessente seuns, ervaar die vaders steeds liefde teenoor hulle seuns en is hulle gedagtes positief as hulle aan hulle seuns dink.

#### *4.4.6.8 Algemene gevolgtrekking*

Die vaders van adolessente seuns is geneig om die verhoudings wat hulle met hulle vaders gehad het, oor te dra aan hulle verhoudings met hulle seuns. Versugtinge wat hulle as seuns ten opsigte van hulle vaders het, manifesteer in gedrag waar hulle dieselfde verwagtinge wat hulle seuns van hulle het, misken. Die betrokkenheid van hulle vaders by hulle het 'n invloed op hulle betrokkenheid by hulle seuns.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die kwantitatiewe data weergegee. Hierdie data is aan die hand van tabelle uiteengesit waarin rou data en persentasies aangedui is. Die data in die tabelle is daarna grafies voorgestel, waarna gevolgtrekkings gemaak is. Onder elke konsep is ook 'n algemene gevolgtrekking gemaak wat na die indikatore verwys wat onder die spesifieke konsep bespreek is. Hierdie kwantitatiewe data, tesame met die kwalitatiewe data van hoofstuk drie, word in hoofstuk vyf as proposisies aangebied ten einde dit vanuit die literatuur te kontroleer, alvorens dit as 'n wetenskaplike begeleidingsraamwerk aangebied kan word.

Die kwantifisering van hierdie data het bloot die data vanuit die kwalitatiewe komponent, wat steeds die dominante komponent van die navorsing is, ondersteun en bevestig. Geen nuwe data het na vore gekom nie. Hierdie kwantitatiewe deel het dus die vertrouenswaardigheidstrategie versterk en die wetenskaplikheid van die studie verhoog.

# HOOFSTUK 5


## DIE FORMULERING VAN PROPOSISIES VIR DIE BENUTTING IN ´N BEGELEIDINGSRAAMWERK

### 5.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk vier aangedui, is kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude verkry en as indikatore aangewend om vrae vir die vraelyste op te stel. Hierdie indikatore is saamgevoeg en drie indikatore vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns en vier indikatore vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met die vaders van adolessente seuns is verkry waarvolgens vrae vir die vraelyste opgestel is.

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude in hoofstuk drie en die indikatore vanuit die vraelyste in hoofstuk vier, word in hierdie hoofstuk as kategorieë gekombineer waaruit proposisies saamgestel word om in hoofstuk ses na aanleiding van bestaande literatuur bespreek te word. Die proses kan skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 5.1 Skematiese voorstelling van die verloop van die studie


Kategorieë vanuit semi-gestruktu-reerde onderhoude met seuns en outo-etnografie (Hoofstuk 3)
Kategorieë vanuit semi-gestruk-tureerde onderhoude met vaders en outo-etnografie (Hoofstuk 3)
Indikatore geselekteer vir die opname in vraelyste aan vaders en seuns (Hoofstuk 4)
Indikatore word weens die kwalitatiewe dominante werkwyse van die navorser getrianguleer met die bestaande data waaruit proposisies vloei (Hoofstuk 5)
Literatuurkontrole ten einde die vertrouenswaardigheid van die bevindings te bevestig en proposisies as feite te aanvaar of te verwerp (Hoofstuk 6)
'n Begeleidingsraamwerk word saamgestel (Hoofstuk 7)

Die proposisies wat dus in hierdie hoofstuk aangebied word, dien ook as basis vir die begeleidingsraamwerk wat in hoofstuk sewe bespreek word, soos in die laaste vertoonvenster van figuur 5.1 aangedui. Die proses soos skematies verduidelik sal nou in detail bespreek word met die data ontleding van die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste, soos voltooi deur die adolessente seuns, as vertrekpunt.

## 5.2 DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR ADOLESSENTE SEUNS

Drie indikatore soos verkry uit die semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns, naamlik manlike identiteit, die rol van die vader en ander, en verhouding met die vader, dien as primêre vertrekpunt vir data-ontleding. Onder laasgenoemde drie indikatore, wat vir die doel van die kwalitatiewe studie as drie hoofkategorieë aangebied word, word kategorieë uiteengesit wat na vore gekom het vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste. Vanuit hierdie kategorieë word verskeie proposisies gestel wat met die proposisies vanuit die vaders se data gekombineer word tot 'n finale ses proposisies. Hierdie ses proposisies word in hoofstuk sewe as basis vir die begeleidingsraamwerk aangebied.

### 5.2.1 Hoofkategorie een: manlike identiteit

#### *5.2.1.1 Kategorieë wat manlike identiteit bevestig*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude word **verhoudings met ander**, deelname aan **fisieke aktiwiteite**, **morele waardes**, en **karaktereienskappe**

beklemtoon as faktore wat bydra tot die adolessente seuns se manlike identiteit.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Vanuit vraag een in die vraelys (sien bylaag C) bevestig 154 adolessente dat **karaktereienskappe** iets meer sê van wie hulle is. Positiewe en negatiewe eienskappe wat onder vraag twee beklemtoon word, is geduld, vriendelikheid, hardwerkendheid, eerlikheid, luiheid en die feit dat hulle nie skaam is nie.

Wat **verhoudings** betref, antwoord 147 adolessente seuns dat hulle vaders 'n invloed het op wie hulle is (vraag agt) en volgens 158 (vraag 12) het hulle 'n positiewe verhouding met hulle vaders. Binne die gesin word die moeders uitgesonder as die ander betekenisvolle persone met wie hulle goeie verhoudings het (vraag 15). 123 antwoord dat hulle verhoudings met hulle vaders, asook met hulle moeders, die beste is. Alhoewel sekere adolessente seuns beter verhoudings met hulle vaders as hulle moeders het, en omgekeerd, blyk die totale groep se verhoudings met hulle ouers ewe goed te wees volgens antwoorde by vraag 15. By vraag 18 bevestig 156 adolessente seuns dat die sterkste verhouding ten opsigte van identiteit tussen die seuns en albei hulle ouers lê. Ander sterk verhoudings is met God (149), ander familielede (136) en vriende (129).

Onder vraag drie word **morele waardes**, wat bydra tot hulle profiel, bevestig deurdat 160 noem dat hulle verhouding met God deel uitmaak van die vorming van hulle profiel. Wat **fisieke aktiwiteite** betref noem 67 by vraag 13 dat hulle sport saam met hulle vaders beoefen en 84 deel dieselfde buitemuurse aktiwiteite. 112 deel dieselfde belangstellings en 64 beoefen dieselfde stokperdjies as hulle vaders.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding van bogenoemde kategorieë gestel:

- Hoe adolessente seuns hulself sien, word onder andere gemeet aan hulle interaksie met familie, vriende en ander mense;
- Die deelname aan fisieke aktiwiteite, soos sport en stokperdjies, maak deel uit van die adolessente se sienings van wie hulle is;
- Geloof en beginselvastheid word gekoppel aan wie die adolessente is;
- Persoonlikheid (karaktereienskappe) speel 'n rol in die identifisering van wie die adolessente is.

*5.2.1.2 Kategorieë wat manlike identiteit omskryf*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude is **onsekerheid, verskille tussen mans en vroue en manlike rolle** vanuit die adolessente seuns se omskrywing van die faktore wat bydrae tot hulle manlike identiteit, verkry:

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Onder vraag vyf antwoord 29 adolessente seuns dat hulle **onseker** is oor of hulle manlike identiteit gevestig is. Vyf antwoord dat hulle seker is dat dit nog nie gevestig is nie. 146 (vraag vyf) is van mening dat hulle manlike identiteit wel gevestig is. Alhoewel die meeste aandui dat hulle manlike identiteit wel gevestig is, is daar tog adolessente seuns wat onsekerheid hieroor beleef. Hierdie onsekerheid word onder vraag sewe bevestig waar 60 aandui dat hulle onsekerheid beleef ten opsigte van hulle manlike identiteit in die lig van fisiese eienskappe en 59 rakende emosionele eienskappe. 110 (vraag vier) bevestig dat hulle belangstellings as mans 'n aanduiding is van hulle manlike identiteit. Ander **verskille ten opsigte van vroue** word ook by dieselfde vraag uitgelig, onder andere emosionele verskille (60), intellektuele verskille (27) en fisiese verskille (26).

Manlike identiteit word ook omskryf in terme van **rolle wat vertolk word** na aanleiding van oorerwing of modellering. Onder vraag ses noem 120 adolessente seuns dat hulle identiteit gevestig word as gevolg van gedrag wat hulle van hulle vaders leer, 92 noem dat genetiese eienskappe 'n rol speel en 36 verwys na gedrag wat van hulle moeders aangeleer is.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Adolessente seuns is **onseker** oor die gevestigheid van hulle identiteit en dink nie noodwendig daaraan nie. Identiteit is 'n introjek en word nie noodwendig in hierdie fase van hulle lewens geassimileer nie;
- Fisiese **verskille tussen mans en vroue** word meestal deur adolessente seuns beklemtoon met die klem op hoe mans dinge doen en vroue dit nie doen nie, eerder as hoe vroue iets doen en mans dit nie doen nie. Mans en vroue (seuns en dogters) verskil ten opsigte van sekere karaktereienskappe;
- Dit wat die adolessente seuns van identiteit weet, word onder andere gekoppel aan **wat hulle van hulle vaders geleer het** of waargeneem het.

*5.2.1.3 Kategorieë rondom Christenskap*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude het die **uitleef van Christenskap** as kategorie na vore gekom ten opsigte van die adolessente seuns se siening rondom Christenskap en hulle identiteit.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

160 (vraag drie) adolessente seuns antwoord dat hulle verhouding met God 'n rol speel in terme van hulle identiteit. Onder vraag vier is 16 van mening dat hulle identiteit bepaal word deur geestelike verskille ten opsigte van vroue. Die belangrike rol wat **Christenskap** by identiteit speel, word verder beklemtoon deur 149 (vraag 18) wat antwoord dat God die grootste rol speel in terme van hulle identiteit.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die adolessente seuns ervaar **Christenskap as 'n fisieke aktiwiteit** wat gedoen moet word soos Bybellees en kerk-toe-gaan;
- Skuldgevoelens ontwikkel by die adolessente seuns indien fisieke aktiwiteite van Christenskap nie uitgeleef word nie;
- Die adolessente seuns koppel Christenskap aan wie hulle is.

### 5.2.2 Hoofkategorie twee: koppeling van identiteit met die rol van die vaders

#### *5.2.2.1 Kategorieë rondom die oordrag van identiteit*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude het die kategorieë van **genetika**, **belangstellings**, **optrede** en **kommunikasie** na vore gekom vanuit die adolessente seuns se siening oor die moontlikheid dat hulle identiteit aan hulle vaders gekoppel kan word.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Onder vraag agt antwoord 147 dat hulle vader wel beïnvloed wie hulle is en onder vraag ses antwoord 120 dat hulle identiteit aan hulle vaders gekoppel kan word deur middel van gedrag wat hulle van hulle vaders leer. Hierdie aangeleerde gedrag word bevestig onder vraag nege waar 82 antwoord dat hulle beïnvloed word deur dit wat hulle vaders doen en hoe hy is, nege deur hoe hy teenoor ander **optree** en twee deur hoe hy teenoor hulle optree. Wat genetiese eienskappe betref noem 32 dat hulle beïnvloed word deur hulle vaders se karaktereienskappe, hetsy positief of negatief, en sewe noem spesifiek dat **genetika** 'n rol speel. Onder vraag ses noem 92 dat manlike identiteit geneties oordraagbaar is.

In terme van **belangstellings** noem 16 (vraag 9) dat hulle dieselfde belangstelling as hulle vaders deel. By dieselfde vraag antwoord 20 dat hulle identiteit deur opvoeding vanaf hulle vaders beïnvloed word, agt deur die tipe verhouding **(kommunikasie)** wat hulle met hulle vaders het, ses deur hulle vaders se Christenskap en drie deur hulle vaders se beginsels en waardes. Vier word beïnvloed deur hulle vaders se houdings en vier deur die tyd wat hulle saam met hulle vaders spandeer.

Onder vraag 10 noem nege dat hulle vaders nie 'n rol speel in terme van hulle identiteit nie.

Al bogenoemde word bevestig deur antwoorde onder vraag 18 waar 156 adolessente seuns antwoord dat albei ouers 'n rol speel in terme van hulle identiteit en 18 spesifiek slegs die vaderfiguur uitsonder. In totaal verwys 174 dus na die rol wat hulle vaders speel in terme van hulle identiteit.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Adolessente seuns glo dat identiteit **geneties** oorgedra kan word;
- **Sport** is 'n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns en **stokperdjie**s tot 'n mindere mate;
- Adolessente seuns neem hulle vaders as rolmodelle waar en internaliseer meestal die vaders se **optrede**;
- Adolessente seuns ervaar **kommunikasie** met hulle vaders meestal as positief, ongeag die diepte daarvan.

### 5.2.3 Hoofkategorie drie: die adolessente seuns se verhoudings met hulle vaders

#### *5.2.3.1 Kategorieë rakende die algemene aard van verhoudings met vaders*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:
Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude het **kommunikasie**, **belangstellings** en **tyd saam** as kategorieë na vore gekom uit die adolessente seuns se beskrywing van die algemene aard van hulle verhoudings met hulle vaders.

<u>Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:</u>
158 adolessente seuns beskryf hulle verhoudings met hulle vaders as positief (vraag 12) en 53 beskryf hulle vaders se positiewe karaktereienskappe (vraag 19). Ses ervaar die verhoudings as negatief en 16 is onseker (vraag 12). Wat **kommunikasie** betref (vraag 13) noem 132 dat hulle gereeld met hulle vaders praat en volgens 98 kan hulle enigiets met hulle vaders deel. Onder vraag 14 noem 48 egter dat die kommunikasie met hulle vaders nie "op standaard is" (nie na wense) nie. Wat belangstellings betref noem 112 (vraag 13) dat hulle dieselfde **belangstellings** as hulle vaders deel, 84 beoefen dieselfde

buitemuurse aktiwiteite, 67 beoefen ‘n sport saam en 64 doen ‘n stokperdjie/s saam. Onder vraag 14 noem 38 egter dat hulle oor die algemeen nie genoeg tyd saam spandeer nie. 65 verwys spesifiek na **tyd** wat hulle **saam** weggaan vir ‘n dag of twee, 63 verwys na fisieke aktiwiteite en 46 na stokperdjies. Onder vraag 19 verwys 46 na hulle vaders as rolmodelle.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Adolessente seuns ervaar dat **kommunikasie** tussen vaders en seuns wel plaasvind, maar dikwels as gedeelde tyd, soos byvoorbeeld met televisie;
- Gesamentlike **belangstellings** tussen vaders en seuns is grotendeels op sportgebied.
- Adolessente seuns ervaar dat hulle vaders te min **tyd saam** met hulle spandeer.

#### *5.2.3.2 Kategorieë rakende positiewe eienskappe van verhoudings met vaders*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:

**Respek, kommunikasie en belangstelling** is kategorieë wat verkry is vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude na aanleiding van die adolessente seuns se beskrywing van die positiewe aspekte van hulle verhoudings met hulle vaders.

<u>Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:</u>

Ten opsigte van **respek** noem 151 adolessente seuns dat hulle hulle vaders respekteer (vraag 13) en 145 dat hulle vaders hulle respekteer. Onder die vorige kategorieë is reeds verwys na **kommunikasie** en **belangstellings**.

Die volgende proposisies word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Adolessente seuns sien **respek** nie noodwendig as eensydig nie, maar verwag ook respek vanaf hulle vaders. Respek word sinoniem gestel aan gehoorsaamheid;
- **Kommunikasie,** wat geskied in **tye saam** tussen vaders en adolessente seuns, word as positief beleef;
- Kommunikasie oor **belangstellings** geskied hoofsaaklik oor sport en in 'n mindere mate oor ander aktiwiteite soos stokperdjies.

*5.2.3.3 Kategorieë rakende negatiewe eienskappe van verhoudings met vaders*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

**Struweling** het na vore gekom as 'n kategorie vanuit die adolessente seuns se beskrywing van die aspekte van hulle verhoudings met hulle vaders wat nie op standaard is nie.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Sewe adolessente seuns noem dat hulle vaders **nie respek** het vir hulle nie (vraag 14). Volgens 48 is die **kommunikasie** tussen hulle **nie op standaard** nie.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- **Struwelinge** tussen vaders en adolessente seuns vind meestal plaas omdat die seuns dinge *anders wil doen* as die vaders.

### *5.2.3.4 Kategorieë rakende onvervulde behoeftes*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

Vanuit die adolessente seuns se behoeftes ten opsigte van hulle verhoudings met hulle vaders het die kategorieë van **meer tyd saam** en **gedeelde belangstellings** na vore gekom.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Volgens 27 adolessente seuns sou hulle hulle verhoudings met hulle vaders anders wou hê en 28 is onseker (vraag 16). Onder vraag 17 noem vyf dat hulle **meer tyd saam** met hulle vaders sou wou spandeer, drie noem dat hulle 'n goeie verhouding met hulle vaders sou wou hê. Dit korreleer met vraag 14 waar 38 noem dat hulle meer tyd saam met hulle vaders sal wil spandeer. Onder dieselfde vraag noem 23 dat hulle saam sport sal wil beoefen en 23 sal enige vorm van ontspanning saam met hulle vaders wil doen **(gedeelde belangstellings)**.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Adolessente seuns ervaar dat hulle **meer tyd saam** met hulle vaders wil spandeer;
- Adolessente seuns sal meer **belangstellings** met hulle vaders wou deel.

### *5.2.3.5 Kategorieë rakende gedeelde belangstellings met vaders*

Kategorieë vanuit die die semi-gestruktureerde onderhoude:

**Belangstellings** is as kategorie beklemtoon ten opsigte van die adolessente seuns se addisionele behoeftes.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Ooreenkomste word onder vrae nege en 13 genoem. Onder vraag nege verwys 16 adolessente seuns na hulle **belangstellings** wat dieselfde is as dié van hulle vaders. Onder vraag 13 word daar verwys na dieselfde sport wat beoefen word (67), dieselfde buitemuurse aktiwiteite (84), dieselfde belangstellings (112) en dieselfde stokperdjie/s (64).

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die adolessente seuns heg waarde aan hulle verhoudings met hulle vaders en het 'n behoefte om dieselfde **belangstellings** te deel.

*5.2.3.6 Kategorieë rakende begeleidingsraamwerk*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

**Materiële voorsiening**, **meer tyd saam** en beter **kommunikasie** word as kategorieë aangedui vanuit voorstelle van die adolessente seuns ten opsigte van 'n begeleidingsraamwerk vir adolessente seuns en hulle vaders.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Vraag 11 dui aan dat adolessente seuns sekere aspekte wat hulle van hulle vaders geleer het, aan hulle eie kinders sal wil oordra. 50 verwys na karaktereienskappe, 28 na optrede en/of gedrag, 23 na waardes en norme, 21 na opvoeding, 13 na dissipline en 12 na Christenskap, wat almal onder **kommunikasie** gekategoriseer kan word. Nege verwys na belangstellings, agt na die belangrikheid van die gesin, ses na **spesiale tyd saam** en vier na ondersteuning van kinders.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die adolessente seuns fokus nie op **materiële aspekte** ten opsigte van verwagtinge van hulle vaders nie;
- Daar bestaan 'n behoefte van adolessente seuns om **meer tyd saam** met hulle vaders te spandeer, tuis, sowel as alleen saam, soos byvoorbeeld weggaan vir 'n naweek;
- Die adolessente seuns het 'n behoefte aan **beter kommunikasie**.

## 5.3 DATA-ONTLEDING VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN VRAELYSTE SOOS VOLTOOI DEUR VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS

Data-ontleding van semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste, soos voltooi deur vaders van adolessente seuns, word vervolgens bespreek na aanleiding van die vier indikatore soos verkry uit die semi-gestruktureerde onderhoude, naamlik manlike identiteit, die rol van die vader en ander, verhouding met eie vader en verhouding met seun. Onder laasgenoemde vier indikatore, wat vir die doel van die kwalitatiewe studie as vier hoofkategorieë aangebied word, word kategorieë uiteengesit wat na vore gekom het vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste. Vanuit hierdie kategorieë word verskeie proposisies gestel wat ten laaste met die proposisies vanuit die vaders se data gekombineer word tot 'n finale ses proposisies. Hierdie ses proposisies word in hoofstuk sewe as basis vir die begeleidingsraamwerk aangebied.

### 5.3.1 Hoofkategorie een: manlike identiteit

#### *5.3.1.1 Kategorieë wat manlike identiteit bevestig*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:
In terme van die vaders van adolessente seuns se profiel het **onsekerheid**, **verhoudings met ander**, **lewensuitkyk** en **karaktereienskappe** as kategorieë na vore gekom.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Alhoewel drie van die vier vaders tydens die semi-gestruktureerde onderhoude aangedui het dat hulle **onsekerheid** aangaande die vraag beleef en nog nie in diepte oor hulle identiteit nagedink het nie, het al 42 vaders (vraag een) in die vraelyste aangedui dat hulle sekerheid ervaar rakende die feit dat sekere karaktereienskappe deel uitmaak van hulle identiteit. Agt van die vaders (vraag agt) het egter aangedui dat hulle onsekerheid beleef rakende die emosionele eienskappe van hulle identiteit. Van die vernaamste **karaktereienskappe** wat genoem word by vraag twee, en deel uitmaak van die vaders se identiteit, is: hardwerkendheid (42), eerlikheid (39) en vriendelikheid (37). In ’n mindere mate word geduld (22), ongeduld (18) en skaamheid (agt) genoem.

Addisionele eienskappe wat na vore kom, beklemtoon onder andere **verhoudings met ander** en aspekte rakende hulself. Onder vraag drie verwys 35 na hulle verhouding met God wat deel uitmaak van hulle identiteit. Wat verhoudings betref noem 30 (vraag sewe) dat hulle verhoudings met hulle vader van so ‘n aard is dat hulle gedrag uit eie wil van hom geleer het en 23 noem dat die geboorte van hulle kinders ’n rol speel in die vestiging van hulle identiteit. Onder vraag 21 word hierdie verhoudings weereens beklemtoon deurdat 34 noem dat hulle verhouding met God die grootste rol speel in teme van hulle identiteit.

Daarna volg hulle verhoudings met hulle ouers (25) en hulle kinders (22). Rakende ander aspekte (vraag drie) verwys 24 na vriende, 23 na die taal wat hulle praat, 18 na hulle geslag, 14 na hulle finansiele status en 13 na kleredrag, sowel as hulle velkleur. Onder vraag vier noem die meeste vaders dat hulle rol as versorger in die gesin hulle identiteit die sterkste reflekteer. Verdere sterk refleksies, in volgorde van belangrikheid, sluit in hulle rolmodel binne die gesin, geestelike betrokkenheid, kuier met vriende en betrokkenheid in die gemeenskap. Om ‘n leierfiguur in die gemeenskap te wees en hulle behoefte aan erkenning binne hulle portuurgroep reflekteer hulle identiteit die minste. Al bogenoemde kan saamgevat word as ’n algemene **lewensuitkyk** van die vaders.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van adolessente het **nog nooit regtig nagedink** oor wie hulle regtig is nie;
- Hoe die vaders van die adolessente seuns hulself sien, word onder andere gemeet aan hulle **interaksie met familie, vriende en ander** mense in hulle onmiddellike omgewing;
- Die vaders van die adolessente seuns se **lewensuitkyk** word bepaal deur hulle geloofsoortuiging en die aktiewe manier waarop hulle die lewe hanteer;
- Die vaders van adolessente seuns beskou intrinsieke **karaktereienskappe** soos luiheid, nie humeurig nie, rustigheid, respek vir vertroulikheid en impulsiwiteit, sowel as eienskappe ten opsigte van verhoudings met ander, soos lojaliteit, vriendelikheid en goeie humorsin, as deel van ‘n persoonlikheidsprofiel.

#### *5.3.1.2 Kategorieë wat manlike identiteit omskryf*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:
Kategorieë wat uitgestaan het vanuit die vaders van adolessente seuns se omskrywing van die faktore wat bydra tot hulle manlike identiteit, het ingesluit **leiding**, **rolverdeling** en hulle **aktiewe rol** binne die gesin en samelewing.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Onder vraag ses noem 41 vaders dat hulle seker is hulle manlike identiteit is gevestig. Een vader is onseker. Onder vraag vier word die **rol** van die vader beklemtoon in terme van sy gesin en die samelewing. Volgens die vaders reflekteer die volgende aspekte hulle identiteit in volgorde van belangrikste tot die minste belangrik: **versorger** van die gesin, rolmodel binne die gesin, geestelike betrokkenheid, kuier met vriende, betrokkenheid binne die gemeenskap, **leierfiguur** in die gemeenskap en die behoefte aan erkenning in die portuurgroep. Die vaders se rolverdeling word beklemtoon in hulle siening van hoe hulle van vroue verskil. Onder vraag vyf noem 32 dat hulle manlike identiteit gekoppel word aan die fisiese eienskappe wat hulle van vroue onderskei, 21 verwys na die verskil in emosionele verskille, 12 na geestelike verskille en tien na intellektuele verskille. Onder dieselfde vraag verwys 20 dat hulle belangstellings hulle van vroue onderskei en deel uitmaak van wie hulle as mans is.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van adolessente seuns is almal van mening dat hulle **leiding** binne hulle gesinne moet neem.

‘n Siening word deur die vaders van adolessente seuns gehandhaaf dat hulle as rolmodelle ten opsigte van leierskap binne die gesin moet funksioneer;

- Vaders voel dat die **rolverdeling** tussen man en vrou as ondersteunend tot die vrou gesien kan word. Hierdie rolverdeling wat ondersteunend is, is geskoei op take wat voltooi moet word en nie noodwendig ’n verklaring van leiding en posisie in die gesin nie;
- Die vaders van adolessente seuns huldig die mening dat hulle aktiewe **rolle** in die gesin vertolk, en terselfdertyd ook aktiewe rolle in die gemeenskap as vaders van hulle gesinne moet speel.

### 5.3.2 Hoofkategorie twee: koppeling van vaders se identiteit met hulle seuns

#### *5.3.2.1 Kategorieë rondom die oordrag van identiteit*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:
**Genetika** en **modellering** is as kategorieë aangedui vanuit die vaders van adolessente seuns se siening oor die moontlikheid dat hulle identiteit aan hulle verhoudings met hulle seuns gekoppel kan word.

<u>Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:</u>

Onder vraag sewe word die belangrikheid van **genetika** en **modellering** in terme van die vaders se identiteit beklemtoon. 29 noem dat genetiese eienskappe ’n rol gespeel het in die vestiging van hulle identiteit en 23 noem dat die geboorte van hulle kinders bygedra het tot die vestiging van hulle manlike identiteit.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van adolessente seuns gaan van die veronderstelling uit dat identiteit **geneties** bepaal kan word.
- Volgens die vaders van adolessente seuns speel die **modellering** van ouers 'n rol in terme van die oordrag van identiteit.

*5.3.2.2 Kategorieë rakende verhoudings met eie vaders*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

**Genetika** en **modellering** is as kategorieë aangedui vanuit die vaders van adolessente seuns se siening oor die moontlikheid dat hulle identiteit aan hulle verhoudings met hulle vaders gekoppel kan word.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Ten opsigte van **modellering** verwys 30 na die gedrag wat hulle van hulle vaders geleer het (vraag sewe). 36 antwoord op vraag nege dat hulle vaders as rolmodelle hulle eie identiteit beïvloed, 23 (vraag 10) verwys na hulle vaders se karaktereienskappe **(genetika)** en 12 na hulle vaders se lewenstyl en wie hulle was as rolmodelle. Ses vaders was van mening dat hulle vaders geen rol speel in terme van hulle eie identiteit nie (vraag tien). Onder vraag 12 noem 26 dat hulle hulle eie vaders se karaktereienskappe aan hulle seuns sal wil oordra.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Proposisies wat vanuit hierdie kategorie ontsluit word, is in ooreenstemming met die vorige kategorie en word dus daarin gereflekteer.

*5.3.2.3 Kategorieë rakende verhoudings met ander*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

Kategorieë wat aangedui word rakende die vaders van adolessente seuns se siening oor die moontlikheid dat hulle identiteit aan hulle verhoudings met ander mense gekoppel kan word, is **verhouding met God** en **sosialisering** met ander.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Die vaders verwys in die algemeen na mense wat rolle speel ten opsigte van hulle identiteit (vraag 21). 34 noem dat God die grootste rol speel in terme van hulle identiteit. Dit korreleer met 35 wat onder vraag drie antwoord dat hulle **verhouding met God** deel uitmaak van hulle identiteit. Geestelike betrokkenheid (vraag vier) word as die derde grootste rolspeler aangedui wat die vaders se identiteit reflekteer. Onder vraag 21 verwys nege na vriende, wat bevestig word onder vraag drie waar 24 hulle verhoudings met vriende uitsonder as deel van wie hulle is. Verdere bevestiging van die belangrike rol van vriende word gegee onder vraag vier waar **sosialisering** met vriende as die vierde sterkste rolspeler aangedui word in terme van reflektering van identiteit. Ses vaders verwys na ander familielede (vraag 21). Onder vraag sewe verwys 21 vaders na die gedrag wat hulle van hulle moeder geleer het en sewe noem onder vraag 21 dat hulle biologiese moeders die grootste rol speel in terme van hulle identiteit.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van die adolessente seuns meet onder meer hulle identiteit aan die **waardes en norme** wat Christelike instellings voorhou;

- Die vaders van die adolessente seuns ervaar hulle **verhouding met God** as vernuwend tot hulle identiteit.

### 5.3.3 Hoofkategorie drie: die vaders van die adolessente seuns se verhoudings met hulle eie vaders

#### *5.3.3.1 Kategorieë rakende algemene aard van verhoudings met eie vaders*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:
Kategorieë wat aangedui word rakende die vaders van adolessente seuns se beskrywing van die algemende aard van hulle verhoudings met hulle vaders, is **positiwiteit** en **onbetrokkenheid**.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

35 van die vaders beleef hulle verhoudings met hulle vaders as positief, twee beleef die verhoudings as negatief en vyf is onseker (vraag 13). Eienskappe wat as uitermatig **positief** beleef word (vraag 14), is: dat hulle respek het vir hulle vaders (37), dat hulle met mekaar kan kommunikeer (31), om oor enigiets te kan praat (28), dat hulle vaders respek het vir hulle (28), dat hulle dieselfde belangstellings deel met hulle vaders (23) en dat daar fisiese kontak tussen hulle is (17). In 'n mindere mate word daar verwys na dieselfde buitemuurse aktiwiteite (nege), dieselfde stokperdjies (agt) en dat hulle saam sport beoefen (vyf). Onder vraag 17 noem 16 dat hulle meer fisieke aktiwiteite saam sal wil doen, tien sal meer saam wil weggaan vir 'n dag of twee, tien sal meer tyd saam wil spandeer oor die algemeen, nege sal stokperdjies saam wil beoefen en 11 verwys na ander aktiwiteite wat hulle saam met hulle vaders sal wil doen. Die **onbetrokkenheid** van die vaders word deur die voorafgaande uitgelig. Onder vraag 19 noem ses dat hulle verhoudings met hulle vaders die beste is binne die primêre gesin, uitgesluit hulle lewensmaats. 36 van die 42 vaders noem onder vraag 20 dat hulle nie hulle verhouding met hulle vaders

anders sou wou hê nie. Ses noem dat hulle vaders die grootste rol speel in terme van hulle identiteit en 25 verwys na albei ouers (vraag 21). In vraag 22 word gedagtes geopper wat eerste opkom as die vaders van adolessente seuns aan hulle eie vaders dink. Gedagtes wat opkom is: positiewe karaktereienskappe, liefde, rolmodel, dissipline, waardes en norme, veiligheid en trots.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van die adolessente seuns sien hulle verhoudings met hulle vaders as **positief** na aanleiding van hulle vaders se persoonlikheid en hoe laasgenoemde opgetree het/steeds optree teenoor gesin;
- Vaders glo dat **onbetrokkenheid** van hulle eie vaders nie noodwendig tot onbetrokkenheid by hulle seuns hoef aanleiding te gee nie.

### 5.3.4 Hoofkategorie vier: die vaders van die adolessente seuns se verhoudings met hulle seuns

#### *5.3.4.1 Kategorieë rakende die ervaring van vaderskap*

<u>Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude</u>:

**Positiwiteit**, **verhouding, die oordrag van identiteit** en **persoonlikheid** van die seuns word as kategorieë beklemtoon deur die vaders van adolessente seuns in die beskrywing van hulle algemene ervaring van vaderskap vir hulle seuns.

<u>Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:</u>

Onder vraag 16 ervaar vaders van adolessente seuns dat die **positiwiteit** van hulle verhoudings gesetel is in wedersydse respek, kommunikasie en fisiese kontak. Eienskappe wat nie volgens die vaders op standaard is nie (vraag 18), is die gebrek aan fisieke aktiwiteite wat saam gedoen word (14), nie

genoeg saam weggaan vir ’n dag of twee nie (11), nie stokperdjies saam beoefen nie (agt), geen vorm van ontspanning saam doen nie (sewe), nie kommunikeer nie (sewe) en nie genoeg tyd saam spandeer oor die algemeen nie (vier). Onder vraag 19 word egter deur die meeste vaders genoem dat hulle die beste **verhoudings** het met hulle kinders (36), lewensmaats uitgesluit. Ses vaders noem (vraag 20) dat hulle hierdie verhoudings anders sou wou hê in terme van meer wou deel, meer tyd saam spandeer en sterker bande met hulle kinders hê. 36 noem dat hulle tevrede is met hulle verhoudings met hulle kinders, waaronder die adolessente seuns ingesluit is. Onder vraag 21 noem die vaders dat naas God (34) en hulle eie ouers (25), hulle kinders die grootste rol speel in terme van wie hulle is, lewensmaats uitgesluit (22). Eerste gedagtes wat opkom as die vaders aan hulle adolessente seuns dink (vraag 23), is: positiewe **karaktereienskappe**, liefde, fisiese eienskappe, trots, waardes en norme en hulle veiligheid.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van die adolessente seuns is almal **positief** ten opsigte van hulle verhoudings met hulle seuns en sien die aktiewe deelname binne hierdie verhoudings as positief;
- Die vaders van die adolessente seuns sien **die oordrag van identiteit** in terme van persoonlikhede en belangstellings as positief;
- Die vaders van die adolessente seuns beleef hulle **verhoudings** met hulle seuns as positief in terme van kommunikasie en belangstellings in aktiwiteite;
- Die vaders van die adolessente seuns beleef die **persoonlikhede** van hulle adolessente seun as positief in terme van sosiale aanvaarding.

Die feit dat daar ooreenstemming in persoonlikhede tussen vaders en hulle seun is, is vir eersgenoemde positief.

#### 5.3.4.2 *Kategorieë rakende positiewe eienskappe van verhoudings met seuns*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:

Kategorieë wat aangedui word vanuit die vaders van adolessente seuns se beskrywing van die positiewe aspekte van hulle verhoudings met hulle seuns, is **dieselfde belangstellings**, **kommunikasie** en **dieselfde persoonlikhede**.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Al 42 vaders noem onder vraag 15 dat hulle verhoudings met hulle adolessente seuns positief is. Onder vraag 16 word die mees prominente **positiewe eienskappe** van hierdie verhoudings beskryf as: hulle seuns se respek vir hulle (40), **kommunikasie** met mekaar (39), respek vir hulle seuns (38), fisiese kontak tussen hulle (35), die feit dat hulle oor enigiets kan gesels (34), **dieselfde belangstellings** wat hulle deel (25), dieselfde buitemuurse aktiwiteite wat hulle doen (20), stokperdjie/s wat hulle saam beoefen (18), en sport wat hulle saam doen (13). Onder vraag 21 word genoem dat hulle kinders, waaronder die adolessente seuns, die derde grootste rol in hulle lewens speel in terme van hulle identiteit.

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisies gestel word.

Die volgende **proposisies** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Vaders van die adolessente seuns se raakpunte ten opsigte van **belangstellings** is grootliks sport;

- **Kommunikasie** tussen die vaders en hulle adolessente seuns word as toeganklik beleef;
- Vaders van die adolessente seuns wat **dieselfde persoonlikheid** as hulle seuns het, beskou dit as ‘n positiewe bydrae tot hulle verhoudings.

#### *5.3.4.3 Kategorieë rakende negatiewe eienskappe van verhoudings met seuns*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:
**Dissipline** word as kategorie aangedui ten opsigte van die negatiewe aspekte van die vaders se verhoudings met hulle adolessente seuns.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Alhoewel al 42 vaders van adolessente seuns onder vraag 15 noem dat hulle hulle verhoudings met hulle seuns as positief sal beskryf, word die volgende eienskappe van hulle verhoudings genoem wat volgens hulle nie op standaard is nie (vraag 18): fisieke aktiwiteite wat hulle saam doen (14), tyd saam weg vir ’n dag of twee (11), stokperdjies wat hulle saam beoefen (agt), kommunikasie tussen hulle (sewe), enige vorm van ontspanning saam (7), en tyd wat hulle oor die algemeen saam spandeer (vier). Tien vaders verwys ook na ander aktiwiteite wat **nie op standaard** is nie. Alhoewel 36 vaders onder vraag 19 noem dat hulle beste verhoudings met hulle kinders is, lewensmaats uitgesluit, voel ses vaders dat hulle tog hierdie verhoudings anders sou wou hê (vraag 20).

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as proposisie gestel word.

Die volgende **proposisie** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Verskillende sienings van adolessente seuns en hulle vaders kan lei tot die oorskryding van grense wat weer tot **dissipline** lei wat negatief deur die adolessente seuns ervaar word.

#### *5.3.4.4 Kategorieë rakende onbevredigde behoeftes*

Kategorieë vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude:
Ten opsigte van die vaders van adolessente seuns se behoeftes aan 'n moontlike alternatiewe verhoudings met hulle seuns word die kategorie van **geen behoefte aan verandering** aangedui.

Kategorieë, aangebied as indikatore vanuit die vraelyste:

Alhoewel die vaders tydens die semi-gestruktureerde onderhoude aangedui het dat hulle **nie behoefte** het aan verandering in hulle verhoudings met hulle adolessente seuns nie, het ses vaders op die vraelyste aangedui dat hulle ander tipe verhoudings met hulle seuns sou wou hê (vraag 20).

Data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude korreleer dus met die vraelyste en kan as 'n proposisie gestel word.

Die volgende **proposisie** word na aanleiding hiervan gestel wat in hoofstuk ses met literatuur gekontroleer word:

- Die vaders van die adolessente seuns sien **verhoudings** met hulle seuns **as genoegsaam** ongeag sommige negatiewe aspekte daarvan.

Vanuit bogenoemde is dit dus duidelik dat die proposisies soos vanuit die data van adolessente seuns en die data van die vaders raakpunte bevat wat as geïntegreerde proposisies met literatuur gekontroleer kan word. Hierdie geïntegreerde proposisies sal vervolgens gestel word.

## 5.4 GEÏNTEGREERDE PROPOSISIES

Ses geïntegreerde proposisies, wat aan die hand van literatuur in hoofstuk ses bespreek sal word, is geïdentifiseer.

### 5.4.1 Proposisie een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense

Vanuit die empiriese navorsing word bevestig dat die adolessente seuns en vaders van adolessente seuns hulle identiteit meet aan interaksie met familie, vriende en ander mense in hulle onmiddellike omgewing. Die vaders van die adolessente seuns beleef hulle verhoudings met hulle seuns as positief in terme van kommunikasie en die adolessente seuns ervaar enige vorm van kommunikasie met hulle vaders meestal as positief, ongeag die diepte van die verhoudings. Kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns word ook as positief beleef ten opsigte van die tyd wat hulle saam spandeer.

Inaggenome al die verhoudings waarby adolessente seuns betrokke is, ervaar die adolessente seuns in hierdie studie dat hulle vaders te min tyd alleen saam met hulle spandeer en indien hulle wel met hulle vaders kommunikeer, geskied hierdie kommunikasie dikwels verdeeld soos onder meer tydens televisieprogramme. Vanuit die empiriese data word bevestig dat struwelinge tussen vaders en adolessente seuns meestal plaasvind omdat die seuns dinge anders wil doen as hulle vaders. Hierdie verskillende sienings van adolessente seuns en hulle vaders kan lei tot die oorskryding van grense wat weer tot dissipline lei wat negatief deur die adolessente seuns ervaar word. Ondanks verskille met die vaders heg die adolessente seuns waarde aan die verhoudings tussen hulle vaders en hulself. Vanuit die vaders se oogpunt beleef die vaders van die adolessente seuns hulle verhoudings met hulle

seuns as toeganklik en positief (ook in terme van kommunikasie) ongeag sommige negatiewe aspekte daarvan.

Vaders ervaar hulle rolle as aktief teenoor ander gesinslede, en teenoor die samelewing vanuit hulle rolle as vaders binne hulle gesinne. Wat verhoudings met hulle eie vaders betref sien die vaders van die adolessente seuns hierdie verhoudings as positief na aanleiding van hulle vaders se persoonlikhede en hoe laasgenoemde opgetree het, of steeds optree, teenoor hulle gesinne. Die vaders van adolessente seuns sien hulle rol ten opsigte van hulle vroue as ondersteunend ten opsigte van die verrigting van take.

### 5.4.2 Proposisie twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering

Adolessente seuns is onseker oor die gevestigheid van hulle identiteit en aanvaar identiteit sonder assimilasie. Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste kom dit na vore dat dit wat die adolessente seuns van identiteit weet, gekoppel word aan wat hulle van hulle vaders geleer of waargeneem het, en geïnternaliseer het. Die vaders van die adolessente seuns sien ook hulle verhoudings met hulle eie vaders as positief na aanleiding van hulle vaders se persoonlikhede en hoe laasgenoemde opgetree het, of steeds optree, teenoor hulle gesinne. Ook tussen hierdie twee generasies vind die oordrag van identiteit plaas. Die vaders van die adolessente seuns sien byvoorbeeld die oordrag van identiteit in terme van persoonlikhede en belangstellings as positief.

Die vaders van adolessente seuns is van mening dat hulle leiding binne hulle gesinne moet neem en dat hulle as rolmodelle ten opsigte van leierskap binne die gesin moet funksioneer. Vaders glo dat onbetrokkenheid van hulle eie vaders nie noodwendig tot onbetrokkenheid by hulle seuns hoef te lei nie.

### 5.4.3 Proposisie drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat dieselfde is

Belangstellings in fisieke aktiwiteite word oorgedra vanaf vaders en vorm deel van die adolessente seuns se sienings van wie hulle is. Sport as gesamentlike belangstelling is 'n raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns. Adolessente seuns sou oor die algemeen meer belangstellings met hulle vaders wou deel.

### 5.4.4 Proposisie vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag van hierdie karaktereienskappe

Die oordrag van identiteit in terme van persoonlikheid word as positief gesien deur die vaders van die adolessente seuns. Die feit dat daar ooreenstemming in persoonlikhede tussen vaders en hulle adolessente seuns is, is vir eersgenoemde 'n positiewe bydrae tot hulle verhoudings. Volgens die adolessente seuns bestaan daar ook fisiese en persoonlikheidsverskille tussen mans en vroue in terme van identiteit.

### 5.4.5 Proposisie vyf: geloof word gekoppel aan manlike identiteit en die oordrag daarvan

Die adolessente seuns ervaar die uitlewing van Christenskap as 'n fisieke aktiwiteit wat gedoen moet word soos "Bybellees" en "kerk-toe-gaan". Soortgelyk word die vaders van die adolessente seuns se lewensuitkyk bepaal deur hulle geloofsoortuiging en aktiewe manier hoe hulle die lewe hanteer en meet hulle hulle identiteit onder andere aan die norme en waardes wat Christelike instellings voorhou.

Skuldgevoelens by adolessente seuns (soos aangedui in die semi-gestruktureerde onderhoude) kan ook ontwikkel indien fisieke aktiwiteite van Christenskap nie uitgevoer word nie.

Die adolessente seuns koppel hulle identiteit aan Christenskap en die vaders van die adolessente seuns ervaar hulle verhouding met God as vernuwend tot hulle identiteit.

### 5.4.6 Proposisie ses: manlike identiteit en die oordrag daarvan word aan genetika gekoppel

Volgens die adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns word genetika aan manlike identiteit verbind, veral ten opsigte van karaktereienskappe.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die kwalitatiewe en kwantitatiewe data wat onderskeidelik in hoofstuk drie en vier geanaliseer is, getrianguleer en as proposisies aangebied. Hierdie proposisies word in die volgende hoofstuk in die lig van bestaande literatuur gekontroleer en daarna aanvaar of verwerp. Proposisies wat aanvaar word, word as temas en begeleidingstrategieë in hoofstuk sewe in ’n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns uiteengesit.

# HOOFSTUK 6

## LITERATUURKONTROLE

AAN DIE HAND VAN KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE DATA

### 6.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die navorsingsprosesse verken en beskryf ten einde die mees relevante temas vir ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns saam te stel. Data is ingesamel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude, ‘n outo-etnografie en vraelyste. Nuwe insigte ten opsigte van die verhoudingsdinamika tussen vader en seun is verkry. Hierdie insigte is as proposisies in hoofstuk vyf aangebied.

In hierdie hoofstuk sal die aspekte van die empiriese proses tot dusver verder met literatuur getrianguleer word. Die teoretiese aannames wat in hoofstuk twee aangebied is, saam met die doel wat vir die studie gestel is, sal ‘n integrale deel uitmaak van die wyse waarop die proposisies met literatuur gekontroleer word.

Die rede vir die kontrollering van die empiriese data met literatuur kan gevind word in die vertrouenswaardigheidstrategie wat vir die studie uiteengesit is. Die proposisies wat gestel is, moet as deel van die vertrouenswaardigheid aan die realiteit en praktyk getoets word alvorens dit as deel van die kennisbasis van die vakgebied opgeneem kan word.

Die proposisies wat in hierdie hoofstuk aan die hand van literatuur beskryf sal word, dien as basis vir die begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente

seuns wat in hoofstuk sewe uiteengesit sal word. Ses proposisies is geïdentifiseer wat as kern vir die literatuurkontrole sal dien.

## 6.2 OMSKRYWING VAN PROPOSISIES AAN DIE HAND VAN LITERATUUR

### 6.2.1 Proposisie een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense

Identiteit is kompleks en verskil van individu tot individu. Elke persoon se identiteit is uniek en word gevorm deur ‘n verskeidenheid van faktore. Dit is hierdie faktore wat onder andere in hoofstuk drie empiries ondersoek word. Thomas (2005: 309) verwys byvoorbeeld na identiteit as *“. . . a set of beliefs about oneself . . .”*. Identiteit word verder omskryf as ‘n bewustheid en verwys na die ooreenkoms en verskille ten opsigte van ander mense en wesens om ons. Identiteit wat as bewustheid omskryf word, sluit aan by die teoretiese aannames van die studie waar Yontef (1993: 26) van mening is dat ‘n belangrike aspek van selfondersteuning die identifisering met die individu se eie toestand is. Identifisering met hierdie toestand beteken dat die individu weet (bewus is) wat sy ervaring, gedrag en situasie behels. Dit is egter duidelik dat, alhoewel daar emosie ook hier ter sprake mag wees, daar nie noodwendig altyd eiening plaasvind nie, en dat kontakgrensversteurings kan plaasvind. Hieroor sê Yontef (1993: 505) dat die doel van gestaltterapie onder andere is om *“ . . . to know and identify with one’s own primary experience while in contact with the rest of the organism/environment field, especially the primary experience of other people in that field; . . .*”. Aksie moet geneem word na aanleiding van hierdie identifikasie en daar moet vertrou word dat groei vanuit die interaksie sal ontwikkel.

Proposisie een word verder ondersteun deur Augoustinos en Walker (1995: 98) volgens wie individue se sienings van hulself onlosmaaklik is van sosiale kragte of strukture en is die individu se siening van *"self"* afhanklik van die sosiale. Hierna word verwys as sosiale identiteit, waar 'n deel van die individu se selfkonsep ontstaan vanuit sy kennis van die sosiale groep/e waaraan hy behoort. Wanneer gekyk word na die gesin as sosiale struktuur is Adams (2002: ii) van mening dat die adolessent se identiteit, en hoe hy die tienerjare en die ontwikkeling na volwassenheid hanteer, beïnvloed word deur wat in die gesinskonteks gebeur. Adams (2002: 44) brei self hierop uit deur te noem dat die struktuur van die gesin kwaliteite mag beteken, soos gesonde modellering van volwasse gesagsfigure, 'n model as voorbeeld van 'n gelukkige huwelik, die erkenning van privaatheid, die ontwikkeling van toenemende onafhanklikheid van die gesin en respek vir en aanvaarding van individualiteit.

Volgens Harvey en Byrd (in de Wet, 2002: 37) word verskillende aspekte van selfagting in verskillende fases van adolessensie deur persepsie van gesinsbande beïnvloed. 'n Verbintenis word gemaak tussen ouerskap en identiteit. Wanneer die familie 'n basis van sekuriteit vorm waarvandaan die adolessent met selfvertroue kan voortbeweeg, word identiteitsontwikkeling bevorder. (Grotevant & Cooper, in Berk, 2003: 460; Hauser, Powers & Noam, in Berk, 2003: 460.) Hierdie positiewe ervaring van kommunikasie word bevestig deur Olson (in Adams, 2002: 40) volgens wie gesinne met beter ouer-adolessent kommunikasie meer geheg is aan mekaar en ook meer liefdevol teenoor mekaar is. Adams (2002: 47) bevestig dat effektiewe kommunikasie binne die gesin oop en duidelike kommunikasie beteken, asook aktiewe luister en deelnemende probleemoplossing en besluitneming. Volgens hom behoort hierdie kwaliteite persoonlike uitdrukking en selfeksplorasie te kweek, wat sal bydra tot identiteitsvorming. Studies deur Arnett (in Mullis, Brailsford en Mullis, 2005: 283) ondersteun hierdie positiewe ervaring ten opsigte van tyd wat saam spandeer word deur bevindings wat

wys dat ouers wat ’n geskiedenis het van positiewe interaksie met en aanvaarding van hulle kinders, hierdie kinders se identiteitsontwikkeling in verskillende sosiale kontekste positief mag beïnvloed.

Afgesien van ouers, het ’n studie deur Block en Robins (in De Wet, 2002: 37) ook aangedui dat die selfbeeld van die adolessent beïnvloed word deur ander eksterne faktore soos die omgewing en ander persone. In terme van vriendskappe is Josselson (in Berk, 2003: 460) van mening dat hegte vriendskappe vir die adolessent die geleentheid skep om verskillende alternatiewe te ondersoek deurdat hierdie vriendskappe as emosionele ondersteuning en rolmodelle vir identiteitsontwikkeling, dien. Vriendskappe kan egter ook ’n negatiewe invloed op identiteitsvorming hê. So byvoorbeeld is Kaplan (2000: 550) van mening dat aggressiewe adolessente portuurgroepe uitsoek met dieselfde karaktereienskappe en dat hulle mekaar versterk in hulle aggressiewe gedrag.

Volgens Cooper en Hart, Atkins en Ford (in Berk, 2003: 460) kan onderwysers en voorligters in skool- en gemeenskapsverband, identiteitsontwikkeling ondersteun. Soos met vriende, kan negatiewe modellering ook in die skool- of gemeenskapsverband plaasvind. Adolessente wat in gemeenskappe grootword waar baie geweld voorkom, kan glo dat geweld die manier is om verskille met ander op te los en kan geweld deel word van hulle daaglikse bestaan, aldus Kaplan (2000: 550).

Inaggenome al die verhoudings waarby adolessente betrokke is, ervaar adolessente seuns in hierdie studie dat hulle vaders te min tyd alleen saam met hulle spandeer en indien hulle wel met hulle vaders kommunikeer, word hierdie kommunikasie dikwels gedeel met onder meer die televisie**.** Die negatiewe rol wat televisie byvoorbeeld speel in terme van die verhouding tussen vader en seun word bevestig deur Newman en Newman (1997: 536) wat noem dat kinders ervaar dat ouers só betrokke raak by televisie dat hulle

nie aandag aan die kinders skenk nie. Ouers mag ook staatmaak op televisie om as geselskap vir kinders te dien wanneer hulle nie daar is nie. Die belangrikheid van kwaliteit tyd saam word verder beklemtoon deur Parke, Dennis, Flyr, Morris, Killian, McDowell en Wild (2004: 309) deurdat hulle verwys na ’n studie wat getoon het dat seuns van afwesige vaders minder gewild was in hulle portuurgroep en minder bevredigende verhoudings met hulle portuurgroep gehad het. Volgens Rubin (in Parke *et al.*, 2004: 309) kan dit lei tot skaamheid en die huiwering om rowwe speletjies te speel, wat teenstrydig is met verwagtinge van die portuurgroep.

Binne die verhouding tussen die adolessente seun en sy vader kan struwelinge plaasvind. Kaplan (2000: 523) bevestig dat adolessente meestal voel dat hulle sekere dinge mag doen teen ’n jonger ouderdom as wat die ouers wil toelaat. Volgens Smetana (in Louw & Edwards, 2003: 488) is adolessensie ’n tydperk waar die adolessent sy onafhanklikheid wil laat geld. Hierdie strewe na onafhanklikheid kan lei tot konflik tussen die adolessent en die ouer. Die konflik op sigself lei nie tot *“permanente skade in die ouer-kind verhouding nie, aangesien dit selde oor diepgaande botsings van waardes gaan . . .”*. Hierdie behoefte om dinge anders te doen kan ook wees as gevolg van die generasiegaping tussen vaders en hulle adolessente seuns. Volgens Louw en Edwards (2003: 488) verwys hierdie generasiegaping na belange en waardes wat in só ‘n mate tussen ouers en adolessente verskil, dat dit lei tot min begrip vir mekaar of oneffektiewe kommunikasie tussen hulle. Gouws, Kruger en Burger (2000: 67) verwys ook na die strewe na onafhanklikheid van die adolessent. Die adolessent bevraagteken die waardes, houdings, belangstellings en menings toenemend en vorm hulle eie menings. Ouers kan dit moeilik vind om met hierdie nuwe onafhanklikheid vrede te maak in die lig van die ouers se gevestigde opvoedkundige sisteme.

Ondanks verskille met die vader heg adolessente seuns waarde aan die verhouding tussen hulle vaders en hulself. Hierdie waarde word deur Mullis *et al*. (2005: 283) beklemtoon deurdat adolessente wat in individuele verhoudings met hulle ouers staan, 'n duidelike "sense of self" ontwikkel, maar voel ook emosioneel verbind tot hulle ouers. Volgens Gouws *et al*. (2000: 68) het adolessente hulle ouers nodig vir morele en emosionele ondersteuning en die tekort aan hierdie ondersteuning kan negatiewe invloede hê soos lae selfbeeld, swak sosiale aanpassing en anti-sosiale gedrag.

Vanuit die vaders se oogpunt beleef die vaders van die adolessente seuns hulle verhouding met hulle seuns as toeganklik en positief (ook in terme van kommunikasie), ongeag sommige negatiewe aspekte daarvan. Volgens Nomaguchi en Milkie (2005: 142) is een so 'n positiewe aspek van kinders hê dat die kinders vir die ouers die geleentheid gee om met ander mense interaksie te hê, insluitende, familie, bure, vriende en ander mense wat betrokke is by gemeenskapsinstellings soos skole en religieuse organisasies. Nog 'n positiewe faktor van verhoudings tussen ouers en kinders is dat ouers sielkundig groei en hulle selfkonsep verbeter deur vir die kinders te sorg. Nomaguch en Milkie noem verder dat studies deur McKeering en Pakenham (2000) oor vaderskap die belangrikheid beklemtoon van die versorging van ander vir volwasse ontwikkeling. Zinn en Eitzen (2005: 331-332) ondersteun hierdie positiwiteit van ouerskap deur te noem dat ouerskap sigbare bewyse is van volwassenheid vir familie, vriende, kollegas, bure, werkgewers en die breër gemeenskap. Negatiewe aspekte word aangedui as kinders se negatiewe karaktereienskappe, liefdeloosheid teenoor ouers, ouers se emosionele bekommernis oor kinders en adolessensie waartydens daar konstant wrywing tussen ouers en kinders kan wees.

Die vaders huldig die uitgangspunt dat hierdie verhouding met hulle seuns aktief van aard is. Hierdie aktiewe verhouding word bevestig deur William Sears (in Lupton & Barclay, 1997: 84) wanneer hy noem dat sy verhouding

met sy sesde kind van sy geboorte af fisiek was en dat sy aktiwiteite met sy kinders 'n langtermynbelegging was. Volgens Dorsen (in Lupton & Barclay, 1997: 85) het mans dieselfde gene as vrouens om vir hulle kinders te sorg en is vrouens nie eksklusief die hanteerders van emosie nie. Volgens Zinn en Eitzen (2005: 332) het daar byvoorbeeld 'n verandering gekom in die vader se betrokkenheid by swangerskap en vaders is meer betrokke by die kinders vanaf geboorte. Die aktiewe aard van die vader-seun verhouding word ook deur Berns (1997: 546-547) beklemtoon deurdat hy noem dat vaders en moeders hulle kinders anders hanteer en dat vaders rowwer speel met hulle seuns as met hulle dogters. Seuns word aangemoedig tot aktiewe, grootmotoriese en manipulerende spel. Hulle word toegelaat om risiko's te neem en word meer sonder supervisie gelaat as dogters.

Vaders sien dat hulle rolle ook aktief van aard is teenoor ander gesinslede en teenoor die samelewing vanuit sy rol as vader binne die gesin. Volgens Ross Parke (in Berns, 1997: 97) word die vader se rol binne die gesin geherdefinieer en neem hy al hoe meer deel aan huishoudelike take en kindersorgverantwoordelikhede. Studies deur Deutch (in Zinn & Eitzen, 2005: 333) bevestig hierdie bevindinge deur na ouers te verwys wat hulle take opdeel en eweveel tyd met die kinders spandeer. Hierdie verdeling blyk egter nie so eenvoudig te wees nie. Studies deur Lorber (in Zinn & Eitzen, 2005: 333) sluit hierby aan deur te noem dat moeders meer emosionele werk doen ten opsigte van die kinders as vaders. Dit is opvallend dat daar in antwoorde van semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste van hierdie studie nie verwys word na die emosionele betrokkenheid van vaders by hulle adolessente seuns nie, maar dat daar heelwat van aktiwiteite in terme van betrokkenheid gepraat word. Galasinski (2004:100) verwys na verskeie literatuur wat die afwesigheid van die vader beklemtoon, hetsy fisiese-, geestelike- of emosionele afwesigheid. Aan die ander kant verwys Galasinski ook na skrywers soos Stacey (1996) wat argumenteer dat daar nie genoegsame bewyse bestaan dat kinders twee ouers benodig wat na hulle

omsien nie. Die noodsaaklikheid van die emosionele betrokkenheid van die vader by sy seun word betwyfel. Die navorser stem saam dat daar wel seuns is wat deur enkelma's grootgemaak word sonder enige kontak met hulle vaders en dat hulle heel gebalanseerd grootword. Richter (2006: 55) noem dat ten spyte van die belangrikheid van die vader se finansiële bydra in die gesin, die betrokkenheid van die vader ook gekoppel kan word aan simboliese aspekte soos mag en gesag, waardes ten opsigte van werk en betrokkenheid in die breër gemeenskap.

Volgens Stoltenberg (in Gilbert & Gilbert, 1998: 101) leer seuns van kleins af hoe belangrik dit is om enige tekens van emosionele behoefte en afhanklikheid stukkend te trap en om eerder manlikheid te openbaar wat hulle van vroulikheid en die vrou skei. Deur die vader kan die seun leer om van sy moeder se invloed te onttrek en daardeur te onttrek van enige sensasie van gevoelens en emosionele verbintenis.

Wat verhoudings met hulle eie vaders betref sien die vaders van die adolessente seuns hierdie verhoudings as positief na aanleiding van hulle vaders se persoonlikheid en hoe laasgenoemde opgetree het of steeds optree teenoor sy gesin. Galasinski (2004: 100) verwys na literatuur rondom die afwesigheid van die vader en noem dat dit interessant is dat daar slegs oor ouer vaders geskryf word wat met hulle volwasse seuns 'n goeie emosionele verhouding het.

Nie een van die vaders van die adolessente seuns koppel hulle eie identiteit aan hulle adolessente seuns nie, wat hierdie gaping ten opsigte van die vaders van adolessente seuns en hulle seuns ondersteun. Crosnoe en Elder, Jr. (2005: 30) beklemtoon die belangrikheid van die verbintenis tussen familielede en dui aan dat hierdie verbintenis ook 'n spesifieke ontwikkelingsroete volg. Hulle noem byvoorbeeld dat die lewens van grootouers en kleinkinders, net soos dié van ouers en kinders, verbind is.

Ondersteunende verhoudings vir kleinkinders vanaf hulle grootouers kan dien as ’n bron van betekenisvolle aktiwiteit en trots vir laasgenoemde. Volgens die navorser word hierdie verhouding tussen grootouers en kleinkinders direk beïnvloed deur die verhouding tussen die ouers en hulle ouers. Hierdie siening word ondersteun deur studies gedoen deur King en Elder, en Rossi en Rossi (in Crosnoe en Elder, Jr., 2005: 32) waar bevind is dat die rol wat die middelgenerasie speel, die kwaliteit van die verhouding tussen die jonger en ouer generasies beïnvloed. Volgens die navorser is die polariteit van verbintenis tussen die generasies, isolasie.

Yontef (1993: 137) verwys na isolasie wat plaasvind wanneer die kontakgrens so versteur word dat dit ondeurdringbaar word en alle verbintenis verlore raak. Die belangrikheid van ander vir die self word uit die bewuste verloor. Dit is die navorser se mening dat vaders wat nie hulle eie identiteit op een of ander manier aan hulle seuns kan koppel nie, in ’n mate hierdie bewustheid van wie hulle is ten opsigte van hulle seuns verloor het en ’n mate van isolasie het ingetree.

Die vaders van adolessente seuns sien hulle rol ten opsigte van hulle vroue as ondersteunend ten opsigte van die verrigting van take. ’n Voorbeeld van hierdie siening word geïllustreer deur ’n vader (in Lupton & Barclay, 1997: 100) wie se rol grotendeels ekonomiese voorsiener is, aangesien sy vrou nie werk nie. Die ooreenkoms tussen hom en sy vrou is dat die persoon vir wie dit die meeste geleë is, die taak verrig. Hierdie persoon is egter meestal die moeder, aangesien sy meestal by die huis is. Chibucos, Leite en Weis (2005: 279) ondersteun hierdie siening deur te noem dat lede van die familie bymekaar gehou word deur interafhanklikheid wat op beide instrumentele en emosionele vlakke kan wees.

Day (in Richter, 2006: 53) noem in hierdie verband:

> *Are gender differences in parenting a matter of culture, choice and preference or of innate skill and inherited propensity? Is there a mother template to which fathers must measure up? Or, is there a parent template that both parents must achieve if effective parenting is to occur?*

Tamis-LeMonda en Cabrera (in Richter, 2006: 57) noem dat verstedeliking, veranderde patrone van die werksmag en houdingsveranderinge rondom geslag die patrone van gesinne verander. Meer mans verrig huishoudelike take en neem verantwoordelikheid vir die versorging van kinders.

Dit is egter so dat ’n argetipe oor vaders bestaan. Hieroor noem Stevens (in Lindegger, 2006: 122) “*The father archetype may show itself in many forms, often including the elder, lawmaker, king, and father-in-heaven. The father is the emobidiment of the logos principle, that is, the principle of thought and wisdom*”. ’n Verdere rolverdeling wat deur Stevens (in Lindegger, 2006: 123) uiteensit is, is dat daar gesuggereer word dat vader en moeder twee verskillende vertolkings oor liefde voorstel, met die moeder se liefde onvoorwaardelik en die vader se liefde voorwaardelik, met ’n prestasie daaraan gekoppel. Die voorafgaande word verklaar deur die vader se rol om die seun bloot te stel aan die veranderings, aanpassings en eise wat buite die gesinstruktuur aan hom gestel sal word indien hy die huis verlaat. Die vestiging van weerbaarheid by die kind is dus baie belangrik en word deur die vader vertolk.

Volgens Lindegger (2006: 123) is een van die mees bekende en aanvaarde funksies van die vader die vestiging van geslagsidentieit en geslagsbewustheid.

"*The boy child grows to the realisation that 'I and father are one' taking on the gender characteristics of the father*". Tacey (in Lindegger, 2006: 128) is van mening dat hierdie sogenaamde argetipes dikwels slegs stereotiperings is oor vaderskap en manlikheid en word gebruik om rigiede, patriargale sienings van manlikheid terug te bring. Hierdie siening word deur Samuels (in Lindegger, 2006: 129) ondersteun deurdat hy van mening is dat argetipes kan lei tot stigmatisering van huishoudings waar die vrou aan die hoof staan of in gesinne waar daar slegs 'n moeder is.

#### *6.2.1.1 Samevatting*

Vanuit 6.2.1 word die proposisie aanvaar dat manlike identiteit aan verhoudings gemeet word. Vir sowel die adolessente seuns, vaders van adolessente seuns en die navorser is betekenisvolle verhoudings belangrik en is dit wie hulle is, direk gekoppel aan betekenisvolle mense in hulle onmiddellike veld. Daar bestaan 'n behoefte by beide die vaders en die seuns om positiewe verhoudings met mekaar te hê. Hierdie verhoudings word egter meestal as aktiewe, fisieke verhoudings beskryf waarvan die emosionele komponent onderspeel word. Die vaders sien hulself as leiers en ondersteuners van die gesin wat eerder moet voorsien aan fisieke as emosionele behoeftes. Die emosionele behoeftes kom wel na vore in beide groepe se hunkering na meer tyd saam. Alhoewel die vaders die rol van hulle eie vaders ten opsigte van identiteitsvorming sien, erken hulle nie die rol wat hulle seuns daarin speel nie. Volgens die navorser kan hierdie miskenning 'n emosionele leemte tussen vader en seun veroorsaak wat aangespreek behoort te word. Oor die algemeen blyk vaders en seuns se verhoudings aktief van aard te wees met 'n tekort aan werklike bewustheid van mekaar wat die ontbreekte emosionele diepte aan die verhouding kan gee.

### 6.2.2 Proposisie twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering

Adolessente seuns is onseker oor die gevestigheid van hulle identiteit, en aanvaar ‘n manlike identiteit sonder assimilasie. Badroodien (2006: 87) noem hier onder meer die volgende: *“Like fathers shaping the ways in which their children relate to each other, male staff members at the Ottery facility provided the parameters by which boys interacted with each other*”. Badroodien (2006: 91), wat navorsing gedoen het rondom identiteitsvorming van seuns wat geïnstitusionaliseerd groot geword het, noem ook in hierdie verband:

> *Indeed, for whatever period boys were committed to the Ottery School of Industries, their experiences of life there, and encounters with various kinds of “fathers”, left indelible marks on their understandings of what a father was, how important a father could and should be, and they took this with them into their adult lives.*

Vanuit die empiriese navorsing van hierdie studie word bevestig dat die vaders van adolessente seuns selde nadink oor hulle eie identiteit. Volgens die vaders speel die modellering van ouers ‘n rol in terme van die oordrag van identiteit en is die navorser van mening dat, net soos by die seuns, identiteit bloot oorgeneem word deur modellering van die vaders se eie vaders sonder dat assimilasie en eiening plaasvind. Die dinamika van identiteitsvorming, soos reeds deur die navorser genoem in hoofstuk een en hoofstuk twee, bevestig die relevansie rakende die onsekerheid van ‘n gevestigde identiteit soos ervaar deur die adolessente seuns. Hierdie konstante verandering in identiteit word ook uitgelig deur Moshman (2005: 104) as hy sê dat êrens by die grens van meta-kognisie en die meta-fisiese lê die moontlikheid dat die refleksies en koördinasie wat betrokke is by die opbouing en heropbouing van die individu se identiteit nie slegs kan verander in terme van wie die individu dink hy is nie, maar in wie hy regtig is. Die media speel ook nie juis ’n positiewe rol in hierdie bevestiging van wie die manlike individu regtig is nie.

Volgens Prinsloo (2006: 136) veroorsaak die beeld van die man, wat oor die algemeen in sitkoms uitgebeeld word, ’n skewe verteenwoordiging van die werklike situasie. Ten opsigte van die werklike situasie van vaderskap noem Rabe (2006: 258) dat die betrokke vader wat gereelde kontak met sy kinders het, ’n nouer band tussen vader en kind tot gevolg hê en kan verwoord word in die algemene diskoers van ‘n “goeie vader” wat volgens die navorser kan meehelp met die identiteitsvorming van die adolessente seun.

Hierdie dinamika van identiteitsvorming word verder uitgelig deur die oordrag van identiteit oor generasies. Die behoefte aan hierdie oordrag van identiteit oor generasies word bevestig deur Richter en Smith (2005: 163) waar hulle verwys na kinders wat ideale vaders sal wil hê en ook sal wil wees. ‘n Ideale vader word uitgebeeld as ’n vader wat liefdevol is, wie omgee, nie dwelms of alkohol misbruik nie, nie sy kinders onredelik en wreed straf nie, sy werk en gesinslewe balanseer en belangstel in sy kinders. Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste kom dit na vore dat dit wat die adolessente seuns van identiteit weet, gekoppel word aan wat hulle van hulle vaders geleer het of waargeneem het en geïnternaliseer het. Die vaders van die adolessente seuns sien ook hulle verhoudings met hulle eie vaders as positief na aanleiding van hulle vaders se persoonlikheid en hoe laasgenoemde opgetree het of steeds optree teenoor sy gesin. Ook tussen hierdie twee generasies vind oordrag van identiteit plaas. Die vaders van die adolessente seuns sien byvoorbeeld die oordrag van identiteit in terme van persoonlikheid en belangstelling as positief. Volgens Lamb en Tamis-Lemonda (2004: 6) speel die karaktereienskappe van die vader as ouer ’n belangriker rol in terme van invloed op die kinders as die karaktereienskappe van die vader as man.

Volgens Wong (in Gorski, 1998) het Henry Stack Sullivan bygedra tot Freud se siening van manlike identiteitsontwikkeling. Sullivan het geargumenteer dat empatie gewoonlik tussen die kind en die ouer van dieselfde geslag ontwikkel.

As resultaat hiervan ontwikkel die seun karaktereienskappe van die vader en ontwikkel hy dieselfde houdings as sy vader ten opsigte van vrouens. Dit is die vader wat die seun leer oor die moeilike aspekte van die lewe en so vorm ’n nouer band tussen vader en seun as tussen moeder en seun. Die invloed van ouers (vaders) op die ontwikkeling van hulle kinders (seuns) word beklemtoon deur die samevattende uitkomste van navorsing wat reeds gedoen is hieroor (Berk, 2003: 568):

- Onlangse navorsing toon aan dat die verhouding tussen ouerskap en kinders se ontwikkeling met tye substansieel is. Die natuurlike ontwikkeling van kinders en die rol wat die vader daarin speel word uitgelig deur Cox, Owen en Henderson (in Richter, 2006: 58) wanneer hulle verwys na die kind wat teen die einde van sy eerste jaar ’n sterk band met die betrokke vader vorm. Clarke-Stewart en Kazura (in Richter, 2006: 58) sluit hierby aan deur te noem dat vaders meer met kinders speel as moeders en dat kinders verkies om met hulle vaders te speel;

- Ouerskap het dikwels verskillende invloede op verskillende kinders;

- Longitudinale navorsing suggereer dat ouerskap kinders se ontwikkeling beïnvloed. Volgens Amato, sowel as Johnson (in Richter, 2006: 59), dra die betrokkenheid van die vader by tot die kind se kognitiewe ontwikkeling, intellektuele funksionering en sukses in die skool. Mboya en Nesengani (in Richter, 2006: 59) het bvyvoorbeeld in Suid-Afrika bevind dat seuns groter akademiese sukses behaal as die vader by die gesin in die huis woon. Ander studies toon dat die betrokkenheid van die vader bydra tot emosionele gesondheid van die kind (Johnson in Richter, 2006: 59) en dat die afwesigheid van die vader, of ’n tekort aan kontak vanaf die vader, dramatiese effekte op die manlike kind het (Johnson, sowel as Mott in Richter, 2006: 59);

- Ouerskapintervensies wys daarop dat as ouerskap verbeter, kinders se ontwikkeling in ooreenstemming verander;

- Ouers beïnvloed kinders se portuurgroepverhoudings in ’n groot mate. Hieroor sê Louw en Edwards (2003: 470) dat die kind by die ouers leer om homself te leer ken en hoe om teenoor ander op te tree, ’n vaardigheid wat belangrik is vir die kind se algemene sosiale en emosionele aanpassing (ook binne die portuurgroep);

- Sommige ouerskapinvloede kan nie maklik gemeet word nie.

Uit bogenoemde uitkomste word waargeneem dat dit wat die adolessente seuns van hulle vaders in terme van identiteit leer, positief of negatief kan wees. Identiteit wat deur introjeksie aangeneem word, kan ook positief of negatief wees, afhangende van wat die individu daarmee doen. Hierdie polariteit van introjeksie word ook deur Yontef (1993: 137) bevestig wanneer hy noem dat *“introjected values and behaviour are imposed on the self . . . swallowing the whole can be healthy or pathological, depending on the circumstances and degree of awareness”*. Indien ’n introjek soos “Jy sal nooit sukses bereik nie” oorgedra word van vader na seun, kan die seun dit steeds aanneem as gevolg van die druk wat hy voel om te konformeer met die samelewingsetiket van “Jy moet jou vader respekteer” en “ Wat jou vader sê is wet”. (Vergelyk Joyce & Sills, 2001: 125.) Joyce en Sills (2001: 125) is egter van mening dat introjekte ook ’n belangrike deel is van effektiewe funksionering. Introjekte stel individue in staat om betekenisvolle reëls binne die samelewing te internaliseer en met die opvoedkundige sisteem te onderhandel. Tydelike strategieë kan aangeneem word wat gebaseer is op die ondervinding van ander totdat eie strategieë aangeneem kan word. Alhoewel die geheel (strategie as geheel) eers ingeneem word sonder assimilasie en introjeksie plaasvind, word die geheel tog op ’n later stadium “herkou” en geassimileer.

Volgens Yontef (1993: 179) kan gelowe, reëls, selfbeeld en definisies van rolle byvoorbeeld as introjekte aangeneem word en later die basis van die persoon se karakter vorm, dit wil sê rigiede en repeterende gedrag sonder bewustheid en assimilasie wat groei inhibeer. Volgens die navorser kan karaktereienskappe, waardes, norme en optrede van vaders so oorgedra word aan hulle kinders. Soos vroeër genoem deur Joyce en Sills, is die navorser egter ook van mening dat die seun op 'n latere stadium van bewustheid hierdie introjekte kan heroorweeg en óf verwerp óf assimileer en sy eie maak. Mkhize (2006: 188) sluit hierby aan deur te noem dat die kind juis grootgemaak moet word om 'n individuele outonomie te bereik. Identiteitsformasie dui op die individu se ontdekking van sy innerlike wese. Dit kan daartoe lei dat die kind die huis verlaat en sy eie aparte identiteit vestig.

Die vaders van adolessente seuns is van mening dat hulle leiding binne hulle gesinne moet neem en dat hulle as rolmodelle ten opsigte van leierskap binne die gesin moet funksioneer. Volgens die navorser is hierdie "moets" 'n goeie voorbeeld van waardes en gelowe wat oorgedra word van een geslag na 'n ander. Hierdie waardes en gelowe kan dan òf deur die vaders binne bewustheid hulle eie gemaak word en funksionering binne die gesin en samelewing versterk en bevorder óf die vader se bewustheid van sy eie grense is só swak dat hy die bewustheid van aspekte van homself verwerp en ander se oorgedraagde gedrag aanvaar sonder assimilasie. Laasgenoemde kan tot manipulerende gedrag lei. (Vergelyk Yontef, 1993: 188.) Na aanleiding van die vader se rol as leier binne die gesin noem Masenya (in Lesejane, 2006: 174) dat die konsep van die vader wat absolute outoriteit en verantwoordelikheid in die gesin het, gelei het tot patriargie, wat die norm geword het. Hy noem verder dat hierdie patriargale rol besig is om te verander as gevolg van die veranderde politiese, sosiale, kulturele en ekonomiese milieu in Suidelike Afrika. Lesejane (2006: 179) is van mening dat patriargie wel 'n plek het, maar dat dit verwronge geraak het. Hy stel voor dat hierdie beeld van die vader as patriarg herstel moet word tot iemand wat

omgee, versorg, leiding neem, raadgee en as rolmodel in die gesin en gemeenskap kan funksioneer. Volgens die navorser moet hierdie "patriargale introjek" dus nie bloot aangeneem word nie, maar deurgetrap en herformuleer word.

Bogenoemde bespreking oor introjeksie bevestig die uitkomste van die empiriese navorsing in terme van betrokkenheid van vaders by hulle seuns. Onbetrokkenheid van vaders van adolessente seuns se eie vaders lei nie noodwendig tot onbetrokkenheid by hulle seuns nie, maar sal afhang van die vader se bewustheid van sy self en sy vermoë om die onbetrokkenheid van sy vader nie as introjek aan te neem nie en betrokke te wees by sy adolessente seun. Hierdie betrokkenheid dui op die vader se vermoë om sy kontakgrens te behou deur nie toe te laat dat samevloeiing plaasvind in terme van sy eie vader se waardes, norme en optrede nie. Indien samevloeiing wel plaasvind raak die skeiding en onderskeiding tussen die vader se self en sy eie vader so onduidelik dat die grens verlore gaan. (Vergelyk Yontef, 1993: 137.) Die onbetrokkenheid van vaders van adolessente seuns se eie vaders, wat nie noodwendig tot onbetrokkenheid by hulle seuns hoef te lei nie, word bevestig deur die volgende voorbeeld van 'n vader (in Lupton & Barclay, 1997: 101) volgens wie elke vader saam met die moeder vir die kind moet sorg. Hy vergelyk sy gevoel hieroor met sy eie vader se generasie wat nie tyd gemaak het om hulle eie kinders te sien ontwikkel nie. Nog 'n vader (in Lupton & Barclay, 1997: 102) beskryf die verskil tussen sy deelname aan hulle kind se geboorte en ontwikkeling in teenstelling met sy eie vader wat volgens hom 'n dronkaard was en nooit by die huis was nie.

#### *6.2.2.1 Samevatting*

Die proposisie dat identiteit deur middel van modellering geïnternaliseer word, word aanvaar. Volgens die navorser internaliseer sommige vaders die modelleringsgedrag van hulle eie vaders sonder om werklik die gedrag te

bevraagteken. Introjekte word oorgedra sonder dat assimilasie plaasvind. Hierdie ooreenstemmende gedrag wat deur vaders vanaf vaders geïnternaliseer word, word weer oorgedra aan die seuns. Die internalisering sonder assimilasie het duidelik na vore gekom uit die empiriese navorsing waar belangstellings en optredes van vaders uitgelig is as ooreenstemmend met die eienskappe by die seuns. Die waarde of relevansie daarvan word egter nie bevraagteken nie. Volgens die navorser kan vaders en hulle adolessente seuns bewus gemaak word van hierdie introjekte wat oorgedra word deur modellering. Deur bewuswording van introjekte kan vaders en adolessente seuns hulself werklik leer ken en uiteindelik eerlik plaas ten opsigte van mekaar.

### 6.2.3 Proposisie drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat dieselfde is

Belangstelling in fisieke aktiwiteite word oorgedra vanaf vaders en vorm deel van die adolessente seuns se sienings van wie hulle is. Die fisiese verband tussen seuns en hulle identiteit word deur Foster, Kimmel & Skelton (2001: 12) bevestig deurdat hulle noem *dat "boys will simply be boys . . ."* en dat dit die natuur (*"nature"*) is wat veroorsaak dat seuns geneig is tot luidrugtige wilde spel en nie die versorgingsaspek (*"nurture"*) nie. Navorsing deur Newcombe en Boyle (in Berk, 2003: 177) toon dat fisieke aktiwiteite soos sport kognitiewe en sosiale ontwikkeling beïnvloed en dat sport binne skoolverband 'n belangrike leerveld is vir kompetisie, assertiwiteit, probleemoplossing en spanwerk – eienskappe wat volgens die navorser alles deel vorm van identiteit. Volgens Gilbert en Gilbert (1998: 55) verwys spel vir seuns na sport en rekreasie aktiwiteite wat 'n normale deel van hulle alledaagse bestaan vorm. Heelwat van hierdie aktiwiteite kan gesien word as 'n soort inoefening vir die lewe wat hulle as mans gaan lei. Die vorming van manlike (identiteit) is teenwoordig in al die primêre instellings waarvan die kind deel is, onder

andere sport- en rekreasieklubs. In terme van manlikheid, wat deel vorm van identiteit, noem Gilbert en Gilbert (1998: 56) verder dat:

> *to see how boys are positioned as masculine, we need to understand these discourses: how they position people so that certain ways of thinking and acting become naturalised, how they appeal to boys' developing desires, how they exert power which boys feel they must respond to in some way.*

Chandler en Nauright (1996: 1-12) fokus op die ontwikkeling van sport en laasgenoemde se rol in die samelewing ten opsigte van manlike identiteit. Hulle verwys na die verband tussen rugby en manlikheid (1996: 5) en spesifiek na die wortels van Suid-Afrikaanse rugby en betekenisvolheid van sy geskiedenis om 'n wit kulturele identiteit te skep (1996: 9). Sport as gesamentlike belangstelling is 'n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns. Die belangrikheid van sport word beklemtoon deur 'n vader van 'n 16 maande oue seun wat noem dat sy seun reeds saam met hom en sy vrou na sportbyeenkomste gaan en dat hy 'n belangrike deel geword het van hulle sosiale verhoudings (Lupton & Barclay, 1997: 112). Behalwe sport toon die uitkomste van die semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste aan dat adolessente seuns oor die algemeen meer belangstellings met hulle vaders sou wou deel.

#### *6.2.3.1 Samevatting*

Die proposisie dat identiteit gekoppel word aan belangstellings van vaders en seuns word aanvaar. Vanuit die empiriese navorsing en literatuur is dit duidelik dat gesamentlike belangstellings in fisieke aktiwiteite, maar veral sport, 'n betekenisvolle rol speel in die vorming van manlike identiteit. Sport, asook ander aktiwiteite, blyk 'n belangrike komponent te wees in die daarstelling van 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns, aangesien dit 'n prominente aanknopingspunt blyk te wees.

Hierdie fokus op sport moet egter ook in perspektief geplaas word sodat dit nie ’n ontsnappingsroete raak weg van emosionele binding nie en dat die siening *“boys will be boys”* nie as defleksie gebruik word deur vaders en adolessente seuns om werklik met mekaar kontak te maak nie.

### 6.2.4 Proposisie vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag daarvan

Moshman (2005: 85) verwys na Marcia (1993) se aanname dat adolessente en volwassenes gekategoriseer kan word in vier identiteitstatusse en dat hierdie kategorisering handig te pas kom om hulle psigososiale karaktereienskappe en ontwikkeling te begryp. Volgens Berk (2003: 460) is identiteitstatus sowel ’n oorsaak as ‘n gevolg van persoonlikheidskaraktereienskappe.

Volgens Newman en Newman (1997: 681) is dit in die portuurgroep waar unieke karaktereienskappe van die individuele lede ontwikkel om definisie aan die opkomende groepsrolle te gee sonder dat ’n sekere mate van konformiteit wat verwag word, prysgegee word. Louw en Edwards (2003: 516-519) bevestig dat persoonlikheid beïnvloed word deur karaktereienskappe. ’n Patroon van blywende kenmerke word gevorm waarvolgens ’n persoon oor ’n tydperk optree en op ’n bepaalde wyse dink en voel. Hierdie patroon van blywende kenmerke word gedefinieer as persoonlikheid. Persoonlikheid volgens die navorser word direk verbind aan wie jy is, dit wil sê identiteit. Allport (in Louw & Edwards, 2003: 515) het byvoorbeeld vier persoonlikheidstipes geïdentifiseer wat na spesifieke karaktereienskappe verwys, naamlik: melancholies (teruggetrokke en ongelukkig), sanguïnies (vrolik, uitgaande en kalm), choleries (geïrriteerd, knorrig en luidrugtig) en flegmaties (stil, gelykmatig en onemosioneel). Louw en Edwards (2003; 520) gaan verder deur te noem dat daar genoegsame aanduiding bestaan dat daar ’n verband is tussen biologiese aspekte en persoonlikheid.

Hierdie siening, sowel as Berk (2003: 114) se verwysing na studies oor tweelinge waar bevind is dat genetiese faktore ’n rol speel ten opsigte van persoonlikheid, bevestig die adolessente seuns, wat deelgeneem het aan die navorsing, se oortuiging dat karaktereienskappe geneties oordraagbaar is. Hierdie oordrag van identiteit in terme van persoonlikheid word as positief gesien deur die vaders van die adolessente seuns. Die feit dat daar ooreenstemming in persoonlikhede tussen vaders en hulle adolessente seuns is, is vir eersgenoemde ’n positiewe bydrae tot hulle verhouding. ’n Voorbeeld hiervan word gekry in Lupton en Barclay (1997: 111) waar ’n vader noem dat sy seun op 16 maande reeds persoonlikheidstrekke het wat dieselfde is as syne en dat dit vir hom goed is.

Volgens die adolessente seuns bestaan daar ook fisiese en persoonlikheidsverskille tussen mans en vrouens in terme van identiteit. Hierdie waarneming deur adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns word ondersteun deur Kaplan (2000: 349) wanneer hy verwys na sogenaamde seksuele tipering (*“sex typing”*). Laasgenoemde verwys na die proses waardeur ’n individu die waardes, houdings en gedrag verkry wat as toepaslik gesien word vir een of die ander geslag binne ’n spesifieke kultuur. Seksueel tiperende gedrag verwys byvoorbeeld na die idee dat seuns net met karretjies mag speel en dogters met poppe.

Tipiese manlike/vroulike teoretiese modelle dien as verdere ondersteuning van die adolessente seuns se siening ten opsigte van verskile in geslagsidentiteit. David en Brannon (in Gorski, 1998) beskryf byvoorbeeld manlike identiteit deur middel van modelle wat slegs kenmerkend is van karaktereienskappe van mans. Vier temas is geïdentifiseer wat die kernvereistes van die rol saamvat: *“no sissy stuff”*, waar die vereiste is dat die man nooit enige vroulike karaktereienskappe of kwaliteite mag openbaar nie; *“the big wheel”*, wat vereis dat die man respek moet afdwing en na opgekyk moet word in terme van wat hy doen of wat hy bereik het; *“the sturdy oak”*, waar die vereiste is dat die man

taai moet wees en selfvertroue moet hê; en *"give 'em hell"* met die vereiste van 'n aura van aggressie, geweld en uitdagendheid.

Parsons (in Stainton Rogers & Stainton Rogers, 2001: 50) verwys ook na die realiteit van geslagsstereotipering en definieer dit as 'n stel gelowe aangaande sielkundige eienskappe, karaktertrekke en gedrag wat onderskeidelik van mans en vrouens verwag word. Verskille tussen mans en vrouens word ook baie pertinent uitgelig in John Gray se boek *Men are from Mars, Women are from Venus*. Hierdie argetipes kan volgens Lindegger (2006: 122-123) deurgetrek word na die rol van die vader waarvan die argetipe bestaan dat hy wel 'n goeie en versorgende kant kan hê, maar dat hy ook potensieel 'n destruktiewe kant het, soos om gefokus te wees op mag en beheer. 'n Belangrike argetipe van die vader is om geslagsidentiteit en geslagsbewustheid te vestig. Die seun word byvoorbeeld groot met die bewustheid dat hy en sy vader "een" is met spesifieke geslagseienskappe. Volgens Stevens (in Lindegger, 2006: 125) kan die verwerping van hierdie argetipe lei tot komplikasies vir die individu, maar ook vir die gemeenskap. Die verwerping van die vader-argetipe kan aanleiding gee tot 'n nuwe vorm van manlike outoriteit in die ontstaan van vereenselwiging met bendes, hoë voorkoms van geweld teenoor jong mans en die seksuele geweld teenoor vroue.

#### *6.2.4.1 Samevatting*

Die proposisie dat karaktereienskappe 'n rol speel in die bepaling van manlike identiteit word aanvaar. Vanuit die empiriese navorsing en literatuur is dit duidelik dat karaktereienskappe en geslagsverskille as sterk indikatore van manlike en vroulike identiteit gesien word deur beide die vaders en adolessente seuns. Volgens die navorser moet daar egter teen gewaak word dat die seuns nie verlengstukke van die vaders se karakters word nie.

’n Onderskeid moet getref word tussen die rol wat genetika speel in terme van karaktereienskappe en die rol van modellering. Weereens is dit belangrik vir die vader en seun om bewus te wees van wie hulle werklik is deur enige vals karakter wat as introjek aangeneem is, te herkou en óf te assimileer óf uit te spoeg. Die begeleidingsraamwerk kan hier aangewend word deur die vader en seun bewus te maak van wie hulle werklik is en introjekte óf te assimileer óf te verwerp.

### 6.2.5 Proposisie vyf: geloof word gekoppel aan manlike identiteit en die oordrag daarvan

Die verband tussen moraliteit en identiteit word deur Moshman (2005: 75) beklemtoon as hy noem dat:

> *If being moral is central to your deepest sense of who you are . . . you are more likely to construe issues in moral terms, to reflect deeply on what you ought to do, and to do what you deem morally correct – the alternative is to betray yourself and suffer the self-imposed emotional consequences of your lack of integrity.*

Vrae oor moraliteit lei volgens Moshman noodwendig tot vrae oor identiteit. Lawrence Kohlberg (in Louw en Edwards (2003: 483-484) se bydraes rakende morele ontwikkeling word as van die grootste bydraes gesien. Volgens Kohlberg gaan die individu deur drie vlakke van morele ontwikkeling wat elk in twee fases verdeel kan word. In elke fase word sekere aspekte van moraliteit geëien en gehoor gegee aan sekere beginsels en waardes. In terme van beginsels en waardes ervaar die adolessente seuns Christenskap as ‘n fisieke aktiwiteit wat gedoen moet word, soos Bybellees en kerk-toe-gaan. Soortgelyk word die vaders van die adolessente seuns se lewensuitkyk bepaal deur hulle geloofsoortuigings en aktiewe manier hoe hulle die lewe hanteer en meet hulle hulle identiteit aan die norme en waardes van Christelike instellings.

Volgens Gouws *et al.* (2000: 117) kan die adolessent se kritiese analise van religieuse oortuigings egter lei tot skeptisisme ten opsigte van hierdie religieuse praktyke soos gebed en kerkbywoning. Skuldgevoelens by adolessente (soos aangedui in die semi-gestruktureerde onderhoude met die adolessente seuns) kan ook ontwikkel indien fisieke aktiwiteite van Christenskap nie uitgevoer word nie.

Die adolessente seuns koppel hulle identiteit aan Christenskap en die vaders van die adolessente seuns ervaar hulle verhouding met God as vernuwend tot hulle identiteit. Volgens Adams (2002: 43) identifiseer adolessente in ’n groot mate met hulle ouers se houdings, waardes en gedrag wat gebaseer is op hulle ouers se godsdienstige oortuigings. Adolessente het ’n behoefte aan spiritualiteit en volgens Gouws *et al.* (2000: 116) kan religie as spirituele hawe dien waar konflik en twyfel opgelos word en die betekenis van lewe en antwoorde op vrae rakende die lewe verkry word. Ten opsigte van vernuwing ondersteun McNally (2004: 13) die vaders se ervaring dat God vernuwend werk tot identiteit. Hy verwys na Maleági 4: 6 in die Bybel waar God deur Maleági werk om vaders en kinders se harte te vernuwe sodat hulle weer na mekaar sal draai en hulle verhoudings herstel word. Hierin lê die belofte van vernieude vaderskap.

#### *6.2.5.1 Samevatting*

Die proposisie dat geloof verbind word met die oordrag van identiteit word aanvaar. Veral vanuit die vraelyste is dit duidelik dat geloof in God ’n onbetwisbare rol speel in terme van hoe die adolessente seuns en die vaders hulle eie identiteit beleef. Die vraag moet egter gevra word of hierdie eiening van geloof as deel van identiteit werklik geassimileer is en of dit bloot ’n tradisionele oordrag is oor geslagte heen. Volgens die navorser is sy verhouding met God die grondslag van sy identiteit. Binne hierdie verhouding lê die sekuriteit en die ware wete van wie hy werklik is.

Identiteit en geloof word aangedui as 'n bysprekingspunt in die begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns.

### 6.2.6 Proposisie ses: manlike identiteit en die oordrag daarvan word aan genetika gekoppel

Die rol van genetika en die omgewing word as belangrik beskou om gedrag te verstaan (Kaplan, 2000: 6). Die rol van genetika ten opsigte van identiteit word onteenseglik bevestig. Volgens Wahlstein (2003: 18) gaan verskeie teoretici van die veronderstelling uit dat vroeë ontwikkeling tot en met geboorte grootliks beheer word deur genetiese inligting en dat hoogs oorerflike kenmerke weerstand kan toon teen omgewingsmodifikasie. Hierdie weerstand kan tot 'n mindere of meerdere mate wees en hang af van die grense wat aan die omgewing gestel word (Montagu, in Thomas, 2005: 33). Volgens Montagu bepaal oorerflikheid die grense van potensiële ontwikkeling, dit wat die kind kan doen, en binne hierdie grense bepaal die omgewing wat die kind wel doen, dit wil sê die eintlike ontwikkeling.

Die moontlikheid van eienskappe wat geneties oordraagbaar kan wees word geïllustreer deur 'n pa (in Lupton & Barclay, 1997: 99) wanneer hy van sy vyf weke oue baba sê: *"He is his own person, he is pretty stubborn, because we're both (father and mother) very stubborn people, [and] we've both got tempers"*.

#### *6.2.6.1 Samevatting*

Die proposisie dat genetika 'n rol speel in identiteitsvorming word aanvaar. Literatuur ondersteun uitkomste van die navorsing dat karaktereienskappe en temperament oorerflik is. Volgens die navorser moet daar egter onderskei word tussen eienskappe wat oorerflik is en eienskappe wat aangeleer is deur middel van modellering.

Genetika kan as verskoning gebruik word om emosionele blootstelling te voorkom. Laasgenoemde lei tot die miskenning van ware identiteit. Vaders en seuns kan karaktereienskappe as verskoning gebruik deur aan te dui dat ’n eienskap soos onvermoë om emosie te wys oorgeëërf is en dat hulle niks daaraan kan doen nie. Hierdie introjekte kan in die begeleidingsraamwerk aangespreek word.

## 6.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die proposisies wat in hoofstuk vyf uitgelig is, geïntegreer tot ses proposisies wat aan die hand van bestaande literatuur bespreek en gekontroleer is. Alhoewel nie ewe sterk nie, word al die proposisies deur bestaande literatuur gesteun. Na elke proposisie is ’n samevatting gegee wat na die begeleidingsraamwerk verwys soos bespreek in hoofstuk sewe.

In hoofstuk sewe word die proposisies wat aanvaar is, as temas vir ’n begeleidingsraamwerk aangebied. Hierdie begeleidingsraamwerk vir vaders en seuns bied die struktuur vir die disseminasie van die navorsing.

# HOOFSTUK 7

## MANLIKE IDENTITEIT: ‘N BEGELEIDINGSRAAMWERK VIR VADERS EN ADOLESSENTE SEUNS

### 7.1 INLEIDING

In hoofstuk ses word ses proposisies vanuit hoofstuk vyf teen die agtergrond van bestaande literatuur bespreek. Hierdie proposisies is aanvaar na aanleiding van die literatuurkontrole, waarna die proposisies feitelik deel vorm van die navorser se kennisbasis. Deur die proposisies met literatuur te kontroleer is die navorser in staat gestel om temas vir ‘n begeleidingsraamwerk wetenskaplik saam te stel. Die navorsingsproses wat gevolg is, het dus die wetenskaplikheid van elke tema gerugsteun.

Die proposisies wat dus aanvaar is word in hoofstuk sewe as ses temas en verskeie subtemas weergegee wat onder ‘n sentrale hooftema uiteengesit word en as begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns aangebied word. Die hooftema wat vanuit die empiriese data beklemtoon word, is dat manlike identiteit binne die dinamika van vader/seun verhoudings gevorm word (sien “Toepaslike begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns met ‘n gesonde bewuste verhouding as samesnoerder vir manlike identiteit as sentrale tema” in skematiese voorstelling, hoofstuk drie). Dit is belangrik om daarop te let dat die begeleidingsraamwerk nie as riglyn of model aangebied word nie, aangesien die primêre doel van die navorsing was om ‘n begeleidingsraamwerk daar te stel vir vaders en adolessente seuns in terme van identiteitsvorming.

## 7.2 DOEL VAN ‘N BEGELEIDINGSRAAMWERK

Die begeleidingsraamwerk word in die vorm van aanbevelings geskryf wat deur vaders en adolessente seuns gebruik kan word om in ‘n gesonde, bewuste verhouding te staan wat as basis van manlike identiteit dien. Die doel is om die vaders en seuns bewus te maak van hulle eie verhouding en hoe hulle manlike identiteit in hierdie verhoudings gevestig kan word. Deur hierdie bewusmaking kan vaders en seuns bemagtig word om tekortkominge in hulle verhoudings aan te spreek en as mans hulle manlike identiteit uit te leef.

Temas soos geïdentifiseer vanuit die navorsingsproses en wat opgeneem word in die begeleidingsraamwerk, word vervolgens bespreek. Praktiese aanbevelings word aan die hand van ‘n skematiese raamwerk uiteengesit. Die temas en praktiese aanbevelings is geskoei op die paradigmatiese perspektief vir die studie, soos bespreek in hoofstuk twee.

## 7.3 TEMAS VIR BEGELEIDINGSRAAMWERK

### 7.3.1 Tema een: manlike identiteit word gemeet aan mans se verhoudings met familie, vriende en ander mense


Vanuit tema een word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

### *7.3.1.1 Kontak*

Vaders en seuns het nodig om kontak te hê met hulle familie, vriende en ander mense in hulle onmiddellike omgewing. Hierdie kontak stel die vaders en seuns in staat om hulselfself binne sosiale konteks te plaas en so 'n sosiale identiteit te ontwikkel. Die man se sin vir self word so ontwikkel en gee aanleiding tot die bemagtiging van sy manlike identiteit.

Figuur 7.1 Kontak

- Behou kontak met die uitgebreide familie en woon familie byeenkomste by;
- Reël 'n naweek weg saam met mansvriende en neem jou seun saam;
- Skakel as gesin in by byvoorbeeld die kerk se sosiale aktiwiteite.




### *7.3.1.2 Kommunikasie*

Vaders en seuns het nodig om op 'n daaglikse basis met mekaar te kommunikeer. Hierdie kommunikasie het ten doel om 'n bewustheid te kweek van mekaar se prosesse en behoeftes. Deur middel van kommunikasie word tyd saam spandeer wat die geleentheid bied vir identiteitsvorming.

Figuur 7.2 Kommunikasie

- Vra jou seun uit hoe sy dag was en vertel hom van jou dag by die werk;
- Betrek jou seun as julle planne vir die vakansie maak;
- Praat met jou seun oor belangrike lewens aspekte soos seks voor die huwelik en die rol wat God in julle gesin speel.




#### *7.3.1.3 Spesiale tyd saam*

Die vaders het nodig om spesiale tyd uit te sit om met hulle seuns deur te bring ongeag die ooglopende nonchalante houding van die seuns dat tyd saam met hulle vriende meer belangrik is. Hierdie tyd moet van kwalitatiewe aard wees waarby slegs die vaders en seuns betrokke is. Geen derdeparty soos televisie-kyk mag inbreuk maak op hierdie tyd saam nie.

Figuur 7.3 Spesiale tyd saam

- Reël 'n naweek weg en doen iets waarin jou seun belangstel, al verg dit deursettingsvermoë van jou;
- Kry 'n stokperdjie wat jy as vader saam met jou seun kan beoefen en sit spesiale tyd daarvoor uit;
- Beplan 'n kort staproete vroeg op 'n Saterdag of ander aktiwiteit wat julle saam kan beoefen.




### *7.3.1.4 Respek vir grense*

Vaders en seuns het nodig om mekaar se verskillende persoonlikhede en sienswyses te respekteer. Die vaders moet bewus wees dat hulle seuns as adolessente waarskynlik dinge anders as hulle gaan doen en ruimte vir hierdie uniekheid binne hulle verhoudings laat. Dieselfde geld vir die seuns. Alhoewel die vaders ruimte moet laat vir die seuns individualiteit, moet die seuns redelike grense wat die vaders as versorger van die gesin neerlê, respekteer.

Figuur 7.4 Respek vir grense

- Deel met mekaar waarvan julle hou en wat nie vir julle lekker is om te doen nie;
- Bespreek verantwoordelikhede binne die gesin en die rasionaal daaragter, asook die gevolge indien die verantwoordelikhede nie nagekom sou word nie.




### *7.3.1.5 Herformuleer konflik*

Die vaders moet konflik tussen hulle en hulle seuns nie noodwendig as negatief ervaar en daardeur toelaat dat dit afbreuk aan hulle verhoudings doen nie. Die seuns behoort steeds waarde aan hierdie verhoudings te heg ongeag konflik, aangesien hulle verhoudings met hulle vaders die basis bly vanwaar die seuns se manlike identiteit gevorm word.

Figuur 7.5 Herformuleer konflik

- Werk saam deur konflik en moenie dit onopgelos laat nie;
- Gesonde konflik is nie noodwendig sleg nie en is 'n uitvloeisel van vader en seun se grense en individualiteit. Respekteer mekaar se grense en kom ooreen wat aanvaarbaar is en wat nie.




### *7.3.1.6 Vaders se aktiewe deelname*

Die vaders het nodig om aktief binne die gesin, sowel as in die samelewing betrokke te wees, aangesien hierdie aktiewe meelewing aan die vaders bevestiging gee van wie hulel is ten opsigte van hulle rolvertolking. Die vaders se manlike identiteit word ook hierdeur deurlopend bevestig en in stand gehou. Hierdie aktiewe deelname sluit ook emosionele betrokkenheid in. Deur die voorbeeld van betrokkenheid te stel, leer die seuns om ook betrokke te wees en nie te onttrek van sosiale en/of emosionele verbintenisse nie.

Figuur 7.6 Vaders se aktiewe deelname

- Hoe jy as vader teenoor jou vrou en seun optree, is die riglyn vir jou seun se optrede teenoor sy toekomstige gesin;
- Bied aan om jou vrou uit te help met huishoudelike take of om kinders by die skool af te haal.




### *7.3.1.7 Projekteer positiewe verhoudings*

Die vaders moet die positiewe verhoudings wat hulle met hulle eie vaders het op hulle verhoudings met hulle seuns projekteer en bewus raak dat hulle nie slegs van hulle vaders leer om hulle manlike identiteit te versterk nie, maar ook van hulle seuns afhanklik is vir terugvoer oor hulle eie identiteit.

Figuur 7.7 Projekteer positiewe verhoudings

- Jy as vader moet jou verhouding met jou eie vader as voorbeeld kan voorhou van 'n gesonde vader/seun verhouding;
- Deel dit wat jy as vader van jou vader geleer het, of steeds leer, met jou seun;
- Deel met jou seun as daar eienskappe van hom is waaruit jy kan leer en bemagtig hom daardeur.




### *7.3.1.8 Taakgerigte rolle van die vaders*

Die vaders het nodig om taakgerigte rolle binne hulle gesinne in te neem, alhoewel hierdie rol ondersteunend van aard moet wees ten opsigte van hulle vroue. Die manlike identiteit van die vaders word deur hierdie taakgerigtheid bevestig.

Figuur 7.8 Taakgerigte rolle van vaders

- Neem deel aan gesinsaktiwiteite soos om jou seun se rugbywedstryd of oueraand by die skool by te woon;
- Bied aan om skottelgoed te was en vra jou seun om af te droog;
- Neem leiding in die besluitneming in die gesin, maar nie sonder om die ander lede daarin te ken nie.



## 7.3.2 Tema twee: mans internaliseer/introjekteer identiteit deur middel van modellering


Vanuit tema twee word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

### *7.3.2.1 Die rol van introjekte*

Die adolessente seuns het nodig om vrae te vra oor wie hulle is en sekerheid te kry rakende hulle manlike identiteit. Die rol wat die vaders in hierdie proses speel, is van kardinale belang. Die adolessente seuns het nodig om hulle eie manlike identiteit te ontwikkel en nie slegs hulle vaders se manlike identiteit, of dele daarvan, as introjekte aan te neem nie. Die vaders moet aan hulle seuns die vryheid gee om hulle manlike identiteit binne die grense van die gesin se sekuriteit te ondersoek.

Figuur 7.9 Die rol van introjekte

- Jy as vader moet seker maak dat jou verhouding met jou seun oop is sodat hy die vrymoedigheid het om na jou te kom as hy byvoorbeeld saam met vriende gerook het. Wees bewus daarvan dat hy nodig het om te eksperimenteer en dat jy aan hom die gevare daarvan moet uitwys op so 'n manier dat hy self die besluit sal neem om nie weer te rook nie. Hierdeur vestig hy sy manlike identiteit deur die volgende keer "nee" te sê as hy weer met rook gekonfronteer word.




### *7.3.2.2 Vaders se bewuswording van hulle eie manlike identiteit*

Die vaders het nodig om tyd aan hulself te spandeer en vrae te vra oor wie hulle is en wat hulle plek binne hulle gesin en die samelewing is. Hulle behoort weg te beweeg van die introjek dat 'n vader die sterk een is in die gesin en moet toesien dat die gesin versorg word. Hierdie is slegs deel van die vader se rol as man. Deur hierdie introjek aan te neem, beroof die vaders hulle van kwaliteit verhoudings met hulle gesinne en kan hulle hulself beleef as onemosioneel en gedistansieer van wie hulle regtig is. Die vaders moet oor die vrymoedigheid beskik om hulle gevoelens hieroor met hulle gesinne te deel en sekerheid oor hulle manlike identiteit te kry sonder om skaam of skuldig te voel as hulle ander behoeftes as individue en gesinsmanne het.

Figuur 7.10 Vaders se bewuswording van hulle eie manlike identiteit

- Jy as vader moet introspeksie hou en vir jouself uitmaak wie jy is as individu sodat jy ook jou rol in die gesin kan definieer;
- Gesels met jou vrou oor hoe sy jou ervaar en hoe sy jou rol as man en vader sien. Besluit dan of dit ooreenstem met wie jy werklik is en of dit jou behoeftes bevredig;
- Gesels met jou seun oor hoe hy jou as vader beleef en praat ook oor die rol wat hy in jou lewe speel en hoe hy jou manlike identiteit beïnvloed.




### *7.3.2.3 Vaders se bewuswording van gemodelleerde gedrag*

Die vaders tree met tye binne hulle gesins- of werksverband op en hanteer hulle verhoudings met hulle gesinne sonder om vrae te vra oor hoekom hulle dit so doen en waar hulle geleer het om dit so te doen. Gemodelleerde gedrag word oorgedra aan vaders sonder dat hulle hierdie gedrag eien en dit wat hulle nie wil oorneem nie, verwerp. Die vaders moet besluit of hulle hierdie gemodelleerde gedrag van hulle vaders wil verander en die introjekte vanaf hulle vaders wil herevalueer en assimileer.

Figuur 7.11 Vaders se bewuswording van gemodelleerde gedrag

- Jy as vader het nodig om met jou eie vader te gesels oor sy manier van doen en hoe dit jou gedrag beïnvloed. Vind uit of jou oupa dieselfde opgetree het;
- Jy as vader het die mag om te besluit of jy gemaklik is met jou optrede en of jy nodig het om dit te verander en volwaardig binne jou eie manlike identiteit te staan.



### *7.3.2.4 Assimilasie van gemodelleerde gedrag deur die adolessente seuns*

Die adolesente seuns raak bewus van hulle manlike identiteit deur die gemodelleerde gedrag van hulle vaders. Wie hulle is, word geleer vanuit hulle vaders se gedrag en optrede. Die dolessente seuns het nodig om binne die gemodelleerde gedrag wat hulle vaders stel, te besluit watter van hierdie gedrag hulle gaan eien en watter gedrag nie deel van hulle manlike identiteit gaan vorm nie. Die vaders van die adolessente seuns moet aan hulle seuns die vryheid gee om hierdie keuse te maak en om nie hulle manlike identiteit op hulle seuns af te dwing nie.

Figuur 7.12 Assimilasie van gemodelleerde gedrag deur die adolessente seuns




*7.3.2.5 Vaders se positiewe belewenisse van hulle eie vaders*

Die vaders behoort die positiewe belewenis van hulle eie vaders te gebruik in hulle verhoudings met hulle seun. Hierdie positiewe optrede en aspekte van hulle vaders se persoonlikheid is belangrik om hulle eie manlike identiteit te help vestig en kan gebruik word in hulle verhoudings met hulle seuns om ook laasgenoemde se manlike identiteit te help vorm.

Figuur 7.13 Vaders se positiewe belewenisse van hulle eie vaders

- Indien moontlik, gaan 'n naweek weg saam met jou vader en seun en maak 'n manne-naweek daarvan. Jy en jou vader kan julle lewenservaring met jou seun om 'n kampvuur deel en so verseker dat jou seun se manlike identiteit versterk word in die wete waar hy vandaan kom en wie hy is in terme van sy voorgeslagte;
- Vertel jou seun van jou en jou vader se verhouding en hoe dit was toe jy 'n kind was. Gesels oor wat jy van jou vader geleer het en hoe dit jou manlike identiteit help vorm het. Hoor by jou seun wat hy van jou leer en wat hy graag van jou sal wil leer




*7.3.2.6 Vaders se positiewe belewenisse van oordrag van identiteit*

Die belewenis van die oordrag van identiteit is positief. Hierdie positiewe ervaring van die oordrag van identiteit bevestig die vaders se behoefte dat eienskappe van hulle manlike identiteit aan hulle seuns oorgedra word. Die seuns word as't ware 'n verlengstuk van wie die vaders is. Deur hulle eienskappe in hulle seuns waar te neem, word die vaders se manlike identiteit bevestig en word hulle as mans bemagtig.

As vaders moet hulle genoegsame kwaliteit tyd met hulle seuns deurbring sodat hulle seuns hulle karakters kan leer ken en die positiewe daarvan hulle eie kan maak.  Dit wat die seuns in die vaders se optrede waarneem, gaan hulle óf assimileer óf verwerp.  Indien die vaders 'n positiewe invloed op die vorming van hulle seuns se manlike identiteit wil hê, sal hulle hulle eie gedrag moet evalueer om te sien of dit gewaardeerde eienskappe is wat deur modellering oorgedra kan word.

Figuur 7.14   Vaders se positiewe belewenisse van oordrag van identiteit





### *7.3.2.7 Vaders as leiers en rolmodelle*

Die vaders van die adolessente seuns is van opinie dat hulle leiding binne hulle gesinne moet neem en in hierdie hoedanigheid as rolmodelle moet optree.  Hierdie kan as 'n introjek vanaf hulle eie vaders oorgeneem word. Indien die vaders van die adolessente seuns nie hierdie rolle as leiers natuurlik eien nie, kan dit tot frustrasie lei.  Die vaders het nodig om leierskap vir hulself te herdefinieer en saam met hulle vroue die grense van hierdie rol af te baken.

Die vaders moet saam met hulle vroue hulle ouerskap in oënskou neem en hulle rolle definieer. Hierna kan dit met die adolessente seuns bespreek word sodat die vaders se rolle as leiers van hulle gesinne, die moeders se rolle, asook die seuns se rolle verstaanbaar vir almal is sodat grense nie oorskry word wat tot konflik kan lei nie.

Figuur 7.15 Vaders as leiers en rolmodelle

- Gebruik tyd saam met jou vrou om jou rol as leier van die gesin te klankbord en ook om haar rol te definieer;
- Kommunikeer duidelik aan jou seun dat julle as ouers as span die leiding neem om te voorkom dat een ouer teen 'n ander afgespeel en die leierskap van die vader bevraagteken kan word.



### *7.3.2.8 Bemagtiging om introjekte te verwerp*

Die vaders se eie onbetrokke vaders hoef nie noodwendig te lei tot hulle onbetrokkenheid by hulle seuns nie. Die vaders moet bewus wees van hulle eie behoeftes ten opsigte van hulle verhoudings met hulle seuns en daarop fokus om dit te verwesenlik. Die vaders beskik oor die mag om die patroon van onbetrokke vaders te breek.

Figuur 7.16 Bemagtiging om introjekte te verwerp




### 7.3.3 Tema drie: die oordrag van manlike identiteit van vaders na seuns word gekoppel aan belangstellings wat ooreenstem


Vanuit tema drie word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

#### *7.3.3.1 Belangstelling in fisieke aktiwiteite*

Fisieke aktiwiteite blyk belangrik vir vaders en seuns te wees in terme van die vestiging van manlike identiteit. Die belangstellings in dieselfde aktiwiteite verskaf aan die vaders en seuns ’n gemeenskaplike raakpunt en beïnvloed hulle verhoudings poisitief. Belangstellings in fisieke aktiwiteite van die vaders word oorgedra na die seuns en vorm deel van die adolessente seuns se sienings van wie hulle is.

Figuur 7.17 Belangstelling in fisieke aktiwiteite

- Vader en seun kan saam besluit om 'n spesifieke aktiwiteit saam te doen waarin beide belangstel;
- Aktiwiteite soos tyd saam voor die televisie moet beperk word en eerder vervang word met saam gaan stap, aan die motor werk of 'n stokperdjie beoefen;
- Jy as vader kan jou seun se belangstelling prikkel in die aktiwiteit wat jy doen en hom daarby betrek, maar moet dit nie afdwing nie.




*7.3.3.2 Sport as gesamentlike belangstelling is 'n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns*

Sport word as 'n belangrike aanknopingspunt gesien in die kommunikasieproses tussen vaders en seuns. Sport is 'n prominente raakpunt wat gesprekvoering en interaksie tussen vaders en seuns kan bevorder. Hierdie gesamentlike belangstelling in sport kan manlike identiteit help vestig, aangesien dit vir mans belangrik is om op een of ander manier by sport betrokke te wees, al is dit slegs om daarna te kyk.

Figuur 7.18 Sport as gesamentlike belangstelling is 'n prominente raakpunt in die kommunikasie tussen vaders en adolessente seuns

- Jy as vader kan saam met jou seun na 'n rugbywedstryd gaan kyk en 'n uitstappie daarvan maak deur na die tyd êrens iets te gaan eet en die wedstryd te bespreek;
- Julle kan saam 'n sport beoefen, solank die sport nie 'n plaasvervanger word vir addisionele kwaliteit tyd saam nie;
- Jy kan wedstryde van jou seun bywoon en as grootste ondersteuner van jou seun die band tussen julle verstewig en manlike identiteit by jouself en jou seun bevestig.




### *7.3.3.3 Behoefte om belangstellings met vaders te deel*

Die adolessente seuns het die behoefte om belangstellings met hulle vaders te deel. Die vaders moet bewus wees van hierdie behoefte en hulle seuns binne hulle belangstellingsvelde toelaat. Hierdeur vind positiewe modellering plaas wat manlike identietit by beide die vaders en seuns kan bevestig. Alhoewel die vaders die seuns kan prikkel en aanmoedig om hulle belangstellings te deel, is dit belangrik dat die seuns van hulle kant af moet aandui dat hulle hierdie belangstellings sal wíl deel en moet dit nie afgedwing word nie.

Figuur 7.19 Behoefte om belangstellings met vaders te deel

- Nooi jou seun saam as jy byvoorbeeld gaan jag, maar gee aan hom die geleentheid om die keuse te maak om te gaan of nie;
- Jy kan jou seun van jou belangstelling vertel en ook die geskiedenis daaragter om sodoende jou seun aan te moedig om die belangstelling te deel.



### 7.3.4 Tema vier: manlike identiteit word gemeet aan karaktereienskappe en die oordrag daarvan


Vanuit tema vier word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

#### *7.3.4.1 Ooreenstemming van karaktereienskappe en die oordrag daarvan*

Die vaders beleef die oordrag van veral karaktereienskappe positief en ervaar die ooreenstemming in karaktereienskappe tussen hulle en hulle seuns as 'n positiewe bydrae tot hulle verhoudings. Hierdie ooreenstemming bied aan die vaders genoegdoening as hulle weet dat dít wie hulle is, gedeeltelik voortgesit sal word in wie hulle seuns is. Die voortbestaan van die vaders se manlike identiteit word deur die ooreenstemmende karakter van hulle seuns bevestig. Die vaders moet hulle seuns bewusmaak van hulle ooreenstemmende karaktereienskappe om hulle bande as vaders en seuns daardeur te bevestig.

Figuur 7.20 *Ooreenstemming van karaktereienskappe en die oordrag daarvan*

- As vader en seun kan julle julle ooreenstemmende karaktereienskappe gebruik om saam uit te reik na die gemeenskap en julle manlike identiteit daardeur bevestig deur byvoorbeeld saam vrywillige werk te doen by huise van veiligheid, indien julle albei daarvan hou om mense in nood te help;
- Ooreenstemmende negatiewe eienskappe, soos byvoorbeeld luiheid, kan gebruik word om mekaar aan te moedig om daadwerklik iets daaraan te doen. Hierdeur word die band tussen vader en seun versterk en manlike identiteit bemagtig.




### *7.3.4.2 Karakterverskille tussen mans en vroue*

Die adolessente seuns beklemtoon die verskille tussen mans en vrouens ten opsigte van karaktereienskappe. Hierdie verskille onderskei seuns van dogters en bevestig manlike identiteit by die seuns. Manlike identiteit word in werklikheid teenoor vroulike identiteit gestel en die adolessente seuns en die vaders meet hulle manlike identiteit aan vroulike identiteit.

Figuur 7.21 Karakterverskille tussen mans en vroue

- Die verskil in aanslag tussen vader en moeder as gevolg van verskillende karaktereienskappe, kan jou seun bewus maak van sy manlike identiteit. Dit is juis binne hierdie verskille waar die sekuriteit vir die adolessente seun lê.




### 7.3.5 Tema vyf: geloof word gekoppel aan manlike identiteit en die oordrag daarvan

Vanuit tema vyf word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

#### *7.3.5.1 God en manlike identiteit*

Die adolessente seuns, sowel as die vaders van die adolessente seuns, verbind hulle manlike identiteit met met hulle verhoudings met God. Hierdie verhoudings met God word deur die vaders as vernuwend tot hulle identiteit ervaar. Die vaders en die seuns se verhoudings met God bied aan hulle 'n basis vir sekuriteit waarop hulle kan terugval in terme van wie hulle werklik is. Die moontlikheid bestaan egter dat geloof as introjek oor generasies heen oorgeneem word, sonder dat eiening plaasvind. Indien geloof as introjek aanvaar word, vorm dit die basis vir valse manlike identiteit.

Figuur 7.22 God en manlike identiteit




*7.3.5.2 Fisiese uitlewing van Christenskap en identiteitsvorming*

Die vaders en seuns se manlike identiteit word bepaal deur hulle fisiese uitlewing van Christenskap. Indien hierdie Christenskap nie uitgeleef word nie, kan skuldgevoelens, veral by die adolessente seuns ontstaan, aangesien daar 'n bepaalde diskoers ten opsigte van geloofsuitlewing in die samelewing waarbinne die vaders en seuns hul bevind, bestaan. Hierdie skuldgevoelens kan ook veroorsaak word deur waardes en norme wat as introjekte van generasie tot generasie oorgedra word.

Figuur 7.23 Fisiese uitlewing van Christenskap en identiteitsvorming

- As vader en seun moet julle julle Christenskap fisies uitleef deur betrokkenheid in die gemeenskap;
- In julle verhouding met God moet julle uitsluitsel kry oor hoe julle Christenskap wil uitleef en nie fokus op vooropgestelde idees wat in die vorm van introjekte oorgedra is nie.



**7.3.6 TEMA SES: MANLIKE IDENTITEIT EN DIE OORDRAG DAARVAN WORD AAN GENETIKA GEKOPPEL**


Vanuit tema ses word die volgende bewusmakingstrategieë gestel en soos volg verpraktiseer:

### *7.3.6.1 Genetika en manlike identiteit*

Genetika speel 'n bepalende rol in die vestiging van manlike identiteit. Hierdie genetiese eienskappe word veral in die vorm van karaktereienskappe, fisiese voorkoms en temperament oorgedra. Vaders en seuns het nodig om bewus te wees van die rol wat genetika speel om sodoende bewus te wees van wie hulle is en waar hulle vandaan kom, beide belangrike aspekte vir die vorming van manlike identiteit. Vaders en seuns moet daarop let om nie genetika as verskoning te gebruik vir 'n negatiewe temperament nie.

Figuur 7.24 Genetika en manlike identiteit

- 'n Temperamentele eienskap soos aggressie moenie as genetiese verskoning gebruik word om dit uit te leef nie, maar eerder aangespreek word deur bewus te wees daarvan en daaraan te werk. As julle as vader en seun hierdie temperament deel, kan julle mekaar bewusmaak daarvan en so mekaar se manlike identiteit bemagtig.



## 7.4 SAMEVATTING

‘n Begeleidingsraamwerk aan vaders en hul seuns is in hierdie hoofstuk voorgestel. Die empiriese navorsing wat vanuit die navorsingsproses vergestalt het, is verpraktiseer in temas ten einde die navorsing vir praktyk bruikbaar te maak. Hierdie begeleidingsraamwerk reflekteer dus die resultate van die navorsingsproses en sluit die navorsingsproses af.

In hoofstuk agt sal die totale navorsingsproses saamgevat word, waarna aanbevelings uiteengesit word.

# HOOFSTUK AGT

## EVALUERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk wat as die laaste hoofstuk vir die navorsing dien, word die navorsingsproses wat gevolg is, geëvalueer. Die navorsingsproses is deurloop in sewe hoofstukke waarvan elkeen ‘n unieke deel in die voltooiing van die proses gelewer het. Die hoofstukke word afsonderlik geëvalueer deur middel van opsommende opmerkings, samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings vir implementering. Hierdie proses word gevolg om tot die finale gevolgtrekking te kom, naamlik om te evalueer of die probleem van die studie aangespreek is, die vrae wat gevra is, beantwoord is en die doel van die studie bereik is.

### 8.2 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

#### 8.2.1 Hoofstuk een: inleidende oriëntering en rasionaal vir die studie

In hoofstuk een is die rasionaal vir die studie aangebied en die leser is georiënteer ten opsigte van die navorsingsproses wat sou volg. Die konteks van die problem is gestel waaruit ‘n formele probleem geformuleer is, naamlik dat daar ‘n behoefte by vaders en hulle adolessente seuns bestaan om begelei te word tot gebalanseerde verhoudings waarbinne manlike identiteit gevorm kan word. Die probleemformulering het aanleiding gegee tot die stel van navorsingsvrae. Die sentrale vraag wat gevra word, is **wat die mees toepaslike faktore sal wees wat in die begeleidingsraamwerk aan vaders en hulle seuns *leiding sal bied ten einde die vorming van manlike***

***identiteit by seuns te ondersteun?*** Verdere vrae wat vanuit hierdie sentrale vraag geformuleer is, sluit onder meer in:

- ***Wat is die mening van vaders en adolessente seuns betrokke in vader/seun verhoudings ten opsigte van hierdie belangrike verhouding?***

- ***Watter aspekte beskou vaders en adolessente seuns as 'n integrale deel van 'n (on)gesonde verhouding?***

- ***Hoe kan 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns gegenereer word ten einde as instrument te dien vir die ondersteuning van vaders en adolessente seuns wat hierdie verhouding as belangrik in die vorming van manlike identiteit ag?***

Na aanleiding van die vrae is 'n oorkoepelende doel vir die studie gestel, waaronder doelwitte uiteengesit is in terme van hoe die doel bereik sou word. Die doel wat gestel is, was om 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns daar te stel. Hierdie begeleidingsraamwerk moes fokus op die vorming van manlike identiteit binne 'n gebalanseerde vader/seun verhouding. Doelwitte wat gestel is om die doel te bereik, was verkennend en beskrywend van aard. Deur verkennende doelwitte moes die leemtes wat bestaan in die verhoudings tussen vaders en adolessente seuns verken word deur middel van die gekombineerde kwalitatiewe/kwantitatiewe navorsingsontwerp, waarna die uitkomste van die empiriese navorsing beskryf moes word in die vorm van 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns.

Die kwalitatiewe been van die navorsing is ondersteun deur semi-gestruktureerde onderhoude met vaders en hulle adolessente seuns, asook die outo-etnografie van die navorser. Die kwantitatiewe been is ondersteun deur vraelyste wat deur adolessente seuns en vaders van adolessente seuns voltooi is.

Daar is verder in hoofstuk een verwys na die vertrouenswaardigheid van die studie en die etiese aspekte wat gevolg is. Definisies en hoofkonsepte is uiteengesit en 'n uitleg van die navorsingsverslag is gegee.

### 8.2.2 Hoofstuk twee: die paradigmatiese perspektief vir die studie

Hoofstuk twee het gefokus op die paradigmatiese perspektief waarmee die studie benader is. Hierdie paradigmatiese perspektief het die teoretiese grondslag gebied sodat die leser homself/haarself kan vergewis van die wetenskapsbasis en konteks van die studie. Hierdie paradigmatiese perspektief is aangebied onder die afdelings van metateoretiese aannames, teoretiese aannames vir die studie en 'n strukturele raamwerk vir die begronding van manlike identiteit as metodologiese proses. Metateoretiese aannames het verwys na die vader en sy seun se belewenis as organismes binne hulle fenomenologiese veld, terwyl die teoretiese aannames teoretiese velde gedek het, wat as basis gedien het vir die navorser se perspektief op manlike identiteit.

Die paradigmatiese perspektief het aan die navorser deurgaans leiding gebied ten opsigte van grense en struktuur waarbinne die studie voltooi kon word. Sonder hierdie grense sou die begeleidingsraamwerk nie die doel van die ondersoek kon regverdig nie.

### 8.2.3 Hoofstuk drie: kwalitatiewe data-insameling en ontleding: semi-gestruktureerde onderhoude en 'n outo-etnografie

In hoofstuk drie is die kwalitatiewe navorsingsproses uiteengesit wat gefokus het op semi-gestruktureerde onderhoude met adolessente seuns en hulle vaders, asook die semi-gestruktureerde onderhoud met die navorser en inligting vanuit die navorser se joernale, wat deel uitgemaak het van die outo-etnografiese strategie. Die plek van die kwalitatiewe proses is bespreek en die vertrouenswaardigheid daarvan is bevestig. Die rasionaal rondom agtergrondkennis van die respondente, omgewingsfaktore wat in ag geneem moes word, die empiriese proses en die teks van die respondente en navorser wat as verteenwoordiger gebruik is, is gemotiveer. Die navorser het 'n breedvoerige uiteensetting gegee van hoe die kwalitatiewe data ingesamel en geïnterpreteer is waarna data ontleding gedoen is. Die data ontleding is in die vorm van ses konsepte aangebied, waaronder kategorieë en een subkategorie uitgelig is. Hierdie kategorieë is as indikatore gebruik vir die opstel van vrae vir die vraelyste wat in hoofstuk vier bespreek is.

Hierdie hoofstuk het die induktiewe beredering sprosesse van die navorser ondersteun en gerig en het aan die navorser ruimte gelaat om binne die konteks van die paradigma wat gevolg is, tot sinvolle gevolgtrekkings te kom.

### 8.2.4 Hoofstuk vier: triangulering deur middel van kwantitatiewe data insameling en analise: vraelyste

Hoofstuk vier het gefokus op die kwantitatiewe navorsingsproses wat as triangulering gebruik is vir die kwalitatiewe data vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie. Vraelyste is deur adolessente seuns en die vaders van adolessente seuns ingevul en verwerk. Die plek van die kwantitatiewe bevindings binne die konteks van die studie is gemotiveer en die betroubaarheid en geldigheid is bevestig.

Die rasionaal rondom agtergrondkennis van die respondente en omgewingsfaktore wat in ag geneem moes word, is verduidelik, asook die insameling, ontleding en interpretering van die kwantitatiewe data. Hierna is die resultate wat vanuit die empiriese proses verkry is, bespreek onder dieselfde ses konsepte soos in hoofstuk drie uiteengesit. Die vrae in die vraelyste, soos opgestel vanuit die indikatore, se data is verwerk en in tabelvorm in hierdie hoofstuk aangebied. Hierna is elke tabel volgens opsommingstyl weergegee. Die data vanuit die tabelle is grafies voorgestel waaruit kort gevolgtrekkings gemaak is na aanleiding van indikatore wat na vore gekom het. Hierdie indikatore is weer as kategorieë weergegee in hoofstuk vyf waar proposisies wat vanuit die kwalitatiewe en kwantitatiewe kategorieë verkry is, gestel is.

Met behulp van die kwantitatiewe komponent soos vervat in hierdie hoofstuk kon die navorser die wetenskaplikheid van die navorsing veel sterker stel en sodoende die vertrouenswaardigheidstrategie bevestig en ondersteun. Konsepte wat na hierdie trianguleringsproses in die res van die navorsing benut is, kon met vertroue deur die navorser as wetenskaplik begrond aangebied word.

### 8.2.5 Hoofstuk vyf: die formulering van proposisies vir die benutting in 'n begeleidingsraamwerk

In hoofstuk vyf word die kategorieë vanuit die data van semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste geïntegreer en bespreek, en proposisies word daaruit saamgestel. Hierdie proposisies is daarna geïntegreer onder ses proposisies wat die basis vorm vir die temas van die begeleidingsraamwerk in hoofstuk sewe. Hierdie proposisies het aan die navorser die geleentheid gebied om deduktiewe beredenering in sy navorsingsproses in te werk. Die konteks van elke proposisie is gestel en is gereed gemaak vir literatuurkontrole.

### 8.2.6 Hoofstuk ses: literatuurkontrole aan die hand van kwalitatiewe en kwantitatiewe data

In hoofstuk ses is die proposisies vanuit hoofstuk vyf aan die hand van bestaande literatuur beskryf. Nadat die proposisies deur literatuur geverifieer is, is dit as feit deur die navorser aanvaar of verwerp en ‘n opsomming van elke proposisie is gegee. Hierdie hoofstuk het as laaste stap in die kwalitatiewe navorsingsparadigma die kroon gespan op die wetenskaplikheidsvraagstuk wat die navorser vir homself moes beantwoord. Elke proposisie wat aanvaar is, kon wetenskaplik aanvaar word en as ‘n begronde feit aangebied word.

### 8.2.7 Hoofstuk sewe: manlike identiteit: ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns

Hoofstuk sewe word in die vorm van ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns aangebied. Die proposisies wat vanuit hoofstuk ses as feite aanvaar is word in hierdie hooftsuk as ses temas van ‘n begeleidingsraamwerk aangebied waaronder begeleidingstrategieë uiteengesit word. Onder elke begeleidingstrategie word praktiese aanbevelings gemaak in die vorm van ‘n skematiese voorstelling. Hierdie temas in die hoofstuk bied die struktuur vir disseminasie en wetenskapsbydrae in die veld.

### 8.2.8 Hoofstuk agt: evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings

In hoofstuk agt word die verloop van die navorsingsproses saamgevat aan die hand van ’n evaluering, gevolgtrekkings en aanbevelings. Die navorser kyk krities na die navorsingsproses waarna hy tot sekere gevolgtrekkings kom. Aanbevelings word gemaak met die oog op voortspruitende navorsing en leemtes van die studie word uitgewys.

## 8.3 EVALUERING VAN HOOFSTUKKE

Bogenoemde hoofstukke is metodologies opeenvolgend aangebied met elke hoofstuk wat ‘n spesifieke plek in die navorsingsproses geniet. Die logiese volgorde bied aan die leser die stap-vir-stap proses wat gevolg is vanaf aanvang van die navorsing tot en met die voltooiing daarvan en die samestelling in verslagformaat. Hoofstuk een gee aan die leser die agtergrond van die studie, asook die geleentheid om homself/haarself tot die navorsingsproses te oriënteer. Voordat die leser egter met die empiriese navorsing gekonfronteer kan word, is dit nodig om te weet vanuit watter benaderingsperspektief die navorser werk sodat die leser sin kan maak uit die aanslag van die navorser. Hierdie aanslag word in hoofstuk twee as paradigmatiese perspektief voorgehou. Nadat die leser ’n begrip ontwikkel het vir die navorser se benadering tot die navorsing, kon die empiriese navorsing aangebied word.

Die empiriese navorsing is in twee hoofstukke verdeel om die afsonderlike stappe van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings ten opsigte van die navorsing te beklemtoon. Die kwalitatiewe navorsing, dominante been, het as basis vir die studie gedien en is eerste in hoofstuk drie bespreek. Aangesien die kwantitatiewe deel van die navorsing slegs as triangulering tot die kwalitatiewe deel gebruik is en ‘n aparte proses was wat op die kwalitatiewe navorsing gevolg het, is dit afsonderlik in hoofstuk vier bespreek.

In hoofstuk vyf kon die kategorieë vanuit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data saamgevoeg word om as proposisies te dien. Hierdie proposisies is tot ‘n finale ses proposisies geïntegreer waarna dit in hoofstuk ses aan die hand van bestaande literatuur gekontroleer is. Eers nadat dit met literatuur in hoofstuk ses gekontroleer is, kon dit as feite aanvaar of verwerp word.

Dit maak dus sin dat die proposisies, wat nou feitelik weergegee kon word, eers daarna in hoofstuk sewe as temas en begeleidingstrategieë in 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle adolessente seuns aangebied kon word.

Die uiteensetting van die hoofstukke word na aanleiding van hierdie metodologiese opeenvolging, as sinvol vir die leser aangebied. Om die afgehandelde navorsingsproses verder as sinvol en wetenskaplik voor te lê, word die probleemformulering, die vrae wat gevra is, asook die doel wat gestel is, en die bereiking daarvan vervolgens bespreek.

### 8.3.1 Probleemstelling, navorsingsvrae en doel van die studie

Soos genoem onder hoofstuk een het die rasionaal en motivering vir die studie binne die konteks van die paradigma bygedra tot die probleemformulering van die studie, naamlik dat daar 'n behoefte by vaders en hulle adolessente seuns bestaan om begelei te word tot gebalanseerde verhoudings waarin manlike identiteit gevorm kan word. Hierdie behoefte is deur die navorser waargeneem en aangespreek in hoofstuk sewe van hierdie studie, deur 'n begeleidingsraamwerk vir vaders en adolessente seuns daar te stel wat hulle kan ondersteun om hulle verhoudings te optimaliseer om sodoende manlike identiteitsvorming te weeg te bring.

Deur hierdie probleem aan te spreek, is die doel van die studie, naamlik om 'n begeleidingsraamwerk daar te stel, bereik.

Die vrae wat ontstaan het vanuit die probleemformulering, het die navorser bemagtig om die nodige navorsingsproses te volg om uiteindelik so 'n raamwerk te kon aanbied. Die sentrale vraag wat gevra is rondom die mees toepaslike faktore wat in so 'n begeleidingsraamwerk sou moes wees, het die navorser genoodsaak om verkennende navorsing te doen.

Semi-gestruktureerde onderhoude en vraelyste is saamgestel waaruit kategorieë na vore gekom het wat as data gedien het om die vraag te beantwoord. Data is ook bekom vanuit die navorser se outo-etnografie. Hierdie data is dus bekom binne-in ‘n dominante-minder dominante navorsingsontwerp, met die kwalitatiewe navorsing (semi-gestruktureerde onderhoude en outo-etnografie) as die dominante been. Verdere vrae wat gevra is, en onder die opsomming van hoofstuk een vroeër in hierdie hoofstuk aangedui word, het ook bygedra tot die verkennende aspek van die navorsingsproses. Die toepaslikheid van die beskrywende deel van die navorsing is bevestig in die weergee van hierdie data, asook in die daarstel van die begeleidingsraamwerk.

## 8.4 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die probleem wat aanvanklik gestel is, aangespreek is en dat die doel bereik is. Die navorsingsvrae is ook beantwoord. Die volgende gevolgtrekkings word gemaak:

- Dat die rasionaal vir die studie geldig was deurdat die empiriese data aangedui het dat daar wel behoeftes by beide vaders en adolessente seuns bestaan in terme van gebalanseerde verhoudings met mekaar vir die vorming van manlike identiteit;
- Dat die navorsingsproses wat gevolg is, wetenskaplik benader is, aangesien die probleem aangespreek kon word sonder die manipulering van die empiriese data. Hiervan dien die vertrouenswaardigheid van die kwalitatiewe navorsing, soos bespreek in hoofstuk drie, en die geldigheid en betroubaarheid van die kwantitatiewe navorsing, soos bespreek in hoofstuk vier, as bevestiging;
- Dat die begeleidingsraamwerk gebalanseerde verhoudings tussen vaders en adolessente seuns kan bevorder, aangesien leemtes wat huidiglik in soortgelyke verhoudings bestaan, soos aangedui deur die respondente, in hierdie raamwerk aangespreek word.

## 8.5 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gemaak wat gegrond is op die uitkomste van hierdie studie:

- Dat die begeleidingsraamwerk buite navorsingsverband aan vaders en adolessente seuns beskikbaar gestel word om hulle tot gebalanseerde verhoudings te lei waarbinne identiteitsvorming kan plaasvind;
- Dat die kwalitatiewe en kwantitatiewe data wat ingesamel is, gebruik word as basis vir wetenskaplike publikasies ten einde die inhoud van die navorsing te dissemineer.

## 8.6 TEKORTKOMINGE EN LEEMTES VAN DIE STUDIE

Na afloop van die studie is die volgende tekortkominge geïdentifiseer:

- Die studie is slegs in die Drakenstein munisipale gebied (Boland) in die Wes-Kaap provinsie onderneem wat daartoe gelei het dat veralgemening na die breë populasie nie kon plaasvind nie. Alhoewel veralgemening nie ‘n doel van die navorsing was nie, kan die breë populasie baat vind by die studie en sou dit interessant wees om te sien of daar ooreenstemming is in data;
- Die steekproef het slegs Afrikaanssprekende en manlike respondente ingesluit wat die begeleidingsraamwerk se benuttingswaarde beperk.

## 8.7 BESONDERE BYDRAE IN DIE VAKGEBIED

Die verhoudingslewe van vaders en hulle kinders is in ‘n veranderde samelewing ‘n belangrike aspek wat aangespreek moet word. Navorsing soos in dié studie se geval, wat die dinamika hiervan ondersteun en beskryf, lewer nie net ‘n besondere bydrae tot die vakgebied nie, maar bied ook toepassingsmoontlikhede in die gemeenskap waaruit die vraagstukke spruit.

## 8.8 SAMEVATTING

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die bydrae van hierdie navorsing in die gemeenskap waarde sal hê. Die uitdaging vir die navorser en ander vakkundiges in die gebied sal egter daarin lê om hierdie kundigheid te dissemineer en die toepassingswaarde daarvan in praktyk te verpraktiseer.

Alhoewel hierdie raamwerk nie in detail omskryf word en as 'n model aangebied word nie, bied dit waardevolle begeleidingsstrategieë waarvolgens vaders en seuns hulself kan bematig in 'n gebalanseerde, gesonde en liefdevolle verhouding met mekaar.

# Bibliografie


Abeykoon, M.M. 1995. *Why is Son Preference so Persistent in East and South Asia?* Paper presented at the 7th international conference on population development and demographic trends, Helsinki. June 1995.

Adams, Q.N.P. 2002. *Die Verband tussen Adolessente se Persepsies van Gesinsfunksionering en hulle Identiteitsontwikkeling.* MED PSIG-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Allender, D.B. 2003. *The Art of Listening to your Family: How Children Raise Parents*. Colorado: Waterbrook Press uitgewers.

Allport, G.W. 1963. *Pattern and growth in personality.* New York: Henry Holt uitgewers.

Augoustinos, M & Walker, I. 1995. *Social cognition: an integrated introduction*. London: SAGE uitgewers.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The Practice of Social Research*. Suid-Afrikaanse uitgawe. Kaapstad: Oxfor University Press uitgewers.

Badroodien, A. 2006. The state as non-biological 'father': exploring the experience of fathering in a South African state institution in the period 1950 to 1970, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 82-98.

Balswick, Judy, Balswick, Jack, Don Piper, B & Don Piper, D. 2003. *Relationship-Empowerment Parenting: building formative and fulfilling relationships with your children*. Michigan: Baker Books uitgewers.

Beardshaw, T. 2006. Taking forward work with men in families, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 306-316.

Bee, H & Boyd, D. 2007. *The Developing Child*. 11de uitgawe. Boston: Pearson Education uitgewers.

Berk, L.E. 2003. *Child development*. Sesde uitgawe. Boston: Pearson Education Inc. uitgewers.

Berns, R.M. 1997. *Child, Family, School, Community Socialization and Support*. Vierde uitgawe. Forth Worth: Harcourt Brace College uitgewers.

Bickman, L. & Rog, D.J. 1998. *Handbook of Applied Social Research Methods*. London: SAGE uitgewers.

Bosma, H & Gerlsma, C. 2003. From early attachment relations to the adolescent and adult organization of self, in Valsiner, J & Connolly, K. *Handbook of Developmental Psychology*. London: SAGE uitgewers. 450-488.

Chandler, T.J.L. & Nauright, J. 1996. Introduction: Rugby, Manhood and Identity, in Nauright, J & Chandler, T.J.L. *Making Men: Rugby and Masculine Identity*. London: Frank Cass uitgewers. 1-12.

Chibucos, T.R., Leite, R.W. & Weis, D.L. 2005. *Readings in Family Theory*. London: SAGE uitgewers.

Childline. [Sa]. Statistics. [O]. Beskikbaar: http://www.childline.org.za/stats.htm
Toegang op 2005/02/08.

Crosnoe, R & Elder, G.H. (Jr.) 2005. Life Course Transitions, the Generational Stake, and Grandparent-Grandchild Relations, in Chibucos, T.R., Leite, R.W. & Weis, D.L. *Readings in Family Theory*. London: SAGE uitgewers. 30-38.

De Vos, A. S. 2002a. Qualitative data analysis and interpretation, in de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 339-355.

De Vos, A.S. 2002b. Combined quantitative and qualitative approach, in de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 363-372.

De Vos, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach, in de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 357-366.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers.

De Wet, C. 2002. *Die verband tussen gesinsorg en Interpersoonlike Skemas in Adolessensie.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Delport, C.S.L. 2005. Quantitative data collection methods, in De Vos, A.S., Strydom, H, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the Social sciences and Human Service Professions*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 159-191.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005. The Place of Theory and the Literature Review in the Qualitative Approach to research, in De Vos, A.S., Strydom, H, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the Social sciences and Human Service Professions*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 261-266.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2003. The discilpine and practice of qualitative research, in Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. *Handbook of Qualitative Research*. Tweede uitgawe. London: SAGE uitgewers. 1-45.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2003. The methods of Collecting and Analyzing Empirical Materials, in Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. *Handbook of Qualitative Research*. Tweede uitgawe. London: SAGE uitgewers. 47-60.

Ellis, C. & Bochner, A.P. 2003. Autoethnography, Personal Narrative, Reflexivity, in Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. *Handbook of Qualitative Research*. Tweede uitgawe. London: SAGE uitgewers. 199-258.

Erikson, E.H. 1965. *Childhood and society*. England: Harmondsworth uitgewers.

Fetterman, D.M. 1998. Ethnography, in Bickman, L & Rog, D.J. *Handbook of Applied Social Research Methods*. London: SAGE uitgewers. 473-504.

Fook, J. 2001. Identifying Expert Social Work: Qualitative Practitioner Research, in Shaw, I & Gould, N. *Qualitative Research in Social Work.* London: SAGE uitgewers. 116-131.

Foster, J.J. 1998. *A Beginner's Guide to Data Analysis using SPSS for Windows*. London: SAGE uitgewers.

Foster, V., Kimmel, M & Skelton, C. 2001. 'What about the boys?' An overview of the debates, in Martino, W & Meyenn, B. What about the boys? *Issues of masculinity in schools*. Buckingham, Philadelphia: Open University Press uitgewers. 1-23.

Fouché, C.B. 2005a. Writing the research proposal, in De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 111-120.

Fouché, C.B. 2005b. Qualitative research designs, in De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 267-273.

Fouché, C.B. 2005c. Qualitative Research Designs, in De Vos, A.S., Strydom, H, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social sciences and Human Service Professions*. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 267-273.

Fouché, C.B & De Vos, A.S. 2005a. Problem Formulation, in De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 100-110.

Fouché, C.B & De Vos, A.S. 2005b. Quantitative research designs, in De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 132-143.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Introduction to the reseach process, in De Vos, A.S. Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 71-85.

Galasinski, D. 2004. *Men and the Language of Emotions*. New York: PALGRAVE MACMILLAN uitgewers.

Gilbert, R. & Gilbert, P. 1998. *Masculinity goes to School*. London: Routledge uitgewers.

Gorski, P. 1998. *Racial and Gender Identity Development in White male Multicultural Educators and Facilitators: Toward Individual Processes of Self-development* [Intyds]. Beskikbaar: file://E:\Paul%20Gorski%20-%20Dissertation%20-%20Review%20of%20the%20Literatur… [2006, 6 September].

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. *The adolescent*. Tweede uitgawe. Sandown: Heinemann uitgewers.

Greeff. M. 2005. Information collection: Interviewing, in in De Vos, A.S., Strydom, H, Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social sciences and Human Service Professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 286-313.

Gu, H. & Roy, L. 1995. China's population: *New Trends and Challenges, Population Bulletin*, June 1995. 51-59.

Hobson, B. 2002. *Making Men into Fathers: Men, Masculinities and the Social Politics of Fatherhood.* Cambridge: Cambridge University Press uitgewers.

Joyce, P. & Sills, C. 2001. *Skills in Gestalt counselling & psychotherapy*. London: SAGE uitgewers.

Kaplan, P.S. 2000. *A Child's odyssey: child & adolescent development*. Australië: Wadsworth uitgewers.

Kindermann, T. 2003. Childrens's Relationships and Development of Person-Context Relations, in Valsiner, J & Connolly, K. *Handbook of Developmental Psychology*. London: SAGE uitgewers. 407-430.

Kohlberg, L. 1969. *Stages in the development of moral thought and action.* New York: Harper Collins uitgewers.

Lamb, M.E. & Tamis-Lemonda, C.S. 2004. The Role of the Father: an introduction, in Lamb, M.E. The Role of the Father in Child Development. New Jersey: WILEY uitgewers. 1-31.

Lesejane, D. 2006. Fatherhood from an African cultural perspective, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 173-182.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 1985. *Naturalistic Inquiry.* Beverly Hills: SAGE uitgewers.

Lindegger, G. 2006. The father in the mind, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 121-131.

Lourens, A. 2004. Wetenskaplike Skryfvaardighede: riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte.Stellenbosch. Sun press uitgewers.

Louw, D.A & Edwards, D.J.A. 2003. *Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Heinemann uitgewers.

Lukas. 1991. Die Bybel. Kaapstad: NG-Kerk uitgewers.

Lupton, D & Barclay, L. 1997. *Constructing Fatherhood: discourses and experiences*. London: SAGE uitgewers.

McNally, J. 2004. Sonship: *The Path to Fatherhood*. United States of America.

Marshall, C & Rossman, G.B. 1999. *Designing Qualitative Research*. Derde uitgawe. London: SAGE uitgewers.

Matsumoto, D. & Juang, L. 2004. *Culture and Psychology.* Derde uitgawe. Australia: Thomson Wadsworth uitgewers.

Minsky, R. 2005. Beyond Nurture: Finding the words for male identity [Intyds]. Beskikbaar: http://human-nature.com/free-associations/minskynurture.html. [2006, 27 September].

Mkhize, N. 2006. African traditions and the social, economic and moral dimensions of fatherhood, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 183-198.

Molitor, B.D. 2004. *Boy's Passage Man's Journey.* Lynnwood: Emerald Books uitgewers.

Morgan, P. 2003. How to Raise Children of Destiny: imparting purpose from generation to generation. New Kensington: Whitaker House Publiseerders.

Morrell, R. & Richter, L. 2006. Introduction, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 1-12.

Moshman, D. 2005. *Adolescent Psychological Development: Rationality, Morality and Identity*. Tweede uitgawe. London: Lawrence Erlbaum Associates uitgewers.

Mouton, J. 1996. *Understanding Social Research.* Pretoria: Van Schaik uitgewers.

Mullis, R.L., Brailsford, J.C. & Mullis, A.K. 2005. Relations between Identity Formation and Family Characteristics among Young Adults, in Chibucos, T.R., Leite, R.W. & Weis, D.L. 2005. *Readings in Family Theory*. London: SAGE uitgewers. 282-292.

Nerburn, K. 1994. *Letters to my Son.* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Neuman, W.L. 2003. *Social Research Methods*. Vyfde uitgawe. Boston: Allyn en Bacon uitgewers.

Newman, P.R. & Newman, B.M. 1997. *Childhood and Adolescence*. Pacific Grove: BROOKS/COLE PUBLISHING COMPANY uitgewers.

Nicolosi, J. 2004. *Fathers of male Homosexuals: A Collective Clinical Profile* [Intyds]. Beskikbaar: file://E:\Fathers%20of%20Male%20Homosexuals%20A%20Collective%20 Clinical%20Prifile… [2006, 6 September].

Nietzsche, F. 1980. Sämtliche Werke: Kritische Studienausgabe [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Nomaguchi, K.M. & Milkie, M.A. 2005. Costs and Rewards of Children: The Effects of Becoming a Parent on Adults' Lifes, in Chibucos, T.R., Leite, R.W. & Weis, D.L. *Readings in Family Theory*. London: SAGE uitgewers. 140-164.

Parke, R.D., Dennis, J., Flyr, M.L., Morris, K.L., Killian, C., McDowell, D.J. & Wild, M. 2004. Fathering and Children's Peer Relationships, in Lamb, M.E. *The Role of the Father in Child Development.* New Jersey: John Wiley & Sons uitgewers. 307-340.

Perls, F.S. 1992. *Ego Hunger and Aggression*. New York: Gestalt Journal Press uitgewers.

Pittman, F. 1993. *Man enough* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Poggenpoel, M. & Myburgh, C.P.H. 2004. *Kwalitatiewe navorsing.* Klasnotas (Kwalitatiewe navorsing werkwinkel). Wellington: Hugenote Kollege.

Pope, A. 1744. *Essay on Criticism* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Posel, D. & Devey, R. 2006. The demographics of fathers in South Africa: an analysis of survey data, 1993-2002, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 38-52.

Prinsloo, J. 2006. Where have all the fathers gone? Media(ted) representations of fatherhood, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 132-146.

Rabe, M. 2006. Being a father in a man's world: the experiences of goldmine workers, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 250-264.

Ramphele, M. & Richter, L. 2006. Migrancy, family dissolution and fatherhood, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 73-81.

Richter, L. 2006. The importance of fathering for children, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 53-69.

Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers.

Richter, L. & Smith, W. 2006. Children's views of fathers, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 155-172.

Robson, C. 2002. *Real World Research.* Tweede uitgawe. Engeland: Blackwell uitgewers.

Rowland, H. 1909. *Reflections of a Bachelor Girl.* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

SAPD Jaarverslag: Misdaadstatistiek. 2005. Pretoria: Staatsdrukker.

Secunda, V. 1992. *Women and their Fathers.* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Shakespeare, W. 1616. *Henry IV, Part II* [Intyds]. Beskikbaar: http:www/significantquotes.com/father-son_html. [2006, 22 September].

Shaw, I. & Gould, N. 2001. *Qualitative Research in Social Work*. London: SAGE uitgewers.

Silverman, D. 2001. *Interpreting Qualitative Data: methods for analysing talk, text and interaction*. Tweede uitgawe. London: SAGE uitgewers.

Stainton Rogers, W. & Stainton Rogers, R. 2001. *The Psychology of Gender and Sexuality*. Buckingham, Philadelphia: Open University Press uitgewers.

Strauss, A.L. & Corbin, J. 1998. Basics of qualitative research. Tweede uitgawe. Thousand Oaks: SAGE uitgewers.

Strümpfel, U. 2004. Research on Gestalt Therapy. *International Gestalt Journal*, 31(1), Lente: 9-54.

Strydom, H. 2002. The pilot study, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 205-216.

Strydom, H. 2005a. Sampling and sampling methods, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 192-204.

Strydom, H. 2005b. *Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions*, in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions*. Derde uitgawe. Pretoria: Van Schaik uitgewers. 56-70.

Stryker, S & Burke, P.J. 2000. The Past, Present, and Future of an Identity Theory [Intyds]. Beskikbaar: \\Burkep\d\Papers\Millennium\IdentityTheory5f.doc. [2006, 6 September].

Thomas, R.M. 2005. *Comparing Theories of Child Development*. Sesde uitgawe. Californië: Thomson Wadsworth uitgewers.

Turgener, I. 1861. Fathers and Sons. Oxford Press uitgewers.

Valsiner, J & Connolly, K. 2003. *Handbook of Developmental Psychology*. London: SAGE uitgewers.

Votsmeier, A. 1996. *Kurt Goldstein and Holism.* Lecture held at the GTILA-Summer-Residential-Program. Barcelona.

Wade, J.C. 1998. *Male Reference Group Identity ependence* [Intyds]. Beskikbaar: file://E:\Male%20Reference%20Group%20Identity%20Dependence%20A%20 Theory%20… [2006, 6 September].

Wahlstein, D. 2003. Genetics and the Development of brain and Behavior, in Valsiner, J & Connolly, K. 2003. *Handbook of Developmental Psychology*. London: SAGE uitgewers. 18-47.

Wheeler, G. 2004. Lineage and Identity: Gestalt Psychology and Gestalt Therapy. *International Gestalt Journal*, 31(1), Lente: 83-95.

Wilson, F. 2006. On being a father and poor in southern Africa today, in Richter, L. & Morrell, R. *BABA: Men and Fatherhood in South Africa.* Cape Town: HSRC Press uitgewers. 26-37.

Wongboosin, K. & Ruffolo, P. 1995. *Demographic Change and Demographic Dividend in Thailand*. International papers on population development. New York: United Nations uitgewers.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, Dialogue and Process*. Highland: Gestalt Journal Press uitgewers.

Zinn, M.B. & Eitzen, D.S. 2005. *Diversity in Families*. Sewende uitgawe. Boston: Pearson Education uitgewers.

# BYLAAG A: VOORBEELD VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD MET ADOLESSENTE SEUNS

**1. As jy 'n kort profiel van jouself kan skets (van wie jy dink jy is), wat sal dit wees?**

Ek sal myself beskou as eerlik, tot 'n mate meer nederig as ander, ek is 'n christen, geloofvas, beginselvas en…ja, so min of meer.

**2. Wat verstaan jy onder manlike identiteit?**

Jy het manlike voortplantingsorgane. Jou stem breek, nie vrouens s'n nie. Oor die algemeen het mans meer hare as vrouens. Mans is meer muscular, sterker as vrouens en….ja.

**3. Op watter manier sal jy jou identiteit aan jou verhouding met jou pa koppel?**

(dink na) Dink ek het 'n besonderse goeie verhouding met my pa. Ek respekteer hom geweldig. Baie eienskappe wat hy het wat ek gekry het deur gene. Hy is tot 'n mate baie intelligent – soos ek (respondent se sin vir humor). Ons albei is nie baie sportief/atleties nie. Ek praat baie met hom oor feite en ja…. (Navorser wil weet of hy kan aanneem dat dit maklik is om met sy pa te praat waarop respondent antwoord dat dit baie maklik is. Navorser vra of daar iets is waaroor dit nie maklik is om met sy pa te praat nie). Ja, hy het in graad 8 met my oor seks gepraat en dit was vir my 'n bietjie ongemaklik. En dit is al waaraan ek nou kan dink.

Ons is albei baie simpel. Hy is altyd my beste vriend. Ek is baie lief vir hom. Hy sal altyd daar wees in emosionele trauma en vra vir my as iets verkeerd is. Hy is besorg oor my emosionele toestand.

**4. Wat sou jy as uitstaande positiewe aspekte sien in jou verhouding met jou pa?**

Ekke respekteer hom, is baie lief vir hom (Respondent sukkel om homself uit te druk). Dit sal vir my baie lank vat om sy dood te verwerk of as hy van my ma skei….ja. (Respondent vra of dit die antwoord is wat navorser soek waarop navorser antwoord dat hy bloot "soek" wat die respondent gee en dat hy nie na iets spesifieks soek nie)

**5. Wat sou jy as uitstaande negatiewe aspekte sien in jou verhouding met jou pa?**

Ek dink nie hy sal daarvan weet nie, want daar is baie dinge waarvan ek van hom hou, soos byvoorbeeld skoolwerk wat nie gedoen is nie. Dit is vir my sleg as ek vir hom vertel, want dan weet hy ek was oneerlik met hom.

**6. Hoe sal jy jou verhouding met jou pa beskryf? (Hoe is julle verhouding?)**

Meeste van ons gesprekke neem by die TV of rekenaar plaas. Dis waar ons ons meeste tyd spandeer. Ook baie keer as ons braai. Dis 'n nuwe ding, want ek leer nou. Hy is altd daar in die oggend by ontbyt, ook Sondae, beslis. Hy probeer om by my sportbyeenkomste uit te kom en… (Navorser wil weet of hy dit as 'n gemaklike verhouding sal bestempel waarop respondent "ja" antwoord. Respondent maak 'n grappie oor dat hy nie net kan kopskud nie, maar iets moet sê anders ter wille van die bandopname).

7. **Wat sou jy dalk anders wou hê in julle verhouding as pa en seun?**

Sal lekkerder wees as hy meer besig is met goed waarvan ek hou, byvoorbeeld rekenaar speel (Respondent maak grap dat dit nie lekker is vir sy pa nie omdat hy altyd verloor). Hy spandeer genoeg tyd by die huis, want werk redelike ure. Ek aanvaar hom eintlik maar soos hy is. Dit is voldoende. Goed. Kan net beter, nie slegter nie. (na stilte antwoord die respondent dat dit seker wel kan slegter gaan waarop die navorser vra hoe dit sal wees as dit slegter gaan). As hy meer werk vir meer geld.

8. **Wat het jy geleer van jou pa, wat oorgedra is na jou toe en wat jy aan jou kinders sal oordra?**

Dat ek my eie mens moet wees, met eie identiteit. Dit is vir my moontlik om dit te wees binne ons verhouding.

9. **Jy verwys in die eerste vraag na "Christen wees" – hoe sal jy identiteit met Christenskap in verband bring?**

Ware Christene gee nie mee onder druk van die sosiale lewe nie, maar sal hou by Christelike beginsels. Om Christen tiener te wees is moeilik, bv vriende vra jou na partytjie en bied drankie aan. Dit is verkeerd as teen jou beginsels ingaan en jy doen dit, want dan jok jy en jok is sonde (navorser kan nie anders as om aan introjekte te dink nie). Ek het dit vir myself uitgedink, want ek dink baie oor die lewe. Ek en my pa praat baie hieroor, oor baie diep vrae, bv waar eindig die heelal en of daar ander dimensies in die heelal is. Ons kan gesprekke hieroor voer. Dis hoekom hy 'n lekker pa is vir my.

**10. Enige iets wat jy wil byvoeg?**

Ek en my pa is vriendelik. Het geen menslike vyande waarvan ons weet nie. probeer almal se vriende wees en op ‘n manier kry ons dit reg. Dis belangrik, want “a friend in need is a friend in deed”. Dit maak die lewe makliker vir almal.

**11. As ek program wil skryf vir pa’s en seun’s t.o.v. die oordrag van identiteit, wat sal jy voorstel aan pa’s?**

‘n Pa moenie sy seun bederf nie, d.w.s. as hy alles kry wat hy vra – kan begin by chocolate, hi-fi of rekenaar/TV vir kamer. Kinders word bederf as ouers welvarend is. Dis reg om ryk te wees, maar pa moet net weet hy kan eerder vir armes gee as om op sy seun te spandeer, of die kinderhuis. Seun sal nooit met R1000-00 se pen in die hemel inkom nie.

# BYLAAG B: VOORBEELD VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD MET VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS

**1. As u kort profiel van uself kan skets, wat sal dit wees?**

Een van agt kinders waarvan drie broers is. Ek is die tweede jongste kind. Tussen twee susters grootgeword. Oudste broer is heelwat ouer (ongeveer 20 jaar). Middel broer is vier jaar ouer. Min kontak met broers tydens tienerjare. Ouer broer is rolmodel, tweede vaderfiguur in die huis. Ek het myself uitgeleef in sport – rugby, atletiek, sokker, bofbal. Dit is waar ek my kontak met my protuurgroep gehad het. Ook betrokke by CSV, koor, debat en kerk in die algemeen. Ons was godsdienstig lewende familie. Pa was op die kerkraad en koster. Ek moes banke, ens. skoonmaak vir sakgeld. Was gelukkige familie met heelwat stabiliteit in die huis. Pa was goeie voorbeeld. Streng leier wat ontsag afgedwing het. Ma was sagter invloed in die huis. Sy was ‘n huisvrou en beskikbaar vir ons. Daar was geen ernstige siekte of verlies in my tienerjare nie. baie om voor dankbaar te wees.

Ek wou onderwys swot na skool. Eers diensplig voltooi (een jaar). In die middel van die jaar opgeroep en toe aansoek gedoen by polisie vir diensplig. Ook daar in die middel van die jaar opgeroep. Het unieke, impulsiewe besluit geneem om by die polisie aan te sluit tot my ma se misnoeë. Het ingeskryf vir B Polisiekunde graad. Onderwys loopbaan was vergete. Middel van vierde jaar in polisie herdink ek onderwys loopbaan. Verskillende belewenisse tot op daardie stadium dui vir my aan ek is beter onderwyser as polisieman.

Het by Stellenbosch ingeskryf (beurs gekry). Die polisie speel groot rol in my besluit, want op my 21ste verjaarsdag word ‘n kollega doodgesteek deur 13 Taiwanese matrose.

Op Stellenbosch trek ek in by “Republiek van Helderberg” (groot invloed op my lewe. Paaie kruis met admisie student wat met my wou praat oor sy onsekerheid. Os bid en ek kry sekerheid dat ek as predikant geroep is. Los onderwysbeurs en gebruik polisiepensioen om Teologie te studeer. Keer terug na polisie as loopbaan.

Ek werk met mense se intieme dele van hulle lewe, meer hartseer as vreugde en baie lyding. Ek kan egter bemiddelend werk, selfs in hulle laaste oomblikke van lewe en hulle help om insig te verander. Baie diepte tree in met hierdie interaksie. Ook wedersydse respek vir vertroulikheid en eerbied vir die Woord van die bediening.

Vir ontspanning doen ek huidiglik steeds sport. Word later rugbyskeidsregter. Speel nou nog raakrugby en is steeds skeidsregter. Ontmoet my vrou op Stellenbosch deur CSV. Sy is ‘n gelowige vrou met sterk beginsels. Het twee pragtige kinders wat een van die mooiste en bepalende invloede in my lewe is.

**2. Wat verstaan u onder manlike identiteit?**

Groot vraag (respondent vind dit moeilik om vraag te antwoord). As ek dit moet probeer omskryf dan dink ek aan dit as die deel van ‘n verhouding waar die identiteit sorg vir stabiliteit, versorging, omgee. Belangrike ding is dat dit nie op eie funksioneer nie, maar in verhouding gekonseptueer word en komplimenterend werk tot ander deel van verhouding waarbinne die man staan, d.w.s. die vroulike identiteit. En vanuit daardie rol ook binne die gemeenskap.

Dit is die gemiddelde rol waarby manlike identiteit betrokke is. Uit die aard van my belewenis moet daar ook 'n prentjie wees van man wat aktief is. Dit is belangrik dat die man aktief moet wees en homself moet versorg om dit te kan doen, liggaamlik deur bv. regte eetgewoontes en oefening, en dan ook psigies en geestelik. As kinders uit verhouding ontstaan is die man ook 'n rolmodel vir hulle en verhouding met die kinders het 'n ander vorm van sensititwiteit wat vervul word a.g.v. kwessie van vorming wat ter sprake is.

**3. Hoe is dit om 'n pa te wees vir u seun?**

Veral as hy groter word laat hy my dink aan my eie grootword, vreugdes en slegte tye. Ek probeer om goeie tye moontlik te maak en teen slegte te beskerm sover moontlik. Grootword verskil nie baie tussen seun en dogter nie. dis deel van jou en verander jou uitkyk, aanvoeling vir mense en hulle in besonder. Soos hy (seun) ontwikkel, sien jy sy verskillende menswees raak. Lekker om met my seun te speel soos manne met mekaar speel – rof, balspele, hardloop, e.s.m. dis 'n voorreg om kinders te hê wat ek kan begelei en as pa te kan uitleef in sekere styl. Ook as ma en pa saam. Ook veral as die tiener jou selfde belangstellings deel. Weet nie hoe dit sou wees as nie belanggestel het in rugby nie. Ek is bevoorreg, want ek hoef nie groot aanpassings te maak nie. Hy het 'n aanvaarbare persoonlikheid en kommunikeer op gesonde vlak. Ek dink ek is 'n streng pa (soos my eie pa). Hy (seun) kan gefrustreerd raak met my, maar ek dink ons het gevorder.

**4. Op watter manier sou u u eie identiteit aan u verhouding met u seun koppel?**

Daar is heelwat ooreenstemming sodat mens moet glo dat modellering plaasgevind het.

Ook persoonlikheid wat heelwat ooreenstem, maar verskil ook. Daar is seker ook van my vrou se kenmerke aanwesig en modellering het plaasgevind, bv. sekere stopwoorde en as buurvrou sê sy sien my in sy optrede.

**5. Op watter manier sou u u eie identiteit aan u verhouding met u pa koppel?**

Moeiliker as met my seun. Dink dis makliker vir mense van buite om te sê. Uit die aard van die saak is daar ook nabootsing. Soos die manier waarop ons dinge uitredeneer. Het baie oor politiek vasgesit. Daar is ook koppeling aangaande die manier waarop ons reageer, bv. dissipline, reg of verkeerd en respek vir beginsels. As ons ons verbind aan ‘n saak, is dit ‘n sterk verbintenis, veral op godsdienstige vlak. Ook as ons onsself verbind aan gemeenskapsorganisasies. Ons albei het ‘n ywer daarvoor, dis beslis oorgedra. Dis dalk persoonlikheid, maar waarskynlik nabootsing. ‘n Faktor wat ek moet noem (ook by profiel) is dat ek kleiner as die gemiddelde mens is. Sommige gawes het gehelp om myself te handhaaf. My pa was groter as ek. Sy voorbeeld het my bemagtig om nie terug te staan vir grootte of gevaar nie. (gelukkig het ek van buite gehoor dat ek nie “kleinmannetjiesindroom” ontwikkel het nie – lag).

**6. Wat sou u as uitstaande positiewe aspekte sien in u verhouding met u seun?**

Die wyse waarop ons oor sy sport praat en hoe hy dit moet benader. Hy is nie ‘n uitstaande sportman nie, maar billik. Kan oor ander dinge in die lewe gemaklik praat. Daar is ‘n toeganklikheid tussen ons.

7. **Wat sou u as uitstaande negatiewe aspekte sien in u verhouding met u seun?**

Dit hou dikwels verband met negatiewe dissipline. Hy sal dalk meer daaroor kon praat. Dalk oorbeskerming uit die aard van my werk. Hy kan dit negatief beleef. Hy stem nie altyd saam hoe ek wangedrag of ongehoorsaamheid hanteer nie. (hy het lanklaas ordentlike pak gehad – lag). Dalk is dit nie nodig nie. Ons kan praat. Ek het perspektief op sy vermoë, hy moet net getrou werk en sy kant bring. Hy doen dit. Daar is ruimte om selfwerksaamheid te verwbeter. Hy is nie negatief oor sy skoolwerk nie. Ma en pa probeer saamstem oor dissipline, veral t.o.v. pakslae. Ma beskerm mos maar. Wat take betref sê hy sy sus doen minder. Die uitdeel en monitering daarvan ma negatief deur hom ervaar word.

8. **Hoe sal u u verhouding met u eie pa beskryf?**

My pa was dinamies en entoesiasties. Lief vir sy kinders en kleinkinders. Illustrerend hiervan was familiefeeste rondom kersfees. Ek kan daardie kant naboots. Hy was lief vir ons en doen alles vir ons. Was gemiddelde salaristrekker, maar ons het nooit tekort gehad nie. Hy het sy verpligtinge nagekom – huishouding bestuur, skuld is betaal. Al ons kinders pas dit toe en leer dit vir my eie kinders.

9. **Wat sou u anders wou hê t.o.v. u verhouding met u seun?**

Daar is baie onderliggende post traumatiese stres by my teenwoordig en werkstres. Ek kan self stil en teruggetrokke raak. Kan meer meelewend wees as wat ons is, of meer rustig wees. Ons lag, maar daar kan baie spanning in die huis wees omdat ek daarmee huistoe gaan.

**10. Hoe sou u u identiteit t.o.v. God beskryf?**

Het in godsdienstige huis grootgeword. Het uit vrye wil kampe bygewoon. Katkegete was entoesiasties wat help lei tot die vorming van my liefde vir die Here. CSV kampe was goed. Het vroeg reeds verhouding met die Here gehad en het Jesus Christus vroeg aanvaar as my Verlosser. My verhouding met Hom het verflou in die polisie a.g.v versoeking. God herhinner my aan my verlossing en hernuwing vind plaas. Versoenende werk van Jesus Christus oorvul my met oortuiging. My inisiatief en vertroue maak my bekwaam om Sy wil uit te voer. My persoonlike verlossing was wonderwerk in my lewe.

# BYLAAG C: VOORBEELD VAN VRAELYS AAN ADOLESSENTE SEUNS

**Manlike Identiteit**

Dankie dat jy bereid is om vrywillig aan die navorsing deel te neem. Hierdie vraelys word vertroulik hanteer en daar is geen manier dat iemand sal weet wat jy geantwoord het nie.

Jy sal 'n paar vrae moet beantwoord oor jou en jou pa se verhouding en oor manlike identiteit in die algemeen. Beantwoord asseblief alle vrae so eerlik moontlik. Daar is 19 vrae (vyf bladsye) wat ongeveer 20 minute tot 'n halfuur sal neem om te voltooi. Jy mag meer as een antwoord gee, behalwe waar duidelik aangedui word dat jy net een antwoord mag gee. Merk die vrae wat jy kies asseblief met 'n regmerk.

***A. ALGEMENE INLIGTING***

1. Hoe oud is jy? ________________________
2. Hoeveel broers en susters het jy? ________________________
3. Is jy die oudste, jongste of middelkind? ________________________
4. Het jy 'n stiefpa en/of biologiese (eie) pa? ________________________
5. Na watter pa verwys jy in die vraelys? ________________________

***B. VRAE***

**1. Sal jy sê dat sekere karaktereienskappe iets meer sê van wie jy is (jou identiteit bepaal)?**

a. Ek stem saam ______
b. Ek stem nie saam nie ______
c. Ek is onseker ______

**2. Ek herken die volgende karaktereienskappe in myself:**

a. Ek is geduldig ______
b. Ek is ongeduldig ______
c. Ek is vriendelik ______
d. Ek is onvriendelik ______
e. Ek is hardwerkend ______
f. Ek is lui ______
g. Ek is eerlik ______
h. Ek is oneerlik ______
i. Ek is skaam ______
j. Ek is nie skaam nie ______
k. Ander_________________
_______________________
_______________________

**3. Die volgende ander eienskappe vorm ook deel van my identiteit (sê iets meer van wie ek is):**

a. My vriende ______
b. My verhouding met God ______
c. My "brand" klere ______
d. Die hoeveelheid geld in my sak ______
e. Die taal wat ek praat ______
f. My velkleur ______
g. Die feit dat ek 'n man is en nie 'n vrou nie ______
h. ander___________________________________________________________

**4. Die eerste gedagte wat by my opkom as ek gevra word wat manlike identiteit is, is (jy kan meer as een merk):**

a. Ek weet nie ______
b. Fisiese eienskappe wat my van 'n vrou onderskei ______
c. Emosionele eienskappe wat my van 'n vrou onderskei ______
d. Geestelike eienskappe wat my van 'n vrou onderskei ______
e. Intellektuele eienskappe wat my van 'n vrou onderskei ______
f. My belangstelling as man, bv. visvang, sport. ______
g. Ander ______

**5. Op hierdie stadium van jou lewe, sal jy sê dat jou manlike identiteit gevestig is?**

a. Ja ______
b. Nee ______
c. Onseker ______

**6.** **Indien ja by vraag 5, watter aspekte het veroorsaak dat jou manlike identiteit gevestig is? Jy kan meer as een merk:**

a. Genetiese eienskappe ______
b. Gedrag wat ek uit eie wil van my pa geleer het ______
c. Gedrag wat ek uit eie wil van my ma geleer het ______
d. Gedrag wat op my afgedwing is ______
e. Ander ______

**7.** **Watter aspek van jou identiteit is jy onseker oor? Jy kan meer as een merk:**

a. Seksuele oriëntering (hetero-, bi- of homoseksueel) ______
b. Fisiese eienskappe (bv. stem, liggaamsbou) ______
c. Emosionele eienskappe ______
d. Ander______________________________________________

**8.** **Sal jy sê dat deel van wie jy is, is a.g.v. die beïnvloeding van jou pa?**

a. Ja ______
b. Nee ______
c. Onseker ______

**9.** **Indien ja by vraag 8, wat van jou pa het jou identiteit beïnvloed?**

______________________________________________
______________________________________________

**10.** **Indien nee by vraag 8, hoekom het hy jou nie beïnvloed nie?**

______________________________________________
______________________________________________

**11.** **Is daar enigiets wat jy by jou pa geleer het wat jy vir jou kinders sal wil leer? Indien ja, noem kortliks. Indien nee, wat sal jy nie wil oordra nie?**

a. Ja______________________________________________
______________________________________________

b. Nee______________________________________________
______________________________________________

12. **Hoe sal jy jou verhouding met jou pa beskryf?**

a. Positief ______
b. Negatief ______
c. Onseker ______

13. **Indien positief, watter eienskappe van jou en jou pa se verhouding sal jy as positief beskryf? Jy kan meer as een merk:**

a. Ons beoefen 'n sport saam ______
b. Ons beoefen ander buitemuurse aktiwiteite saam ______
c. Ons het dieselfde belangstelling/s ______
d. Ons beoefen stokperdjie/s saam ______
e. Ons praat gereeld met mekaar ______
f. Ek kan met enigiets na hom toe gaan ______
g. Ons het fisiese kontak (bv. druk mekaar) ______
h. Hy respekteer my ______
i. Ek respekteer hom ______
j. Ander ______

14. **Watter deel van jou en jou pa se verhouding is volgens jou nie op standaard nie? Jy kan meer as een merk:**

a. Doen fisieke aktiwiteite saam (bv. visvang) ______
b. Gaan saam weg vir dag of twee ______
c. Geïnteresseerd in dieselfde sport ______
d. Beoefen 'n stokperdjie/s ______
e. Enige vorm van ontspanningsaktiwiteite ______
f. Kommunikasie ______
g. SpandEer tyd saam oor die algemeen ______
h. Hy het nie respek vir my nie ______
i. Ander

______________________________________________________

15. **Volgens jou, met wie het jy die beste verhouding?**

a. My biologiese pa ______
b. My biologiese ma ______
c. My stiefpa ______
d. My stiefma ______
e. Iemand anders buite my gesin ______

**16.** **Sou jy bogenoemde verhouding/s anders wou hê?**

a. Ja ______
b. Nee ______
c. Onseker ______

**17.** **Indien ja, hoe sou jy dit graag wou hê?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**18.** **Wie sou jy sê speel die grootste rol in terme van wie jy is? Jy kan meer as een merk:**

a. My biologiese pa ______
b. My biologiese ma ______
c. My stiefpa ______
d. My stiefma ______
e. Albei ouers ______
f. Ander familie ______
g. My vriende ______
h. My onderwyser/es ______
i. God ______
j. My sportafrigter ______
k. Ander ______

**19.** **Wat is die eerste gedagte wat opkom as jy aan jou pa dink?**

______________________________________________________________

# BYLAAG D: VOORBEELD VAN VRAELYS AAN VADERS VAN ADOLESSENTE SEUNS

## Manlike Idenitiet

Dankie dat u bereid is om vrywillig aan die navorsing deel te neem. Hierdie vraelys word vertroulik hanteer. Annonimiteit van respondente word gehandhaaf deurdat geen identifiserende besonderhede in die finale verslag aangebring sal word nie.

U sal ‘n paar vrae moet beantwoord oor u verhouding met u tienerseun en oor manlike identiteit in die algemeen. Beantwoord asseblief alle vrae so eerlik moontlik. Daar is 23 vrae (ses bladsye) wat ongeveer 20 minute na ‘n halfuur sal neem om te voltooi. U mag meer as een antwoord gee, behalwe waar duidelik gevra word dat slegs een antwoord aangedui word. Merk die vrae wat u kies asseblief met ‘n regmerk.

## *A. ALGEMENE INLIGTING*

1. Hoe oud is u? ________________
2. Hoeveel broers en susters het u? ________________
3. Is u die oudste, jongste of middelkind? ________________
4. Is u ‘n stiefpa en/of biologiese pa? ________________
5. Na watter pa verwys u in die vraelys? ________________
6. Is u tienerseun die oudste, jongste of middelkind? ________________

## *B. VRAE*

**1. Sal u sê dat sekere karaktereienskappe u identiteit, of deel daarvan, bepaal?**

a. Ja ______
b. Nee ______
c. Onseker ______

2. **Watter van die volgende persoonlike karaktereienskappe sal u sê maak deel uit van u identiteit? U kan meer as een merk:**

a. Geduld ______
b. Ongeduld ______
c. Vriendelikheid ______
d. Onvriendelikheid ______
e. Hardwerkendheid ______
f. Luiheid ______
g. Eerlikheid ______
h. Oneerlikheid ______
i. Skaamheid ______
j. Ander________________
______________________
______________________

3. **Watter van die volgende ander eienskappe vorm volgens u ook deel van u identiteit? U kan meer as een merk:**

a. Vriende ______
b. My verhouding met God ______
c. My kleredrag ______
d. My finansiële status ______
e. My taal ______
f. My velkleur ______
g. My geslag ______
h. Ander________________________________________________________

4. **Vanuit die volgende, wat sou u sê reflekteer u identiteit die sterkste? Merk van 1 tot 8 met 1 die sterkste refleksie:**

a. Kuier met vriende ______
b. Rolmodel binne my gesin ______
c. Versorger van gesin ______
d. Betrokkenheid in die gemeenskap ______
e. Leierfiguur in die gemeenskap ______
f. Behoefte aan erkenning van protuurgroep ______
g. Geestelike betrokkenheid ______
h. Ander ______

5. **Wat is die gedagte/s wat by u opkom as aan u gevra word wat manlike identiteit is? U kan meer as een merk:**

a. Ek weet nie ______
b. Fisiese eienskappe wat my van ‘n vrou onderskei ______
c. Emosionele eienskappe wat my van ‘n vrou onderskei ______
d. Geestelike eienskappe wat my van ‘n vrou onderskei ______
e. Intellektuele eienskappe wat my van ‘n vrou onderskei ______
f. My belangstelling as man, bv. visvang, sport. ______
g. Ander ______

**6. In hierdie stadium van u lewe, sal u sê dat u manlike identiteit gevestig is?**

a. Ja ______
b. Nee ______
c. Onseker ______

**7. Indien "ja" by vraag 6, watter aspekte het veroorsaak dat u manlike identiteit gevestig is? U kan meer as een merk:**

a. Genetiese eienskappe ______
b. Gedrag wat ek uit eie wil van my pa geleer het ______
c. Gedrag wat ek uit eie wil van my ma geleer het ______
d. Gedrag wat op my afgedwing is ______
e. Die geboorte van my kind/kinders ______
f. Ander ______

**8. Watter aspek van u identiteit is u onseker oor? U kan meer as een merk:**

a. Seksuele oriëntering (hetero-, bi- of homoseksueel) ______
b. Fisiese eienskappe (bv. stem, liggaamsbou) ______
c. Emosionele eienskappe ______
d. Ander________________________________________________

**9. Sal u sê dat deel van wie u is, is a.g.v. die beïnvloeding van u pa?**

a. Ja ______
b. Nee ______

**10. Indien ja, wat het u beïnvloed?**

________________________________________________
________________________________________________

**11. Indien nee, hoekom nie?**

__________________________________________________________
__________________________________________________________

**12. Is daar enigiets wat u by u pa geleer het wat u vir u kinders sal wil leer of geleer het? Indien ja, noem kortliks. Indien nee, wat sal u nie wil oordra nie?**

a. Ja, __________________________________________________
b. Nee___________________________________________________

**13. Hoe sal u, u verhouding met u pa beskryf?**

a. Positief ______
b. Negatief ______
c. Onseker ______

**14. Indien positief, watter eienskappe van u en u pa se verhouding sal u as positief beskryf? U kan meer as een merk:**

a. Beoefen ‘n sport saam ______
b. Beoefen ander buitemuurse aktiwiteite saam ______
c. Het dieselfde belangstelling/s ______
d. Beoefen stokperdjie/s saam ______
e. Kommunikeer met mekaar ______
f. Kan oor enigiets gesels ______
g. Het fisiese kontak (bv. druk mekaar) ______
h. Hy respekteer my ______
i. Ek respekter hom ______
j. Ander ______

**15. Sal u u verhouding met u seun as positief beskryf?**

d. Ja ______
e. Nee ______

**16. Watter eienskappe van u en u seun se verhouding sal u as positief beskryf? U kan meer as een merk:**

a. Beoefen ‘n sport saam ______
b. Beoefen ander buitemuurse aktiwiteite saam ______
c. Dieselfde belangstelling/s ______
d. Bebeoefen stokperdjie/s saam ______
e. Kommunikeer met mekaar ______
f. Kan oor enigiets gesels ______
g. Het fisiese kontak (bv. druk mekaar) ______
h. Hy respekteer my ______
i. Ek respekteer hom ______
j. Ander ______

**17. Watter eienskappe van u en u pa se verhouding is volgens u nie op standaard nie? u kan meer as een merk:**

a. Doen fisieke aktiwiteite saam (bv. visvang) ______
b. Gaan saam weg vir dag of twee ______
c. Geïnteresseerd in dieselfde sport ______
d. Beoefen saam ‘n stokperdjie/s ______
e. Enige vorm van ontspanningsaktiwiteite ______
f. Kommunikasie ______
g. Spandeer tyd saam oor die algemeen ______
h. Respek vir my ______
i. Respek vir hom ______
j. ander______________________________________________

**18. Watter eienskappe van u en u seun se verhouding is volgens u nie op standaard nie? u kan meer as een merk:**

a. Doen fisieke aktiwiteite saam (bv. visvang) ______
b. Gaan saam weg vir dag of twee ______
c. Geïnteresseerd in dieselfde sport ______
d. Beoefen saam ‘n stokperdjie/s ______
e. Enige vorm van ontspanningsaktiwiteite ______
f. Kommunikasie ______
g. Spandeer tyd saam oor die algemeen ______
h. Respek vir my ______
i. Respek vir hom ______
j. Ander______________________________________________

**19. Met wie in u primêre gesin, uitgesluit u eggenoot of lewensmaat, het u die beste verhouding?**

a. my pa ______
b. my ma ______
c. albei ewe sterk ______
d. u kind/ers ______
e. iemand anders buite die gesin ______

**20. Sou u bogenoemde verhouding anders wou hê? Indien ja, hoe sou u dit graag wou hê?**

a. Ja________________________________________________
b. Nee ______

**21. Wie sou u sê speel die grootste rol in terme van wie u is (eggenoot of lewensmaat uitgesluit)?**

a. my biologiese pa ______
b. my biologiese ma ______
c. albei ouers ______
d. my kind/ers ______
e. ander familie ______
f. my vriende ______
g. God ______
h. My stiefpa ______
i. My stiefma ______
j. Ander ______

**22. Wat is die eerste gedagte wat opkom as u aan u eie pa dink?**

________________________________________________

**23. Wat is die eerste gedagte wat opkom as u aan u tienerseun dink?**

________________________________________________

# BYLAAG E: VOORBEELD VAN BRIEF AAN SKOOLHOOFDE

Geagte Skoolhoof

***INSAKE: DOKTORALE NAVORSING – MANLIKE IDENTITEIT***

Hiermee rig ek ‘n versoek om vraelyste vir my empiriese navorsing by u skool uit te deel.

Ek is tans besig met my doktorale studie en is ‘n geregistreerde student aan die Universiteit van Suid-Afrika. My promotor is Dr. C.H.M. Bloem. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel die fakulteit Sosiale Wetenskappe as die Navorsings- en Etiese komitees van die betrokke instelling voltooi. Hierdie studie het ten doel om die krisis wat adolessente seuns ten opsigte van identiteit beleef, aan te spreek en verhoudinge met hulle vaders te herstel deur middel van ‘n begeleidingsraamwerk vir vaders en hulle tienerseuns. Vanuit die navorser se ervaring as Spelterapeut het hy gevind dat die aard van die verhouding tussen pa en seun dinamies is en identiteit dikwels reeds hier gevorm word.

Die navorsing fokus slegs op hierdie persoonlike verhoudinge. Die rol van die skool word geensins by die navorsing betrek nie. Die naam van die skool word op geen vorm, of in die finale tesis aangebring nie. Respondente se inligting word anoniem hanteer en geen name word op enige vorm aangedui of in die finale tesis deurgegee nie.

Ek sal dit hoog op prys stel indien toestemming verleen sou word om die vraelyste by u skool aan tienerseuns tussen 15 en 18 jaar vir voltooiing uit te deel.  Daar is 19 vrae wat op die langste ‘n halfuur sal neem om te voltooi.

Die navorsing is vrywillig en geen vergoeding is ter sprake nie.

Die moontlikheid van verspreiding van vraelyste aan die betrokke vaders sal tydens besoek aan u skool met u bespreek word.

Sal u asseblief so gaaf wees om my so spoedig moontlik in kennis te stel van die moontlikheid van hierdie ondersoek by u skool. Die logistiek hieromtrent kan bespreek word tydens ons afspraak.

Ek besef dat u tyd beperk is, maar sou graag persoonlik met u ‘n afspraak wou maak ten einde die aard, doel en omvang van hierdie navorsing te bespreek.

Met dank by voorbaat.

Herman Grobler

# BYLAAG F: VOORBEELD VAN TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSBRIEF (VADER, VIR ADOLESSENTE SEUN)

**NAVORSER:**

MNR. H.B. GROBLER
HUGENOTE KOLLEGE
KOLLEGE STRAAT
WELLINGTON
7655

(021) 864-1470

**FOKUS VAN NAVORSING:**

Manlike identiteit: ‘n Kwalitatiewe studie

**VRYWARING:**

Hiermee gee ek,___________________________________, toestemming dat my seun___________________________________ aan die navorsing mag deelneem. Ek gee verder toestemming dat inligting vanuit die onderhoud/telefoniese gesprek/elektroniese korrespondensie met Mnr. Herman Grobler vir sy navorsing gebruik mag word.

Ek is bewus daarvan dat:

1. alle inligting anoniem hanteer sal word en dat geen identifiserende besonderhede van my seun in enige dokumentasie bekend gemaak sal word nie.

2. my seun op enige tydstip van die onderhoud kan onttrek.

3. daar geen vergoeding verbonde is aan my seun se deelname nie en dat deelname vrywillig is.

4. bandopnames van die onderhoud gemaak kan word sodat waardevolle inligting nie verlore gaan nie. Hierdie bandopnames sal veilig bewaar word totdat die navorser sy studie suksesvol voltooi het.

Geteken te______________________________ op________________________.

NAAM EN VAN:________________________ Handtekening:________________

# BYLAAG G: TOESTEMMINGS- EN VRYWARINGSBRIEF (VADERS EN ADOLESSENTE SEUNS)

**NAVORSER:**

MNR. H.B. GROBLER
HUGENOTE KOLLEGE
KOLLEGE STRAAT
WELLINGTON
7655

(021) 864-1470

**FOKUS VAN NAVORSING:**

Manlike identiteit: ‘n Kwalitatiewe studie

**VRYWARING:**

Hiermee gee ek,___________________________________, toestemming dat inligting vanuit die onderhoud/telefoniese gesprek/elektroniese korrespondensie met Mnr. Herman Grobler vir sy navorsing gebruik mag word.

Ek is bewus daarvan dat:

1. alle inligting anoniem hanteer sal word en dat geen identifiserende besonderhede van myself in enige dokumentasie bekend gemaak sal word nie.

2. ek op enige tydstip van die onderhoud kan onttrek.

3. daar geen vergoeding verbonde is aan my deelname nie en dat my deelname vrywillig is.

4. bandopnames van die onderhoud gemaak kan word sodat waardevolle inligting nie verlore gaan nie. hierdie bandopnames sal veilig bewaar word totdat die navorser sy studie suksesvol voltooi het.

Geteken te______________________________ op________________________.

NAAM EN VAN:________________________ Handtekening:________________

# BYLAAG H: TOESTEMMINGSBRIEF VAN WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT

# BYLAAG I: OUTO-ETNOGRAFIESE ONDERHOUDE

*(Hierdie onderhoud met die navorser is gebruik as inhoud vir "tipiese opmerkings" soos weergegee in hoofstuk drie)*

**As jy 'n kort profiel van jouself kan skets (van wie jy dink jy is), wat sal dit wees?**

Ek is Herman. Ek is 'n man, 'n eggenoot en pa. My vrou en kind is die belangrikste aardse geskenk en baie van wie ek is, het met hulle te doen. Ek glo in God, drie-enig. Hy is die heel belangrikste in my lewe en dit wie ek is, het alles met Hom te make. My profiel het baie deur die jare verander en wie ek nou sien as myself sou heeltemal anders gewees het tien jaar of ses jaar terug. Ek hou van mooi dinge om my, die estetiese is belangrik. Ek versorg myself oor die algemeen goed. Ek is versorger van my vrou en kind, alhoewel ek eintlik glo dat God ons versorg en dat ek bloot as instrument optree. Hy voorsien en ek moet die voorsiening na die beste van my vermoë bestuur. My vriende is vir my belangrik en om regtig te doen wat God wil hê ek moet doen en wees waar Hy wil hê ek moet wees.

**Wat verstaan jy onder manlike identiteit?**

Ek dink onmiddellik aan seksualiteit. Om man te wees vir my is om spesifieke fisiese, geestelike en emosionele kenmerke te hê. Ek het vir baie lank gedink dat mans en vrouens eintlik dieselfde is en dat mans wat sê dat "vrouens nou een maal anders is", nie weet waarvan hulle praat nie. My siening hieroor het verander. Ek voel tog dat, alhoewel mans ook sensitief kan wees, hulle oor die algemeen anders dink en optree as vrouens. Ek beskou myself nie as die "butch" tipe nie, maar dis belangrik vir my om as 'n man erken te word. Ek hou van my rol as man, om die leiding te neem van die gesin, maar ook die

vermoë te hê om ruimte te laat vir my vrou en kind. Ek het byvoorbeeld geen probleem om skottelgoed te was of te stofsuig nie. Inteendeel, ek hou daarvan. Manwees is eintlik vir my 'n polariteit – daar is spesifieke rolle wat ek inneem, maar die rolle is ook baie grys en nie slegs wit of swart nie. Maak dit sin? Ek weet nie of ek myself reg uitdruk nie. Manwees is om die fisiese eienskappe van 'n man te hê – baard, spiere, krag. Ek sal nie as swakkeling gesien wil word nie. Ek wil as't ware my man kan staan.

**Op watter manier sal jy jou identiteit aan jou verhouding met jou pa koppel?**

Dit bly 'n moeilike een. Ek het al baie daaraan gedink, maar net so vinnig as wat ek daaraan dink, vervaag die gedagte. Uhm…ek dink nie ek het my pa regtig goed genoeg geken om my identiteit aan ons verhouding te kan koppel nie. Ons het in die eerste plek nie 'n baie goeie verhouding gehad nie. Baie min tyd saam spandeer en nie regtig iets gehad om vir mekaar te sê nie. Wat is die vraag nou weer? O ja, dalk die negatiewe aspekte van my identiteit. Ek moet sê, dit het baie verander met tyd. Maar ek was vir baie lank baie onseker van myself, dalk juis omdat ek nooit erkenning van hom gekry het nie. As ek het, kan ek dit nie onthou nie. My pa was 'n sagte mens aan die een kant, maar kon gou kwaad word. (stilte) As ek daaraan dink, is daar nogal ooreenkomste. Ek het 'n sagte hard en sal help waar ek kan. Ek kan nie iets doodmaak nie en raak ontsteld as ek die wreedheid van mense om my aanskou. Maar ek kan ook gou kwaad raak, my half vererg vir mense. Dis iets waaraan ek hard werk en wat al baie verander het. Ek glo dis 'n deel van my manlike identiteit wat nie van God af is nie en wat kan verander. Ek hou nie daarvan om my manlike identiteit vas te maak aan my verhouding met my pa en wie hy was nie, want ek glo in God lê genesing en ek hoef nie te wees soos my pa nie. Ek wil nie. Ek wil myself wees, wie God wil hê ek moet wees.

**Wat sou jy as uitstaande positiewe aspekte sien in jou verhouding met jou pa?**

(dink na) Dis baie moeilik. Ek dink nie daar was iets nie. Hy is dood toe ek 24 was en ons het mekaar eintlik eers toe begin ken. Op skool en universiteit was ons lewens soos dag en nag van mekaar verwyderd. Dalk sy liefde vir die natuur. Maar al het ek dieselfde liefde gehad, het ons dit nie met mekaar gedeel nie. Die beste van ons verhouding was seker die feit dat hy my net uitgelos het en ek kon doen wat ek wil. Geen dissipline van sy kant af nie. Dis eitlik baie “sad”, maar as kind en tiener het dit my gepas.

**Wat sou jy as uitstaande negatiewe aspekte sien in jou verhouding met jou pa?**

Dis makliker, omtrent alles was negatief. Uitstaande sal wees die feit dat ons regtig omtrent nooit met mekaar gepraat het nie en dat sy rol in my lewe so betekenisloos was dat ek hom glad nie as my pa erkenning gegee het nie. Hy het geen seggenskap oor my gehad nie. Ek kan nie onthou dat hy een keer vir my gesê het dat hy lief is vir my nie of dat ek dieselfde vir hom gesê het nie. Daar was eintlik niks tussen ons nie. Al wat ek onthou is gevoelens van weersin teenoor hom. Dis eitlik baie erg. Ek kan nie help om te wonder hoe ons verhouding nou sou wees as hy nog gelewe het nie. Ek het soveel geleer en so baie gegroei en sou tog ‘n ander tipe verhouding met hom wou hê.

**Hoe sal jy jou verhouding met jou pa beskryf?**

“Non-existing”. Daar was eintlik regtig geen verhouding nie. Ek het nie van hom gehou nie en ek dink nie hy het van my gehou nie. Dit is maar soos dit was. My ma was altyd alles vir my.

**Wat sou jy dalk anders wou hê in julle verhouding as pa en seun?**

Baie. Ek sou my dag by die skool en by die sport met hom wou deel as hy by die huiskom. Ek sou graag saam met hom in die tuin wou werk en die skape vashou as hulle gespuit word. Ek sou van sy kinderdae wou hoor en hoe hy as jongman was. Eintlik sou ek hom net baie beter wou leer ken.

**Wat het jy geleer van jou pa, wat oorgedra is na jou toe en wat jy aan jou kinders sal oordra?**

Ek sal regtig hieroor moet dink. As ek aan Arian dink, kan ek nie aan een iets dink wat hy sal moet doen soos my pa dit gedoen het nie of dat ek iets van my pa geleer het wat ek vir hom kan leer nie. Dalk om binne 'n huwelik te staan en vir jou gesin te sorg. Hy was ook nie bang vir werk nie. Op sy eie manier het hy 'n goeie verhouding met God gehad (dit wat ek kon sien). Ek sal nou daaroor kan filosofeer, maar as ek bloot moet gaan om dit wat ek as kind waargeneem het, sal ek sê hy het 'n goeie verhouding met God gehad en dit is die belangrikste ding wat ek wil hê Arian moet hê – 'n intieme verhouding met God.

**Hoe sal jy identiteit met Christenskap in verband bring?**

Identiteit vir my is verweef in wie ek as Christen is. Die twee staan onlosmaaklik van mekaar. Ek is wie ek is bloot omdat God my toelaat om te wees. In Hom lê my identiteit. As ek terugdink aan my lewe was ek die grootste gedeelte daarvan eintlik identiteitloos, al het ek nie toe so gedink nie. Selfs tye waartydens ek in God geglo het, is gekenmerk deur identiteitskrisisse, want God ken, en regtig 'n verhouding met Hom hê, is ligwêrelde van mekaar. God het my gaan haal op ver plekke, op plekke waar ek nie geweet het wat of wie ek is nie. Dit was 'n lang "struggle". Maar God genees.

Hy maak nie net siekes gesond en laat dooies weer opstaan nie, maar Hy is ook sò genadig dat Hy toelaat dat identiteit kan verander en dat ek van identiteitloos kon groei tot waar ek vandag is. Ek het ‘n baie spesifieke beeld van Christenskap. Christenskap is nie net Sondag kerk toe gaan sodat ek vir die res van die week my eie ongeskikte self kan wees nie. Dit gaan nie oor Bybel lees en gesange sing nie. Dit is nie om klein te doop of groot te doop, uit bekers te drink of kelkies om te stuur nie. Dis baie meer as dit. Christenskap is om regtig ‘n pad saam met God te stap, vorentoe. Dis om neer te lê wat nie van God af is nie, om regtig uit te vind wat God van my wil hê en nie bloot vas te hou aan die valse dogma wat ek as kind geleer is nie. Dis ‘n verhouding, baie meer as wat die meeste mense dink. En binne hierdie verhouding met God lê my manlike identiteit.

**Enigiets wat jy wil byvoeg?**

Dalk net dat soos ek dink aan wat om te sê, ek agterkom dat manlike identiteit vir my eintlik meestal gesetel lê binne verhoudings. My verhouding met God, my vrou, my kind, vriende, kollegas by die werk, studente. Dit wie ek is, het heelwat te make met die mense om my. Selfs met my pa. By elkeen van hierdie mense gaan haal ek my boublokke om my menswees te bou. Ek dink sommer nou aan ‘n gebed wat ek vir baie lank al bid, en nog seker vir baie lank sal moet bid: dat ek na mense moet kan kyk met Jesus se oë, dat my hande moet aanraak soos Sy hande aangeraak het, ek met Sy ore moet hoor en ek met Sy mond moet praat. Dit sal half die “ultimate” identiteit wees vir my. As ek daar kan kom en kan sê dit is wie ek is, genees van alle vooroordeel en twyfel, seker van my “destiny” en roeping. Dit is die ideaal. Intussen is ek seker van waar ek nou is en weet ek wie ek is. En vir nou is dit goed.

# BYLAAG J: OUTO-ETNOGRAFIE

*(Hierdie outo-etnografie word weergegee sonder enige taalversorging, aangesien dit die ervaring van die navorser weergee soos beleef in die hier-en-nou en elke letter, foute inkluis, 'n spesifieke betekenis het binne die ervaringswêreld van die navorser. Uittreksels oor 'n tydperk van twaalf jaar is uit verskillende joernale van die navorser aangehaal om 'n oorsigtelike beeld te skep van die navorser se belewing van sy manlike identiteit en hoe verskillende fases in sy lewe hierdie identiteit help vorm het. Inligting vanuit hierdie joernale is ook gebruik ter ondersteuning van "tipiese opmerkings" in hoofstuk drie )*

Met verloop van die navorsingsproses was daar voortdurend onsekerheid oor waar die outo-etnografiese deel fisies sou inpas. Alhoewel voorbeelde van outo-etnografiese style bestudeer is, en elkeen op die outo-etnografie as navorsingsstrategie gefokus het, was elke studie tog ook individueel en uniek (seker getrou aan die kwalitatiewe proses). My eie navorsing het gevorder en ek het al hoe nader gekom aan die dag wat ek sou moes gaan sit en skryf. Ek het begin wonder of ek ooit struktuur uit hierdie ervaarde chaos sou kon skep. Hierdie navorsing was belangrik, nie net vir my nie, maar ook vir baie pa's en seuns wat dieselfde drogbeelde van 'n wanaangepaste identiteit moes oorwin, of stééds besig is om daarmee te worstel, of selfs sò vasgevang is binne die leuens van valse identiteit dat hulle nog nie eers besef dat die gesigslose persoon wat hulle elke oggend vanonder skeerskuim beskou, die eintlike "enduna" is wat tussen 'n heelwordende verhouding van hulle en hulle seuns staan nie. Maar vanoggend, 22 Augustus 2006, is dit asof alles in plek val. Ek sou graag wou praat van 'n doodgewone dag, een van daardie dae wat dan ontaard in dramatiese ervaringe en uitkomste, maar inderdaad het hierdie dag tog anders begin.

Soos gewoonlik was ek en Mari vanoggend reeds vroeg wakker te wyte aan 'n duvetbed by die voete-end van ons bed met 'n nege maande hooikoorsbondel wat baklei om nie oorval te word deur die toeneusnorrel monster nie. Ek moes

vroeg by ‘n skool wees en moes ook maar wikkel om so tussen aantrek (myself) en aantrek (Arian) en besig hou (Arian) en kosgee (myself en Mi-cha, ons blou Great Dane) betyds te wees. Met die uitstap om pille in Mi-cha se bak te gooi, merk ek op dat die dag anders begin het as die afgelope paar maande se dae...

Dis middel Augustus en dit voel of ek terug is op Kathu en ek regmaak vir skool. Dis September, eksamentyd en ek skryf vandag Biologie. En soos gewoonlik verjaar ek ook. Dit is dus met ‘n absolute tweestryd wat ek die dag tegemoetloop – opstand teen die vak wat ek die meeste haat as gevolg van ‘n onderwyser met wie ek skouers skuur, en opgewondenheid oor my verjaarsdag en die wete dat daar blomme gaan wees, en as ek regtig gelukkig is, renonkels en anemone. Buite woed die warm Septemberwind en die donker wolke laat my veilig voel. Die blikdeur slaan agter my toe en ek begin skooltoe stap…

Terug vanaf my gedagtevlug stap ek die trappe op na die impossante skool. Die trappe is breed en ek moet my treë half rek. Die voordeur is uitermate groot en swaar en half verboureerd sukkel ek om uit te *‘figure’* watter kant toe die deure oopmaak. “Dalk moes ek tog my das aangesit het”. Alles voel groot en uit verhouding – die teëls op die vloer, die bank in die wagkamer, die gang, die ingangsportaal. Daar is niemand nie en ek kyk na die foto’s teen die muur, foto’s van baie jare terug, jong manne en vroue wat met groot dowwe oë na die kamera staar. Die datums op van die foto’s dui aan dat een van hulle dalk ‘n oupa of ouma van my kon wees. Skielik is die foto’s nie meer interessant nie en gaan staan ek by ‘n tafel waarop jaarboeke lê. Ek blaai deur die boonste boek, kyk na foto’s en name. En dan is dit asof ‘n hand van vuur om my hart gaan sit.

Ek sit my pakkasie neer om mooi te kan sien, net seker te maak ek kyk nie verkeerd nie. Ek staar met verbasing na die foto van ‘n man wat ek as jong tienerseun geken het, nou wit van wysheid. Ek onthou hom soos ek gedink

het hy sal nog wees. Prentjies van ‘n skooltoer êrens in die Kaap kom by my op, ek was seker so 14 of 15 jaar. Hoeveel tyd het intussen nie verbygegaan nie, meer as twintig jaar. Ek dink willekeurig aan my eie hare waarvan die wit lankal nie meer ‘highlights’ is nie. Gelukkig kom die ontvangsdame en kan ek die vorms afgee en gaan. Met die uitstap ruk die wind happe uit my asem en die trappe af is aansienlik makliker as toe ek gekom het. My eie identiteit draai in my kop. Paaie van myself dring my gedagtes binne en ek weet vandag is die dag dat ek skryf. My onderhoud met myself begin hier.

My gedagtes is skaars koud of daar is ‘n sms op my foon – ‘n boodskap van trek, wegtrek van ‘n veilige hawe wat daar was vir ‘n lang tyd; vriende, familie, herinnering, geskiedenis…identiteit. Ekself was ook vir ‘n tyd deel van daardie spesifieke geskiedenis. Maar deur die vinnige flitsbeelde van tye wat was, deur al die deurmekaarheid van trek, is daar nuwe hoop, nuwe lewe, ‘n nuwe seisoen. Ek besef dat dit juis hier is waarin my identiteit lê. As ek as akademikus identiteit moet omskryf sal dit heel waarskynlik dieselfde rympie volg waarna akademiese literatuur verwys. Ek sal verstrengel raak in ontwikkelingsfases en vassteek by sinvolle woorde soos identiteitsvorming en –verwarring. Maar nou is ek slegs Herman, respondent van my eie navorsing, en kyk ek met ander oë na daardie woord, ‘identiteit’, wat mense se lewens omvou, wat elke aspek van ons wese aanraak, die diepste wete van wie ek is wat wedywer met die mooi prentjie wat ons na buite vir ander hou. As ek aan hierdie twee polariteite dink van ‘dis wie ek is’ en ‘dis wie die wêreld dink ek is’, dan lê identiteit vir my in die eerste. Wie ek is, is gesetel in die wortel van my verhouding met God. Dit was eers met hierdie besef dat my eie identiteit vir my sin gemaak het.

My soeke na identiteit was ‘n lang pad en het nie by adolessensie vasgesteek, geluier en gevormd geraak nie. Vanuit my eie ervaring van identiteit beklemtoon ek steeds my eie siening daarvan, soos in hoofstuk twee genoem, dat dit ‘n dinamiese proses is wat nie in een of twee ontwikkelingsfases ryping

bereik nie. Vir my was dit anders en kan ek met reg nou eers, in my dertigers, sê dat ek regtig weet wie ek is en dat ek "ok" is daarmee. Ek weet egter ook dat met nuwe ervaring en nuwe kennis hierdie identiteit steeds gevorm sal word en sal ek elke nou en dan 'n nuwe wete my eie kan maak en my sin vir self kan verryk.

Hierdie proses van byvoeg by dit wat is, neem egter nie weg wat reeds bestaan nie. Alhoewel daar dele is, hetsy deur ervaring of kennis, wat bygedra het tot my identiteit wat nie meer deel is van wie ek nou is nie, neem dit nie die feit weg dat daardie dele aan my identiteit geskaaf het nie en staan elke deel onlosmaaklik tot wie ek vandag is. In dieselfde asem moet ek ook sê dat daardie "onwelkome" dele tog ook nuutgemaak is in my verhouding met God en is die skaafplekke saggemaak met Sy Hand.

Dit het lank gevat om tot hier te kom en ek het ver draaie gaan maak om die boublokke van my identiteit bymekaar te maak. 'n Kollega van my se man het juis tydens 'n gesprek met haar oor identiteit, genoem dat identiteit vir hom is om soos boublokke uit 'n mandjie te haal. Elke persoon haal die blokke uit wat by hom/haar pas en wat belangrik is vir sy/haar identiteit. Ek het ook my spesifieke boublokke uit die identiteitsmandjie gehaal en sal sekerlik met tyd steeds nou en dan 'n boublok toevoeg tot wie ek is.

Ek kan nie help om nuuskierig te wees oor die terugvoer van die adolessente se vraelyste nie. Na onderhoude met adolessente het ek telkens teruggedwaal na my eie adolessensie en het ek gewonder hoe ek op hierdie vrae tydens die onderhoude sou antwoord.
Sou dit enigsens moontlik wees vir my om wel te antwoord? Ek gaan deur die onderhoudskedule en antwoord namens myself as 17 jarige op 'n paar van die vrae:

**As jy ‘n kort profiel van jouself kan skets (van wie jy dink jy is), wat sal dit wees?**

*Uhm, ek hou van diere en lees.  Ek gaan gereeld kerk toe.  Sjoe, dis moeilik.*

**Wat verstaan jy onder manlike identiteit?**

*Ek weet nie regtig nie.  Wat bedoel jy?*

**Op watter manier sal jy jou identiteit aan jou verhouding met jou pa koppel?**

*Ons verskil te veel.*

**Wat sou jy as uitstaande negatiewe aspekte sien in jou verhouding met jou pa?**

*Alles.*

**Wat het jy geleer van jou pa, wat oorgedra is na jou toe en wat jy aan jou kinders kan oordra?**

*Niks…….*

@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@

7 November 2006, 21:34

Is nou eers moeg vir die hoofstukke. Mari het taalversorg en ek sit tot vervelenstoe en staar na die korreksiesterretjies wat my uittart. Die spanningsknoppe in my skouers voel lankal soos deel van my eie identiteit en snaaks genoeg kan ek myself nie indink om nié met die proefskrif besig te wees nie. Nog ses dae voor die 14de, Arian se eerste verjaarsdag, my inhandigingsdag. Ek kan nie glo die einde is in sig nie. Ek dink aan die tyd wat hierin gegaan het, die tyd wat van my gesin gesteel is, ook van God, maar ook tyd waarin ek heelwat van myself geleer het, en van ander. Ek moet sê, as ek nou aan al die inligting probeer dink, voel my kop soos spookasem. Dis asof ek my distansieer van my eie werk en eintlik nie kan glo wat alles in hierdie tyd vermag is nie. God was getrou. Hy het die beste promotor ook vir my gegee en ek dink ook ‘n paar engele gestuur om my gedagtes te rig sodat ek kon fokus. Al wat ek nou weet, is dat ek amper klaar is, nog ‘n hoofstuk wat toegemaak word sodat ‘n nuwe kan begin.

Kan nie glo ek het selfs met die gedagtes begin speel om dalk maatskaplike werk aan te pak nie. Dit moet deel van die D waansin wees.

Ekself het heelwat gegroei die afgelope paar maande. Manlike identiteit was op my voorgrond vir lank, en sal seker ook nog vir lank wees. As ek mooi daaraan dink, is dit einlik die grrotste komponent waarom my lewe tot nou toe gedraai het. Ek dink aan ‘n lewe wat was, ‘n identiteit wat vir baie jare geleef het asof dit bestaansreg gehad het. Net om op ‘n goeie dag te besef dat God groter is as genetika, as modellering, as karaktereienskappe, as menslike verhoudinge, as abuse. En as God vat, dan vat Hy en as Hy ingryp, dan speel Hy nie. En hier sit ek, ses jaar later, nuutgemaak, met ‘n vrou en kind. elke nou en dan as ek na Mari kyk en ek die gevoel kry om my arms om haar te sit en net vir lank vas te hou, dan weet ek God is so ongelooflik genadig. Elke keer as ek na Arian kyk, en sy oë vasvang, dan weet ek die vrees dat hy my

nie sou liefhê nie, is ongegrond, weggedryf deur my kragdadige God. Net soos wat ek die onderhoud as adolessent geeindig het met “niks” op die vraag wat ek van my pa geleer het wat ek aan my kinders sal wil oordra, so kan ek nou antwoord dat ek nie nodig het om iets van my pa oor te dra aan Arian nie. my identiteit is nie vasgemaak aan my aardse pa nie, maar is verweef in die liefde van my hemelse Pa, My God, Abba Vader. En van Sy wonderwerke in my lewe wil ek vir Arian vertel, van Sy regverdigheid wil my lippe sing en van Sy liefde wil my hart borrel. Hierdie dinge wil ek vir Arian gee – om ‘n pad met God te stap, sy oë op Hom te hou, sy identiteit aan Hom vas te maak. As ek dit kan doen, het my lewe betekenis gehad en kan ek weet dat Arian se manlike identiteit onontspoorbaar is en hy “ok” sal wees.

Ek dink aan die Paarl vallei en wonder hoeveel pa’s en seuns vanaand gaan slaap sonder dat hulle vir mekaar nag gesê het. Ek wonder hoeveel seuns gaan slaap met die hunkering om sy arms om sy pa se nek te slaan. Ek wonder hoeveel pa’s gaan slaap met lompe gedagtes van liefde vir sy seun wat hy nie kan wys nie. ek hoop dat hierdie tesis vir elkeen van hulle iets sal beteken en dat dit die begin is van vernuwing vir pa’s en seuns. Dat hulle by die vrese verby sal beweeg, deur die leuens van die wêreld sal breek en mekaar sal vind as manne in eie reg, met hulle manlike identiteit stewig geanker in die enigste Geneser van seer en verwarring – Jesus Christus.

Hierdie pad saam met manlike identiteit was vir my persoonlik ‘n ongelooflike leerervaring, soms oorweldigend, soms baie pynlik. Maar ek is daardeur en wag met afwagting vir nuwe deure wat oopgaan, nuwe geleenthede, nuwe seisoene wat rypword en uitswel soos vet, geel, suikersoet vye. Ek het ‘n nuwe identiteit ontvang, ek is by my naam geroep en ek stap met brawade die nuwe dag tegemoet.

@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@@